

**DIE ROL VAN DIE
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE
KERK
IN
SONOP CHRISTELIKE TEHUIS
1916 – 2016**

'n Historiese oorsig vanuit kerklike perspektief

Antonie Phillippus (Tonie) Viljoen

2007087048

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling

van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE THEOLOGIA

in die fakulteit

TEOLOGIE (Ekklesiologie)

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

PROMOTOR : PROF PJ STRAUSS

JUNIE 2017

VERKLARING

Ek verklaar dat die proefskrif wat hiermee vir die graad


DOCTOR PHILOSOPHIAE THEOLOGIA

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

deur my ingedien word, benewens bronne en hulp wat hiermee erken word, my eie werkstuk is en nie eerder deur my vir 'n ander graad aan 'n ander universiteit ingedien is nie.

Die inhoud hiervan weerspieël nie noodwendig die siening van die Universiteit van die Vrystaat of die promotor nie.


.....
Antonie Phillippus Viljoen

30/06/2017
.....
Datum

DANKWOORD

Hierdie proefskrif in sy finale vorm is die resultaat van 'n grootse spanpoging waarsonder die skrywer dit nie sou kon aanbied nie. Soos daar agter die horlosie se gesig tientalle ratjies is wat in harmonie saamwerk om die korrekte tyd sekonde na sekonde af te tik, so is daar agter hierdie proefskrif tientalle persone en instellings wat 'n bydrae gelewer het tot hierdie werk.

Graag bedank ek die volgende:

OudSonopper Flip Nel

Alhoewel ek as leerling aan die Hoërskool Hans Strijdom op Naboomspruit (Mokgoopong) tydens die eerste Sonop Drommedaristoer (1966) vir die eerste keer van Sonop bewus geword het toe die Sonoppers as deel van Sonop se vyftigste bestaansjaar op pad Beitbrug toe deur my tuisdorp gehardloop het, was dit eers ses jaar later, in my matriekjaar (1972), dat ek werklik eerstehands met Sonop kennis gemaak het.

Tydens 'n skoolverlaterskamp te Badseloop Kerkkampterrein, die Julievakansie van my matriekjaar, was 'n inwoner van Sonop, teologiese student Flip Nel, my raadgewer. Toe ek op 'n vraag van Flip wat my toekomsplanne was, antwoord dat ek geroepe voel om die volgende jaar (1973) aan Tukkie met my teologiese opleiding te begin, was sy eerste woorde dat ek Sonop toe moes kom.

Tot vandag staan my aanvaardingsbrief – gedateer Augustus 1972 – dat ek tot Sonop toegelaat is, met trots en dankbaarheid op my lessenaar.

Prof Willem Boshoff

Die gedagte om *Die rol van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Sonop Christelike Tehuis van 1916 tot 2016* na te vors as proefskrif vir 'n PhD-graad, is heel eerste met prof Willem Boshoff, oudHuisvoorsitter én Sonopraadvoorsitter, en tans voorsitter van die Bond van OudSonoppers (BOS), geklankbord. Sy onmiddellike opgewondenheid, aanmoediging en praktiese raad was 'n bevestiging dat géén steen onaangeroer gelaat moes word nie om so gou as moontlik aan die werk te

spring ten einde dié navorsing in sy finale vorm gereed te hê so gou moontlik na Sonop se Eeufeesvieringe in September 2016.

Prof Hannes de Beer

Net soos prof Willem Boshoff, het ook prof Hannes de Beer die besondere onderskeiding behaal dat hy Huisvoorsitter, Sonopraadsvoorsitter én Voorsitter van die Bond van OudSonoppers was. Dit op sigself verraai dat hy 'n Sonopper in murg en been is.

Dit was juis in sy termyn as Sonopraadsvoorsitter (1998 – 2007) dat Sonop deur die Ned.Geref. Sinode van Noord-Transvaal aan die Bond van OudSonoppers verkoop is. Hierdie kooptransaksie het die gevolg gehad dat baie van Sonop se administratiewe en finansiële sake wat voorheen deur veral die Kerk se Saakgelastigde gedoen is, nou deur die Sonopraadslede, wat grotendeels uit oudSonoppers bestaan het, verrig moes word.

Hierdie situasie het daartoe gelei dat die Sonopraad in die vroeë 2000's begin dink het aan 'n drievlakbestuurstelsel: Sonopraad, Bedryfsbestuurder en Huiskomitee. Op hiërdie stadium was die Sonopraad nog nie gereed om 'n huisvader aan te stel nie – die tradisie van selfregering sedert 1947 was nog te sterk in hulle as oudSonoppers aanwesig.

Onder leiding van Hannes de Beer is die pos van Bedryfsbestuurder geskep en was die uwe bevoorreg om aangestel te word.

Hierdie pos was vir sowel oudSonoppers as huidige inwoners vreemd en is deur sommige sterk deur antagonisme begroet. Ook was daar géén kantoor of werkswyse waarop gesteun kon word nie. Dit was 'n braakveld soos min.

Danksy Hannes de Beer se kundigheid op die gebied van menslike hulpbronnebestuur, sy jare se ondervinding op Sonop se bestuursvlak, asook sy besondere mensverhoudinge, was hy tot groot hulp om die drievlakbestuurstelsel te vestig – veral die nuwe middelvlak van Bedryfsbestuurder.

Ek sal hom altyd dank verskuldig bly dat hy in sy vêrsiendheid my die geleentheid gebied het – ’n geleentheid waarin ek onder sy leiding gegroei het en – onwetend, op daardie stadium – voorberei is om na 43 jaar van “huisvaderloosheid” in Sonop, as huisvader aangestel te kon word.

Wat ’n voorreg!

Otto Diedericks

Die rol van Otto Diedericks, huidige ondervoorsitter van die Sonopraad, is nie net die man wat Sonop se elektroniese databasis met noukeurigheid en akkuraatheid op datum hou nie, maar ook in sy vrye tyd ’n entoesiastiese genealoog wat geen steen onaangeroer laat om inligting van iemand waarna jy op soek is te bekom nie.

Sonder sy hulp sou heelwat persoonlike inligting van sekere rolspelers in die *Sonop 100 verhaal* minder volledig aangebied kon word!

Nederduits Gereformeerde Kerk Gemeentes Pretoria (Bosmanstraat), Pretoria-Oos en Universiteitsoord

Hierdie drie gemeentes se betrokkenheid by en bydraes tot Sonop loop soos ’n goue draad deur die *Sonop 100* verhaal.

Wat ’n besondere belewenis was dit nie om deur die verouderde geel en byna verbleikte handgeskrewe notules van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria te blaai en dié gemeente se warm hartklop vir Sonop met die stigting van die tehuis te ontdek nie!

Ewe verrykend was ook die bestudering van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos se notules – aanvanklik handgeskrewe, maar later netjies getik – wat veral dié gemeente se woeker vir die uitbrei en uitbou van Sonop in samewerking met die destydse Transvaalse Universiteitskollege in sy vervloë dae weergee.

Die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord – geestelike versorger van die Sonopinwoners sedert 1960 – se betrokkenheid by Sonop, asook Sonoppers se betrokkenheid by die gemeente vanaf stigting is deurlopend opgeteken en met presiesheid ingebind in die volledige stel gemeentenotules.

Dit was voorwaar 'n voorreg om in elk van die gemeentes se notules te kon delf na inligting wat kon bydra tot die *Sonop 100 verhaal*.

Argief – Nederduitse Gereformeerde Kerk

Stap 'n mens die Ned.Geref. Kerk se Argief in Stellenbosch binne, dan verplaas die uitstallings in die voorportaal jou onwillekeurig na besondere momente in die Ned.Geref. Kerk se geskiedenis en laat dit jou kennis maak met groot kerkfigure wat jou klein laat voel.

En dan, as jy na ou notules of publikasies vra, waar iets van die *Sonop 100 verhaal* opgeteken behoort te wees, staan jy verstom oor die goed geordende liasseerstelsel van al die Kerk se argivalia, waaronder Sonop ook 'n plekkie het.

Sonder die vriendelike en behulpsume dames wat daar werksaam is, sou die navorsing daar eenvoudig nie moontlik gewees het nie.

Argief – Universiteit van Pretoria

Die *Sonop 100 verhaal* kan nie vertel word sonder om na die rol van die destydse Transvaal University College / Transvaalse Universiteitskollege / Universiteit van Pretoria te verwys nie.

Agt jaar na die totstandkoming van die Transvaal University College in 1908 het Sonop op die toneel verskyn en was die tehuis gereeld ter sprake op die *Council Meetings/raadsvergaderings*. Daarvan getuig die notules van die *Council/Raad* – aanvanklik eers in Engels, maar later in Afrikaans.

Dankie aan dr Ria van der Merwe van die UP-argief en haar assistent, Alida Green, vir die beskikbaarstelling van die notules. Julle professionele behulpzaamheid en vriendelikheid ken geen perke nie.

Respondente

Alhoewel die stof vir die *Sonop 100 verhaal* hoofsaaklik geleë is die tientalle notules van die betrokke gemeentes en sinodes, universiteits- en Sonopraadnotules, Sonop

Feesblaaie en enkele ander publikasies, kon die volle verhaal nie vertel word sonder die insette van sekere individue nie.

Dankie aan elke oud- en huidige studenteleraar, asook oud- en huidige Sonopper wat hul ervarings van die verhouding tussen Sonop en die Kerk met my gedeel het. Elke antwoord op die vraelyste het die *Sonop 100 verhaal* verryk en iets vertel van God se genade in hierdie besondere Sonop-kerk-verhouding!

Tina de Villiers

Die bronne geraadpleeg vir hierdie studie was hoofsaaklik die notules van verskeie gemeentes en instellings oor 'n tydperk van 100 jaar. Om hierdie magdom gefotokopieerde notules en ander dokumente kronologies te rangskik en te liasseer en voortdurend nuwe inligting by te voeg, was 'n omvangryke taak wat die voormalige Bond van OudSonoppers-sekretaresse, Tina de Villiers, met haar biblioteekkundige agtergrond en presiesheid hanteer het.

Die goed geordende navorsingstof van 100 jaar het die groot uitdaging om *Die rol van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Sonop 1916 – 2016* op skrif te stel, geweldig vergemaklik!

Taalversorging

Alhoewel taalversorging standaardpraktyk vir elke wetenskaplike en akademiese dokument is, was die finale taalversorging van hierdie werk vir my van nog groter belang, juis omdat die Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns deur hul befondsing hierby betrokke is. Die keurige taalversorging is deur dr Lariza Hoffman met haar besondere kennis van en aanvoeling vir ons mooi moedertaal gedoen.

Gelyklopend met die taalversorging was Lariza ook, met haar uitgebreide kennis en ondervinding wat betref die nuutste vereistes vir die tegniese afronding van proefskrifte, daarmee behulpsaam.

'n Groot dankie vir jou geduld, advies en professionele werk!

Fotografie, skandering en voorbereiding van bylaes

Aan die einde van die proefskrif verskyn daar n aantal bylaes wat enkele momente wat in die studie voorkom, verder belig. Hierdie bylaes is met groot sorg en professionaliteit deur fotograaf Stephen Keet voorberei. Baie dankie!

Saamstel van bylaes

In dié opsig was ek bevoorreg om van my twee seuns, Lubbe en Altus Viljoen, wat beide in Duitsland woon, werk en studeer, se besondere rekenaarvaardighede gebruik te maak. Buiten die rekenaarvaardighede, beskik beide ook oor 'n ingebore kreatiwiteit vir die ontwerp en aanbied van inligting deur sowel die elektroniese media as in hardekopieformaat.

Dit was voorwaar 'n voorreg om hulle, ten spyte van die afstand, op hierdie wyse by die studie te betrek.

Sonopraad en die bestuur van die Bond van OudSonoppers

As uitvoerende koshuishoof van Sonop, staan ek in diens van die Sonopraad (en daarmee ook die bestuur van die Bond van OudSonoppers) as my werkgewer. Hul belangstelling in en finansiële ondersteuning van hierdie studie, asook die geleentheid wat hulle my hiertoe gebied het, was vanaf dag een só 'n bron van inspirasie dat die navorsing as't ware deel van my daaglikse dagtaak geword het.

Die Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Wat 'n voorreg is dit nie om met die ondersteuning van die Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hierdie studiestuk die lig te kon laat sien nie! Groot was my vreugde met die toekenning van die beurs vir die eindfase van die studie teen einde 2014.

Dit is daarom met dankbaarheid dat ek die Akademie bedank vir hul bydrae om die *Sonop 100 verhaal* in ons eie moedertaal, Afrikaans, aan te bied!

Prof Piet Strauss

Om al die inligting vir 'n proefskrif te bekom is 'n taak wat menige student op hul eie kan aanpak, maar om daardie versamelde inligting wetenskaplik te verwerk, te orden en in 'n aanvaarbare akademiese formaat aan te bied om op 'n bepaalde terrein 'n bydrae te lewer, is egter iets wat selfs die beste student nie sonder 'n promotor kan aanpak nie.

In die lig hiervan was dit vir my 'n voorreg om onder leiding van professor Piet Strauss as promotor hierdie studie aan te pak. As student staan ek verstom oor sy geniale kennis van nie net die Afrikaanse nie, maar ook die algemene kerkgeskiedenis, en slaag hy ook skitterend daarin om die student se onderwerp van studie – hoe klein en gering dit ook al is vergeleke met die eeu-oue kerkgeskiedenis – binne die regte tyd- en plekraamwerk te plaas.

Sy ervaring as inwoner van Sonop, student aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria, predikant van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos, studenteleraar by die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord, asook lid van die Sonopraad het bygedra dat hierdie studie se inhoud nie vir hom net objektiewe kerklik-geskiedkundige feite was nie, maar ook subjektiewe gebeure waarmee hy hom kon vereenselwig.

Koning van die Kerk

Regdeur die *Sonop 100 verhaal* is die bemoenings van die Koning van die Kerk met Sonop soos die spreekwoordelike goue draad te bespeur.

Dit bly vir my persoonlik 'n wonder dat God in sy groot genade my persoonlike lewenspad nie net as student met Sonop laat kruis het nie, maar ook in die latere fase van my lewe as koshuishoof en dit juis in 'n tyd wat ook die Eeufees insluit.

Dit was voorwaar 'n voorreg om die geskiedenis van Sonop oor 'n honderd jaar na te vors en telkens te ontdek hoedat God mense beskik en middele voorsien het om Sonop die plek te maak wat dit vandag is.

Aan Hom al die eer!

OPSOMMING

Om die geskiedenis van Sonop Christelike Tehuis, wat op 2 September 2016 sy honderdste bestaansjaar herdenk het, na te vors, kan vanuit twee hoeke benader word:

Die eerste en mees algemene benadering sou wees om die studentelewe van die inwoners oor die jare heen in die breedste sin van die woord na te vors en óf kronologies, óf tematies op skrif te stel.

Sake wat vanuit hierdie benadering onder die loep sou kom, is:

- Getal inwoners per jaar vanaf 1917 tot met die Eeufees, met 'n onderafdeling van hoeveel per jaargroep vanaf eerstejaar- tot finalejaarstudente.
- Verkiesing, saamstelling en funksionering van die Huiskomitees oor al die jare, met verdere verwysing na die verskillende portefeuljes ten einde die volle omvang van die inwoners se doen en late te bestuur.
- Tradisionele huisvergaderings met die lag en egte studentehumor, maar ook die ernstige sake waaroor soms lank en filosofies gedebatteer word.
- Die verhouding van die Huiskomitees met lede van die destydse Sonopkommissies van die kerkrade van die Ned.Geref. Gemeentes Pretoria en Pretoria-Oos, lede van die destydse Sonopraad van die Sinode en deesdae Sonopmaatskappy, asook die huisvaders van weleer en huidige huisvader.
- Die rol van die nonnie (kombuismatrone) kan in geen Sonopverhaal uitgelaat word nie. Inteendeel, dit kan 'n studie op sy eie wees!
- Die unieke verdeling van die huisvesting in spesifieke windstreke, soos die Noorde, Ooste, Weste, Sentraal, Verre Weste, Senaat, Bloutrein, en die eerstejaars se verblyfplekke in die Pastorie en die Stalle, met spesifieke verwysing na die afkoms van die name en die spesifieke kultuur wat in elke streek gevind kan word.
- Eie aan universiteitskoshuise, het Sonop ook gelukbringers. Buiten dat Sonop sy eie gelukbringer, Garribaldi (vernoem na die bekende Italiaanse generaal Garibaldi), het, is hy ook die bewaarder en beskermer van Tuks se

gelukbringer, oom Gert. Die twee gelukbringers vorm 'n integrale deel van Sonop se geskiedenis.

- Sonop se prestasies op akademiese gebied, kultuur, sport en Jool. Alhoewel Sonop relatief klein in getal inwoners is, leef hy dieselfde vasberadenheid en onverskrokkenheid van *generaal* Garibaldi van weleer uit en druk – tot verbasing van ander – sy stempel op gereelde basis op bogenoemde aktiwiteite af.

Die tweede benadering – en dit is die benadering wat in hierdie studie binne die veld van die Ekklesiologie gevolg is – is om juis nie op die studentelewe te fokus nie, maar op die rol van die Ned.Geref. Kerk in Sonop vanaf 1916 tot 2016.

Die voorstel om 'n koshuis vir mansstudente aan die destydse Transvaal University College te vestig, is in 1916 tydens 'n Sinode van die Ned.Geref. Kerk van Transvaal gemaak. Die voorstel is goedgekeur en na die Ned.Geref. Gemeente Pretoria verwys vir uitvoering.

Van die stigtingsdatum, 2 September 1916, tot met die viering van Sonop se Eeufeesvieringe in 2016, loop die rol van die Ned.Geref. Kerk in Sonop soos 'n goue draad deur die geskiedenis van die tehuis.

Gemeentes en Kerkraadskommissies, asook Sinodes en Sinodale Kommissies het vanaf dag een Sonop met ongekende ywer deur middel van spesifiek benoemde persone, wie se name in die navorsingstuk opgeneem is, opgebou en uitgebrei. Moeilike ekonomiese tye, botsende persoonlikhede en versoeke om Sonop aan die Universiteit van Pretoria oor te dra kon die uitvoer van die Goddelike opdrag egter nie stuit nie.

Die verhaal van *Die rol van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Sonop vanaf 1916 tot 2016* is 'n verhaal met dieselfde boodskap as Sagaria 4:10 *Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie* (Die Nuwe Vertaling, 1983:985). God se manier van doen begin dikwels klein, maar die resultaat daarvan is groot. Daarvan is Sonop ongetwyfeld 'n bewys!

ABSTRACT

The research of the history of Sonop Christian Residence, that commemorated its hundredth anniversary on 2 September 2016, can be approached from two angles: The first and most common approach would be to research the student life of the inhabitants over the past years in the most general sense of the word, and record it either chronologically or thematically.

Matters that would come to light from this approach are as follows:

- The number of inhabitants per year from 1917 to the centenary, with a subsection on how many in a group per year from first year to final year students.
- Election, composition and functioning of the house committees over all the years, with further reference to the different portfolios, in order to manage the full extent of the residents' comings and goings.
- Traditional house meetings with not only the laughter and true student humour, but also the serious issues that are sometimes debated at length and philosophically.
- The relationship of the house committees with members of the former Sonop Commissions of the church councils of the Dutch Reformed Church, Pretoria and Pretoria East congregations, the members of the former Sonop Council of Synod and nowadays the Sonop Company, as well as the former and current house fathers.
- The role of the "nonnie" (kitchen matron) cannot be left out of any Sonop story. To the contrary, it could well be a study of its own!
- The unique distribution of housing in specific regions, such as the North, East, West, Central, Far West, Senate, Blue Train, and first-year accommodation in the Parsonage and the "Stalle" (Stables), with specific reference to the origin of the names and the specific culture to be found in each region.
- Characteristic to university residences, Sonop also has mascots. Apart from the fact that Sonop has its own mascot, Garribaldi (named after the well-known Italian General Garibaldi), it is also the caretaker and protector of

Tuks's mascot, Uncle Gert. These two mascots form an integral part of the history of Sonop.

- Sonop's achievements in the areas of academics, culture, sport and Rag. Although Sonop is relatively small in its number of inhabitants, it has lived out the determination and valour of General Garibaldi and – to the surprise of others – leaves its mark on the above-mentioned activities on a regular basis.

The second approach – and this is the approach taken in this study within the field of Ecclesiology – is particularly not to focus on student life, but rather on the role of the Dutch Reformed Church at Sonop from 1916 to 2016.

The proposal for a residence for male students at the former Transvaal University College was made during a Synod of the Dutch Reformed Church of Transvaal in 1916. The proposal was approved and referred to the Dutch Reformed Church congregation of Pretoria for execution.

From the founding date of September 2, 1916, to the celebration of Sonop's centenary celebrations in 2016, the role of the Dutch Reformed Church has been intertwined with Sonop like a golden thread throughout its history.

From day one Congregations and Church Council Committees, as well as Synods and Synodal Commissions have established and expanded Sonop with unprecedented zeal by means of specifically nominated persons, whose names are recorded in the research paper. Difficult economic times, conflicting personalities and requests to transfer Sonop to the University of Pretoria could not stop the execution of the Divine command.

The story of the role of the Dutch Reformed Church at Sonop from 1916 to 2016 is a story with the same message as Zechariah 4:10: *For who hath despised the day of small things? for they shall rejoice, and shall see the plummet in the hand of Zerubbabel with those seven; they are the eyes of the Lord, which run to and fro through the whole earth* (King James Version). God's way of doing often starts small, but the result is great. Of course, Sonop is undoubtedly proof thereof!

SLEUTELBEGRIJPE

Afstigting

Bond van OudSonoppers

Eeufees

Geestelike tuiste

Huiskomitee

Huisvader

Huisvoorsitter

Huisvergadering

Huiskomiteevergadering

Nederduitse Gereformeerde Kerk

Kerk

Kerkraad

Kollegeraad

Sonop

Sonop Christelike Tehuis

Sonopraad

Sinode

Sonopmaatskappy

Studente

Studenteleraar

Transformasie

Transvaal University College

Transvaal Universiteit Kollege

Universiteit van Pretoria

LYS VAN AFKORTINGS

AGB	Afrikaanse Gereformeerde Bond
AKAE	Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie
AKLAS	Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake
ASB	Afrikaanse Studentebond
ASK	Algemene Sinodale Kommissie
ASM	Algemene Sinodale Moderamen
ATKV	Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
BA	<i>Bachelor of Arts</i>
BD	<i>Bachelor of Divinity</i>
BOS	Bond van OudSonoppers
BSA	Bybelgenootskap van Suid-Afrika
DD	<i>Doctor of Divinity</i>
Di.	<i>Domini (Dominees)</i>
DPhil	<i>Doctor of Philosophy</i>
DRC	<i>Dutch Reform Church</i>
BSc Ing	<i>Bachelor of Science Engineering</i>
CIPC	<i>Companies and Intellectual Property Commission</i>
CRC	<i>Christian Revival Church</i>
CSV	Christelike Studentevereniging
FAK	Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge
GER	Gereformeerde Ekumeniese Raad
HOD	Hoër Onderwysdiploma
HK	Huiskomitee
KJA	Kerkjeugaksie
KJV	Kerkjeugvereniging

KP	Konserwatiewe Party
KS	Kerk en Samelewing
KVO	Kommissie van Onderzoek
LV	Lid van die Volksraad
MA	<i>Master of Arts</i>
MSc	<i>Master of Science</i>
MTh	<i>Master of Theology</i>
MVI	Memorandum van Inlywing
MOI	<i>Memorandum of Incorporation</i>
MVO	Memorandum van Ooreenkoms
MOU	<i>Memorandum of Understanding</i>
NAV	Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983)
Ned.Geref.	Nederduitse Gereformeerde
NGB	Nederduitse Gereformeerde Bond
NGK	Nederduitse Gereformeerde Kerk
NHKA	Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
NKP	Normaal Kollege Pretoria
NP	Nasionale Party
OAV	Ou Afrikaanse Vertaling (1933/1953)
PBO	<i>Public Benefit Organisation</i>
RAU	Randse Afrikaanse Universiteit
RVN	Ras, Volk en Nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif
SAFUIS	Suid-Afrikaanse Federasie Universiteitsingenieurstudente
SAHRC	<i>South African Human Rights Commission</i>
SACHS	<i>South African College High School</i>
SANDF	<i>South African National Defence Force</i>

SAUK	Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
SAW	Suid-Afrikaanse Weermag
TUC	<i>Transvaal University College</i>
TUK	Transvaal Universiteitskollege
TSVS	Transvaalse Vrouesendingbond
UKJA	Universiteitsoord Kerkjeugaksie
UNISA	Universiteit van Suid-Afrika
UP	Universiteit van Pretoria
UPCSA	<i>Uniting Presbyterian Church in South Africa</i>
URCSA	<i>Uniting Reformed Church in South Africa</i>
US	Universiteit van Stellenbosch
UV	Universiteit van die Vrystaat
VAM	Versoening, Armoede en Morele Herstel
VGK	Verenigende Gereformeerde Kerk
VSA	Verenigende State van Amerika
VSR	Verteenwoordigende Studenteraad
WNNR	Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad
WVK	Waarheid- en Versoeningskommissie
WBHO	Wilson, Bayly en Holmes

LYS VAN BYLAES

- Bylae A** Tydlyn 1916 – 2016
- Bylae B** Akte van Transport 17 Februarie 1999
- Bylae C** Eeufeespreek en Eeufeesgedenkplaat
- Bylae D** Herinneringstog en Eeufeesgelukwensing
- Bylae E** Huisvaders (1916 – 1947 en 2010 – 2016)
- Bylae F** Kerkgeboue
- Bylae G** Koopakte 14 Maart 1921
- Bylae H** Notule van Stigtingsvergadering 2 September 1916
- Bylae I** Persverklaring oor Sydney Martin
- Bylae J** Restourasieprojek I (1976 – 1986)
- Bylae K** Restourasieprojek II Gedenkplaat
- Bylae L** Skrywe oudHuisvoorsitters insake beperking op uitbreiding van Tehuis
- Bylae M** Studenteleraars (1916 – 2016)
- Bylae N** Tydelike huisvader – verborge korrespondensie
- Bylae O** Voorsitters van die Sonopraad (1948 – 2016)

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING	ii
DANKWOORD	iii
OPSOMMING	x
ABSTRACT	xii
SLEUTELBEGRIPE	xiv
LYS VAN AFKORTINGS	xv
LYS VAN BYLAES	xviii
HOOFSTUK 1 NAVORSINGSRAAMWERK	1
1.1	Inleiding.....	1
1.2	Probleemstelling.....	2
1.3	Metodologie.....	4
1.4	Ontwerp.....	5
HOOFSTUK 2 SONOP SE ONTSTAANSJARE IN BREËR PERSPEKTIEF	8
2.1	Kerklike uitreik na die jeug.....	8
2.2	Moeilike finansiële omstandighede landswyd.....	9
2.3	Universiteitsomstandighede.....	13
2.3.1	Huisvesting.....	13
2.3.2	Eie identiteit.....	14
HOOFSTUK 3 ONTSTAAN VAN SONOP CHRISTELIKE TEHUIS	16
3.1	Die behoefte aan 'n koshuis, uitgespreek op die Ned.Geref. Kerk se Transvaalse Sinode van 1916.....	16
3.2	Die Ned.Geref. Gemeente Pretoria gee gestalte aan die behoefte.....	16
3.3	Versoek tot uitbreiding.....	19
HOOFSTUK 4 SONOP ONDER EIENAARSKAP VAN DIE NED.GEREF. GEMEENTE PRETORIA-OOS EN DIE TRANSVAAL UNIVERSITY COLLEGE (TUK)	21
4.1	Stigting en eerste leraar van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos.....	21

4.2	Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos neem eienaarskap van Sonop	23
4.3	Redes vir en wyse van oordrag aan die Transvaalse Universiteitskollege	24
4.4	Bestuur en geestelike versorging steeds die verantwoordelikheid van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos	29
4.4.1	Aankoop en huur van bykomende eiendom en bou van enkele kamers, kombuis en eetsaal.....	29
4.4.1.1	Aankoop van grond aangrensend aan die Sonopeiendom.....	29
4.4.1.2	Aankoop van Goedlashuis/Naglawaaai	29
4.4.1.3	Huur van eiendom vir huisvesting.....	30
4.4.1.4	Aanbouings gedoen.....	30
4.4.2	Huur van fasiliteite by die TUC vir geestelike byeenkomste	31
4.5	Sonop se huisvaders	32
4.5.1	Prof WP de Villiers – Sonop se eerste huisvader	33
4.5.1.1	Verslag van spesiale kommissie	34
4.5.1.2	Kommissie van Ondersoek insake Sonop Kristelike Tehuis.....	34
4.5.1.3	Nuwe aansoeke vir huisvader	35
4.5.1.4	Kollegeraad tree toe	36
4.5.1.5	Geluide van moontlike oorgawe	39
4.5.1.6	Teologiese Fakulteit	40
4.5.1.7	Klag van inwoners	41
4.5.1.8	Sonopbestuur – ongelukkigheid by inwoners	43
4.5.1.9	Sonop sonder inwoners.....	44
4.5.1.10	Buitepartyte tree toe tot die stryd.....	44
4.5.1.11	Minister van Onderwys	47
4.5.1.12	De Villiers se nalatenskap	49
4.5.2	Mnr AC Vlok – Sonop se tweede huisvader	51
4.5.2.1	Vlok se nalatenskap	56
4.5.3	Prof ID Bosman – Sonop se derde huisvader	57
4.6	Sonop “huisvaderloos” en selfregerend.....	58
4.7	Proses om Sonop weer volledig in die hande van die Kerk te kry	62
4.7.1	Bestuur van Sonop oorgedra aan die Sinode.....	64
4.7.2	Sonopeiendom weer in die hande van die Kerk	66

HOOFSTUK 5 DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE

	PRETORIA-OOS BREI UIT	68
5.1	Studentebediening.....	68
5.1.1	Dr Ben Marais	69
5.1.2	Dr Beyers Naude.....	70
5.1.3	Ds Kobus Potgieter.....	71
5.2	Afstigting word onafwendbaar	73
5.3	Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos se hartklop en ywer vir die jeug.....	76
5.3.1	Kerkraadsbesluite en aksies.....	76
5.3.2	Prof Ben Marais se grondliggende studentebediening	78
5.4	Sonoppers staan op vir Christelike en morele waardes.....	78
5.4.1	Beswaar teen Sonop se Joernaalvoorlesing van 1939.....	78
5.4.1.1	Beswaar deur huislede	78
5.4.1.2	Huiskomitee se antwoord daarop	79
5.4.2	Beswaar teen Tuks se Joolblad 1956.....	80
5.5	OudSonoppers se herinneringe.....	81
5.5.1	Prof Andrie du Toit (Sonop, 1949 – 1956).....	81
5.5.2	Ds Fanie Joubert (1959 – 1965).....	81
5.5.3	Prof Hennie Pieterse (1955 – 1960)	82
5.5.4	Dr Hennie Pretorius (1956 – 1962).....	82

HOOFSTUK 6 SONOP EN DIE NED.GEREF. KERK SE TEOLOGIESE

	FAKULTEIT	83
6.1	Teologiese studente as inwoners van Sonop	86
6.2	Stigting van die teologiese studentevereniging Deo Gloria in Sonop	88
6.3	OudSonoppers as teologiese dosente.....	90

HOOFSTUK 7 DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE UNIVERSITEITSOORD GEMEENTE WORD DIE DERDE GEESTELIKE TUISTE VAN

	SONOP	92
7.1	Grondslagfase	92
7.1.1	Plek van aanbidding	93
7.1.2	Fokus op studentebediening	93
7.1.2.1	Studentebedieningskommissie.....	93

7.1.2.2	Junior Kerkraad – later genoem “Studentekerkraad”	93
7.2	Kerkbou	94
7.3	Studente-aksies.....	96
7.3.1	Christelike Studentevereniging, Senior Kerkjeugvereniging en Universiteitsoord Kerkjeugvereniging	98
7.3.1.1	Christelike Studentevereniging (CSV)	98
7.3.1.2	Senior Kerkjeugvereniging (SKJV)	98
7.3.1.3	Universiteitsoord Kerkjeugaksie (UKJA).....	99
7.3.1.4	Ontbinding van die UKJA	99
7.3.2	Bybelstudies	99
7.3.3	Dienswerkkampe, konserte en fietstoere.....	100
7.3.4	Sending	100
7.3.5	Straatwerk	101
7.3.6	Eerstejaarskampe.....	102
7.3.7	Hartkom.....	102
7.3.8	C-Kruis	102
7.3.9	Kaskar-kermis	103
7.4	Pastorale versorging.....	103
7.4.1	Studenteleraars en prediking.....	103
7.4.2	Deelydse bearbeiding deur teologiese studente en teologiese dosente .	104
7.4.3	Groep- en huisbesoeke	105
7.4.5	Persoonlike gesprekke	105
7.4.6	Pastoriebesoeke.....	106
7.5	Universiteitsoord se nuwe bedieningsvisie	106
7.6	Studenteleraars van die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord oor Sonoppers as lidmate.....	108
7.7	Herinneringe van oudSonoppers.....	111
7.7.1	Teologiese studente	111
7.7.2	Nie-teologiese studente	112

HOOFSTUK 8	UITBREIDING EN BEHOUD VAN SONOP TE MIDDE VAN MOEILIKE FINANSIËLE OMSTANDIGHEDE	115
8.1	Uitbreiding van fasiliteite en woonkwartiere.....	115
8.2	Sonop in finansiële nood	119

HOOFSTUK 9	SONOP SE EERSTE RESTOURASIEPROJEK 1976 – 1986 ...	125
HOOFSTUK 10	DIE BOND VAN OUDSONOPPERS	128
10.1	Stigting van die Bond van OudSonoppers	128
10.2	Doelwitte van die Bond van OudSonoppers	130
10.3	Behoud van Christelike karakter.....	131
HOOFSTUK 11	SONOP WORD DIE EIENDOM VAN DIE BOND VAN OUDSONOPPERS	133
11.1	Stigting van Sonop Christelike Tehuis Maatskappy op 4 Oktober 1994 ..	133
11.2	Verkoop van die Sonopeiendom aan die Bond van OudSonoppers.....	136
11.3	Bond van OudSonoppers bewys hom as waardige nuwe eienaar van Sonop	137
11.3.1	Kommissie van Ondersoek (2010)	137
11.3.2	Tweede restourasieprojek	139
HOOFSTUK 12	SONOP VIER SY EEUFEEES	141
12.1	Herdenkingstog	142
12.1.1	Ned.Geref. Gemeente Pretoria (1916 – 1920)	142
12.1.2	Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos (1920 – 1960).....	143
12.1.3	Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord (1960 –)	144
12.2	Besoek van geestelike leiers (vroeër en huidig) aan Sonop.....	144
12.3	Opening by Eeufeesdinee	145
12.4	Eeufeesdankdiens	147
HOOFSTUK 13	ROLSPELERS IN DIE TOTSTANDKOMING, BESTUUR EN OPBOU VAN SONOP	149
13.1	Voorganger by die Stigtingsvergadering: HS Bosman.....	149
13.1.1	Betrokke by die Kerkvereniging (1885 – 1892).....	150
13.1.2	Uitbrei van die Ned.Geref. Gemeentes in Pretoria	151
13.1.3	Bedieningstatistiek.....	151
13.1.4	Sinodale diens	151
13.1.5	Stigting van Eendracht Laerskool.....	152
13.1.6	Onderhandelinge vir Jopie Fourie.....	152

13.1.7	Lid van Laurence Kommissie	152
13.2	Naamgewer – DE van Velden	152
13.3	Huisvaders	154
13.3.1	Prof WP de Villiers.....	154
13.3.2	Mnr WH Hofmeyr.....	156
13.3.3	Mnr AC Vlok	157
13.3.4	Prof ID Bosman	159
13.3.5	Ds AP Viljoen	160
13.4	Voorsitters van die Sonopraad	162
13.4.1	Dr Willem Nicol (1937 – 1948).....	163
13.4.2	Mnr Sydney Martin (1948 – 1956)	165
13.4.3	Prof BJ (Ben) Marais (1957 – 1983).....	167
13.4.4	Prof Jurie Geldenhuys (1983 – 1995).....	168
13.4.5	Prof WS (Riempies) Prinsloo (1995 – 1998).....	170
13.4.6	Prof JH (Hannes) de Beer (1998 – 2007).....	172
13.4.7	Prof WS (Willem) Boshoff (2007 – 2010).....	174
13.4.8	Mnr D (Danie) Slabbert (2010 – 2016)	177
13.4.9	Mnr JA (Kobie) Botha (2016 –).....	179
13.5	Studente- en gemeenteleraars	180
13.5.1	Ned.Geref. Gemeente Pretoria.....	180
13.5.2	Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos.....	180
13.5.3	Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord.....	181
13.6	Huisvoorsitters.....	182

HOOFSTUK 14 ROLSPELERS IN DIE NED.GEREF. KERK AS VRUG OP DIE

	ARBEID VAN DIE SONOP-AKKER.....	185
14.1	Moderators van die Ned.Geref. Kerk Algemene Sinode.....	185
14.2	Moderators van die Ned.Geref. Kerk se Streeksinodes.....	185
14.3	Redakteurs van die <i>Kerkbode</i>	186
14.4	Redakteurs van die <i>Voorligter</i>	186
14.5	Redaksielede van Bybelvertalingkommissies.....	186
14.6	Dosente	186
14.6.1	Randse Afrikaanse Universiteit	186
14.6.2	Universiteit van die Noorde	186

14.6.3	Universiteit van Pretoria	187
14.6.4	Universiteit van Suid-Afrika	187
14.6.5	Universiteit van die Vrystaat	188
14.6.6	Universiteit van Stellenbosch	188
14.6.7	Teologiese Skool Stofberg	188
14.6.8	Nehemia Bybelskool.....	188
14.7	Kapelaangeneraals.....	188
14.8	Algemene Sinodale poste.....	189
14.9	Predikante in die buiteland (Europa) in diens van die SAW	189
14.10	Studenteleraars	189
14.11	Bybelgenootskap van Suid-Afrika.....	190
14.12	Leidende figure op die pad na vernuwing in die Ned.Geref. Kerk	190
14.12.1	Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif – 1970/1974	190
14.12.2	Hervormingsdaggetuienis – 1980.....	191
14.12.3	Stormkompas – 1981	192
14.12.4	<i>Die ope brief</i> – 1982	193
14.12.5	Kerk en Samelewing – 1987 (Hersieningskommissie).....	194
14.12.6	Stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk – 1987.....	195
14.12.7	Die Nederduitse Gereformeerde Bond – 1987	196
14.12.8	Vereenigingberaad – 1989	196
14.12.9	Rustenburgberaad – 1990.....	197
14.12.10	Die Ned.Geref. Kerk se Sinode van Versoening	199
14.12.11	Waarheid- en Versoeningskommissie.....	199
14.12.12	Die verhaal van die Ned.Geref. Kerk se reis met apartheid (1960 – 1994) – 'n getuienis en 'n belydenis (algemeen bekend as <i>Reis met Apartheid</i>).....	201
14.12.13	Versoening, armoede en morele herstel – 1998.....	202
14.13	Leidende figure oor die besluit van selfdegeslagverhoudings	203
14.13.1	Dr AL (André) Bartlett.....	203
14.13.2	Dr FM (Frits) Gaum	204
14.13.3	Prof CJP (Nelus) Niemandt	204
14.14	Voltydse Koninkryksdiens in breër verband.....	205
14.14.1	Ds JH (Jan) Hofmeyr – Studietrust.....	205

14.14.2	L (Louis) Brittz – Musiekbediening	205
14.14.3	Dr PJC (Flip) Loots – RSG godsdienstige radioprogramme	206
14.15	Regsgeleerdes betrokke by spanning rakende suiwerheid van leer	206
14.16	Samevatting	208

HOOFSTUK 15 SONOP QUO VADIS? 209

15.1	Christelik.....	210
15.1	Amptelike geregistreerde naam.....	211
15.2	Memorandum van Ooreenkoms (MVO/MOU)	212
15.3	Memorandum van Inkorporasie (MVI/MOI)	212
15.4	Sonop-akkreditasie by die Universiteit van Pretoria	212
15.5	Sonopvlag	213
15.6	Huisreëls	213
15.2	Afrikaans	215
15.2.1	Tweetalig word eentalig.....	219
15.2.2	Taalverskuiwing na 'n wêreldtaal bedreig kleiner tale.....	219
15.2.3	Groepsregte is 'n voorwaarde vir taaloorlewing.....	219
15.2.4	Taalwil en taalhandhawing is toekomsbepalend	219
15.3	Slegs studente van die Universiteit van Pretoria	220
15.3.1	Stigtingsvergadering en Koopoorekoms 1921	220
15.3.2	Akte van Transport	220
15.3.3	Memorandum van Ooreenkoms (MVO/MOI).....	221
15.3.4	Memorandum van Inkorporasie.....	221
15.3.5	Sonop-akkreditasie by die Universiteit van Pretoria	221
15.4	Transformasie – spesifieke verwysing oor kultuurgrense heen	221

SLOT 225

LITERATUURLYS 227

BOEKE, VERHANDELINGE EN ENSIKLOPIDIEË	227
NOTULES	230
SKRYWES	233
FEESBLAAIE	236
DOKUMENTE	237

KOERANTE	239
TYDSKRIFTE EN NUUSBRIEWE.....	240
PERSOONLIKE VRAELYSTE	241
WEBTUISTES.....	243
BYLAES	245
Bylae A Tydlyn 1916 – 2016.....	245
Bylae B Akte van Transport 17 Februarie 1999	247
Bylae C Eeufeespreek en Eeufeesgedenkplaat.....	251
Bylae D Herinneringstog en Eeufeesgelukwensinge	257
Bylae E Huisvaders (1916 – 1947 en 2010 – 2016)	262
Bylae F Kerkgeboue	264
Bylae G Koopakte 14 Maart 1921	266
Bylae H Notule van Stigtingsvergadering 2 September 1916	269
Bylae I Persverklaring oor Sydney Martin	272
Bylae J Restourasieprojek I (1976 – 1986)	277
Bylae K Restourasieprojek II Gedenkplaat	281
Bylae L Skrywe oudHuisvoorsitters insake beperking op uitbreiding van Tehuis .	283
Bylae M Studenteleraars (1916 – 2016).....	288
Bylae N Tydelike huisvader – verborge korrespondensie	293
Bylae O Voorsitters van die Sonopraad (1937 – 2016).....	300

HOOFSTUK 1

NAVORSINGSRAAMWERK

1.1 Inleiding

Sonop Christelike Tehuis het vanaf 23 tot 25 September 2016¹ sy honderdste bestaansjaar herdenk. 'n Mylpaal wat bittermin koshuise van opvoedkundige instellings in ons land – veral in die noordelike gebied van Suid-Afrika – al beskore was.

As die mure van Sonop se studentekamers, gemeenskaplike badkamers, eetsaal en biljartsaal, asook die grasperke, kon praat, sou 'n mens jou kon verluister aan al die studentemanewales, vreemde karakters en spitsvondige staaltjies. Ook sou 'n mens kon hoor van oudinwoners wat die hoogste sport in hul beroepslewe of op die sportveld bereik het, om nie te praat van die bydraes deur talle oudinwoners tot die breë samelewing nie.

Tereg het prof At Pelzer, self 'n oudSonopper, in sy voorwoord vir die Sonop 60 Gedenkblad die volgende opgemerk:

In die hoogste raadsale van die land – selfs op kabinetsvlak – word sy (Sonop) produkte aangetref. Op die gebied van kerk en onderwys, ekonomie, landbou en regsgeleerdheid, beklee oudSonoppers eervolle posisies en word waardevolle werk in belang van volk en vaderland verrig. (Sonop 60 Gedenkblad:3)

Blaai 'n mens deur die Sonopfeesbundels wat reëlmatig elke tien jaar tydens feesbyeenkomste verskyn het, dan is die studentemanewales, vreemde karakters, spitsvondige staaltjies, asook uitblinkers uit Sonop se geledere en bydraes tot die breë samelewing volop. Dit bly keer op keer 'n besondere leeservaring om daardeur te blaai.

¹ Aangesien die stigting van Sonop op die NGK Pretoria se kerkraadsvergadering gedateer 02/09/1916 goedgekeur is, het dit deur die jare die gebruik geword dat Sonop elke 5 jaar op 'n Saterdag in September 'n mini-fees hou en elke 10 jaar in September 'n vol naweek van feesvieringe het (Tukkie – Somer, 2016:36,37).

Een aspek wat egter deur die jare min aandag geniet het, en waarvan huidige Sonoppers, oudSonoppers en belangstellendes in die tehuis min kennis dra, is die rol van die Ned.Geref. Kerk² in die totstandkoming van Sonop in 1916, die bestuur daarvan vir bykans 83 jaar toe die Sinode van Noord-Transvaal Sonop in 1999 aan die Bond van oudSonoppers verkoop het, maar ook in die jare daarna tot die eeufeesvieringe in 2016.

Weliswaar het daar in die Sonop 40 Gedenkblad 'n kort bydrae deur dr CFB (Beyers) Naudé³ verskyn onder die opskrif: *Die aandeel van die kerk in die oprigting van Sonop*. Hierdie bydrae was egter baie kursories.

Dr Beyers Naude het in dié bydrae die wens uitgespreek dat die geskiedenis van Sonop tien jaar later, met die vyftigste bestaansjaar, in sy volle omvang weergegee sal word as 'n getuienis van die geloofsmoed en volharding van beide die Kerk en leidsmanne om hierdie grootse onderneming aan te pak (Sonop 40 Gedenkblad:31).

1.2 Probleemstelling

In die lig van bogenoemde lê die onmisbare rol van die Ned.Geref. Kerk vanaf vervloë se dae, toe die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria⁴ in 1916 besluit het om naas Kollege⁵ 'n koshuis vir mansstudente te begin wat aan die Transvaal University College⁶ studeer, onontgin.

Sou hierdie stuk geskiedenis van die Ned.Geref. Kerk se besondere bemoeienis met die jongmanne van die Universiteit⁷ nie nagevors en te boek gestel word nie, sal beide die Sonopverhaal en die verhaal van die Ned.Geref. Kerk van die afgelope 100 jaar onvolledig bly:

2 Hierna word ook na die Nederduitse Gereformeerde Kerk verwys as "die Kerk".

3 Dr CFB Beyers was nie 'n oudSonopper nie. Sy besondere band met Sonop was dat hy vanaf Mei 1949, toe hy dr Ben Marais as studenteleraar van die NGK Pretoria-Oos opgevolg het, tot November 1959 die Sonoppers se studenteleraar was (NGK Pretoria-Oos 50 Gedenkblad:41).

4 Hierna word ook na die kerkraad van die Ned.Geref. Kerk verwys as "die Kerkraad".

5 Kollege was die eerste koshuis vir mansstudente van die destydse Transvaal University College en het sy deure in 1915 geopen. Daar is aanvanklik gepraat van *the hostel at the College* – vandaar die naam (Tukkie – Somer, 2015:38,39).

6 Die verandering van die benaming "Transvaal University College (TUC)" na "Transvaalse Universiteitskollege (TUK)" was tussen 13/09/1929 met die laaste TUC-briefhoof en 09/10/1929 met die eerste TUK-briefhoof (UP Argief: Genoemde skrywes).

7 Hierna word ook na die Universiteit van Pretoria verwys as "die Universiteit".

- OudSonoppers en huidige Sonoppers sal maar net bly aanvaar dat daar “iemand” in die verlede was wat vir hulle die unieke tehuis met sy besondere fasiliteite daargestel het. Nooit sal hulle die ware verhaal ken dat dit juis die Ned.Geref. Kerk was wat met sy warm hartklop vir die jeug die koshuis gestig het nie.
- Ook die Ned.Geref. Kerk se duisende lidmate wat iewers van Sonop hoor, sal in onkunde bly voortleef deur nie bewus te wees van die rol wat hulle kerk nou reeds vir 100 jaar speel om jaarliks vir bykans 160 Tukkiestudente nie net ’n dak oor hul kop te bied nie, maar ’n Christelike tuiste waarin hulle hul Christenskap kan uitleef en uitbou.

Sonder twyfel is daar nie ’n beter tyd om hierdie “verborge” rol van die Ned.Geref. Kerk in diepte na te vors en openbaar te maak as juis in hierdie tyd, pas na Sonop se eeufeesjaar nie. Dit is juis nou dat oudSonoppers, huidige Sonoppers en belangstellendes vrae vra soos:

- Wanneer presies is Sonop gestig?
- Hoekom is Sonop gestig?
- Wie het Sonop gestig?
- Waar het die fondse vandaan gekom?
- Wie het Sonop bestuur?
- Het die oorspronklike Christelike karakter en Afrikaanse kultuur deur die jare behou gebly?

Die studie sal aan die einde aantoon dat die wens wat reeds in die eerste jaar van Sonop se bestaan uitgespreek is, na 100 jaar nog in vervulling gaan:

*De kerkeraadt vertrouwt dat waar hij groote financiëele verplichtingen op zich genomen heeft **enkel met het oog op het godsdienstige welzijn onder onze jeugd,** onze leeraren ook hun invloed zullen gebruiken om jongelieden, die aan dit College komen studeeren, naar het Tehuis te zenden. (De Kerkbode, 26/04/1917:398)*

1.3 Metodologie

In hierdie proefskrif sal daar gestreef word om die onontginde rol van die Ned.Geref. Kerk in die ontstaan, bestuur, uitbreiding en eienaarskap van Sonop so volledig moontlik uit verskeie bronne na te vors.

Vanweë die feit dat daar, soos reeds genoem, nog nooit vantevore deurtastende navorsing gedoen is nie, is die hoofbron van ontginning die notules van alle betrokke rolspelers:

- Kerkraadsnotules van die Ned.Geref. Gemeentes Pretoria, Pretoria-Oos en Universiteitsoord.
- Notules van die destydse Transvaalse Sinode en die latere Sinode van Noord-Transvaal.
- Notules van die aanvanklike *Council* van die TUC, later bekend as die Raad.
- Notules van die Sonopraad en die bestuur van die Bond van OudSonoppers.
- Notules van Sonop se huiskomiteevergaderings en Sonop se huisvergaderings

Verdere bronne wat lig werp op die besondere rol van die Ned.Geref. Kerk is:

- uitgawes van die *Kerkbode* en *Voorligter*;
- feesblaaië van die drie betrokke Ned.Geref. Gemeentes: Pretoria, Pretoria-Oos en Universiteitsoord;
- feesblaaië van Sonop wat elke tien jaar verskyn het;
- geskiedenisliteratuur oor die Kerk, die land, die Universiteit en die gemeenskap;
- herinneringe van oudstudenteleraars wat betrokke was by die bediening van die Sonopinwoners; en
- getuienis van oudSonoppers en Sonoppers wat deur middel van 'n vraelys hul ervaring van en herinneringe aan die geestelike bediening wat hulle ontvang het, gedeel het. Geen getuienis kon uit die aard van die saak van oudSonoppers uit die bedieningsjare van Ned.Geref. Gemeente Pretoria verkry word nie, maar wel uit die bedieningsjare van die Ned.Geref. Gemeentes Pretoria-Oos en Universiteitsoord.

Met al die stof uit bogenoemde bronne – notules, ander kerklike geskryfte en ander bronne, asook oudSonoppers self – is dit my doel om die stof kronologies en kerkhistories-teologies só aan te bied dat die verhaal, soos deur die titel uitgespel – *Die rol van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Sonop Christelike Tehuis van 1916 tot 2016* – die verhaal van die troue en voorsienige Verbondsgod sal vertel waarvan die Psalmdigter in Psalm 119:90 getuig: *U trou is van geslag tot geslag* (NAV).

Dit is juis na hierdie besondere verhaal waarna 'n voormalige rektor van die Universiteit van Pretoria, prof EM Hamman,⁸ in die voorwoord van die Sonop 60 Gedenkblad verwys:

Die besluit in 1916, op aandrang van prof WP de Villiers, die eerste koshuishoof, prof DF du T Malherbe en mnr Sydney Martin van die Nederduits Hervormende of Gereformeerde Kerk (soos die naam toe was) toe Kollegehuis te klein geword het, 'n kerkkoshuis aan TUC te stig, getuig van versierendheid aan die kant van die kerkleiers. (Sonop 60 Gedenkblad:2)

Hamman se opmerking van die *versierendheid aan die kant van kerkleiers* kom uit die hart van 'n man wat, te midde van sy vol en besige werkprogram, ook tyd gemaak het vir sy kerk en vir etlike jare op die kerkraad van die Ned.Geref. Kerk Suid-Oos Pretoria gedien het. In sy boek *Rectores Magnifici* noem Van der Watt ook dat Hamman 'n eksponent was van sy selfverwoorde lewenscredo met vyf beginsels: My God, my land en my volk, instandhouding van die gesin en familie, respek vir die owerheid en gesag, en ten slotte werk (Van der Watt, 2003:110,114).

1.4 Ontwerp

Om met hierdie navorsingstudie reg te laat geskied aan beide die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) en Sonop Christelike Tehuis (Sonop) – die twee vernaamste “rolspelers” in hierdie verhaal – word dit soos volg aangebied:

Inleidend word die “geboortejaar” van Sonop (1916) in 'n breër perspektief geplaas. Sonop is immers 'n produk van 'n spesifieke tydgleuf in die geskiedenis van die

⁸ Prof EM Hamman was vanaf 1970 tot 1981 rektor van die UP (Van der Watt, 2003:108).

Ned.Geref. Kerk, die destydse Transvaal University College, asook die moeilike finansiële posisie van die Suid-Afrikaner landswyd.

Met bogenoemde tydgleuf in perspektief, vertak die studie in twee breë lyne (afdelings):

A. Die *geskiedenislyn* oor die eerste eeu van Sonop se bestaan

Sover moontlik word die *Sonop 100 verhaal* in hierdie vertakking kronologies aangebied met verskillende aspekte wat aandag kry:

- Die drie gemeentes wat vir die geestelike versorging van die Sonoppers verantwoordelik was en steeds is.
- Die bestuur van Sonop deur die eerste drie huisvaders van 1916 tot 1947 en dan die herinstelling van die huisvaderpos in 2010.
- Die vyfmalige wisseling van eienaarskap sedert 1916 tot 2016.
- Die uitbreiding van die Sonopfasiliteite te midde van moeilike finansiële omstandighede en die ruimhartige ondersteuning vanaf die Kerk – hetsy gemeentes of Sinodes.
- Die besondere band tussen Sonop en die Ned.Geref. Kerk se Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria.
- Die totstandkoming van die Bond van OudSonoppers.
- Die twee restourasieprojekte vanaf 1976 tot 1986, en dan weer vanaf 2013 tot 2016.
- Die Eeufeesvieringe in September 2016.

B. Die *persoonslyn* oor die eerste eeu van Sonop se bestaan

Hier word spesifiek op twee groepe gefokus:

- Individue sonder wie se onbaatsugtige diens, ywer en lojaliteit die *Sonop 100 verhaal* veel armer sou gewees het, of moontlik selfs 'n vroeë dood sou gesterf het – studenteleraars, huisvaders, voorsitters van die Sonopraad en HK-voorsitters.
- Individue wat in die lig van die titel van hierdie navorsingsprojek die Kerk, wat vir hulle as studente die besondere Sonoptyuiste daargestel het, met oorgawe gedien het en steeds dien. Dit sluit in afgestuurde teoloë van gemeentevlak

tot die Ned.Geref. Kerk se hoogste vergaderings, mees uitlopende kommissies en selfs predikante wat buite die grense van die Kerk Koninkryksdiens verrig.

Met die eindstreep van hierdie navorsingstudie, die honderdjaarmark in 2016, kom die vraag *Sonop Quo Vadis?* onwillekeurig by 'n mens op. Hoe graag 'n mens ook al in die spreekwoordelike kristalbal sou wou kyk en 'n voorspelling sou wou waag, is dit in die lig van Jakobus 4:13–16 net nie moontlik nie. Daarom word die studie afgesluit bloot met eerstehandse kennis van die omstandighede waarin Sonop hom van die eerste dag van die tweede eeu van sy bestaan bevind, sonder om enige projeksies te maak, buiten dat die Christelike karakter daarvan ononderhandelbaar is.

Dit sou voorwaar interessant wees om vyftig jaar vorentoe – in 2066⁹ – 'n terugskouing te hê na die tiende lustrum¹⁰ van die tweede eeu!

9 Die datum van 2066 (50 jaar vorentoe) is na aanleiding van dr Beyers Naude se wens in die Sonop 40 Gedenkblad dat daar na Sonop se eerste 50 jaar van bestaan 'n volledige artikel moet verskyn van die Sonop/Kerk-verhaal (Sonop 40 Gedenkblad:31).

10 Die tiende lustrum (viering van 'n vyfjarige bestaan) is na aanleiding van prof Eddie Hamman wat Sonop in die Sonop 50 Gedenkblad gelukwens met sy eerste 10 lustrum (Sonop 50 Gedenkblad:4).

HOOFSTUK 2

SONOP SE ONTSTAANSJARE IN BREËR PERSPEKTIEF

Die stigting van Sonop kan nooit losgemaak word van die besondere tydsgewrig waarbinne dit plaasgevind het nie. Dat die kerklike, land- en universiteitsomstandighede van daardie tyd 'n bepaalde rol in die totstandkomingsverhaal van die koshuis gespeel het, lei geen twyfel nie.

2.1 Kerklike uitreik na die jeug

In sy boek *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 1905 – 1975* skryf die bekende kerkhistorikus prof Flip van der Watt: *Die bemoeienis met sy jeug is 'n taak wat die Ned. Geref. Kerk dwarsdeur sy geskiedenis as 'n hoë prioriteit aangepak het. Op kerkraad-, ring- en sinodale vlak word dit met groot entoesiasme bejeën* (Van der Watt, 1987:278).

Hierdie bemoeienis met die jeug was dan ook op die landswye breër kerklike terrein sigbaar in die tydgleuf van Sonop se ontstaan, in:

- die nasionale Sondagskoolkonvensie wat in 1913 op Parys gehou is;
- die eerste publikasie van *Ons Kindervriend* deur die gefedereerde Sondagskoolkommissie in 1917;
- die behoefte aan 'n eerste amptelike landswye boekie vir katekisasiedoeleindes wat in 1911 geïdentifiseer is; in 1921 verskyn prof JI Marais van Stellenbosch se boekie in die *Christelike Huisbiblioteek*;
- die stigting van ds P van der Merwe se *Bybelklas* (jeugaksie) wat hy in 1916 op Boshof in die Vrystaat begin het en só in die Vrystaat versprei het dat dit in 1925 deur die Vrystaatse Sinode erken is as 'n amptelike vereniging vir die jeug;

- die Transvaalse Sinode wat in 1912 die bekende Maria Kloppers Kinderhawe oorgeneem het, wat in 1907 deur mej Maria Kloppers¹¹ begin is; en
- die versoek van ds DJ Pienaar van Uitenhage in 1911 om die moontlikheid van studenteleraars te ondersoek.

In die lig van bogenoemde besondere ywer in hierdie tyd deur die Ned.Geref. Kerk landswyd vir sy jeug, is daar ook met besorgde harte die behoefte uitgespreek vir die daarstel van 'n koshuis vir die Kerk se studerende jeug aan die Transvaal University College.

In *De Kerkbode* van 26 April 1917 word daar teruggekyk op die stigting van Sonop op 2 September 1916 en die amptelike opening daarvan in Maart 1917. Met groot dankbaarheid word daar melding gemaak dat Sonop onder *kerklik en godsdienstig toesicht* staan deurdat dr HS Bosman, leraar van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria, voorsitter van die Sonopbestuur is en prof WP de Villiers, 'n lid van die Kerkraad, as huisvader aangestel is.

Die gerusstelling dat die Sonoppers geestelik versorg is, word in dieselfde artikel verder beklemtoon: *De kerkeraad het groote finansiële verpligtingen op zich genomen enkel met het oog op het godsdienstige welzijn onzer jeugd.*

2.2 Moeilike finansiële omstandighede landswyd

Buiten die besorgdheid oor die geestelike welstand van die studerende jeug, soos hierbo beskryf, was dit ook die landswye armoede waarin baie Afrikaanssprekendes geleef het wat die Kerk laat besluit het om studentelosies sover moontlik bekostigbaar te maak.

Die eerste Sonoppers wat in Maart 1917 hul intrek in die koshuis geneem het, kan met reg "oorlogskinders" genoem word. Nie alleen is hulle tydens die Anglo-Boereoorlog (1899 – 1902) gebore nie, maar was die wêreld ook tydens hul vroeë

11 Maria Kloppers (1868 – 1950) het op 17 Desember 1893 van die Kaap in Johannesburg aangekom nadat ds AP Kriel van die NGK Witwatersrand-Wes haar per brief versoek het om by hom te kom aansluit. Die twee pioniers se name is in die geskiedenis verewig deur die kinderinrigtings wat na hulle vernoem is: Abraham Kriel Kinderhuis en Maria Kloppers Kinderhawe (Van der Watt, 1987:296,297).

jare by die TUC in 'n staat van oorlog met die Eerste Wêreldoorlog (1914 – 1918). Buiten die twee oorloë, het die Afrikanerrebellie (1914 – 1915) nie net tweedrag onder die Afrikanervolk gebring nie, maar verder grootskaalse armoede veroorsaak.

Hierdie armoede het gelei tot die stigting van drie organisasies in 1918 vir die ekonomiese mobilisering van die Afrikanergemeenskap: Ons Eerste Volksbond (Handels- en Spaarbank), Santam (Versekeringsmaatskappy) en Sanlam (Beleggings- en lewensdekkingmaatskappy). Ook is die Helpmekaarfonds, wat in 1917 gestig is om die boetes van veroordeelde rebelle te help betaal, 'n gevolg van die naoorlogse armoede (Grobler, 2007:199).

In hierdie landswye poging om die armoede onder die Afrikanervolk te help verlig en, waar moontlik, hulp te verleen, het die Ned.Geref. Kerk ook sterk na vore getree. Hiervan is die stigting van Sonop 'n duidelike bewys.

In sy feesboodskap, *Sonop 'n ligbaken vir baie*, tydens Sonop se vyftigste verjaardagvieringe, som oudSonopper minister Daan de Wet Nel¹² die rol wat die Ned.Geref. Kerk se Sonoptehuis vir jong Afrikanerstudente vanaf sy ontstaan in 1916 vervul het, soos volg op: *OudSonoppers kyk met dankbaarheid terug op die mooi werk van vyftig worsteljare. Sonop was méér as 'n koshuis. Vir baie jong Afrikaners was dit die anker van hoop en redding in tye van armoede, moedeloosheid en geestelike verwarring* (Sonop 50 Gedenkblad:2)

Sonop was vanaf stigting tot vandag toe nie daarop ingestel om wins te maak nie, maar om studente met bekostigbare huisvesting te ondersteun.

In die koopakte,¹³ toe Sonop, met die oog op uitbreiding deur die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos “tydelik” aan die TUC oorgedra is (sien hoofstuk 4), word hierdie nuwingsgewende en ondersteunende gesindheid aan studente vasgelê:

wanneer een batig saldo bestaan zal dat door de Kerk moeten worden aangewend tot dekking van fondsen benodigde voor:

- *uitbreiding van het Tehuis, of*

12 Michiel Daniel Christiaan de Wet Nel was vir die tydperk 1924 – 1927 in Sonop, HK-voorsitter in 1926 en 1958 – 1966 Minister van die destydse Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, asook Bantoe-onderwys (Sonop Argief).
13 Hierdie koopkontrak is op 14 Maart 1921 tussen die 2 partye onderteken (NGK Pretoria-Oos, 07/04/1921).

- *voor beurzen aan studente, of*
- *voor enig ander opvoedkundig doel in verband met het Kollege, of*
- *anders in het belang van het Tehuis (Koopakte, 1921:1)*

Aansluitend by die finansiële-ondersteunende gesindheid aan studente in die koopakte, pleit 'n kerkraadskommissie van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos vir behoud van die koshuis deur die Kerk, in plaas van oorgawe aan die TUC, juis sodat hierdie finansiële-ondersteunende gesindheid van die Kerk nie verlore sal gaan nie.

Op 'n kerkraadsvergadering, gehou 9 Januarie 1930, moes daar byvoorbeeld besluit word of Sonop die eiendom van die Kerk sou bly of eerder aan die TUC oorgedra word. Duidelik is die boodskap van die kerkraadskommissie dat, sou Sonop aan die TUC oorgedra word, *sal die geleentheid wat die Kerk nou het om aan verdienstelike behoeftige jongmense hulp te verleen grotendeels wegval* (NGK Pretoria-Oos, 09/01/1930).

Wanneer prof AN Pelzer in die Sonop 40 Gedenkblad in sy artikel *Opponente in die dertigerjare* die twee oudste manskoshuise op kampus vergelyk, noem hy eksplisiet dat die studente wat dit nie te breed gehad het nie, voorkeur aan Sonop gegee het, terwyl die manne met 'n sak vol geld en mooi klere in Kollege geland het (Sonop 40 Gedenkblad:45).

Hierdie omgee van die Kerk vir die Sonoppers het nie ongesiens by die studente verbygegaan nie.

Op 'n besondere wyse dra die Huisvoorsitter¹⁴ van 1951, DR de Villiers, die inwoners se dankbaarheid in 'n skrywe gedateer 16 November 1951 aan die voorsitter van die Sonopraad, mnr Sydney Martin,¹⁵ oor.

Einde 1951 het die Universiteit van Pretoria, as gevolg van hoë lewenskoste, dit noodsaaklik geag om sy losiesgelde vir 1952 van die universiteitskoshuise van

14 Hierna word ook verwys na die huisvoorsitter van Sonoptehuis as "die Huisvoorsitter".

15 Sydney Martin was voorsitter van die Sonopraad vanaf 1948 tot 1956 (Sonop Argief).

daardie tyd – Dameskoshuis, Kollege, Voortrekker en Onderstepoort – na £90 per jaar te verhoog, terwyl Sonop se losiesgelde die volgende jaar slegs £85 sou wees,

In die lig van die £5 goedkoper losies as die universiteitskoshuise, skryf DR de Villiers dan op 16 November 1951:

Ek wens u mee te deel dat die inwoners van Sonop die houding wat die raad ingeneem het t.o.v. die losiesgelde van 1952 ten seerste waardeer. Ek is dan ook versoek om 'n mosie van dank en waardering vir die wyse waarop die raad nog steeds die belange van Sonop behartig, en wat eenparig aangeneem is, aan u oor te dra.

Hierdie gesindheid van uitreik na die studerende jeug van die Kerk onder moeilike omstandighede in 1916 en daarna, strook met die gevolgtrekking waartoe Robert Vosloo in sy artikel *The Dutch Reformed Church and the poor white problem in the wake of the first Carnegie: some church-historical and theological observation*¹⁶ kom, as hy noem dat die Ned.Geref. Kerk sedert die 1880's uitgereik het na lidmate met bepaalde behoeftes (Vosloo, 2011:3).

Hierdie omgee vir Sonoppers, deur sover moontlik bekostigbare behuising aan te bied, het deur die 100 jaar van Sonop se bestaan nóóit verlore gegaan nie, selfs nie nadat Sonop in 1999 deur die Ned.Geref. Kerk aan die Bond van OudSonoppers verkoop is nie. Sonop is as Sonop Christelike Tehuis NPC¹⁷ – 'n Artikel 21-maatskappy sonder winsbejag – geregistreer.

Die *Memorandum of Incorporation (MOI)*,¹⁸ wat statutêr die vorige Akte van Oprigting vervang en wat so onlangs as 3 Augustus 2015 opgestel is, bevestig hierdie eeu-oue strewe van bekostigbare behuising op 'n niewinsgewende basis. In die MOI word dit uitdruklik bepaal dat die maatskappy (Sonop) sy besigheid op 'n niewinsgewende basis bedryf met 'n onderliggende altruïstiese en filantropiese motief. Juis daarom word dit ook gestipuleer dat géén direksielid (Sonopraadslid) direk of indirek enige finansiële voordeel uit sy betrokkenheid by Sonop mag ontvang nie (MOI, 2015:9).

16 Die Carnegie-Armblankekommissie beslaan 5 dele en het in 1932 verskyn (Grobler, 199).

17 Sonop is amptelik as 'n "non-profit organisation" (niewinsgewende organisasie) geregistreer (NPO-nommer 106-938, 19/11/2012).

18 Die Memorandum of Incorporation (MOI) het kragtens die nuwe Maatskappywet (Nr. 71,2008) in die plek van die oorspronklike Akte van Oprigting en Statute gekom (MOI, 03/08/2015).

Vanaf 1937 tot 1999, terwyl die Sinode van Transvaal en later die Sinode van Noord-Transvaal in beheer van Sonop se bestuur was, het die Sinode die Sonopraadslede aangewys, wat hoofsaaklik predikante of ander kerklike ampsdraers was. Hierdie persone se Sonopverpligtinge is gesien as 'n verlengstuk van hulle ampswerk, waaraan geen ekstra vergoeding gekoppel is nie.

Met die verkoop van Sonop in 1999¹⁹ het die stelsel verander en word die Sonopraad kragtens die Bond van OudSonoppers se konstitusie elke vyf jaar deur oudSonoppers tydens die Sonopfees verkies. Slegs oudSonoppers dien op die Sonopraad.

Met die Sonopraad wat na 1999 in alle opsigte onafhanklik van die Kerk die verantwoordelikheid vir die bestuur van die tehuis neem, is 'n meer diverse Sonopraad wat kundigheid betref, nodig.

Die ses Sonopraadslede word in die lig van bogenoemde dus op grond van hul professionele agtergrond verkies. So dien daar dan sedert 1999 onder andere professore, ingenieurs, ouditeure, prokureurs, bedryfsielkundiges en sakemanne op die Sonopraad en dien hulle Sonop met 'n liefde vir en lojaliteit teenoor hul alma mater – sonder enige vergoeding!

2.3 Universiteitsomstandighede

2.3.1 Huisvesting

Met die stigting van Sonop op 2 September 1916, was die TUC nog maar in sy spreekwoordelike babaskoene. Die TUC, wat in 1908 sy deure geopen het, was maar vir 'n skrale agt jaar besig met universiteitsopleiding, waarvan die eerste drie jaar in die middestad (Proesstraat) plaasgevind het. Dit was eers in September 1911 dat die dosente (sewe professore en ses lektore), die 67 studente en die sekretaris na die destydse pasvoltooide Ou Lettere- en die Ou Chemiegebou getrek het (Pelzer:27).²⁰

19 Die Fondsekommissie van die Sinode van N.T.vl. het in die negentigerjare besluit om van sy eiendomme te verkoop om fondse te genereer. So is, buiten Sonop Christelike Tehuis, ook die Sinodale Sentrum in die middestad van Pretoria (Visagiestraat) in dié tyd verkoop.

20 Prof ANP Pelzer was self in die 1930's 'n inwoner van Sonop en die eerste visirektor by die UP (Sonop Argief).

Wat verblyf betref is die studente aanvanklik ook eers in die stad gehuisves. Dit was eers in 1914/1915 dat College op die universiteitsterrein gebou en bewoon is.

Dit was dan juis hier, in die begin- en nederige jare, waar almal op die TUC-kampus mekaar geken het, en daar 'n informele ongedwongenheid tussen die dosente en studente geheers het, dat die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria op 2 September 1916 besluit het om die eiendom van mnr Archie Struben in Brooklyn aan te koop as tweede manskoshuis vir TUC-studente – 'n *Tehuis voor Studente Afrikaans Kosthuis* (NGK Pretoria, 02/09/1916).

In die Junie 1917-uitgawe van *The T.U.C. students magazine / Die Studenteblad van die T.U.K.* het die Engelse redakteur, G Findlay, spottenderwys en hipoteties gepraat van *a time twenty years on when "there will be, alas, some fifteen or so denominational hostels, and there will be many glorious scraps and skirmishes* (Strydom, 2013:155,156).

Findlay was in die kol. Reeds in 1918 het die Church of England 'n koshuis, Buxton Hostel, vernoem na Goewerneur-Generaal Sydney Charles Buxton,²¹ spesifiek vir Engelstalige studente geopen.

Daar was dus binne vier jaar (1915 – 1918) drie manskoshuise vir die destydse TUC-mansstudente: College House, Sonop en Buxton.²²

2.3.2 Eie identiteit

In haar proefskrif, *Broad South Africanism and higher education: The Transvaal University College (1908 – 1919)*, dig Strydom die strewe na 'n eie breër blanke Suid-Afrikaanse identiteit toe aan opeenvolgende administrasies van beide die Transvaalse en Suid-Afrikaanse regering (Strydom, 2013:i).

Iets van hierdie *Broad South Africanism* het reeds in November 1912 begin realiseer met die verskyning van *The T.U.C students' magazine / Die Studenteblad van die*

21 Goewerneur-Generaal Sydney Charles Buxton was die tweede Goewerneur-Generaal van SA vanaf 1914 tot 1920 (Pelzer, 1960:290,291).

22 Die eerste amptelike dameskoshuis by die TUC was Universiteits-Damestehuis wat op 24/09/1926 geopen is. Dit staan vandag as "Vergeet-my-nie" bekend en is deel van Asterhof Dameskoshuis (Pelzer, 1960:286,287).

T.U.K. Strydom sê dat hierdie tweetalige blad juis 'n bewys is van die poging onder die blanke populاسie om op gelykwaardige wyse beide die Afrikaanssprekendes en Engelsprekendes te akkommodeer (Strydom, 2013:139).

Tog, ten spyte van hierdie *Broad South Africanism*, kon die behoefte aan 'n eie identiteit deur die Afrikaanssprekendes aan die nuwe universiteit nie gesmoor word nie.

Daarvan was die stigting van die Afrikaanse Studentebond (ASB) in Maart 1916 op Potchefstroom, met sy daaropvolgende vergaderings tydens die Paas- en Oktobervakansies van 1916 en sy eerste kongres op 4, 5 en 6 Oktober 1917 in Pretoria, 'n duidelike bewys.

In die Statute van dié pasgestigte ASB se Artikel 3 word die doel daarvan soos volg uitgespel:

- (a) *die wetenskaplike ontwikkeling van zijn lede, ooreenkomstig die Afrikaanse-tradisionele volkskarakter;*
- (b) *die voorstand van Afrikaanse kultuur, soals beliggaam in die Afrikaanse Taal, Lettere, Kuns en Geskiedenis.*

Die Standard Encyclopedia of Southern Africa bevestig hierdie doel van die Afrikaanse Studentebond:

[The ASB] was concerned with cultural activities and there was a growing feeling that the struggle for full cultural and political recognition for Afrikaans needed there exclusive attention, and that a more general national union would distract from their task. (Standard Encyclopedia of Southern Africa Volume VIII:90)

Alhoewel die motivering vir die daarstel van Sonop Christelike Tehuis op sowel Sinode- as Kerkraadsvlak nie direk na een van bogenoemde faktore verwys nie, lei daar geen twyfel dat die kerklike uitreik na die jeug, die landswye finansiële swaarkry, die tekort aan studentebehuising, asook die strewe na 'n eie identiteit rondom 1916 tog bewustelik of onbewustelik in die harte en denke van die stigters geleef het nie.

AFDELING A: ONTSTAAN, BESTUUR, GROEI EN EIENAARSKAP VAN SONOP

HOOFSTUK 3

ONTSTAAN VAN SONOP CHRISTELIKE TEHUIS

3.1 Die behoefte aan 'n koshuis, uitgespreek op die Ned.Geref. Kerk se Transvaalse Sinode van 1916

Die eerste gedagte aan 'n koshuis deur die Kerk daargestel vir mansstudente aan die Transvaal University College, is tydens die Ned.Geref. Kerk van Transvaal se Sinode van 1916 uitgespreek.

Tydens die *Commissie voor Onderwijs en Opvoeding* se verslag was dit twee predikante uit die platteland – Lydenburg en Soutpansberg²³ – wat met hul voorstel toegesien het dat daar nie net oor 'n koshuis gedebatteer word nie, maar wel 'n koshuis tot stand gebring word.²⁴ Dit word na die Sinodale Kommissie verwys, met die opdrag om *naar bevind van zake te handelen* (NGK Sinode Transvaal, 1916:73),

3.2 Die Ned.Geref. Gemeente Pretoria gee gestalte aan die behoefte

Met die Ned.Geref. Gemeente Pretoria (gestig 1845) as die gemeente binne wie se grense die Transvaalse Universiteit College (TUC) geval het, het hierdie belangrike saak van die daarstel van 'n manskoshuis vanaf die Sinode binne die bestek van 'n maand op die sakelys van die gemeente se kerkraadsvergadering van 3 Junie 1916 verskyn.

By dié vergadering is 'n klein kommissie aangestel om die saak verder te ondersoek. Die drie lede was DE van Velden,²⁵ WH Hofmeyr en dr DF du T Malherbe²⁶ (NGK Pretoria, 03/06/1016).

23 Die 2 predikante was onderskeidelik di. PJ Pienaar van Lydenburg en BH Swart van Zoutpansberg (NGK Transvaal, 1916:76).

24 In die Sonop 50 Gedenkblad:6 asook in 'n bylae van 'n ondersoekkommissie van die TUC in 1926 word die oorspronklike gedagte aan 'n koshuis aan prof WP de Villiers toegedig.

25 Die naam "Sonop" is voorgestel deur DE (Dirk) van Velden, 'n provinsiale sekretaris van beroep (Sonop 40 Gedenkblad:6).

Hierdie drie manne het die saak ondersoek en wyd gekonsulteer – in die besonder ook met die Council van die Transvaal University College. Op die kerkraadsvergadering van 2 September 1916 lê hulle hul uitgebreide verslag aan die Kerkraad voor, met die aanbeveling dat die koshuis gestig word en 'n eiendom daarvoor aangekoop word. Die tafel was gedek vir die stigting van 'n *Afrikaanse Kosthuis*.²⁷

Enkele belangrike grepe uit die kommissie se verslag is die volgende:

- Die Kerkraad kan op die volle steun van die *Raad van het Kollege* steun en selfs ook op 'n jaarlikse bydrae van £150.
- Die kommissie het saam met die finansiële kommissie die beoogde eiendom van ene mnr Archie Struben te Murraystraat, Brooklyn besoek en vind dit uiters geskik.
- Die koopsom van die eiendom is £3 000 en die finansiële kommissie beveel aan dat, ten spyte van die geldelike laste wat die Kerkraad reeds het, dit wel aangekoop word.
- Die eienaar verlang £250 kontant, waarna die balans vanaf een jaar na die kooptransaksie teen 60% rente per jaar met £250 per jaar verminder moet word.
- Die besit van die eiendom kan na September 1916 geneem word, maar okkupasie slegs vanaf 1 Januarie 1917.

Na die verslag het ouderlinge W Morkel en SR Roodt die stigting van die koshuis en die aankoop van die betrokke eiendom voorgestel. Dié voorstel is met twee-en-twintig stemme teenoor twee goedgekeur (NGK Pretoria, 02/09/1916).

Net meer as 'n maand na die stigting van Sonop word daar op die kerkraadsvergadering van 14 Oktober 1916 'n skrywe vanaf die Raad van die TUC behandel.

26 Dr DF du Toit Malherbe was 1 van die eerste 4 professore wat by die destydse TUK aangestel is. Hy was een van die eerstes wat van sy lesings (Chemie) in Afrikaans aangebied het (Pelzer:50).

27 In die vroeë notules is daar heelwat variasie wat die skryf van die koshuis se aanvanklike naam betref. Ander name wat o.a. in die notules van die NGK Pretoria voorkom is "Kristelik Huis", "Pretoria Kristelik Tehuis" en "Brooklyn Kosthuis". Die naam "Sonop Kristelike Tehuis" is afkomstig van ouderling Dirk van Velden en verskyn vir die eerste keer in die kerkraadsnotule van 5 Januarie 1918 (vgl. NGK Pretoria se notules vanaf 2 September 1916 tot 5 Januarie 1918).

In die skrywe word die Kerkraad versoek om hulle tot die volgende versoeke te verbind:

- dat alle inwoners en toekomstige inwoners van die koshuis studente aan die TUC moet wees;
- dat die aanwys van 'n huisvader deur die Raad van TUC bekragtig moet word;
- dat die Kerkraad jaarliks 'n finansiële verslag aan die Raad van die TUC beskikbaar sal stel; die motivering hiervoor was *dat die Raad zich kan vergewissen van de bestemming der toelage* (NGK Pretoria, 14/10/1916); en
- dat die Kerkraad bereid moet wees om van tyd tot tyd 'n verteenwoordiger van die Raad toe te laat vir inspeksie by die koshuis; die doel van die versoek was veral gerig op die nakoming van *het gedeelte der losies discipline van het TUC* (NGK Pretoria, 14/10/1916).

Alhoewel die Kerkraad besluit het om nie net blindelings aan hierdie vier versoeke toe te gee nie, word twee daarvan sedert 1916 tot en met die jongste *Memorandum of Incorporation*, nagekom:

- Slegs mansstudente aan die Universiteit van Pretoria mag in Sonop tuisgaan.
- Daar dien deurlopend 'n verteenwoordiger van die universiteit op die Sonopraad.

Een van die ander versoeke, naamlik dat die Raad die aanstel van 'n huisvader telkens wil bekragtig, het in die vroeë 1930's tot groot onmin tussen die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos en die Raad gelei – veral met die aanstelling van die tweede huisvader in 1936.²⁸

Op 4 November 1916 word WP de Villiers tydens 'n kerkraadsvergadering as die eerste huisvader aangestel. Op sy skouers sou die taak rus om die nuutgestigte koshuis op dreef te kry (NGK Pretoria, 04/11/1916). Hy het hierdie pos vir negentien

²⁸ Na die bedanking van prof WP de Villiers as eerste huisvader op 1 November 1935 en voor die aanstel van mnr AC Vlok as tweede huisvader in Februarie 1936, was daar hewige korrespondensiewisseling tussen die NGK Pretoria-Oos en die Kollegeraad insake die aanstel van 'n huisvader (Skrywe van UP gedateer 06/11/1935 en andere).

jaar met groot onderskeiding beklee, ten spyte van enkele ongelukkighede, waarna later in hierdie studie meer spesifiek verwys sal word.

Die intrek van die eerste inwoners van Sonop het vroeg in Februarie 1917 plaasgevind. Waar daar aanvanklik 20 studente verwag is, het daar op die eerste dag uiteindelik 39 studente opgedaag! Dit het die Ned.Geref. Gemeente Pretoria genoop om 'n verdere £165 te spandeer om 'n tweede huis (anneks) te meubileer (NGK Pretoria, 03/02/1917).

Die amptelike opening het 'n maand later plaasgevind en dié geskiedkundige gebeurtenis word soos volg beskryf:

In Maart 1917 werd de Inrichting formeel geopend, bij welke gelegenheid Z. Ed. De Administrateur²⁹, de Burgermeester³⁰ en de lede van de Stadsraad, de leden van het Collegeraad, gemeenteleden en studente op uitnodiging van het Bestuur tegenwoordig waren. (De Kerkbode, 26/04/2017:398)

3.3 Versoek tot uitbreiding

Twee jaar na die opening van Sonop word daar reeds by die Ned.Geref. Kerk van Transvaal se Sinode van 1919 baie positief oor die reeds gestigte Sonop gerapporteer. Die predikante van Hendrina en Alberton³¹ het voorgestel dat die saak rakende Sonop terugverwys moet word na die Sinodale Kommissie, wat op hul beurt met die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria moet onderhandel met die oog op moontlike uitbreiding van die tehuis (NGK Transvaal Sinode, 1919:77).

Bykomend tot bogenoemde voorstel ter uitbreiding van die koshuis, het die kommissie van *Hoger Onderwijs* self in 'n aanhangsel die nood vir huisvesting van studente onder die Sinode se aandag gebring deur die vergadering daarop te wys dat die getal jong Afrikaanssprekendes wat by die TUC kom studeer, aan die toeneem is (NGK Transvaal Sinode, 1919:245).

29 Die administrateur van Transvaal op daardie stadium was Johan Frederich Bernhard Rissik. Sy ampstermyn het gestrek van 31 Mei 1910 tot 23 Julie 1917 (Engelbrecht, 1955:140).

30 CW Giovanetti het vanaf 17 November 1915 tot 29 Oktober 1920 die amp van burgermeester van Pretoria beklee (Engelbrecht, 1955:377).

31 Die 2 predikante was onderskeidelik di. JWG Strasheim van Hendrina en SJ Stander van Alberton (NGK Transvaal Sinode, 1919:76).

Aansluitend by die toename van die studente, laat hulle ook die gedagte te midde van die Sinode of die Sinode nie daaraan moet dink of die huisvesting van studente *niet eerder 'n nationale en geen parachiale zaak is, en of er niet 'n plan gemaakt moet worden om voor het werk nationale betekenis en ondersteuning te verkrijgen* (NGK Transvaal Sinode, 1919:245).

Hierdie *uitbreiding de kosthuizen* (NGK Transvaal Sinode, 1919:77), soos op die Sinode van 1919 bepleit, sou nooit die voorreg word van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria nie. Dit was dié gemeente se voorreg om vir slegs drie en 'n half jaar hulle oor die geestelike welstand van die Sonopinwoners te kon ontferm.

Weldra het daar 'n nuwe gemeente op die horison verskyn – 'n gemeente digby die universiteitskampus asook die koshuisgronde – wat vir 39 jaar die Sonoppers se geestelike tuiste sou word.

HOOFSTUK 4

SONOP ONDER EIENAARSKAP VAN DIE NED.GEREF. GEMEENTE PRETORIA-OOS EN DIE TRANSVAAL UNIVERSITY COLLEGE (TUK)

4.1 Stigting en eerste leraar van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos

Met slegs twee gemeentes op daardie stadium in die uitgebreide Pretoriagebied (Ned.Geref. Gemeente Pretoria en Ned.Geref. Gemeente Eloffsdal) was die stigting van 'n volgende gemeente onomkeerbaar.

Op 'n kerkraadsvergadering, gehou op 10 Mei 1919, word twee opsies vir die uitbreiding van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos bespreek, naamlik:

- om die gemeente in drie sirkels te verdeel; en
- 'n nuwe gemeente aan die oostekant van Pretoria te stig.

Nadat bogenoemde kerkraadsvergadering die saak van uitbreiding na 'n kommissie, bestaande uit die voorsitter en al die ouderlinge van die gemeente oos van die Apiesrivier,³² verwys het, is die saak by verskeie geleenthede deur die kommissie bespreek.

Uit die bespreking op 19 Augustus 1919 het 'n vergadering voortgespruit van alle lidmate³³ oos van die Apiesrivier. Na twee "gemeentevergaderings", onderskeidelik op 22 September 1919 en 13 Oktober 1919, word daar toe op gemeentestigting oos van die Apiesrivier besluit.

Terugvoer deur die kommissie is gegee op 'n kerkraadsvergadering van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria, gehou op 12 Desember 1919. Die Kerkraad het die versoek tot afstigting goedgekeur, maar wel met 'n baie besliste klousule wat die voortbestaan van Sonop in 'n nuwe rigting sou stuur: *....met dien verstande dat echter dat by overnamen der eigendommen in het af te stichten deel gelegen, de*

³² Die naam van die rivier is te wyte aan die besonder baie Blouapies wat in bome langs die rivier kerjakkert en was 'n natuurlike oos-wes-skeiding van die ou Pretoria (Engelbrecht, 1955:75).

³³ Die "alle" lidmate is duidelik bepaal as "manlike" lidmate (NGK Pretoria, 10/05/1919).

nuwe gemeente ook al de schulden daarop rustende zal overnemen (NGK Pretoria, 12/12/1919).

Op 28 April 1920 word die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos, die nuwe geestelike tuiste van die Sonopinwoners, in die Sunnyside Gemeenskapsaal onder voorsitterskap van HS Bosman gestig.

Met die aanwys van die eerste kerkraad van die nuutgestigte gemeente, is dit opvallend dat heelwat van hulle reeds as kerkraadslede van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria by Sonop betrokke was: DE van Velden, AC Vlok, DF du Toit Malherbe, WH Hofmeyr en WP de Villiers.

Van die beroep van dié nuwe gemeente se eerste leraar, dr DJ Keet, is daar in *De Kerkbode* van 10 Junie 1920 volledig berig deur veral te verwys na die groot omvang van sy werk as geestelike leier van die jeug van die Kerk in Pretoria: *...in die nuwe gemeente de voornaamste onderwysinrichen zich bevinden, n.l. drie hogerescholen, het Normaal Kollege³⁴ en Transvaal Universiteitskollege, alsmede "Zonop", het Christelike Tehuis voor studenten.*

In dieselfde berig word die ernstige bede uitgespreek dat Keet die beroep sal aanvaar: *De bede is dat de Heer dr Keet mag leiden dit beroep aan te nemen, ten einde dit belangrijk werk onder de jeugd te verrichten (De Kerkbode, 10/06/1920:615).*

Hierdie bede is verhoor, en op Vrydagaand 24 September 1920 word DJ Keet deur HS Bosman, leraar van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria, bevestig. Die bevestigingsrede is gelei deur die destydse aktuaris van die Ned.Geref. Kerk Transvaal, W Nicol³⁵ – 'n man wat later jare nog diep spore in Sonop se geskiedenis sou trap as voorsitter van die Sonopraad.

34 Die Normaal Kollege Pretoria (NKP) het op 2 September 1902 sy deure geopen met, as eerste prinsipaal, mnr (later *sir*) John E Adamson (Engelbrecht, 1955:226).

35 Dr W Nicol se 1 seun, ook dr W Nicol, was studenteleraar van die NGK Universiteitsoord en 'n tyd lank vir Sonop se geestelike versorging verantwoordelik (Persoonlike vraelys, November 2015).

Dit was gou duidelik dat Keet die regte man was om die grondslag te lê vir die belangrike jeugbediening, wat ook die Sonoppers ingesluit het.

Buiten die eerste gemeenteleraars, naamlik DJ Keet, PFD Weiss en W Nicol, het drie toegewyde en bekwame studenteleraars³⁶ vanuit die gemeente hul stempel op die geestelike lewe van die Sonoppers afgedruk: Ben Marais (Maart 1941 – April 1949), Beyers Naudé (Mei 1949 – Desember 1954) en Kobus Potgieter (Februarie 1955 – September 1960).

4.2 Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos neem eienaarskap van Sonop

Die pad wat die nuutgestigte gemeente ten opsigte van Sonop geloop het, was soms baie uitdagend, veral ten opsigte van die besluit by afstigting dat beide die eiendom én die skuld daarvan deur die nuwe gemeente oorgeneem moet word.

Reeds tydens die eerste kerkraadsvergadering van dié nuutgestigte gemeente stel broeders WH Hofmeyr en MW Pretorius voor dat die finansiële kommissie die Kerkraad volledig moet inlig en van advies bedien betreffende die eiendomme wat met afstigting die gemeente se verantwoordelikheid geword het; dit sluit Sonop in (NGK Pretoria-Oos, 10/05/1920).

Terugvoer word op die kerkraadsvergadering van 25 Mei 1920 gegee, waarna die finansiële kommissie en DF du Toit Malherbe afgevaardig word om die finansies, spesifiek wat Sonop betref, met die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria te bespreek. Dit sou die begin wees van indringende gesprekke tussen die twee gemeentes rakende die finansies van Sonop.

Op 28 Mei 1920 het die afvaardiging van die nuutgestigte vergadering die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria ontmoet en was die hoofdoel om te vra dat die skuld op Sonop nie aan die nuwe gemeente oorgedra moet word nie.

³⁶ In 1940 is daar besluit dat 2 studenteleraars spesifiek die studente in Transvaal moet bedien. Ds JG Bezuidenhout is beroep vir Johannesburg en Potchefstroom en dr BJ Marais vir Heidelberg en Pretoria (Van der Watt, 1987:277).

In 'n skrywe gedateer 5 Julie 1920 antwoord die Ned.Geref. Gemeente Pretoria se Kerkraad negatief op hierdie versoek. Hulle motivering vir die nee-antwoord was dat die gemeente se getalle en gevolglike drakrag van die finansiële verpligting met afstigting drasties verminder het, asook dat een van die afstigtingsvoorwaardes juis was dat die nuwe gemeente alle skuld insake die Sonopeiendom sou oorneem.

Buiten bogenoemde uitdruklike nee-antwoord was daar darem ook 'n brokkie goeie nuus. Die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria het onderneem om die bedrag van £268-16-6 aan die nuwe gemeente te skenk, op voorwaarde dat hulle 'n lening van ene mej Murray³⁷ ten bedrae van £600 oorneem, maar ook dat sou daar ooit besluit word om Sonop te verkoop, die £268-16-6 terugbetaal moes word.

Nadat die finansies van Sonop tussen die twee kerkrade uitgeklaar is, het die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria amptelik besluit om Sonop aan die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos oor te dra (NGK Pretoria, 03/09/1920).

4.3 Redes vir en wyse van oordrag aan die Transvaalse Universiteitskollege

Na die afhandeling van die Sonopfondse met die Ned.Geref. Gemeente Pretoria, en die Sonopeiendom nou ten volle in hul besit, betree die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos 'n nuwe fase: dié van uitbreiding van Sonop om meer studente te kan huisves en die fasiliteite te verbeter.

Die grootste struikelblok vir die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos om die ideale van 'n vergrote inwonertal en opgegradeerde fasiliteite te verwesenlik, was finansies. Buiten dat die gemeente die Sonopskuld van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria geërf het, was die gemeente ook nog self in sy spreekwoordelike babaskoene en was die bou van 'n eie aanbiddingsplek³⁸ hoog op hul prioriteitslys. Die Here sou egter 'n deur oopmaak om wel die fondse te bekom om die Sonopideale te verwesenlik.

³⁷ Emma Maria Murray (sendeling) was die eerste van die 11 kinders van Andrew en Emma Murray (Andrew Murray Stamregister, 2012).

³⁸ Die gemeente se kerkgebou is op 6 Mei 1928 ingewy (Pretoria-Oos 50, Gedenkblad:18).

Tydens die kerkraadsvergadering van 20 Januarie 1921 is dit die huisvader van Sonop en ook lid van die Kerkraad, WP de Villiers, wat die inisiatief neem en 'n konsepooreenkoms met die TUC aan die vergadering voorhou met die doel om fondse³⁹ te bekom vir die uitbreiding van die koshuis.

In kort kom dit daarop neer dat die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos die koshuis aan die Transvaal University College “verkoop”, wat dan op sy beurt fondse van die staat bekom om die koshuis uit te brei.

Van groot belang in dié onderhandelinge is dat die Kerk met hierdie verkooptransaksie nie haar rug op die koshuis draai en die koshuis geheel en al in die hande van die TUC plaas nie. 'n Spesiale klousule sal in die koopakte ingebou word wat daarvoor voorsiening maak dat die gemeente nog steeds toesig en beheer oor die koshuis sal behou. Verder sal dit ook in die koopakte opgeneem word dat, sou daar in die toekoms voldoende fondse wees, die gemeente die opsie sal hê om die koshuis terug van die TUC te koop.

Na deeglike bespreking van hierdie voorstel van De Villiers word besluit om die saak na die Sonopkommissie te verwys om dit met die prokureurs van die Kerkraad, here Roux en Jacobz, te bespreek en terugvoer te gee by die volgende vergadering.

Wat die finansies betref, kry die Sonopkommissie opdrag om toe te sien dat die volgende in die koopakte opgeneem word:

- Die Kollegeraad moet by ondertekening die bedrag van £12 000 aan Sonop voorskiet. Dié gelde sal gebruik word om al die skuld te delg, waarna die balans gebruik sal word vir die beplande uitbreiding van fasiliteite.
- Aangesien die Kollegeraad reeds onderneem het om verantwoordelikheid vir 50% van die totale gelde van £12 000 wat die regering beskikbaar sal stel, te neem, moet Sonop dan net vir £6 000 aanspreeklik gehou word teen dieselfde rentekoers as wat die Kollegeraad aan die regering verantwoordelik sal wees (NGK Pretoria-Oos, 20/01/1921).

³⁹ Die rede vir die stap is dat die gemeente nie fondse by die staat kon bekom vir die beoogde uitbreidings nie, terwyl die destydse Transvaal University College as tersiêre instelling wel kon (NGK Pretoria-Oos, 21/01/1921).

Na 'n gesprek met die prokureurs word die konsepkontrak tydens die kerkraadsvergadering van 17 Februarie 1921 gewysig goedgekeur. 'n Spesiale kommissie, bestaande uit WP de Villiers, WH Hofmeyr, DE van Velden en JG Bezuidenhout, en onder leiding van Keet word aangewys om die voorgestelde kontrak met die Raad van die TUC te finaliseer (NGK Pretoria-Oos, 17/02/1921).

Onderhandelinge met die Raad het goed afgeleed en op die kerkraadsvergadering van 7 April 1921 word genoem dat die koopakte op 14 Maart 1921 onderteken is en dat die eiendom getransporeer is (NGK Pretoria-Oos, 07/04/1921).

Dit is van groot belang om op hierdie stadium enkele bepalinge van die koopkontrak uit te lig omrede dit in baie opsigte die verdere verloop van die Sonopverhaal bepaal. By elk van die bepalinge word daar kortliks (in kursief) beskryf hoe die bepaling in praktyk nagekom is.

- Slegs TUC-studente mag in Sonop toegelaat word, sonder enige beperking wat nasionaliteit of geloof betref.

Hierdie bepaling is regdeur Sonop se geskiedenis gehandhaaf en geld tot op hede. In beide die huidige Sonop Huisreëls en die bestaande Memorandum van Inkorporasie word dit uitdruklik gestel.

- Alhoewel Sonop met die ondertekening van die koopakte die eiendom van TUC is, bly die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos verantwoordelik vir die bestuur, kontrole en administrasie.

Die bestuur van Sonop was tot op 19 November 1937 die verantwoordelikheid van die gemeente, waarna dit toe oorgedra is aan die Sinode van Transvaal, later Noord-Transvaal. Vanaf 1999 word dit deur die Sonopraad behartig.

- Geen vervreemding van die eiendom of selfs 'n deel van die eiendom mag sonder die toestemming van die TUC plaasvind nie.

In die tydperk waarin die koopakte tussen die TUC/TUK/Universiteit van Pretoria en die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos en later die Sinode geldig was (1921 – 1948), was geen sodanige transaksies ter sprake nie.

- Die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos aanvaar verantwoordelikheid vir enige jaarlikse finansiële tekort.

Daar was ongetwyfeld, veral in die depressiejare, tye wat die finansiële las van Sonop vir die gemeente te veel geword het. So word daar in 'n skrywe van die skriba van die Kerkraad, gedateer 23 September 1933, aan die Sonopbestuur onomwonde gestel dat die finansiële kommissie van die Kerkraad aanbeveel dat Sonop met al sy bates en laste aan die universiteit oorgedra word en dat hierdie aanbeveling op die kerkraadsvergadering van 19 Oktober 1933 gaan dien. Gelukkig is die aanbeveling nie goedgekeur nie.

- Die Sonopkommissie verbind hulle daartoe om enige jaarlikse batige saldo slegs tot voordeel van Sonop en sy fasiliteite aan te wend of selfs vir beurse aan Sonopstudente.

In sy artikel “Die geskiedenis van Sonop se geboue” dui die voormalige Sonopraad- en Restourasiekomiteevoorsitter, Danie Slabbert, volgens 'n tydlyn aan hoeveel uitbreidingswerk daar in die tydperk 1921 tot 1939 gedoen is, terwyl Sonop onder die bestuur van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos geval het. (Sonop Eeufees Gedenkblad:149;150)

- Die deur staan oop vir die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos om Sonop terug te koop van TUC. Dit kan egter net geskied as die volle bedrag van £6 000, wat vroeër geleen is, aan die TUC betaal is.

Die aktiewe proses om die Sonopeiendom vanaf die universiteit terug te koop, het op 12 Desember 1935 met 'n skrywe aan die universiteit begin en is eers op 19 Mei 1949 amptelik afgehandel.

- Die bestaande huisreëls bly geld.

Die standpunt van TUC dat die bestaande huisreëls, gebaseer op TUC se dissiplinêre beleid, en wat tydens die kooptranskasie gegeld het, behoue moet bly, was in lyn met die deurlopende standpunt van TUC dat alle koshuise se inwoners aan dieselfde dissiplinêre vereistes moet voldoen. (Verslag – “Dissipline van studente op al die Koshuise”, 23/10/1935)

- Alhoewel die bestuur van Sonop in die hande van die gemeente is, voel die TUC hom verplig om ook inspraak daarin te hê. Die vereiste is daarom dat die TUC jaarliks twee lede benoem om as verteenwoordigers van die TUC op die Sonopkommissie te dien.

Deur al die jare is daar nog konsekwent aan die bepaling voldoen. Toe die Sonopbestuur in 1939 vanaf die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos aan die Sinode oorgedra is, en ook die eiendom in 1948 vanaf die Universiteit na die Sinode, was daar deurentyd lede van die

universiteit op die Sonopraad. Selfs die verkoop van Sonop deur die Sinode van Noord-Transvaal aan die Bond van OudSonoppers het dié bepaling nie ongedaan gemaak nie!

- Alhoewel die Kerkraad die huisvader aanstel, is die aanstelling onderhewig aan die goedkeuring van die Kollegeeraad.

Hierdie bepaling het in die middel dertigerjare tot groot spanning tussen die Universiteitsraad en die Kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos gelei met die aanstel van die tweede huisvader – aanvanklik WH Hofmeyr, maar uiteindelik AC Vlok.

- Ten spyte van die feit dat Sonop deur die Ned.Geref. Kerk tot stand gebring is en deur 'n plaaslike gemeente bestuur word, word dit uitdruklik bepaal dat geen geloofsbelydenis of toets op voornemende Sonoppers toegepas mag word nie.

Alhoewel daar tot en met die oprigting van Huis Voortrekker in 1939 deur die Ned. Herv. Kerk heelwat teologiese studente van die Ned. Herv. Kerk by Sonop ingewoon het (Sonop 40 Gedenkblad:16), was inwoners deur al die jare hoofsaaklik lidmate van die Ned. Geref. Kerk. Lidmate uit ander kerke met 'n gereformeerde geloofstradisie, asook uit charismatiese kerke was altyd welkom. Een geval van 'n beweerde kerkistiese gevoel onder inwoners waarna verwys word, is in die skrywe van 12 Oktober 1934 van die inwoners aan die Kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos met die versoek dat De Villiers as huisvader moet bedank. Die inwoners bewoord hul klag soos volg: "Waar daar nooit voorheen onderskeid tussen inwoners was wat verskillende kerkgenootskappe betref nie, skep die huisvader nou 'n kerkistiese gevoel onder die inwoners". (Skrywe, 12/10/1934)

Hierdie beweerde skep van 'n kerkistiese gevoel onder inwoners word egter deur oudSonopper en aangetroude familie van De Villiers, Jan Breytenbach,⁴⁰ weerlê as hy klem lê op die merkwaardigheid van De Villiers om inwoners vanuit verskillende politieke partye, verskillende kerke en verskillende nasies saam te smelt tot een Afrikanergroep wat dieselfde ideale koester en hul trots op hul afkoms bewaar (Sonop Eeufees Gedenkblad:161).

⁴⁰ OudSonopper Jan Breytenbach was vanaf 1967 tot 1971 in Sonop en is getroud met Miekie de Vos, 'n kleindogter van De Villiers. De Villiers se oudste dogter Eluned is ook met 'n OudSonopper, Danie du Toit Theron, getroud (Sonop Eeufees Gedenkblad:160).

Die verandering van kerklike demografie waar lidmate van die Ned.Geref. Kerk die Kerk verlaat en hoofsaaklik aansluit by charismatiese kerke, is ook in Sonop sigbaar. Hierdie saak word in hoofstuk 15 (15.1) volledig bespreek.

4.4 Bestuur en geestelike versorging steeds die verantwoordelikheid van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos

4.4.1 Aankoop en huur van bykomende eiendom en bou van enkele kamers, kombuis en eetsaal

Met die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos nog steeds in beheer van die bestuur en verantwoordelik vir die geestelike versorging van die Sonopinwoners, en met meer fondse tot sy beskikking na bogenoemde verkooptransaksie van die Sonopeiendom, het die verdere uitbreiding van die tehuis nou die volle aandag van die Sonopkommissie geniet. Binne ses maande na die transporterings is twee transaksies waardeur eiendom aangekoop is, deur die Kerkraad beklink:

4.4.1.1 Aankoop van grond aangrensend aan die Sonopeiendom

Tydens 'n kerkraadsvergadering, gehou op 6 April 1922, het die Sonopkommissie by monde van ouderling DE van Velden 'n voorstel ingedien dat vier aangrensende erwe tot die Sonopeiendom aangekoop word. Die motivering vir die aankoop van die erwe was tweërlei: dit sou die geleentheid skep dat die koshuis in die toekoms verder uitgebrei kan word en bied ook ruimte dat daar 'n tennisbaan⁴¹ vir die gesonde ontspanning van die inwoners gebou kan word.

Met die £12 000 wat na die kooptransaksie vanaf die TUC ontvang is, beskik die Kerkraad oor die geld en word die voorstel dan ook deur die Kerkraad goedgekeur en die eiendomme van ene Ludwig Ueckermann aangekoop vir die bedrag van £412.

4.4.1.2 Aankoop van Goedlashuis/Naglawaaai

Enkele maande later word 'n spesiale kerkraadsvergadering belê vir Vrydag 29 September 1922 oor die moontlike aankoop van 'n bestaande woning in

⁴¹ Die beginsel dat Sonop nie net kamers vir huisvesting voorsien nie, maar ook ontspanningsfasiliteite, word deur Danie Slabbert beskryf dat die Sonopraad se doel is om beide 'n leerwêreld en 'n leefwêreld vir die inwoners daar te stel. So beskik Sonop vandag oor 'n tennisbaan, muurbalbaan, krieketnet en 'n gimnasium (*Bostelegraaf*, Desember 2016).

Andersonstraat, skaars 'n blok van Sonop af. Tot op daardie stadium is die eiendom deur Sonop by die TUC gehuur en sou die inwoners moes ontruim indien Sonop nie die eiendom aankoop nie. Ook hierdie kooptransaksie ten bedrae van £1 300 word deur die Kerkraad goedgekeur.

Die naam “Goedalshuis” kom van die oorspronklike eienaar, ene mnr Goedhals, maar is later na Naglawaaï verander na aanleiding van die nagtelike kaperjolle van die Sonopinwoners (Sonop 40 Gedenkblad:8).

4.4.1.3 Huur van eiendom vir huisvesting

Selfs met Goedhalshuis/Naglawaaï nou die eiendom van Sonop, het Sonop nog steeds 'n tekort aan huisvesting gehad en is daar nog twee huise tydelik bygehuur om in die huisvestingnood te voorsien: Avondrust in Andersonstraat en Maidens Hope op die hoek van Marais- en Williamstrate (Sonop 70 Gedenkboek:21).

4.4.1.4 Aanbouings gedoen

Buiten bogenoemde uitbreidings is daar ook verder op die terrein verbeterings aangebring:

- *Kombuis*

Met die groeiende getal inwoners het die oorspronklike Strubenhuis se kombuis en eetlokaal te klein geword en is die huidige kombuis en oorspronklike deel van die eetsaal⁴² in die vroeë 1920's gebou.

- *Mansjoene*

Ook in die vroeë 1920's is die oorspronklike perdestalle van mnr Archie Struben se plaas in 'n enkelvlakwooneenheid omskep en te verstante deur die studente “die Stalle” gedoop. Daarna is die eerste drie “mansjoene”⁴³ (vierkantige huisies met vier slaapkamers elk) oos en wes van die Stalle opgerig.

42 Met die drastiese uitbreiding van Sonop se getalle in 1959/1960 moes die eetsaal noodgedwonge ook vergroot word (Sonop 40 Gedenkblad:12).

43 Die term “mansjoen” is 'n woord eie aan Sonop, wat afgelei is van die Engelse woord *mansions* wat dui op 'n herehuis. Die wooneenheid “die Stalle” word so genoem omdat dit aanvanklik die opstal se perdestalle was (Sonop 70 Gedenkblad:20,21).

Die keuse van hierdie unieke ontwerp vir studentebehuising, in plaas van tradisionele koshuisgeboue met etlike verdiepings, word aan die vindingrykheid van die eerste huisvader, De Villiers, toegeskryf (Sonop Eeufees Gedenkboek:18).

Die res van Sonop se wooneenhede sou eers vanaf die laat 1930's en weer aan die einde van 1959 verrys.

Die werk en ywer van die Sonopkommissie, 'n subkommissie van die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos, in hierdie vroeë jare van Sonop se bestaan sal nooit na waarde geskat kan word nie.

Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie uitbreiding van Sonop in die 1920's grootliks hand aan hand geloop het met die bykans agtjaarlange bouprojek van die gemeente se eie aanbiddingsplek. Die gemeente se eerste kerkboufondslyste is op 3 September 1921 goedgekeur, terwyl die amptelike inwyding op 6 Mei 1928 plaasgevind het. Verder was twee van die steunpilaarlede van die Sonopkommissie ook op die Boukomitee van die kerkgebou – WH Hofmeyr en DE van Velden!

Tereg word daar in die vyftigjarige feesblad genoem dat *Sonop 'n besondere plek in die gemeentegeskiedenis ingeneem het* en ook dat *Sonop heelwat aandag van die werkkommissie van die kerkraad geverg het* (NGK Pretoria-Oos 50 Gedenkblad:12-15,60).

4.4.2 Huur van fasiliteite by die TUC vir geestelike byeenkomste

Dat die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos se bediening aan die studente van die TUC nie nét bestaan het uit die daarstel van fisiese woonfasiliteite nie, maar óók uit die daarstel van 'n geestelike tuiste waar hulle in die "stad", weg van hul ouerhuis, tuis kan voel, blyk uit die noue samewerking van die gemeente en die Kollegeeraad vir aanbiddingsplekke.

Met die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos op daardie stadium nog 'n jong gemeente (gestig op 21 April 1920), en as aanbiddingsplek⁴⁴ die Sunnysidesaal op die hoek van Troye- en Esselenstrate, was die gemeente aangewese op die TUC vir lokale vir die geestelike byeenkomste van die studente – vir beide eredienste en kategese.

Die goedgunstigheid van die Transvaal University College in hierdie verband blyk uit korrespondensie tussen die Kerkraad en die TUC:

- In 'n skrywe gedateer 5 Oktober 1922 gee die TUC toestemming dat die TUC saal twee keer per maand deur die gemeente gebruik mag word vir eredienste van die studente, sonder dat daar enige koste aan verbonde sal wees.
- Tydens die vergadering van die TUC Senate word die versoek van die Kerkraad goedgekeur vir die gebruik van 'n lesinglokaal een keer per week vir katekisasie (TUC Senate, 02/04/1924).

Hierdie aanklop van die Kerk by die TUC en later by die Universiteit van Pretoria vir aanbiddingsfasiliteite deur 'n nuutgestigte gemeente vir studentebediening, sou hom in die vroeë 1960's herhaal toe die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord⁴⁵ op 29 Julie 1960 van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos afgestig het.

4.5 Sonop se huisvaders

In die artikel *Residence life in America – The revival of Dormitories and Residence Halls in the early 1900s*⁴⁶ word die ontstaan van “huisouers” teruggeneem na die swak omstandighede in die laat 18de eeu en begin van die 19de eeu in Amerika, toe daar in die sogenaamde *halls* (slaapsale) gevegte en selfs moorde voorgekom het – soveel so dat selfs kollegepersoneel bang was om daar in te gaan. Die openbare opinie was dat dit 'n plek was *where one learns bad manners*.

44 Die NGK Pretoria-Oos se eie kerkgebou – ontwerp deur die bekende argitek Gerhard Moerdyk – is bykans 7 jaar na gemeentestigting op 6 Mei 1928 ingewy (NGK Pretoria-Oos 50 Gedenkboek:18).

45 Die NGK Universiteitsoord se eie kerkgebou – ontwerp deur die bekende argitek Jan van Wijk – is eers 7 jaar na gemeentestigting op 18 Maart 1967 ingewy (Cilliers, 2010:14).

46 Sien vir volledige artikel https://housing.unt.edu/housing_guide/history-university-housing.

Aan die begin van die 1900's het daar 'n nuwe benadering tot studentehuisvesting na vore getree:

College education prepares not only for professional careers but for public and political life as well, and future citizens learn not only in the classroom but also in their halls, as the strongest lines of social influence are always horizontal. (https://housing.unt.edu/housing_guide/history-university-housing)

Hierdie nuwe benadering tot kollege- en universiteitsbehuising, waar studente nie net akademies vir die lewe voorberei word nie, maar in die *halls* (koshuise) ook met holistiese lewensvaardigede toegerus kan word, het later gelei tot *in loco parents* – voorlopers van wat ons vandag ken as inwonende huisouers.

Dit is dan ook hiérdie rol wat Sonop se huisvaders van die eerste dag in 1917 toe die eerste inwoners ingetrek het, vervul het. Elkeen met sy eie persoonlikheid, eie gawes en talente, maar ook eie foute en tekortkominge.

4.5.1 Prof WP de Villiers – Sonop se eerste huisvader

Die besondere rol wat WP de Villiers in die aanloop tot en stigting van Sonop, en veral as eerste huisvader van Sonop vervul het, kan nie onderskat word nie. Een van die eerste inwoners by Sonop, LJJ Henning, beskryf sy herinneringe aan De Villiers soos volg:

WP de Villiers het altyd 'n besondere karakter gebly. Hoewel hy huisvader was, was hy altyd intiem een van ons en ons het altyd die grootste agting vir hom en mev. De Villiers gehad en ek glo dat die agting wedersyds was. (Sonop 40 Gedenkblad:13)

Bloot menslik het hy as eerste huisvader egter ook enkele swak punte in sy mondering gehad – swak punte wat in die laat 1920's tot middel 1930's tot groot onrus tussen die inwoners, die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos, die Kollegeraad van die TUK, oudstudente van Sonop, die prokureursfirma De Villiers en Pickard, die Buitemuurse Studente Verteenwoordigende Raad en selfs die Minister van Onderwys gelei het!

4.5.1.1 Verslag van spesiale kommissie

Die eerste ongelukkigheid wat na die oppervlak gekom het, was hoofsaaklik finansiëel van aard. In die verslag van 'n spesiale kommissie wat Sonop se bestuur moes ondersoek en terugvoer gee by 'n spesiale kerkraadsvergadering op 28 November 1928, word daar gerapporteer dat die invordering van gelde tot onlangs veel te wense oorgelaat het (Verslag Spesiale Kommissie, 22/11/1928).

Hierdie swak finansiële bestuur van Sonop se gelde en die gevolglike benarde finansiële posisie van die tehuis het op daardie stadium reeds tot soveel onmin gelei dat daar selfs onder die Kerkraad sterk sprake was dat Sonop eerder aan die TUC oorgedra moes word.

Om die drastiese stap van Sonop se volledige oordrag aan die TUC te voorkom, maak genoemde spesiale kommissie in sy verslag belangrike aanbevelings om Sonop uit sy benarde posisie te probeer red:

- Die oplossing vir hierdie finansiële krisis lê nie daarin om van die eiendom ontslae te raak nie. Daarom is die kommissie adamant in sy standpunt dat Sonop nie aan die TUC oorgedra word nie en ook dat daar nie van die vier erwe wat in 1922 aangekoop is, afstand gedoen word nie.
- Die reglement vir finansies waarvolgens die huisvader werk, moet deeglik hersien word en na hersiening eers aan die Kerkraad voorgelê word vir goedkeuring.
- Die huisvader moet in kennis gestel word dat die Kerkraad van voorneme is om die huisvaderpos in hersiening te neem en dan nuwe aansoeke aan te vra (Verslag Spesiale Kommissie, 22/11/1928).

4.5.1.2 Kommissie van Ondersoek insake Sonop Kristelike Tehuis

Bykans 'n jaar later, op 17 September 1929, het die groot ongelukkigheid tussen die huisvader en die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos – en later ook die TUK – tot uitbarsting gekom toe die ouditeur AP Brugman, asook 'n aantal studente, verklarings voor 'n Kommissie van Ondersoek insake Sonop Kristelike Tehuis afgelê het.

In sy verklaring spreek Brugman die hantering van Sonop se finansies deur die huisvader baie sterk aan. Alhoewel hy baie duidelik daarvoor was dat hy nie vir 'n enkele oomblik glo dat daar enige wangebruik van fondse was nie, was daar totale wanbestuur deurdat daar nie duidelik boekgehou word nie. So was die uitstaande skuld aan die einde van 1927 £1 535.14.9 en in 1928 £1 526.10.9. Van dié skulde was daar selfs 'n aantal bedrae wat al verjaar het.

Brugman het verder genoem dat hierdie benarde finansiële posisie daaraan toe te skryf is dat *die huisvader géén besef van die waarde van deeglike boekhouding het nie* en ook dat *die groot kwaad die onnodige uitstel vir betaling van losiesgelde is* (Verklaring Brugman, 17/09/1928:1-3).

Alhoewel daar enkele positiewe kommentaar was ten opsigte van die huisvader vanaf die studente wat voor die kommissie verskyn het, het daar buiten die swak hantering van Sonop se finansies, nog verdere klagtes teen De Villiers voortgespruit:

- Hy maak nie voorsiening vir huisgodsdienste as hy nie tuis is nie.
- Die “Kristen Studentevereniging” funksioneer nie na wense nie.
- Die instel van 'n Waaksaamheidskomitee deur De Villiers om op studente te spioeneer is onaanvaarbaar.
- Hy vertoon swak beheer oor sy humeur.
- Hy gebruik onbetaamlike taal.
- Ondernemings vir die verbetering van fasiliteite word nie nagekom nie (Verklarings van studente, 17/09/1929:4–13).

4.5.1.3 Nuwe aansoeke vir huisvader

Die verslag van die kommissie aan die Kerkraad het die Kerkraad tot die besluit laat kom tot hiertoe en nie verder nie. 'n Week later, op 24 September 1929, ontvang prof WP de Villiers 'n skrywe van die skriba van die Kerkraad waarin hy meegedeel word dat die Kerkraad van voorneme is om opnuut applikasies te vra vir die pos van huisvader en dat die gekose persoon op 1 Januarie 1930 in diens sal tree (NGK Pretoria-Oos, 24/09/1929).

Met hierdie skrywe het die sesjaarlange⁴⁷ en onsmaaklike “huisvaderstryd” tussen prof De Villiers, die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos en die Kollegeraad van die TUK begin.

Binne enkele dae – op 27 September 1929 – reageer De Villiers op die skrywe van die Kerkraad, gedateer 24 September 1929. Manalleen spreek hy hom in die skrywe sterk uit teen die inhoud van die brief en stel dit in geen onduidelike taal dat hy nie met die Kerkraad se skrywe akkoord gaan nie.

Aangesien die Kerkraad se skrywe dit nie eksplisiet stel dat hy afgedank word nie, stel hy dit aan die Kerkraad dat hy dit interpreteer as sy afdanking. Dít aanvaar hy nie en wys die Kerkraad daarop dat nié die Kerkraad, maar wel die Sonopbestuur die enigste daartoe bevoegde liggaam is wat só ’n drastiese besluit kan neem en dan ook slegs ná ’n redelike tyd van kennisgewing.

Om seker te maak dat die regte kanale met sy skrywe gevolg word, stel hy dit aan die einde baie duidelik die skrywe aan die volle eerwaarde Kerkraad voorgelê moet word.

4.5.1.4 Kollegeraad tree toe

Hierdie saak van afdanking van die Sonophuisvader deur die Kerkraad het, soos vroeër genoem, nie net binne kerklike kringe gebly nie, maar ook op die tafel van die Kollegeraad van die TUK beland (vanaf 1929/1930 word daar nou van die TUK gepraat).

So ontvang die kerkraad van die Ned.Geref. Kerk Pretoria-Oos op 9 Oktober 1929 ’n skrywe van die rektor van die TUK, prof AE du Toit,⁴⁸ waarin die Kollegeraad, wat die prosedure betref, hom ondubbelsinnig aan die kant van De Villiers skaar.

47 Prof WP de Villiers het na ’n lang stryd van by die 6 jaar op 1 November 1935 sy bedanking as huisvader ingedien (De Villiers, 1 November 1935).

48 Prof AE du Toit was die derde rektor van UP vanaf 1927 tot 1934. Ook was hy die groot kampvegter vir Afrikaans op die kampus. Die bekende AE du Toit-ouditorium op die kampus is na hom vernoem en Sonoppers, as lidmate van die NGK Universiteitsoord, het in die vroeë 1960’s daar eredienste bygewoon (Van der Watt, 2003).

Die Kollegeeraad wys die Kerkraad daarop dat De Villiers korrek in sy skrywe is as hy noem dat nie die Kerkraad nie, maar alleen die Sonopbestuur, waarop die Kollegeeraad ook verteenwoordiging het, oor die bevoegdheid beskik om die huisvader af te dank. Verder spreek die Kollegeeraad die behoefte uit om met die Kerkraad hieroor in gesprek te tree en vra die Kerkraad om 'n kommissie vir sodanige gesprek aan te wys. Op hierdie versoek vanaf die Kollegeeraad se kant het die Kerkraad positief reageer en 'n kommissie aangewys, bestaande uit AC Vlok, WH Hofmeyr en S Martin (Skrywe NG Gemeente Pretoria-Oos, 23/10/1929).

Hierdie beoogde gesprek het egter nie die Kerkraad van plan laat afsien vir die aanstel van 'n nuwe huisvader nie. Hulle het wel besef dat 1929 vinnig ten einde spoed en dat die aanstelling van 'n nuwe huisvader – in die lig van komende samesprekings – met ingang 1 Januarie 1930 'n al skraler moontlikheid is. In die lig hiervan word De Villiers ingelig dat die aanstelling met een maand na 1 Februarie 1930 aangeskuif word (NGK Pretoria-Oos, 22/11/1929).

As bewys dat die Kerkraad beoog om te volhard met die aanstelling van 'n nuwe huisvader, rig die skriba van die Kerkraad op dieselfde datum 'n skrywe aan die Sonopbestuur met die versoek dat 'n advertensie vir die vakante pos vanaf 1 Februarie 1930 opgestel moet word. Dit moet dan aan die skriba gestuur word, wat verantwoordelikheid sal neem vir die plasing daarvan. Verder moet die Sonopbestuur die aansoeke hanteer en 'n aanbeveling aan die Kerkraad maak vir goedkeuring en bekragtiging op die kerkraadsvergadering van 9 Januarie 1930 (NGK Pretoria-Oos, 22/11/1939). Aanstons sou dit blyk dat beide die advertensie en beoogde bekragtiging, soos hierbo genoem, voortydig was. Die hele huisvaderkwessie sou nie so maklik en nie so spoedig soos die Kerkraad gedink het, afgehandel kon word nie.

Na die gesprek tussen die afgevaardigde kommissie van die Kerkraad en die Kollegeeraad van die TUK – en terwyl 1929 vinnig ten einde spoed – rig die skriba van die Kerkraad op 4 Desember 1929 'n skrywe aan die Kollegeeraad waarin dit weereens duidelik gestel word dat die Kerkraad nie van hul besluit om 'n nuwe huisvader aan te stel, afstand gaan doen nie.

Alhoewel die Kerkraad toegee dat dit beter sou wees as die Sonopbestuur – waarop TUK ook verteenwoordiging het – die afdanking hanteer het, bly hulle by hul standpunt dat hulle oor die volle beheer van Sonop beskik en dus geregtig was om die afdanking te hanteer. In elke geval, so skryf die Kerkraad, is die saak nou te vêr gevorder om weer van vooraf op die saak in te gaan.

Bogenoemde skrywe van die Kerkraad het die Kollegeeraad geensins welgeval nie en die Raad reageer nog dieselfde dag. Twee sake word pertinent in die Kollegeeraad se skrywe uitgelig:

- Die Kerkraad word versoek om die redes vir De Villiers se afdanking voor te lê.
- Die Kerkraad moet kennis neem dat dit die gebruik van die Kollegeeraad is om persone as huisvaders aan te stel wat reeds op die personeel van die TUK dien. Hierdie saak is 'n wending wat nog tot groot spanning tussen die Kerkraad en die Kollegeeraad sou lei (Kollegeeraad, 04/12/1929).

Met die kronologiese lees van die korrespondensie tussen die Kerkraad en die Kollegeeraad word dit al hoe duideliker hoe die spanning tussen dié twee partye opbou.

In 'n spoedige opvolgskrywe, gedateer 6 Desember 1929, stel die Kerkraad dit onomwonde dat hulle by hul standpunt, soos in vorige skrywes verwoord, bly en dat die afdanking van De Villiers finaal is. Die motivering vir hierdie onversetlike houding is soos volg: *de Kerkraad (meen) dat aan al die eise van wellewendheid voldaan is en ag hy dit nie wenslik om verder op die saak in te gaan nie.*

Bogenoemde skrywe van die Kerkraad, gedateer 6 Desember 1929, word nie sonder meer deur die Kollegeeraad aanvaar nie en daar word op 14 Desember 1929 weer 'n skrywe aan die Kerkraad gerig.

In hierdie skrywe versoek die Kollegeeraad die Kerkraad – wat tot nou toe nog nie aan die versoek van die Kollegeeraad voldoen het om die redes vir De Villiers se afdanking aan hulle deur te gee nie – om gevraagde inligting onverwyld aan hulle

beskikbaar te stel. Hierdie herhaalde versoek tot inligting word versterk deur die feit dat De Villiers as dosent in diens van die TUK is en dat die Kollegeeraad dus geregtig op die inligting is.

4.5.1.5 Geluide van moontlike oorgawe

Vanaf Januarie 1930 tot Oktober 1934 het die fokus van gebeure op die Sonoptoneel verskuif vanaf die afdanking van die eerste huisvader, na die oorweging om Sonop ten volle aan die TUK te oorhandig.

Op 27 Januarie 1930 (met 'n groot meerderheid van stemme) plaas die Kerkraad die volgende voorstel op die tafel van die Kollegeeraad:

Aangesien die tyd te kort is om tot 'n finale besluit omtrent die huisvaderskap te kom, word Dr de Villiers gevra om nog drie maande aan te bly en word intussen 'n Kommissie benoem om die kwessie van oorgawe van Sonop aan die Kollegeeraad te oorweeg. Die Kommissie is: Broers A.C. Vlok, S. Martin, O. van Oostrum, H.C. de Kock en die Auditeur, die Heer A.P. Brugman. (NGK Pretoria-Oos, 27/01/1930)

Soos reeds vermeld, verskuif die hoofsaak op die agenda tussen die Kollegeeraad en die Kerkraad van die huisvaderskap van Sonop (De Villiers is op 24 Maart 1930 weer as huisvader aangestel tot verdere kennisgewing) met hierdie voorstel na die moontlike oordrag van Sonop deur die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos aan die TUK.

Alhoewel daar sporadies op kerkraadsvergaderings oor die moontlikheid al dan nie van Sonop se oorgawe aan die TUK gepraat is, word dit eers in die tweede helfte van 1933 op die spits gedryf. In 'n skrywe van die skriba van die Kerkraad aan die Sonopbestuur word dit onomwonde gestel dat die finansiële kommissie van die Kerkraad aanbeveel dat Sonop met al sy bates en laste aan die universiteit oorgedra word en dat hierdie aanbeveling op die kerkraadsvergadering van 19 Oktober 1933 gaan dien (NGK Pretoria-Oos, 23/09/1933).

Op grond van die aanbeveling van die finansiële kommissie het die Sonopbestuur op 12 Oktober 1933 die skriba van die Kerkraad vooraf per skrywe ingelig dat die Sonopbestuur na ernstige bespreking met een teenstem besluit het dat dit onwenslik is om die Sonoptehuis aan die Universiteit oor te maak (Sonopbestuur, 19/10/1933).

Na afloop van die kerkraadsvergadering op 19 Oktober 1933, waartydens daar nie 'n finale besluit oor oordrag geneem is nie, versoek die skriba van die Kerkraad die Sonopbestuur om dringend skriftelik te reageer op die jongste ouditeurstasie (NGK Pretoria-Oos, 21/10/1933). Met dié skrywe word dit duidelik dat die finansiële aspek van Sonop vir die jong Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos juis in die tyd van die depressie⁴⁹ 'n probleem word – vandaar die behoefte om Sonop aan die universiteit oor te dra.

4.5.1.6 Teologiese Fakulteit

Tydens die oorweging van die Kerkraad om Sonop, op grond van die moeilike finansiële omstandighede, aan die universiteit oor te dra, kom daar 'n nuwe aspek na vore wat as teenargument gebruik word vir die oordrag, naamlik die versoek deur die Ned.Geref. Kerk se Sinodale Kommissie dat die universiteit dit moet oorweeg om 'n Teologiese Fakulteit vir die Ned.Geref. Kerk⁵⁰ daar te stel (NGK-Sinode, 19/04/1934).

In 'n skrywe van 20 Junie 1934 neem die voorsitter van die Sonopbestuur, AC Vlok, die saak van die moontlike Ned.Geref. Kerk Teologiese Fakulteit by die TUK verder as hy aan die Kerkraad noem dat die beoogde Teologiese Fakulteit juis die Sonopbestuur se oortuigde besluit versterk dat Sonop – selfs ten spyte van die moeilike finansiële aspek – nie aan die TUK oorgedra moet word nie. Die te stigte fakulteit sal nouer samewerking tussen die Kerk, die TUK en Sonop bring, tot voordeel van al die partye. Hierdie vêrsiendheid van Vlok het sonder twyfel die voortbestaan van Sonop as 'n private manskoshuis verseker – iets waarvoor hy nie in sy tyd of daarna die erkenning wat hom toekom ontvang het nie.

Groot was die verligting en dankbaarheid toe Vlok op 13 Augustus 1934 'n skrywe van die skriba van die Kerkraad ontvang dat daar besluit is om nie die tehuis aan die TUK te oorhandig nie (NGK Pretoria-Oos, 13/08/1934).

49 Suid-Afrika het nie die wêreldwye Groot Depressie van 1929 tot 1934 vrygespring nie. Die Carnegieverslag het in die vroeë 1930's gerapporteer dat 300 000 uit 'n populasie van 1.7 miljoen blankes as arm geklassifiseer was (Grobler, 2007:199).

50 Die NGK se Teologiese Fakulteit sou eers vier jaar later, op 16 Maart 1938, amptelik sy deure open. Sien hoofstuk 6 vir die volledige geskiedenis van Sonop en die NGK Teologiese Fakulteit aan die UP (Human & Van der Merwe, 2013:5–7).

4.5.1.7 Klag van inwoners

Met die hoofokus gedurende Januarie 1930 tot Oktober 1934 op die oorhandiging van Sonop aan die TUK al dan nie, het die ongelukkigheid rondom De Villiers as Sonop se huisvader steeds nie gaan lê nie. Inteendeel, vir die volgende twee jaar (1934 – 1936) het dit net in felheid toegeneem.

In drie bladsye, onderteken deur 44 inwoners,⁵¹ skud die voorsitter van die Huiskomitee⁵² (HK), JC du Plessis, die Sonopbestuur op 12 Oktober 1934 met 'n klagskrif van twee versoeke, een dreigement en agt klagtes.

Die twee versoeke van die 44 ondertekenaars van die skrywe is die volgende:

- Lynreg met die kerkraadsbesluit van 13 Augustus 1934, moet Sonop deur die Universiteit oorgeneem word.
- De Villiers moet met onmiddellike effek bedank sodat hy nie langer vanaf 1 Januarie 1935 as huisvader sal dien nie.

Die erns van hierdie twee versoeke word beklemtoon deur die dreigement dat sou De Villiers nie bedank nie, sal al die inwoners aan die begin van die akademiese jaar in 1935 na 'n ander koshuis gaan. Ter ondersteuning van hul twee versoeke en uitdagende dreigement om die koshuis in 1935 te verlaat, lys die inwoners 'n agttal klagtes aangaande De Villiers se politieke afdwinging, kerkistiese optrede, outokratiese bestuurstyl, persoonlikheid en nienakoming van veral instandhoudingspligte. Die klagstaat word afgesluit deur dit onder die Kerkraad se aandag te bring dat die versoeke, dreigement en klagtes eenparig onderskryf word en dat dit ter insae is by die voorsitter van die Senaat van die Universiteit.

Dit was veral De Villiers se politieke en kerkistiese siening wat die inwoners gebelg gelaat het. Hiervan is die volgende gebeure rondom prof AE du Toit se opening van die 1929 akademiese jaar en dr DF Malan se toespraak op Krugerdag 1933 'n duidelike bewys.

51 Twee van die inwoners, SJ Henrico en CJ Pelser, het 2 weke na die verskyning van die skrywe amptelik versoek dat hul name as ondertekenaars verwyder moet word (Persoonlike skrywes, onderskeidelik gedateer 25/10/1934 en 29/10/1934).

52 Hierna word ook verwys na die huiskomitee van Sonoptehuis as "die Huiskomitee".

Met die aanvang van die akademiese jaar in 1929 het die destydse rektor, prof AE du Toit, in Afrikaans geopen. In sy vurige openingsrede het hy gesê dat die TUK nou mondig geword het (1908 – 1929) en dat dit tyd is om rigting te kies. Die TUK moet in diens staan van die plattelandse Afrikaanssprekende bevolking van die “Groot Transvaal”. Dit is die taak van die TUK om die kultuur van dié groep te bestudeer, te isoleer en tot ’n brandpunt te bring.

Op hierdie woorde het beide De Villiers en sy eggenote vurig reageer:

- Na Du Toit se toespraak het mev. De Villiers hom tegemoet gestap en met verwysing na Hugh Latimer⁵³ gegroet: *You have this day lit a fire, which, pray God, must never be put out.*
- De Villiers self het terug by die koshuis aan die inwoners gesê: *Menere, u het vandag die woorde van die rektor gehoor. Wat my betref moet ons hier in Sonop ook besluit om rigting te kies.* Hy het teatraal na die foto van generaal De Wet teen die muur gewys en gesê: *U moet vandag besluit of u daardie foto wil laat verbrand as die van ’n verraaier, of hom laat bly hang as die portret van ’n volksheld* (Sonop 40 Gedenkblad:8,9).

In 1933 met Krugerdag was dr DF Malan⁵⁴ tydens sy verblyf in Pretoria in Sonop tuis. Malan se toespraak op Kerkplein, sy voorbeeldige nasionale strewe en sy uiteensetting van wat ’n republiek is, het De Villiers so beïndruk dat hy terug by die koshuis aan die Sonoppers gesê het dat hulle Sonop van daardie dag af as ’n republiek moet sien. Hierdie optrede van De Villiers het inwoners teen die bors gestuit (Sonop 40 Gedenkboek:10).

De Villiers se kerkistiese optrede word in ’n skrywe van LG Brandt, die voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk, aan die kaak gestel. Hy noem aan die voorsitter van die Universiteitsraad dat sy seun,

53 Hugh Latimer (1487 – 1555) was aanvanklik die biskop van Worcester, maar het na die Reformasie as kapelaan van die Church of England onder King Edward VI gedien. In 1555 het hy onder die Katolieke Queen Mary op die brandstapel gesterf en 1 van 3 Oxford-martelaars van die Anglikaanse Kerk geword (Encyclopedia Britannica, 2007 (L-X):180).

54 DF Malan was aanvanklik ’n NGK-predikant van beroep en het in 1905 sy doktorsgraad by Utrecht behaal. Met die stigting van die *Burger* in 1905 word hy die eerste redakteur van die dagblad en in 1948, op die ouderdom van 74 (!) word hy eerste minister (Krüger & Beyers, 19:564–570).

Andries, 'n inwoner van Sonop is en dat De Villiers die teologiese professore⁵⁵ openlik in die koshuis daarvan beskuldig dat hulle die vorige rektor, prof AE du Toit, by die Universiteit weggewerk het (LG Brandt, 24/09/1934).

Te verstane het die inhoud van die inwoners se klagstaat die Kerkraad tot groot onrus gestem. Daarom versoek hulle die Sonopbestuur per skrywe om voor of op 17 November 1934 volledig terugvoer oor die aangeleentheid te gee (NGK Pretoria-Oos, 09/11/1934).

4.5.1.8 Sonopbestuur – ongelukkigheid by inwoners

Na 'n indringende vergadering van die Sonopbestuur op 14 November 1934, haal die bestuur hulle verder die argwaan van die inwoners op die hals deur die Kerkraad soos volg in kennis te stel:

[D]ie Bestuur is van oordeel dat die gronde aangevoer deur die studente waarom Dr de Villiers sal gevra word om te bedank as huisvader nie voldoende is nie, en dat sy bedanking onder die huidige omstandighede nie heilsaam sal wees vir die dissipline op die koshuis nie. (Sonopbestuur, 15/11/1934)

Hierdie besluit, tesame met die feit dat die Sonopbestuur nie die beloofde poging waarop hulle op 26 Oktober 1934 besluit het, naamlik om binne 'n week versoening tussen die huisvader en die studente te probeer bewerk, nagekom het nie, het vroeg in 1935 'n stryd tussen die Sonopbestuur, die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos en die OudSonoppers Studenteliggaam ontketen.

Met die akademiese jaar van 1934 wat ten einde spoed, volg daar nog enkele botsende korrespondensiestukke tussen die drie partye, naamlik die Sonopbestuur, die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos en die Universiteitsraad. Die Kerkraad is op grond van die aanbeveling van die Sonopbestuur steeds van mening dat die gronde vir die afdanking van die huisvader nie voldoende is nie (NGK Pretoria-Oos, 23/11/1934). Aan die ander kant is die Universiteitsraad van mening dat dit nie in die beste belang van die Universiteit is dat dr WP de Villiers aanbly as huisvader van Sonoptehuis nie (Universiteitsraad, 27/11/1934:3).

⁵⁵ Die teologiese professore hier is dosente van die Hervormde Kerk in Afrika (NHKA). Vanaf 1917 was die Teologiese Fakulteit onder beheer van die NHKA. Dit was eers in 1938 dat die NGK se Teologiese Fakulteit geopen is (Human & Van der Merwe, 2013:5–7).

Bogenoemde besluit van die Universiteitsraad was die begin van 'n verdere motivering⁵⁶ ter ondersteuning van De Villiers se afdanking as huisvader, wat die volgende jaar op 24 Mei 1935 voor sy deur gelê sou word.

4.5.1.9 Sonop sonder inwoners

Met die draai van die jaar het die studente vroeg in 1935 voet by stuk gehou en Sonop geboikot en as vrywillige bannelinge elders huisvesting gevind – die meeste in Buxton Tehuis. Daan Verwoerd⁵⁷ beskryf hierdie gebeure as 'n *saga wat uniek in die geskiedenis van Suid-Afrika is* (Sonop Eeufees Gedenkboek:28).

Met die meeste Sonoppers in 1935 woonagtig in Buxton Tehuis en sommige elders, woed⁵⁸ die stryd om die huisvader se afdanking en die moontlike oordrag van Sonop aan die Universiteit voort. Slegs een student – een van die twee wat die vorige jaar skriftelik sy naam van die klagskrif laat verwyder het – het na Sonop teruggekeer (Sonop 40 Gedenkblad:19).

4.5.1.10 Buitepartye tree toe tot die stryd

Twee buitepartye het nou tot die stryd toegetree – die OudSonoppers Studenteliggaam, tesame met die Buitemuurse Studente Verteenwoordigende Raad. Beide hierdie partye het hulle nie tot die Sonopbestuur of die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos se Kerkraad gewend nie, maar direk tot die Senaat van die Universiteit.

In 'n skrywe gedateer 25 Maart 1935 spel oudSonopper PS de Vos, as sekretaris van die Oudstudente van Sonop, dit duidelik uit dat hulle hul juis tot die Senaat wend omdat hulle van mening is dat nóg die Sonopbestuur, nóg die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos onpartydig in die hele saak staan.

Die groot ongelukkigheid by hierdie groep oudSonoppers, asook die inwoners van 1934, is dat die Sonopbestuur nie die verwagte versoening tussen die inwoners en

56 In 'n skrywe gedateer 24 April 1935 word daar deur die Universiteitsraad na die pos van huisvader as "buitebedrywighede" verwys waarvoor die Universiteitsraad moet toesig hou (Skrywe, 24/04/1935).

57 Daan Verwoerd is die seun van dr HF Verwoerd, destydse Eerste Minister van Suid-Afrika en het die geskiedenis van Sonop se eerste 4 dekades in die Sonop Eeufees Gedenkboek geskryf (Sonop Eeufees Gedenkboek:14).

58 Alhoewel die woord "woed" baie sterk voorkom, is dit in konteks gesien beskrywend van die atmosfeer op daardie stadium (persoonlike mening). In 'n skrywe van 9 November 1934 aan die Sonopbestuur verwys die skriba van NGK Pretoria-Oos na die onmin onder die studente as "onluste".

die huisvader bewerk het nie, maar intendeel dat hulle by die Kerkraad aanbeveel het dat prof De Villiers die pos van huisvader behou.

Meer onlangse beskuldigings as van die vorige klagtes van 12 Oktober 1934 word nou uitgespel en word daar by van die sewe beskuldigings ook 'n verduideliking gevra:

- Die Sonopbestuur word daarvan beskuldig dat hulle geen poging aangewend het om die beloofde versoening tussen De Villiers en die huislede te probeer bewerk nie, maar bly onverskrokke by hul standpunt dat De Villiers moet aanbly. Vir hierdie optrede word daar 'n verklaring gevra.
- In die tussentyd het mnr LJ Rautenbach, 'n oud-Sonopper,⁵⁹ onder protes van beide die Sonopbestuur en die Universiteitsraad bedank. Die ondergetekendes vereis 'n noukeurige uiteensetting van die motiewe vir dié bedanking.
- Sterk beswaar word aangeteken teen SJ Henrico,⁶⁰ een van die twee studente wat sy naam van die eerste klagstaat teen De Villiers verwyder het. Tydens sy getuienis voor die Sonopbestuur het hy die ware toedrag van sake verswyg en daardeur die inwoners in 'n swak lig gestel. Die Senaat word versoek om Henrico te daag om voor die inwoners verantwoording te doen van sy verraderlike optrede.
- Dr DF du Toit Malherbe, een van die stigterslede van Sonop, word verkwalik vir sy ongevraagde artikel in *Die Kerkbode*⁶¹ waarin hy die onmin in die koshuis aan die inwoners wat aan die Hervormde Kerk behoort, toedig. Die studente neem verder ook aanstoot dat Malherbe hierdie onmin, wat bloot huishoudelik is, deur genoemde artikel openbaar gemaak het. Hy word gedaag om voor die studente verantwoording te kom doen.

59 Mnr LJ Rautenbach het in Junie 1920 die eerste studenteverteenwoordiger op die Sonopbestuur geword (NGK Pretoria, 2/06/1920; Sonop 40 Gedenkblad:7).

60 SJ Henrico het sy teologiese opleiding by die Teologiese Fakulteit van die NHKA deurloop en was die eerste sodanige student wat hom vir die NGK beroepbaar gestel het en by die nuutgestigte Teologiese Fakulteit in Pretoria aangemeld het vir *colloquim doctum* (Human & Van der Merwe, 2013:46).

61 Daar word in hierdie klagte slegs na die "Kerkbode" verwys, sonder enige datum (Skrywe, 25/03/1935).

- De Villiers self word in die skrywe kwalik geneem vir sy onaanvaarbare gedrag teenoor van die inwoners tydens die Desembervakansie van 1934. Hy het na bewering van die studente se kaste oopgebreek en items op ander plekke gaan stoor. Inwoners wat tydens die vakansie pos gaan afhaal het, is op onbeleefde wyse deur hom hanteer. De Villiers word gedaag om hom teen die klagtes te kom verweer.
- In bogenoemde artikel van Du Toit in die *Kerkbode* het hy melding gemaak van 'n £150 wins wat die Sonopbestuur in 1934 sou maak. Volgens De Villiers se Koöperasiesistelsel sou alle inwoners mededelers daarin wees, sou die koshuis aan die einde van die jaar 'n batige saldo toon. 'n Onmiddellike verslag in dié verband word van De Villiers verwag.
- Die inwoners van die Ned.Geref. Kerk, asook van die ander Kerkgenootskappe, versoek 'n geleentheid waartydens hulle bewys kan lewer dat die Hervormde Kerk-inwoners géén leidende rol in die aanleiding tot die kerkistiese gevoel gehad het, soos beweer word nie.

Na bogenoemde klagtes een vir een deur die OudSonoppers Studenteliggaam en die inwoners van 1934 uitgespel is, sluit die ondergetekendes die skrywe aan die Senaat af met die woorde: *Hopende dat hierdie saak u goedwillige aandag sal geniet* (Skrywe, 25/03/1935).

Dat hierdie skrywe wel – soos versoek is – die Senaat se goedwillige aandag geniet het, sal weldra duidelik word.

Op 24 April 1935 versoek die sekretaris van die Universiteitsraad 'n ontmoeting met 'n kommissie van die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos om oor die buitebedrywighede van die huisvader in gesprek te tree. Volgens die Universiteitsraad is hierdie buitebedrywighede (Sonop se huisvaderpos) nie in die beste belang van die Universiteit nie. Dit is 'n rede om De Villiers se termyn te laat beëindig (Universiteitsraad, 24/05/1935).

Tydens die gesprek tussen die twee partye stel die Universiteitsraad dit onomwonde aan die Kerkraad dat die verlov wat die Universiteitsraad aan De Villiers verleen het om sy buitebedryghede (Sonop se huisvaderpos) te beoefen, teruggetrek word en dat sy termyn in effek op 31 Augustus 1935 ten einde loop (NGK Pretoria-Oos, 15/06/1935).

Soos wat verwag kon word, was De Villiers geensins met hierdie afdanking deur die Universiteitsraad tevrede nie en wend hy hom tot die reg. Op 22 Junie 1935 ontvang die Universiteitsraad 'n skrywe van die prokureursfirma De Villiers en Pickard, waarin gesê word dat De Villiers nie kans sien om hom aan die besluit van die Universiteitsraad insake die neerlegging van sy betrekking as huisvader van Sonop te onderwerp nie. Die rede vir sy standpunt is dat hy die bevoegdheid van die Universiteitsraad om só besluit te neem, ten sterkste ontken (De Villiers & Pickard, 22/06/1935).

Binne enkele dae kry die Universiteit die wind van voor toe die Buitemuurse Studente Verteenwoordigende Raad⁶² 'n skerp bewoorde skrywe aan die Senaat rig. Waar die OudSonopper Studenteliggaam volkome solidariteit met die beswaarde inwoners gehad het, het die Buitemuurse Studente Verteenwoordigende Raad sterk standpunt ter ondersteuning van De Villiers ingeneem. Hulle betreur in geen onduidelike taal nie die optrede van die Universiteitsraad om De Villiers af te dank en rig 'n dringende versoek aan die Universiteitsraad om sy besluit in heroorweging te neem. As motivering vir bogenoemde versoek noem hulle dat die aantygings teen De Villiers onbewese beskuldigings is en verder ook die Universiteit nie in 'n goeie lig stel nie (Buitemuurse Studente Verteenwoordigende Raad, 08/07/1935).

4.5.1.11 Minister van Onderwys

Die stof wou eenvoudig nie gaan lê nie; intendeel, die stryd het al feller gewoed. Soveel so dat die Minister van Onderwys⁶³ ook by die saak betrek is.

62 Die Buitemuurse Studente Verteenwoordigende Raad het reeds in 1921 tot stand gekom. In 1935 was Andries Nolte die voorsitter (UP Argief).

63 Die Minister van Onderwys was mnr JH Hofmeyr – 'n broerskind van die bekende "Onze Jan" Hofmeyr (Persoonlike vraelys, Januarie 2017).

In 'n skrywe op 11 Julie 1935 doen die Universiteitsraad navraag by die minister of die Raad, ooreenkomstig Artikel 38 van die Diensvoorwaardes, oor die bevoegdheid beskik om die verlof aan De Villiers om buitewerk (Sonop se huisvaderpos) te doen, te kan terugtrek. Op 27 Julie 1935 antwoord die Minister van Onderwys *dat die Raad dit alleen in abstracto*⁶⁴ kan doen (Minister van Onderwys, 27/07/1935).

De Villiers is oor bogenoemde skriftelike navraag by die minister ingelig en is deur die minister die geleentheid gebied om sy kant van die saak te stel. In 'n skrywe gedateer 11 September 1935 doen De Villiers navraag by die Universiteitsraad oor wat die inhoud van die Raad se skrywe aan die minister was, aangesien hy heeltemal in die duister gelaat is met dit wat die Raad aan die Minister van Onderwys voorgelê het, of waaraan hulle (die Raad) hom skuldig bevind het.

In hierdie skrywe wend De Villiers as't ware ook 'n laaste poging aan om sy dreigende afdanking te keer as hy enkele van Sonop se besondere prestasies wat onder sy beheer as huisvader behaal is, afspeel teenoor die koshuise onder die Universiteitsraad se beheer. So noem hy dat Sonop, as private instelling:

- se finansiële sukses dié van koshuise onder die Universiteitsraad se beheer oortref;
- duisende ponde aan hulpbehoewende studente van die Universiteit geleen het, terwyl die Universiteitsraad gedurig verliese onder sy eie beheer uit universiteitsfondse moes dek; en
- dat Sonop (volgens hom) op geestelike, sedelike en opvoedkundige gebied deurlopend goed met ander universiteitsbeheerde koshuise vergelyk (De Villiers Skrywe, 11/09/1935).

Buiten bogenoemde waarmee De Villiers homself aan die Universiteitsraad “verkoop” as die ideale koshuisvader vir Sonop, huldig hy in bogenoemde skrywe ook die mening dat nie die Universiteitsraad nie, maar slegs die Senaat die besluit kan neem om sy verlof vir buitewerk terug te trek.

64 *In abstracto* iets doen dui op 'n handeling sonder dat vaste of werklike redes in berekening gebring word.

In 'n skrywe van die sekretaris van die Minister van Onderwys gedateer 25 Oktober 1935 word dié siening van die huisvader van die tafel afgevee toe verklaar word dat *na deeglike oorweging van die verklarings oor die saak van die Raad en professor de Villiers, het die Minister besluit dat die Raad wel daardie bevoegdheid besit* (Minister van Onderwys, 25/10/1935). Hierdie besluit van die minister oor die Raad se bevoegdheid om De Villiers se verlof tot buitewerk – die bekleding van Sonop se huisvaderpos – terug te trek, word ook in 'n skrywe van die Universiteitsraad aan die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos deurgegee (Universiteitsraad, 29/10/1935).

Met hierdie besluit van die Minister van Onderwys ten gunste van die Raad se bevoegdheid om De Villiers se verlof om as huisvader van Sonop diens te doen terug te trek, was al prof De Villiers se remedies uitgeoefen. Hy het géén keuse gehad as om na net minder as negentien jaar se diens as Sonop se huisvader met die volgende skrywe sy bedanking by die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos se Kerkraad in te dien nie:

Daar ek van die Sekretaris van die Raad van die Universiteit van Pretoria⁶⁵ 'n skrywe ontvang het, waarin aan my meegedeel word, dat die Raad my verlof om as Huisvader van Sonop werksaam te wees terugtrek, blyf daar my tot my spyt niks anders oor as om dese my bedanking as huisvader van die genoemde inrigting in U hande te plaas nie. (De Villiers Skrywe, 01/11/1935)

Hiermee eindig die negentienjaarlange ampstermyn (4 November 1916 – 1 November 1935) van De Villiers as huisvader van Sonop Christelike Tehuis – 'n ampstermyn wat gekenmerk is deur uitmuntende werk aan die beginjare met die vestiging en opbou van Sonop, maar wat ongelukkig aan die einde in 'n onsmaklike twis en woorderstryd ontaard het.

4.5.1.12 De Villiers se nalatenskap

Kyk 'n mens terug op De Villiers se betrokkenheid by Sonop in die beginjare, dan is dit 'n groot jammerte dat sy negentienjaarlange huisvaderskap onder so 'n groot wolk van bedenkinge moes eindig.

65 Hierna word ook verwys na die Raad van die Universiteit van Pretoria as “die Universiteitsraad”.

Ten spyte van vele negatiewe verwysings na hom, soos dat hy enigmaties en impulsief van geaardheid was (Sonop 70 Gedenkblad:7), asook sy vurige Nasionalisme en Republikanisme (Sonop 50 Gedenkblad:14), is sy naam ingegraveer in die annale van Sonop se geskiedenis.

Drie van De Villiers se grootste nalatenskappe is dat hy as die vader van Sonop bekendstaan, die een was wat in 1928 voet by stuk gehou het dat Sonop nie aan die TUK oorhandig moet word nie en die feit dat die unieke, vierkantige vierslaapkamerhuisies (mansjoene) sy breinkind was.

- Vader van Sonop

Tereg skryf Henri Cronjé *Dit was die optrede van hom (De Villiers) en 'n paar ander strydere dat die droom van 'n Christelike Universiteitskoshuis verwesenlik is as Sonop Kristelike Tehuis* (Sonop 50 Gedenkboek:14).

- Weerstand teen oorhandiging aan TUC

Toe daar in 1928 sterk sprake was dat die Kerk Sonop aan die TUC wou oorhandig, was dit De Villiers wat in 'n persoonlike skrywe gedateer 18 Oktober 1928 sterk daarteen beswaar gemaak het met die hoofdoel om die Christelike karakter te behou:

Dit is, myns insiens, onwenslik dat Sonop aan die Kollegeraad oorhandig sal word. Hierdie Raad staan as liggaam noodwendig neutraal teenoor alle godsdiens. En die ideaal, wat Sonop sig altyd gestel het, is om so ver moontlik die naam van "Kristelike Tehuis" te verdien.

- Ontwerper van "mansjoene"

In sy bydrae oor De Villiers as eerste huisvader van Sonop in die Sonop Eeufees Gedenkboek, verklaar oudSonopper Jan Breytenbach wat die onderliggende rede vir De Villiers was om juis op die vierkantige enkelvlakhuisies te besluit. Hy was 'n liefhebber van Leo Tolstoi se Christelike humanisme⁶⁶ en daarom was dit sy oortuiging dat 'n koshuis met lang gange nie menswaardig was nie. Elke kamer moes 'n buitedeur en direkte toegang tot die natuur en die skepping gehad het (Sonop Eeufees Gedenkboek:159).

⁶⁶ Leo Tolstoi (1828 – 1910) was 'n Russiese skrywer en filosoof – De Villiers was veral 'n navolger van Tolstoi se Christelike Humanisme (Sonop Eeufees Gedenkblad:159).

Buiten hierdie drie lofwaardige en onuitwisbare nalatenskappe van De Villiers, onthou enkele oudSonoppers ook verdere mooi dinge van hierdie eerste huisvader (Sonop 40 Gedenkblad:13,15):

- OudSonopper LD Bosman (1926 – 1929) onthou De Villiers se leuse “*Doen dit self*”. Hy het die gedagte van selfhelp so by die inwoners ingeskerp dat daar byna niks was wat die inwoners nie self gedoen het nie – eie portretrame, leunstoele en boekrakke. Selfs die herstelwerk van meublement is deur De Villiers en die inwoners gedoen.
- OudSonopper OT van Niekerk (1930 – 1933) onthou die gelukkige en huislike atmosfeer van Sonop, ’n atmosfeer waartoe beide De Villiers en sy eggenote ’n groot bydrae gelewer het.

Dat De Villiers dus nie net as ’n moeilikheidmaker onthou moet word nie, maar veral ook as iemand wie se monumente al vir honderd jaar op die perseel te Murraystraat 93, Brooklyn pryk, én iemand wat in honderde jong studente se lewens tydens hul universiteitsjare ’n verskil gemaak het, lei geen twyfel nie.

Die soektog na ’n geskikte opvolger het nou begin, ’n soektog waarin ’n sterk meningsverskil tussen die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos en die Universiteitsraad ontstaan het.

4.5.2 Mnr AC Vlok – Sonop se tweede huisvader

Na die bedanking van De Villiers as huisvader van Sonop op 1 November 1935 het die Universiteitsraad geen tyd verspil om sy greep stewig op die aanstel van Sonop se tweede huisvader te kry nie. Binne vyf dae, op 6 November 1935, ontvang die voorsitter van die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos ’n skrywe van die sekretaris van die Universiteitsraad.

In hierdie skrywe het die Universiteitsraad drie vereistes van hulle kant vir die aanstel van De Villiers se opvolger deur die Kerkraad gestel:

- Daar is gewys op Artikel 9c van die koopakte⁶⁷ wat bepaal dat die benoeming deur die Kerkraad deur die Kollege⁶⁸ goedgekeur moet word.
- Die Kerkraad is herinner aan 'n besluit van die Universiteitsraad op sy vergadering van 17 Mei 1935 dat (a) die volgende huisvader 'n lid van die doserende staf moes wees en (b) die aanstelling slegs vir 'n tweejaartermyn moes wees, soos by die ander universiteitskoshuise.
- Die Kerkraad is versoek om die saak as dringend te beskou vir afhandeling met die oog op die koshuise wat op Vrydag 21 Februarie 1936 sou begin en die lesings op Dinsdag 25 Februarie 1936.

Buiten die versoek van die Universiteitsraad het die Kerkraad self ook die saak as dringend beskou om dit voor die einde van 1935 te probeer afhandel.

Die Kerkraad het op sy vergadering van 14 November 1935 die bedanking van De Villiers amptelik aanvaar. Ten spyte van al die ongelukkigheid tussen die Kerkraad en De Villiers het die Kerkraad in 'n skrywe aan De Villiers en sy eggenote hul waardering uitgespreek vir die werk wat deur hulle as die huisouers vir negentien jaar aan die inrigting gedoen is (NGK Pretoria-Oos, 15/11/1935).

By dieselfde vergadering is die skrywe van die Universiteitsraad ook behandel. Die vereiste dat die nuwe huisvader deel van die universiteit se doserende personeel moet wees, is nie net gelate aanvaar nie. Daar is besluit om regs kundige advies by die Kerk se regsadviseur, advokaat Murray, in te win om vas te stel wat die Kerkraad se regte hieromtrent is.

Met die regsadvies dat die vereiste van die Universiteitsraad dat die nuwe huisvader lid van die Universiteit se doserende personeel moet wees, inbreuk op die Kerkraad se regte sou maak, het die Kerkraad in 'n skrywe gedateer 12 Desember 1935 die naam van WH Hofmeyr⁶⁹ (nie 'n doserende personeellid nie) voorgehou as die nuwe

67 Die koopakte waarvolgens die Sonopeiendom van die naam van die NGK Pretoria-Oos na die TUC oorgedra is, is op 14 Maart 1921 onderteken (Koopkontrak, 14/03/1921).

68 Die woord "Kollege" kom in die oorspronklike koopakte voor en verwys na die UP – daardie tyd die TUC (Koopkontrak, 14/03/1921).

69 WH Hofmeyr was die skoolhoof van Pretoria Boys' High vir die tydperk 1909 tot 1935 (NGK Pretoria-Oos 50 Gedenkblad:57)

huisvader. Hierdie benoeming van Hofmeyr as huisvader het plaasgevind op die kerkraadsvergadering van 11 Desember 1935.

Soos te verwagte, het die skriba van die Kerkraad 'n skerp bewoorde skrywe van die Universiteitsraad ontvang. Twee mededelings is aan die Kerkraad gemaak: Eerstens dat die Universiteitsraad die benoeming van Hofmeyr as nuwe huisvader nie goedgekeur het nie en tweedens dat 'n deputasie benoem is om die Universiteitsraad se standpunt aan die Kerkraad te kom verduidelik (Universiteitsraad, 13/12/1935). Hierdie deputasie het uit die Voorsitter van die Universiteitsraad en die rektor, mnr. FJ le Roux en GH Brink, bestaan en die versoek was dat die deputasie, in die lig van die feit dat 1935 ten einde spoed, die Kerkraad op 17 Desember 1935 wou ontmoet.

Die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos was nie bereid dat die Universiteitsraad hom hier aan die einde van die jaar oor hierdie belangrike beginselsaak stoomroller nie. In 'n skrywe net die dag na ontvangs van die Universiteitsraad se skrywe, het die Kerkraad hom op die Kerkorde beroep deurdat die Kerkraad nie kans gesien het om te voldoen aan die versoek van die Voorsitter van die Raad om 17 Desember 1935 'n afvaardiging van die Raad te ontmoet nie, aangesien daar nie voldoende kennisgewing⁷⁰ aan al die lede van die Kerkraad gegee kon word nie (NGK Pretoria-Oos, 14/12/1935).

In dieselfde skrywe het die Kerkraad wel die uitnodiging aan die Universiteitsraad gerig dat sy aangewese deputasie welkom was om die Kerkraad op 23 Januarie 1936 tydens sy eerste vergadering in die nuwe jaar te ontmoet om die saak verder te bespreek.

Alhoewel die ontmoeting op 23 Januarie 1936 in 'n goeie gees plaasgevind het, kon die twee partye mekaar tydens die gesprek nie vind wat betref die vereiste deur die Universiteit, naamlik dat die nuwe huisvader een van sy doserende personele moet wees nie. Net soos in die vorige skrywe van 12 Desember 1935, het die Kerkraad onomwonde sy standpunt herhaal dat die Universiteit se vereiste in stryd

⁷⁰ Die NGK se Kerkorde het nog deur al die jare voorsiening gemaak vir voldoende en amptelike kennisgewing van kerkraadsvergaderings (sien o.a. Die Kerkorde van die NG Kerk, 2007:28.11 en 28.1.2).

was met die bepalings van die bestaande kontrak tussen die Universiteitsraad en die Kerkraad, en dat Hofmeyr op 1 Februarie 1936 diens as koshuisvader sou aanvaar (NGK Pretoria-Oos, 27/01/1936).

Die Universiteitsraad was egter nie bereid om 'n duim skiet te gee en van die vereiste af te sien nie. Op 30 Januarie 1936 laat weet die Universiteitsraad per brief kort en bondig dat hy reeds te kenne gegee het dat hy nie die benoeming goedgekeur het nie.

Met al die briefwisseling tussen die twee partye aan die gang, het die opening van die koshuise op 21 Februarie 1936 vinnig nadergekom, terwyl daar nog geen huisvader amptelik aangestel is nie! Net toe dit lyk of daar geen kompromie moontlik was nie, het die ferm standpunt van die Kerkraad vrugte afgewerp.

Die Universiteitsraad het op sy vergadering van 11 Februarie 1936 besluit om die hele saak van die vereiste dat Sonop se koshuisvader 'n lid van die Universiteit se doserende personeel moet wees, in hersiening te neem. In die lig hiervan word die Kerkraad versoek om, hangende dié hersiening, 'n huisvader by die voorsitter van die Raad aan te beveel vir 'n tydperk nie langer as ses maande nie. Die voorsitter van die Raad en die rektor is gemagtig om die aanbeveling goed te keur (Universiteitsraad, 12/02/1936).

Terwyl al bogenoemde korrespondensie tussen die Kerkraad en die Universiteitsraad aan die gang was, het Hofmeyr intussen die benoeming van die hand gewys, wat deur die Kerkraad verkeerdelik as bedank⁷¹ geïnterpreteer is. Die gevolg was dat AC Vlok⁷² toe benoem is en sy naam aan die Universiteit voorgehou is vir goedkeuring, wat wel ook verleen is.

71 In 'n persoonlike skrywe noem Hofmeyr dat hy nie kopuitgetrek het of bedank het soos die Kerkraad dit interpreteer het nie, maar hom slegs neergelê het by die versoek van die UP en nie daarop aangedring het om willens en wetens die huisvaderskap aan te neem, terwyl die vereistes vir huisvaderskap nog hersien word nie (Skrywe, 21/03/1936).

72 AC Vlok was 'n landmeter van beroep en was vanaf 2 Maart 1922 by Sonop betrokke. Twee landmerke in die nabye Sonopomgewing roep herinneringe aan hom op: Vlokstraat in Sunnyside is na hom vernoem en Hildastraat in Hatfield na sy tweelingsuster (Sonop Eeufees Gedenkblad:162).

Hierdie aanstelling van die nege-en-sestigjarige⁷³ Vlok op 3 Maart 1936 was, soos reeds genoem, in die lig van die Universiteitsraad se besluit aanvanklik vir 'n tydperk van ses maande. Met verdere verwickelinge (die proses om Sonop terug te koop van die Universiteit), wat aanstons bespreek word, is Vlok se aanstelling verleng tot einde 1936 (NGK Pretoria-Oos, 15/06/1936). Die proses van Vlok se tydelike aanstelling het hom weer herhaal en hy het uiteindelik die pos beklee tot prof ID Bosman⁷⁴ op 8 Augustus 1939 as Sonop se derde huisvader benoem is.

Ten spyte van al Vlok se prysenswaardige bydraes tydens sy huisvaderstermyn, het hy, net soos sy voorganger, ook 'n ongelukkige einde gehad deurdat die verhouding tussen hom en die inwoners versuur het (Sonop 70 Gedenkblad:9).

By drie geleenthede is Vlok deur die inwoners versoek om die huisvergadering by te woon sodat hulle hul griewe teen hom kon lug:

- Tydens die eerste huisvergadering wat Vlok op 8 Junie 1937 op versoek van die inwoners bygewoon het, kla die inwoners oor verskillende sake soos die toestand van die badkamers, warmwaterskaffing, tekort aan spieëls, ensovoorts. Geen aggressie is teenoor Vlok openbaar nie en op elk van die klagtes het hy telkens onderneem om werk daarvan te maak (Huisvergadering, 08/06/1937).
- Bykans 'n jaar later, op 15 Maart 1938, word Vlok weer gevra om die huisvergadering by te woon. Hierdie keer is daar 'n groot mate van aggressie teenoor die huisvader en is hy daarvan beskuldig dat hy nie sy beloftes nakom nie en nie kon verwag om die huislede se vertroue te behou as hy so optree nie. In die lig hiervan besluit die vergadering dat daar 'n brief aan die Sonopraad geskryf moes word om hul klagtes bloot te lê (Huisvergadering, 05/03/1938).
- Op 15 Maart 1939 verskyn Vlok vir die derde keer voor die huisvergadering en word 'n petisie van die inwoners aan hom oorhandig met die versoek om

73 Vlok se hoë ouderdom – 69 ten tyde van sy aanstelling – sou later tot 'n generasiegaping tussen hom en die inwoners lei (Sonop 70 Gedenkboek, 9).

74 Prof ID Bosman is op 15/06/1934 aangestel as professor in Geskiedenis by die UP (Universiteitsraad, 27/07/1934).

as huisvader te bedank. Vlok se verweer om nie aan die petisie gehoor te gee nie, was tweërlei van aard: Eerstens het hy gevoel dat alhoewel hy graag sou wou weggaan om plek vir 'n jonger persoon te maak, hy eers sy werk by Sonop wou klaarmaak. Tweedens is hy deur die Sonopraad aangestel en moes die Sonopraad oor sy toekoms beslis. Die Sonopraad het dan ook op 1 Mei 1939 aan Vlok kennis gegee van die beëindig van sy dienste met ingang 1 Augustus 1939 (Sonop 70 Gedenkblad:9).

4.5.2.1 Vlok se nalatenskap

Alhoewel Vlok nie, soos De Villiers, 'n stigterslid van Sonop was nie, gaan sy betrokkenheid by Sonop so ver terug as 28 April 1920 toe hy vir die eerste keer op die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos se Sonopkommissie verkies is. Toe die mantel van koshuisvader dus in 1936 op sy skouers geval het, het hy al vir sestien jaar op die Sonopkommissie gedien – lank ook as voorsitter.

Een van sy grootste bydraes aan Sonop was toe hy, net soos sy voorganger, sy stem dik gemaak het teen Sonop se oorhandiging aan die TUK. In 'n skrywe gedateer 20 Junie 1934 het Vlok as voorsitter van die Sonopkommissie sterk standpunt teen oorname deur die TUK ingeneem en met versierendheid die beoogde daarstel van 'n Teologiese Fakulteit vir die Ned.Geref. Kerk as motief gebruik. Sy poging was suksesvol en so het hy bygedra tot die behoud van Sonop deur die Kerk.

As huisvader het Vlok ook meegewerk aan die uitbreiding van Sonop se behuising. In 1937 is daar vier nuwe mansjoene gebou⁷⁵ en later in sy termyn nog vier. Interessant is dat Vlok die plan van sy voorganger ietwat gewysig het deur vir elke mansjoen twee onderdakstoepies te laat bybou het (Sonop 70 Gedenkblad:9). Na latere uitbreidings wat gevolg het, is daar tans veertien mansjoene op die terrein: ses De Villiers-tipe mansjoene sonder stoepies en agt Vlok-tipe mansjoene met stoepies.

⁷⁵ Hierdie vier mansjoene wat onder leiding van Vlok aangebou is, was die enigste uitbreiding op die Universiteitskampus daardie jaar (Senaat Jaarverslag, 1937).

4.5.3 Prof ID Bosman – Sonop se derde huisvader

In teenstelling met sy twee voorgangers, was prof ID Bosman se termyn as huisvader 'n termyn sonder onmin en twis met die studente. Dat hy en sy eggenote sommer van die eerste dag af die vertroue van die inwoners gewen het, spreek uit die woorde van die Huisvoorsittersverslag einde 1939:

Ons is bly om verder te meld dat die ongewensde omstandighede uit die weg geruim is met ons nuwe huisvader en huismoeder, en sedert heers daar weer absolute orde en eensgesindheid in die huis. Ons kan tot op hede baie trots wees op ons nuwe huisvader en huismoeder, hoe hulle saam met ons leef en ook hulle vermoë om ons tegemoet te kom. Ons spreek die hoop uit dat Sonop met hulle samewerking nog steeds meer sal presteer in die toekoms en gesag sal afdwing van die publiek. (Huisvoorsittersverslag, 1939)

Na sy skielike afsterwe op 16 Maart 1947 het die redaksie van die *Perdeby* 'n volle uitgawe van sewentien bladsye aan hierdie besondere man gewy (Die Nuwe Perdeby, 1947).

Die besondere manier waarop Bosman sy huisvaderpligte vervul het, is in genoemde *Perdeby* volledig deur die destydse Huisvoorsitter, Willie Lubbe, geskets. Met die lees van die volledige huldeblyk kry die leser begrip vir Lubbe se slotwoorde:

Dat prof ID Bosman Sonoptehuis op hierdie stadium moes ontval, beteken vir sy kosgangers 'n gevoelige verlies, maar hulle dank God vir wat hy beteken het as huisvader en vir die besielende herinneringsbeeld wat hulle van hom as huisvader in hulle harte koester. (Die Nuwe Perdeby, 1947:4)

Enkele eienskappe van Bosman waarna Lubbe in sy huldeblyk verwys, is onder andere, nederigheid, beskeidenheid, spontane en opregte belangstelling, waardigheid, beslistheid, openhartige wyse van probleme en geskille uit die weg ruim, en skep van vrymoedige en gewilde geselskap met verfynde humorsin.

Verder, skryf Lubbe, was Bosman 'n waardige voorganger, vriend en vader van 'n studentehuis, kon hy eksakte voorligting op akademiese gebied gee, was hy 'n Godvrugtige huisvader wat die huisgodsdienste op treffende wyse kon waarneem, het hy studente se versoeke met welwillendheid bejeën en verbasende verbeteringe met beperkte middele op die terrein aangebring.

Met al bogenoemde lofwaardighede deur Lubbe uitgewys in gedagte, is dit te verstane dat die VSR Voorsitter van 1947 in sy huldeblyk aan Bosman die volgende skryf:

Prof Bosman en Studentevriend is deur almal as twee sinonieme woorde beskou. Met sy vriendelike, innemende persoonlikheid het hy altyd die harte van die studente gesteel, omdat hy altyd bereid was om studente op onbaatsugtige wyse tot diens te wees. (Die Nuwe Perdeby, 1947:13)

Selfs buite die universiteit- en studentelewe word Bosman se besondere huisvaderskap besing: *Since he was thoroughly grounded in education matters, he was a friend of students and enjoyed great popularity as house warden of the men's residence Sonop* (Dictionary of South African Biography, 1995:87).

Waar Bosman se twee voorgangers in 'n wolk van omstredenheid versoek is om Sonop te verlaat, was die band tussen Bosman en die Sonopinwoners só stewig dat slegs die dood hulle kon skei, en het die Huiskomitee van 1947 onder voorsitterskap van Lubbe die eer gehad om hul geliefde huisvader se oorskot tot by sy graf te dra.

4.6 Sonop “huisvaderloos” en selfregerend

Lubbe⁷⁶ beskryf die begin van hierdie nuwe fase in Sonop se geskiedenis soos volg: *Sondagmore 16 Maart (1947) 5.00 vm 'n klop aan my kamerdeur. Sakkie Bosman (oudste seun van Bosman) kom verwese binne: “My vader is oorlede”. So het Sonop “Huisvaderloos” geword* (Sonop 60 Gedenkblad:67).

Tussen die afsterwe van Bosman op 16 Maart 1947 en die aankondiging deur mnr Sydney Martin⁷⁷ op 22 September 1947 dat die Sonopraad besluit het om nie weer 'n huisvader aan te stel nie, het daar intriges afgespeel wat tot op hede in geen skrywe van Sonop se geskiedenis opgeneem is nie.

Daar was tussen die Sonopraad en dr (later professor en ook rektor) Eddie Hamman 'n gesprek, waartydens die Sonopraad vir Hamman⁷⁸ genader het met die versoek of

76 Willie Lubbe (later professor) was die voorsitter van die Feesreëlingskomitee tydens Sonop se 70-jarige fees (Sonop 70 Feesnuusbrief, November 1986).

77 Mnr Sydney Martin was later voorsitter van die Sonopraad vanaf 1948 tot 1956 (Sonop Argief).

78 Eddie Hamman en Willie Lubbe het 8 jaar later swaers geword toe Lubbe met Hamman se suster, Erma Hamman, getroud is (Sonop Argief).

hy dit sal oorweeg om tydelik as huisvader van Sonop waar te neem. Toe Hamman in 'n gesprek met Lubbe besef dat hulle, as Huiskomitee, nie van die versoek van die Sonopraad bewus was nie, het Hamman die Sonopraad per skrywe ingelig dat hy die versoek alleenlik sal oorweeg indien die Sonopraad eers die saak met die Huiskomitee bespreek het en dié daartoe sou instem (EM Hamman, 23 Mei 1947).

Op 30 Mei 1947 rig Lubbe namens die Huiskomitee 'n skrywe aan die Sonopraad met die versoek om nie 'n tydelike huisvader vir die tweede semester van 1947 aan te stel nie. 'n Skrywe, ook gedateer 30 Mei 1947, onderteken deur twee inwoners, AJ Smuts en JE Grobler, word ter ondersteuning van hierdie versoek aangeheg.

Die motivering van die Huiskomitee was die volgende:

- Die gebaar van welwillendheid van die tehuis wat aangeheg is.
- Die Huiskomitee het in die omstandighede heeltemal opgewasse vir die taak gevoel.
- Die Huiskomitee was ook bereid om gevolg te gee aan redelike opdragte van die Sonopraad na die eis van onmiddellike belange van die tehuis as geheel.

Op aanbeveling van prof Ben Marais is daar toe besluit dat daar genoeg vertroue by die Sonopraad bestaan dat daar vir 'n proeftydperk nie vir die tweede semester 'n tydelike huisvader aangestel sou word nie (Sonop 80 Gedenkblad:10).

Hierdie Huiskomitee bestaande uit WJG Lubbe, ST Potgieter, WL Maree, FH Vermaas, HP Eloff, PJ Burger en TP Smith het só die vertroue van die Sonopraad gewen dat die proeftydperk 'n permanente instelling geword het. Op 22 September 1947 het Martin die Huisvergadering bygewoon en nadat hy die inwoners gelukkig het met hul verantwoordelike gedrag, het hy die volgende aankondigings gemaak:

- Die Sonopraad het besluit om nie 'n Huisvader aan te stel nie.
- Die Sonopraad stel volle vertroue in die HK en dié wat vanaand (vir die volgende termyn) verkies gaan word; verantwoordelikheid gaan egter gepaard hiermee.
- Die Huisvoorsitter sal die skakel wees tussen die Sonopraad en die tehuis.

- Die Huisvoorsitter kry 'n bonus van £30 per jaar en die HK-lede £10 per jaar.
- As sake egter nie vlot gaan nie, sal daar weer 'n Huisvader aangestel word, maar die Sonopraad het volle vertroue in die Sonoppers.

Uit die twee Huisvoorsitters wat Lubbe onderskeidelik in 1948 en 1949 opgevolg het se Jaarverslae blyk dit dat die selfregering van die tehuis in daardie dae 'n aktuele onderwerp was.

TP Smith, die HK-voorsitter 1947/1948 verklaar in sy Jaarverslag dat die Sonoppers die vertroue wat die Sonopraad in hulle gestel het, gestand gedoen het:

Sonop het vanjaar bewys gelewer dat hy homself kan beheer en regeer. Hierdie HK wens u te verseker van sy opregte waardering vir: (i) die steun wat u aan ons verleen het in alles wat ons aangepak het, (ii) u heelhartige samewerking waar die huis voor probleme te staan gekom het, (iii) die wyse waarop die lede van die huis hulle onderwerp het aan die reëls en dissipline en (iv) die groot mate van eensgesindheid wat altyd die goeie gees waarin meningsverskille geskied het, gekenmerk het. Só, geagte Sonoppers, kon ons, hoewel tog beskeie, selfstandig wees. Ons dank die Sonopraad vir die onafgebroke vertroue in ons gestel. Mag ons dit altyd waardig wees en bly. (Voorsittersverslag TP Smith, 1948)

Willie Maree,⁷⁹ Huisvoorsitter 1948/1949 bou voort op sy voorganger se verklaring as hy sê:

Dit ly tans geen twyfel meer dat Sonop van 'n gewaagde proefneming 'n ondubbelsinnige suskes gemaak het nie. Hoewel sekere onduidelikhede mettertyd eers opgeklaar moet word, is ek oortuig dat studente-selfstandigheid in Sonop gekom het om te bly. Dit kan egter slegs die geval wees indien die algemene gees in die tehuis kerngesond is. Is die teenoorgestelde waar kan selfs 'n huisvader nie 'n oplossing bied nie. Sorg dat u te alle tye die vertroue van die kerk behou. Die tehuis is deur die kerk opgerig met die doel dat hier 'n atmosfeer heers wat hom van gewone tehuis onderskei. Ek verseker u dat die belang van die inwoners nog altyd die Sonopraad se oogmerk bly. (Voorsittersverslag WL Maree, 1949)

As prof At Pelzer tydens Sonop se sestigjarige feesvieringe iets skryf oor Sonop se selfregering, iets wat vir buitestaanders ondenkbaar blyk te wees, dan verklaar hy dit aan die hand van twee uitstaande en unieke kenmerke van Sonop: Eerstens verwys

⁷⁹ Willie Maree was vanaf 1970 tot 1989 redakteur van die *Voorligter* – die eerste niepredikant wat hierdie pos beklee het (Sonop 40 Gedenkblad:80).

hy na die senior status van so baie Sonopinwoners. Waar studente in ander koshuise, sodra hulle senior status bereik, die koshuis verlaat, gebeur dit nie in Sonop nie. Seniors verkies om nog in Sonop aan te bly.⁸⁰ Tweedens lig hy die saambinding van inwoners uit as hy Sonop as 'n huis en 'n huisgesin beskryf. Vir hom is hierdie senioriteit en huisgesin-opset die rede waarom dit sedert die afsterwe van Bosman in 1947 nog nooit weer nodig was om 'n huisvader vir Sonop te benoem nie (Sonop 60 Gedenkblad:7).

Sonop se selfregeringstelsel word tydens die koshuis se veertigste verjaardagvieringe in die Sonop 40 Gedenkboek lof toegeswaai: *Die periode na 1947 het getoon dat die vertroue van die Sonopraad in die studente-administrasie nie ongegrond was nie, en hierdie aantal jare het veral die Sonop Christelike Tehuis as Monumentstuk van die Ned.Herv. of Geref. Kerk bevestig* (Sonop 40 Gedenkboek:12).

Alhoewel daar nooit van die Sonopraadsvoorsitter verwag is om in die tyd wat Sonop “huisvaderloos” was as huisvader te ageer nie, was prof Ben Marais, wat vir die tydperk van 1957 tot 1983 Sonopraadsvoorsitter was, 'n uitsondering. OudHuisvoorsitter Gerrie Doyer⁸¹ het dit raak opgesom:

Van my eerstejaar het ek hierdie waardige figuur gereeld by Sonop sien inkom – eintlik as nie-amptelike huisvader. En later, toe ek eers op die huiskomitee was, het ek besef van watter onskatbare waarde Oom Ben vir die koshuis was. Daar was hy: altyd vriendelik, vol liefde en begrip, altyd gereed om iets te sê oor sy twee geliefkoosde onderwerpe naamlik rugby en weer. (Sandenbergh, 1979:23)

Hierdie agering as nieamptelike huisvader van Marais kan toegeskryf word aan die volgende faktore:

- sy ervaring op Stellenbosch waar hy vir drie jaar voorsitter van die Huiskomitee van Wilgenhofkoshuis was en ook later goed bevriend geword het met Danie Craven wat vir etlike jare huisvader van Wilgenhof was;

80 Sonop se unieke opset met sy losstaande vierslaapkamerhuise, elkeen met sy eie stoepie en tuintjie wat die inwoners self in stand hou, die ruim kamers en die feit dat die inwoners nie, soos in ander koshuise, vakansies hul kamers moet ontruim nie, maar selfs vakansies gratis kan inwoon, maak van Sonop 'n ware “home away from home”, sodat baie seniors verkies om steeds in Sonop te bly (Mededelings deur inwoners).

81 Gerrie Doyer was HK-voorsitter in 1973 en het ook die erediens tydens die Sonop Eeufees gelei. 'n Gedenkplaat is na die erediens deur hom onthul, waarop die eeufeesgangers na aanleiding van 1 Samuel 7:12 hul afhanklikheid teenoor God bely het (Sonop Eeufeesprogram, 2016).

- sy ervaring van en voorliefde vir studentebearbeiding oor 'n tydperk van elf jaar, vanaf Maart 1938 tot Februarie 1941 as sinodale studenteleraar vir die hele Transvaal en vanaf Maart 1941 tot Maart 1949 as studenteleraar van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos; en
- die feit dat hy en sy eggenote Sibs 'n spreekwoordelike klipgooi vanaf Sonop gewoon het en hul huis altyd oop was vir Sonoppers.

Die selfregeringstelsel sou vir 63 jaar met groot sukses voortduur tot in 2010 toe Sonop se vierde huisvader deur die Sonopraad aangestel word. Danie Slabbert,⁸² Sonopraadsvoorsitter vir die tydperk 2010 tot 2016, motiveer hierdie aanstelling van ds Tonie Viljoen soos volg:

Dit is op wag van die Sonopraad van die afgelope ses jaar dat 'n Huisvader weer aangestel is. 'n Vreemde verskynsel in Sonop wat sedert 1947 huisvaderloos was. Tonie Viljoen wat sedert 2010 die inwonende Huisvader is, is vandag 'n geliefde mentor vir die inwoners en 'n noodsaaklike uitvoerende beampte vir die Sonopraad. (Sonop Eeufees Gedenkboek:9)

4.7 Proses om Sonop weer volledig in die hande van die Kerk te kry

'n Ander saak wat die toekoms van die tehuis sterk sou beïnvloed, het ook reeds in die stilte, tussen al die huisvader-intriges deur, aan die begin van 1935 ontwaak: die behoefte dat Sonop weer ten volle eiendom van die Kerk word.

In 'n skrywe aan die kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos rig die Sinodale Kommissie die versoek –

om met die oog op die belange van ons eventuele Teologiese Fakulteit⁸³ en van ons kerk op die Universiteit van Pretoria, die inrigting "Sonop" onder g'n omstandighede aan die universiteit se outoriteite te oorhandig nie. Indien die Kerkraad egter hom gedwonge mag voel anders te handel, word hy vriendelik versoek om die Sinode tydig daarvan in kennis te stel, sodat oorweeg kan word of die Sinode nie in die plek van die Kerkraad wil tree nie. (Sinodale Kommissie, 04/11/1935)

⁸² Danie Slabbert was, buiten die Sonopraadsvoorsitter, ook vir die tydperk 2013 tot 2016 voorsitter van die Sonop Restourasiekomitee en het 'n bewese kennis oor die Sonopgeboue van die vroegste jare tot op hede (Sonop Eeufees Gedenkblad:148–155).

⁸³ Tot en met 1938 was die enigste inrigting waar predikante van die NGK opgelei kon word, die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch, wat reeds in 1859 sy deure oopgemaak met (Van der Watt, 1987:156,178).

Hierdie versoek van die Sinode aan die Kerkraad het die weg gebaan vir 'n nuwe bedeling wat die bestuur van Sonop betref en het ook die wiel aan die rol gesit vir onderhandelinge met die Universiteit vir die terugkoop van die tehuis. Kennis van voorneme word reeds deur die skriba van die Kerkraad in 'n skrywe gedateer 12 Desember 1935 aan die Universiteitsraad gee.

Die terugkoop van Sonop deur óf die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos, óf die Sinode van die Ned.Geref. Kerk sou egter nie so simplisties wees nie. Die volle en finale oordrag van beide Sonop se bestuur én eiendomme aan die Sinode van die Ned.Geref. Kerk sou eers dertien jaar later, op 26 Augustus 1948, plaasvind!

Nadat die Kerkraad in beginsel die oordrag van Sonop aan die Sinode van die NGK goedgekeur het (NGK Pretoria-Oos, 16/4/1936) het die Sinode self met die Universiteitsraad begin onderhandel by monde van die Saakgelastigde, mnr Sydney Martin. In die eerste skrywe word die Universiteitsraad versoek om 'n kommissie met wie die Sinodale Kommissie kan onderhandel, saam te stel (Sinodale Kommissie, 26/05/1936).

Tydens onderhandelinge tussen die Sinodale Kommissie en die Universiteitsraad in Februarie 1937 is die Minister van Onderwys, wat in die vroeë 1920's die £12 000 beskikbaar gestel het vir die uitbreiding van Sonop, ook betrek. Dit was dan juis hy wat die twee onderhandelende kommissies gewys het op Artikel 8 van die koopakte van 14 Maart 1921, naamlik dat alvorens oordrag aan die Kerk kon geskied, die uitstaande skuld op die leningsbedrag van £12 000 eers vereffen moes word. Op daardie stadium was die verskuldigde bedrag £10 000 (NGK Handeling, April 1937:19).

Hiërdie vereiste was dan die direkte rede vir die sloer van volle oordrag van Sonop aan die Kerk en het meegebring dat die oordrag in twee fases sou gebeur: eerstens sou toestemming van die Universiteitsraad verkry moes word om slegs die bestuur van Sonop vanaf die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos na die Sinode van die NGK oor te dra en dan, tweedens, die oordra van die eiendom na die Sinode sodra die uitstaande skuld vereffen is.

4.7.1 Bestuur van Sonop oorgedra aan die Sinode

Na afhandeling van die Sinode (April 1937) het die Kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos, die Sinodale Kommissie en die Universiteitsraad al hul aandag gewy aan die eerste fase van oordrag aan die Sinode, naamlik die bestuur van die tehuis. So keur die Universiteitsraad die oordrag op 11 November 1937 goed (Universiteitsraad, 18/11/1937) en word daar op 19 November 1937 deur die Kerkraad met dertien stemme teenoor elf besluit dat die oordrag kan geskied (NGK Pretoria-Oos, 19/11/1937).

Drie jaar later, tydens die Negentiende Sinode van die NGK in April 1940, doen die Sonopraad met groot dankbaarheid verslag dat die oorname van Sonop se bestuur vanaf die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos na die Sinode suksesvol afgehandel is:

Die bestuur (Sonopraad), wat bestaan uit sewe lede deur die Kerk benoem, drie deur die Kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos en twee deur die Raad van die Universiteit van Pretoria benoem, het die beheer van die Tehuis oorgeneem op 19 November 1937 onder 'n reglement deur die Sinodale Kommissie goedgekeur. Verder het die Sinodale Kommissie op versoek 'n lening van £2 000 aan die Sonopbestuur toegestaan om addisionele voorsiening op die Sonopterrein te maak vir die huisvesting van die studente wat vroeër in Goedalshuis ingewoon het. (NGK, April 1940:396)

Die oordrag van Sonop se bestuur na die Sinode het 'n einde gebring aan die sestienjaarlange bestuur deur die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos, wie se bydrae tot die opbou en uitbou van Sonop as jong koshuis nooit na waarde geskat sal kan word nie.

Die Sonopraad⁸⁴ wat nou in die plek van die Sonopbestuur van die plaaslike gemeentes (eers die NGK Pretoria en meer onlangs die NGK Pretoria-Oos) gekom het, het met groot onderskeiding Sonop een van die kerk se trotse eiendomme gemaak. Nie net gewillige nie, maar ook uiters begaafde kerkmanne, wie se name nog verder in die studie genoem sal word, het met onbaatsugtige liefde 'n besondere

84 Dr Wim Nicol was die eerste Sonopraadsvoorsitter en het die pos vanaf 1938 tot 1948 beklee.

blyplek vir honderde Tukkiestudente geskep, 'n blyplek met sy eie kultuur en tradisies, maar boweal ook met 'n gesonde Christelike⁸⁵ karakter.

Belangrik is egter dat die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos nog steeds verantwoordelik gebly het vir die geestelike versorging van die inwoners. Hierdie geestelike versorging sou voortduur tot 1960,⁸⁶ met die afstigting van die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord.

Met Sonop onder bestuur van die Sinode, het die kerk nou in die breë meer bewus geword van die behoefte aan en belangrikheid van studentebehuising in Pretoria. In die Sonopraad se verslag aan die Sinode van 1944 is daar genoem dat dit vir die kerk van die allergrootste belang is om sy invloed op die studerende jeug te behou en te versterk, en dat dit juis bereik kan word met die daarstel van huisvesting aan 'n al groter wordende getal studente by die Universiteit van Pretoria. Hierdie omgee vir en besorgdheid oor die studerende kerkjeug by die Universiteit word verder by die Sinode beklemtoon toe die Sonopraad die sinodegangers inlig van 'n beoogde koshuis⁸⁷ in die Riviera-omgewing, wanneer die te stigte Mediese Fakulteit realiseer. Opvallend in hierdie verslag is ook die Sonopraad se heilige jaloesie oor die kerk se jonglidmate as gesê word: *dit (is) bowendien ongewens dat jongmense van ons Kerk deur ander kerke en kerklike genootskappe bedien word in sake hulle huisvesting* (NGK, 1944:235).

Ten spyte van al die positiewe ontwikkeling op die gebied van studentehuisvesting binne kerklike verband, was die feit dat die Sonopeiendom kragtens die koopakte van 1921 nog in die naam van die Universiteit van Pretoria geregistreer was, 'n blok aan die been wat dringend aandag moes geniet.

85 Alhoewel Sonop in die algemene omgangstaal net as "Sonop" bekendstaan, en daar ook in dié studie net na Sonop verwys word, is die geregistreerde naam "Sonop Christelike Tehuis". Ook is die Christelike karakter in die Memorandum van Inkorporasie opgeneem en ononderhandelbaar (sien 15.1).

86 Die NGK Universiteitsoord het op 29/7/1960 van die NGK Pretoria-Oos afgestig en die nuwe geestelike tuiste van die Sonoppers geword (NGK Universiteitsoord, 29/07/1960).

87 Hierdie koshuis is op 1/8/1954 geopen (Memorandum Koshuis vir studente in Geneeskunde en Tandheelkundige Wetenskappe, 22/10/1954), maar weer gesluit en verkoop in 1964 (NGK Noord-Transvaal, April 1963:218).

4.7.2 Sonopeiendom weer in die hande van die Kerk

Ter voorbereiding vir onderhandelinge met die Universiteitsraad vir die terugtransportering van Sonop, stel Martin 'n verslag namens die Sonopraad op. Hierin lig hy enkele belangrike sake uit as motivering dat die kommissie fondse beskikbaar moet stel om die verskuldigde uitstaande bedrag van £3 790.11.2 op die destydse lening te vereffen, wat die enigste eis van die Universiteit se kant is wat die transportering terughou.

Hy noem dat die Sinode reeds sedert die oornome van die bestuur in 1937 'n bedrag van £15 000 aan uitbreiding van huisvesting (nou plek vir 95 studente) en verfraaiing van die gronde spandeer het en dat Sonop nou 'n gewaardeerde eiendoms waarde van £30 000 het. Sou die transportering in die naam van die Sinode geskied, sal die state dan 'n buitengewone gesonde finansiële toestand aantoon en sal dit weer bydra tot ruimer ondersteuning van die kant van die Kerk tot sy voornemens om 'n tehuis vir mediese studente in die omgewing van die Mediese Fakulteit op te rig, asook moontlik 'n tehuis vir dames in die nabyheid van die Universiteit (S Martin, 25/10/1945).

Die aanbod van die Sinode om genoemde uitstaande bedrag te vereffen met die versoek dat die Universiteit dan Sonop moet terug transporteer in die naam van die Sinode, dien op die vergadering van die Universiteitsraad van 28 Mei 1946. Die Universiteitsraad het die aanbod aanvaar en onderneem om die transportering te doen. Twee voorwaardes is egter voorbehou, waarvoor die Sinode te vinde was: Eerstens die serwituu⁸⁸ dat die Sonopeiendom uitsluitlik gebruik sal word as 'n koshuis vir Universiteitstudente en tweedens dat die Universiteit, soos in die verlede, verteenwoordig sal word op die Sonopraad (Universiteitsraad, 28 Mei 1946).

Bykans twee-en-'n-half jaar later, op die Universiteitsraad se vergadering van 26 Augustus 1948, word volmag gegee aan die Registrateur, Jacob Conrad Velde Breytenbach, om die nodige dokumente namens die Universiteit te onderteken (Universiteitsraad, 26/8/1948).

⁸⁸ Hierdie serwituu is ook gehandhaaf toe die Sinode Sonop in 1999 aan die BOS verkoop het en is ook opgeneem in die Memorandum van Inkorporasie.

En so, na 27 jaar (1921 – 1948), was Sonop weer ten volle eiendom van die Kerk. Hierdie Sonop-Kerk-verbintenis was bestem vir 'n tydperk van 51 jaar, waarna die Kerk Sonop in 1999 aan die Bond van OudSonoppers verkoop het.

HOOFSTUK 5

DIE NEDERDUISE GEREFORMEERDE GEMEENTE PRETORIA-OOS BREI UIT

Tussen al die gebeure sedert gemeentestigting (1920), naamlik die verkoop van die Sonopeiendom aan die Transvaalse Universiteitskollege (1921), die deurlopende uitbreiding van die fasiliteite op die terrein, die groot onmin en twis oor die eerste huisvader (1928 – 1935), die kort termyn van die tweede huisvader (1936 – 1939), die versoeke aan die gemeente van die TUK se kant om die koshuis ten volle aan hulle te oorhandig, die oorhandiging van die Sonopbestuur aan die Ned.Geref. Kerk Sinode (1937), die afsterwe van die derde huisvader (1947) en die aankoop van die Sonopeiendom deur die Ned.Geref. Kerk Sinode (1948), het die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos sy Godgegewe verantwoordelikheid wat studentebearbeiding betref, en wat die Sonoppers insluit, met die grootste toewyding nagekom.

Wanneer *De Kerkbode* van 10 Junie 1920 die beroep van die gemeente se eerste leraar bekend maak, word daarop gewys dat daar binne die nuutgestigte gemeente se grense drie vername onderwysinrigtings is, naamlik die Normaal Kollege,⁸⁹ die Transvaalse Universiteitskollege en Sonop. Verder word die bede uitgespreek dat dr DJ Keet die beroep sal aanvaar *ten einde dit belangryk werk onder de jeug te verrichten* (*De Kerkbode*, 10/06/1920:615)

Nooit is die roeping vir die geestelike bediening van die studente, soos beskryf by die beroeping van die gemeente se eerste leraar, deur óf die leraar, óf die Kerkraad, óf die gemeente versaak nie.

5.1 Studentebediening

Waar die bediening van studente voorheen deel van die gemeenteleraar se pligte was, het dit in 1940 verander deurdat daar in November 1940 besluit is dat twee

⁸⁹ Die Normaal (Onderwys) Kollege het op 2/9/1902 geopen met mnr (later sir) John E Adamson as eerste prinsipaal en mej Maria Elizabeth Bosman van Newcastle as eerste student (Engelbrecht, 1955:226).

leraars in Transvaal vir die studentebediening verantwoordelik sou wees: een leraar vir die studente van Johannesburg en Potchefstroom en een leraar vir Pretoria en Heidelberg. Ds Ben Marais is toe vir die kombinasie Pretoria/Heidelberg beroep en op 6 Maart 1946 in die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos bevestig. Dit was die begin van aktiewe en gespesialiseerde studentebediening (NGK Pretoria-Oos 50 Gedenkblad:35).

Tot 1960 met die afstigting van die Ned.Geref. Kerk Universiteitsoord op 29 Julie 1960 het nog twee studenteleraars Marais opgevolg – vanaf 1949 tot 1955 dr Beyers Naudé en vanaf 1955 tot 1960 ds Kobus Potgieter. Elk van hierdie drie studenteleraars het op hulle eie manier besondere aanklank met en liefde vir die studente gehad.

Interessant is ook dat dieselfde bedieningspatroon by elk van hierdie leraars gevind word deurdat hulle in hul vroeë bedieningsjare uitgeblink het as studenteleraars en later op die breër kerklike terrein hul stempel met groot waardering afdruk: Marais as dosent in Kerkgeskiedenis, Naudé as jarelange kampvegter teen apartheid en Potgieter as moderator, eers van die Sinode van Noord-Transvaal en later van die Algemene Sinode.

5.1.1 Dr Ben Marais

In sy ongepubliseerde BD-proefskrif skryf ds Kobus Sandenberg dat Marais se beleid nie net was om die groepie van 20% of 30% wat vanselfsprekend entoesiasies oor die kerk is, te bearbei, sonder dat die groot groep minder geïnteresseerdes ook betrek word nie. Sy strewe was om nie net die “makkes” op te bou nie, maar ook om die onverskilliges te wen (Sandenbergh, 1979:10).

Die Huisvoorsitter vir 1949, WL Marais, bring hulde aan Marais en sy eggenote, alombekend as “tannie Sibs”, se besondere bydrae tot die geestelike versorging van die Sonoppers, as hy in sy bedankingswoord skryf: *Ons afgetrede studenteleraar en mev Ben Marais wie se leiding en geseënde werk in Sonop onmoontlik na waarde geskat kan word en wat vir ons almal meer beteken het as wat ons kan bepaal* (Voorsitter Jaarverslag, 15/09/1949).

Nadat daar op 24 April 1949 afskeid van Marais as studenteleraar geneem is, het hy oorgeskuif na gemeenteleraar van die Ooskerk tot 1 November 1953. In sy afskeidsboodskap tydens 'n aanddiens op 1 November 1953 eggo Marais se liefde vir die jeug baie sterk as hy teruggink aan sy studentebediening: *Ons het baie jongmense sien inkom in die koninkryk van God. Ons het baie ander, soos die ryk jongman, bedroef sien weggaan sonder Christus in hulle harte* (NGK Pretoria-Oos 50 Gedenkblad:36).

5.1.2 Dr Beyers Naude

Alhoewel dr Beyers Naudé in die Kerkgeskiedenis altyd onthou sal word as 'n ikoon in die stryd teen apartheid,⁹⁰ was hy in sy jonger dae as teologiese student op Stellenbosch (1932 – 1939), in sy eerste gemeente, die Ned.Geref. Gemeente Wellington (1940 – 1942) en later as studentepredikant van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos (1949 – 1955) nou betrokke by jeugwerk.

Nie alleen het Beyers, wat 'n persoonlike bekeringservaring gehad het tydens 'n Pinksterdiens wat deur sy vader ds Jozua Naudé gelei is, as student aan Stellenbosch aan aktiwiteite soos die Debatsvereniging en die Berg- en Toerklub deelgeneem nie, maar ook aktief by die Christelike Studentevereniging (CSV)⁹¹ ingeskakel.

In sy eerste gemeente, die Ned.Geref. Wellington (1940 – 1942), word hy blootgestel aan die Ned.Geref. Sendinginstituut waar studente vir die bediening in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) opgelei word. As jong predikant met 'n hartklop vir die jeug word hy bewus van die minderwaardigheid wat hy by baie van die jong teologiese studente beleef oor hul status as predikant teenoor dié wat by Stellenbosch vir die wit Ned.Geref. Kerk opgelei word.

In Mei 1949 word hy as opvolger van dr Ben Marais as studenteleraar na die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos beroep. As jong studenteleraarspaar het hulle

90 In *Vreesloos Gehoorsaam – 'n keur uit Beyers Naude se preke 1939 – 1997* word sy vreeslose gehoorsaamheid om op Bybelse gronde teen apartheid standpunt in te neem, beskryf as 'n goue draad wat deur sy lewe loop.

91 Die CSV is op 28/07/1896 deur prof NJ Hofmeyr, dr Andrew Murray en ds JH Neethling op Stellenbosch gestig (Van der Watt, 1987:271).

letterlik tussen die studente gaan woon toe hulle in die nuutaangekoopte pastorie in Duxburyweg ingetrek het. Hierdie pastorie het gou gewild geword onder die studente en is *druk besoek deur die studente by wie hy en sy eggenote baie gewild was* (NGK Pretoria-Oos 50 Gedenkblad:41).

Ook by die Sonopinwoners het hulle gou byval gevind. Wanneer die uittredende Huisvoorsitter, WL Marais, skaars vyf maande nadat Naudé en sy eggenote hul studenteleraarspaar geword het, op 15 September 1949 sy Jaarverslag voorlê, dan bedank hy hulle vir die plek wat hulle reeds onder die Sonoppers ingeneem het.

Nie alleen het hy met onderskeiding sy amp as studenteleraar vervul nie, maar ook op breër kerklike terrein op die jeugakker gearbei. So was Naudé medestigter van die destydse nasionale Kerkjeugvereniging (KJV)⁹² en word hy in 1951 tot nasionale voorsitter verkies. In 1953 onderneem hy, saam met Willem de Wet Strauss,⁹³ 'n sesmaandelange studiereis na Noord-Amerika en Europa om jeugwerk in verskeie lande te ondersoek (NGK Pretoria-Oos 50 Gedenkblad:41).

Dat Naudé en sy eggenote Ilse gewild onder die studente was en daar groot waardering was vir die geestelike werk wat hulle gedoen het, word tydens hul afskeid soos volg verwoord: *Ons weet vandag dat die geseënde invloed van die bydrae wat hulle gemaak het in die vorming van jong manne en vroue, vir lange jare nog 'n verrykende suurdeeg sal wees* (NGK Pretoria-Oos 50 Gedenkblad:41,42).

5.1.3 Ds Kobus Potgieter

Potgieter se studentebediening strek oor 'n tydperk van twaalf jaar – vyf jaar verbonde aan die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos en sewe jaar aan die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord.

Na voltooiing van sy studies bedien hy vir sewe jaar die Ned.Geref. Gemeente Dalunie buite Brits, waarna hy op 20 Februarie 1955 deur sy vader, ds ST Potgieter

92 Die KJV het op 6 Julie 1951 in Wellington tot stand gekom met die ontbinding van die CJV en die Christelike Strewersvereniging. Hiermee is die band tussen die Kerk en die jeugvereniging amptelik gebind (Van der Watt, 1987:272).

93 Dr Willem de Wet Strauss was vanaf 1936 tot 1976 voltyds in die bediening, waartydens hy hom hoofsaaklik op die jeug toegespits het. Sy doktorsale proefskrif (UOVS) het juis gehandel oor die inskakeling van die jongmense by die Kerk. Hy was die eerste algemene sekretaris van die KJV. Interessant is dat hy sy bediening in die NGK Pretoria begin het en dit weer daar beëindig het (Voorligter Junie, 1976:31).

van die Ned.Geref. Gemeente Lichtenburg, in die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos bevestig word.

Van die begin af het Potgieter se nederige en innige wyse waarop hy homself tot diens aangebied het, tesame met sy misname opregtheid vir hom 'n oop pad gebaan na die harte van die gemeente en die studente. Hul pastorie in Duxburyweg het 'n gesogte bymekaarkomplek vir studente geword, waartoe veral die hartlikheid van sy eggenote, "tannie Mercia", bygedra het (NGK Pretoria-Oos 50 Gedenkblad:43).

Alhoewel die seën op Potgieter se toegewyde studentebediening, wat onomkeerbaar gelei het tot afstigting, aanstons bespreek word, word 'n enkele hoogtepunt uit sy handgeskrewe *Dagboek – Studenteleraarskantoor* genoem:

Op Woensdag 17 Februarie 1960 skryf hy:

'n Ideaal waarvoor ons baie moeite gedoen het, is verwesenlik. Die Rektor, prof CH Rautenbach, het woord gehou en kamer no 13 – ek beskou dit as 'n bloot onskadelike en selfs gelukkige nommer – op die eerste vloer van die Ou Klubsaal aan die "Studenteleraars",⁹⁴ geskenk. Dit is 'n aangename kantoor⁹⁵ en omdat ek glo dat dit van die Here kom, 'n kantoor wat vir ons studente en studentebediening in die toekoms baie gaan beteken. Soli Deo Gloria!

Op Maandag 29 Februarie 1960 skryf Potgieter dat dit baie besiger in die Studenteleraarskantoor gaan as wat verwag is. Sommer vroeg die Maandagoggend, na die vorige aand se Studenteverwelkomingsdiens in die Rautenbachsaal, waar 2 012 studente aanwesig was, het hy besoek van 'n student met huislike probleme ontvang. Na dié vroegoggendbesoek skryf Potgieter die volgende in sy dagboek neer, wat 'n weerspieëling is van sy toegewydheid aan sy roeping: *Dit is duidelik dat hierdie kantoor my ook nou van my Maandag se ontspanning beroof het. Maar die saak is groter!* Dit was dan juis hiërdie toewyding wat tot die onafwendbare afstigting gelei het.

94 Ds CL (Mossie) van den Berg was die eerste studenteleraar van die Ned.Herv. Gemeente Philidelphia wat in 1960 gestig is. Na sy emiraat in 1986 het hy diep spore in die Afrikaner-volkslewe getrap (<https://groups.yahoo.com/neo/groups/prag/conversations/topics34701/26/05/2017>).

95 Die Studenteleraarskantoor is aanvanklik deur ds Kobus Potgieter en ds CL van den Berg van die Ned.Herv. Kerk van Afrika gedeel (*Dagboek Studenteleraarskantoor*, 17/02/1960).

5.2 Afstigting word onafwendbaar

Deur die toegewyde bediening van die leraars, dr DJ Keet, dr PFD Weiss, dr W Nicol, dr BJ Marais, dr HA du Toit, ds JF du Toit, ds JR Luckhoff, dr CFB Beyers, dr FE O'B Geldenhuys en ds JE Potgieter, asook die seën van die Here op hul werk, het die tyd na 38 jaar vanaf gemeentestigting egter aangebreek om, ter wille van groter effektiwiteit, met erns na te dink oor die pad vorentoe met dié geseënde studentebediening.

Ds Kobus Potgieter se sesmaandelikse verslag oor sy bediening as studenteleraar (010/1/1958 – 30/06/1958) by die Kerkraadsvergadering van 25 Augustus 1958 was die begin van die noodsaaklike nadenke. In sy verslag het hy daarop gewys dat die Ooskerk⁹⁶ te klein geword het vir die aanddienste en dat hy toestemming by die Universiteitsowerhede gekry het om op 'n proefbasis afsonderlike aanddienste vir die studente in die AE du Toit Ouditorium te hou. Die eerste aanddiens is deur homself op 30 Maart 1958 gelei en 573 studente het dit bygewoon.

Hy het egter sy kommer uitgespreek dat, alhoewel hierdie aparte aanddiens vir die studente 'n oplossing bied vir die Ooskerk wat te klein is, dit die gevaar inhou dat die studente op hierdie wyse as sodanig van die gemeentelewe losgemaak kan word. Vir hom as studenteleraar was dit 'n groot beginsel om prys te gee en het hy daarom die Kerkraad versoek om 'n kommissie saam te stel wat verder dringende aandag aan die saak moes gee (NG Gemeente Pretoria-Oos, 25/08/1958).

Malan spreek in sy boek *Jeugbediening – 'n Inklusiewe gemeentelike benadering* juis Potgieter se kommer aan dat die jeug met bogenoemde aparte aanddienste op die kampus los van die gemeente sal raak. Sy inklusiwiteit lê daarin dat die gemeente van Christus tot eer van Christus opgebou word, terwyl die wat rééds bely en die wat nog nié bely nie, bereik word.

Binne die gemeente van Christus word elke ouderdomsgroep by hierdie opbou ingeskakel. Kindwees en jonkwees diskwalifiseer niemand as opbouer van en in die

96 Die naam "Ooskerk" is die algemene gebruiknaam vir die NGK Pretoria-Oos (NGK Pretoria-Oos 50 Gedenkboek:3).

gemeente nie. Ouderdom is nie die kwalifikasie nie, maar belydenis dat Jesus Christus die Here is, is die kwalifikasie.

Malan stel dit baie duidelik dat die jeug in geen opsig 'n groep is wat elders – los van die gemeente se bediening – opgebou word en dan later as addendum tot die geheel toegevoeg word nie. Hy is verder van mening dat talle buitekerklike en interkerklike organisasies nooit sou bestaan het as gemeentes nie gewillig was om te verander en hul roeping met 'n inklusiewe gemeentelike benadering vervul het nie (Malan, 1998:178).

Drie maande nadat Potgieter sy verslag voorgehou en sy kommer uitgespreek het, met die spesiale kommissie se verslag later, op 24 November 1958, dien die spesiale kommissie se verslag by die kerkraadsvergadering en word die volgende voorstelle aan die Kerkraad voorgelê:

- Daar word 'n tweede kerkgebou in die nabye omgewing van die Universiteit opgerig.
- 'n Spesiale Kerkboufonds word geskep waarop alle bydraes vir die tweede kerkgebou gekrediteer sal word.
- Dit is die kommissie se oortuiging dat die huidige toestand daarop wys dat afstigting binne afsienbare tyd buite rekening gelaat moet word, en dat afstigting nie oorweeg moet word alvorens die tweede kerkgebou afbetaal is nie.
- Die Utiliteitsmaatskappy van die kerk moet ondersoek instel na die moontlikheid van 'n studentesentrum in die omgewing van die Universiteit.
- Die Eiendomskommissie ontvang opdrag om omsigtelik en vertroulik 'n geskikte perseel te identifiseer.

Die Kerkraad aanvaar die voorstelle in die verslag en op hiérdie stadium is daar dus géén sprake van afstigting nie, maar net die oprig van 'n tweede kerkgebou.

Terwyl die Eiendomskommissie in 1959 die eiendom waar die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord vandag staan (H/v Duxburyweg en Harlodstraat) identifiseer, en met goedkeuring van die Kerkraad teen £12 500 aankoop, het die studentebediening

in Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos van krag tot krag gegaan, die studentelidmaattal het gegroei en die erediensbywoning by veral die aanddienste het die hoogte ingeskiet.

Volgens statistiek was daar op Sondag 15 Februarie 1959 by die oggenddiens 831 erediensgangers en by die aanddiens 1 044. Die volgende Sondag op 22 Februarie 1959 was daar by die oggenddiens 952 lidmate in die erediens en die aand 1 270 (NGK Pretoria-Oos 50 Gedenkblad:28).

Hierdie drastiese groei in erediensbywoning van studentelidmate by die Ooskerk, asook die aankoop van die geskikte perseel deur die Kerkraad met die oog op die bou van 'n tweede kerkgebou vir studente, word ook aan die breër kerkpubliek bekendgemaak (Voorligter, Mei 1959:21).

'n Jaar na die besluit dat daar vir eers net 'n tweede kerkgebou opgerig sal word en afstiging hoegenaamd nie 'n opsie is nie, dien daar 'n *Memorandum insake die toekomst van Pretoria-Oos* op die kerkraadsvergadering van 2 November 1959 met 'n beroep op afstiging.

In dié memorandum word die sluier gelig oor twee andersdenkende groepe binne die gemeente wat die bou van 'n tweede kerkgebou, volgens die kerkraadsbesluit van 24 November 1958, se entoesiasme demp:

- Die westelike deel⁹⁷ van die lidmate het die gevoel dat hulle eintlik geen direkte belang by 'n kerkgebou in die oostelike deel het nie, aangesien daardie deel tog later tot 'n selfstandige gemeente sal ontwikkel.
- Die oostelike deel⁹⁸ weer sal tot veel groter inspanning en ywer besiel kan word as hulle voel dat dit werklik hulle kerkgebou is wat gebou word.

Die realiteit van hierdie twee andersdenkende groepe onder die lidmate van Ooskerk het finaal die weg gebaan vir afstiging.

97 Met die kerkgebou op die hoek van Kirknessstraat en Lynnwoodweg dui die westelike deel van die gemeente op lidmate wat wes van die kerkgebou woon tot by die vasgestelde westelike gemeentegrens, naamlik die Apiesrivier (NGK Pretoria: 10/05/1919).

98 Die oostelike deel van die gemeente dui op lidmate wat oos van die kerkgebou woon tot by die vasgestelde gemeentelike grense van toe reeds bestaande gemeentes in die ooste van Pretoria, soos die Ned.Geref. Gemeente Hartbeesspruit en die Ned.Geref. Gemeente Suid-Oos Pretoria, beide in 1947 gestig (NGK Pretoria-Oos: 20/06/1960).

Op 29 Vrydag Julie 1960 vergader bykans 100 gemeentede saam met di. DA Louw (voorsitter), JJ Human, JE Potgieter, JH Louw en dr FE O'B Geldenhuys en word 'n nuwe gemeente met toestemming van die Ring gestig.

In die notule van die afstigingsvergadering word die stigting van die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord tot op die minuut aangedui:

Op voorstel van prof dr Ben Marais, gesekondeer deur broer CL Jooste, word om 8.35 nm besluit dat 'n gemeente met die voorgestelde grense en volgens die voorwaardes waartoe ooreengekom is, gestig word. Hierdie besluit is eenparig aangeneem. (Stigtingsvergadering, 29 Julie 1960)

So kom die gemeente verantwoordelik vir die Sonoppers se geestelike versorging tot op die spreekwoordelike voorstoep⁹⁹ van die tehuis. Eers was dit die Ned.Geref. Gemeente Pretoria (1916 – 1920), toe die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos (1920 – 1960) en voortaan die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord (1960 –).

Nie net het die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos hiermee tientalle van sy studentelidmate asook 'n aantal residensiële lidmate verloor nie, maar in dr FE O'B Geldenhuys en ds JE Potgieter ook twee geliefde leraars. Op 4 September 1960 word dr Geldenhuys as gemeenteleraar en ds Potgieter as studenteleraar in die nuwe gemeente bevestig (Cilliers, 2010:6).

5.3 Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos se hartklop en ywer vir die jeug

5.3.1 Kerkraadsbesluite en aksies

Alhoewel die gemeente se studentebediening na regte eers met Marais se aanvaarding van die gemeente se eerste voltydse studenteleraarspos in 1941 die aandag gekry het wat dit moet, is daar voor Marais se koms heelwat besluite geneem en aksies geloods deur die Kerkraad, wat dui op die gemeente se hartklop en ywer vir die jeug, waarvan baie dan ook 'n bydraende faktor was vir die geweldige groei van die studentegetalle wat die afstigting van 'n nuwe gemeente genoodsaak het.

⁹⁹ Die NGK Pretoria is 8 km vanaf Sonop, die NGK Pretoria-Oos 2 km en die NGK Universiteitsoord slegs 1 km (loopafstand) vanaf Sonop.

- Ten spyte van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos se eie studentebediening wat nog in sy spreekwoordelike babaskoene staan, stuur die gemeente op versoek van die skriba van die Sinode, dr Willem Nicol, 'n bydrae van £2 vir die bediening van Afrikaanse studente in Europa (NGK Pretoria-Oos, 03/07/1924).
- 'n Versoek word goedgekeur vir 'n spesiale deurkollekte ten bate van die Christen Studentevereniging wat in die week van die kerkraadsvergadering besig was met 'n kongres (NGK Pretoria-Oos, 03/07/1925).
- Op versoek van die tesourier van die Bybelvertalingsfonds vir die 1933-vertaling, besluit die kerkraad dat die jongmense van die *Jongens Hoëre Skool, TUK, Normaal Kollege en Oost Eind Hoëre en Lagere Skole* elkeen £5 moet bydra tot genoemde fonds (NGK Pretoria-Oos, 05/08/1926).
- 'n Verslag dien voor die kerkraad waarin genoem word dat 'n aantal Sonoppers by die gemeente se Sondagskool betrokke is en gereeld die eredienste bywoon (NGK Pretoria-Oos, 12/02/1929).
- Die kerkraad se samewerking word gevra vir die aanbied van 'n Jeugsondag op 23/09/1934, waartydens ds George Daneel¹⁰⁰ as prediker sal optree (NGK Pretoria-Oos, 13/09/1934).
- Nadat ene broeder Liebenberg dit onder die kerkraad se aandag gebring het dat dit op sedelike gebied by die Universiteit “alles behalwe goed gaan”, word hy versoek om dit onder die Universiteitsbestuur se aandag te bring (NGK Pretoria-Oos, 16/03/1935).
- 'n Gesellige ontvangs deur die kerkraad se eggenotes vir die nuwe studente word goedgekeur (NGK Pretoria-Oos, 09/03/1939).
- In die lig van die skrywes wat dr Nicol aan die studentelidmate se ouers stuur en die gevolglike hoë posgeld, word 'n voorskot van £15 aan hom toegestaan (NGK Pretoria-Oos, 16/05/1940).
- Op versoek van die Teologiese Fakulteit (gestig 1938) dat gemeentes aan die teologiese studente preekgeleenthede moet bied, keur die kerkraad die versoek goed (NGK Pretoria-Oos, 13/12/1948).
- Weens 'n tekort aan studentebhuising rondom die Universiteit van Pretoria keur die kerkraad 'n besluit goed dat die stadsraad versoek word om aan

100 Ds George Daneel het tussen die jare 1928 en 1932 die Springbokke in 8 toetse verteenwoordig (https://en.m.wikipedia.org/wiki/George_Daneel).

inwoners in die omgewing lisensies uit te reik om kamers uit te verhuur en sodoende met die behuisingstekort te help (NGK Pretoria-Oos, 09/02/1950).

5.3.2 Prof Ben Marais se grondliggende studentebediening

Toe Marais die voltydse studenteleraarspos by die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos aanvaar het, het hy reeds drie jaar (1938 – 1941) ondervinding gehad van wat die bediening aan die studerende jeug alles behels.

Sandenbergh (1979:8–21) lig sekere van Marais se besondere bedieningsmetodes uit waarmee die Sonoppers van daardie jare bevoorreg was om geestelik begelei te kon word:

- Alle studente – hetsy kerkvas of kerklos – is bearbei.
- Marais het te alle tye 'n informele styl gevolg in sowel sy prediking as persoonlike omgang met die studente. Sy prediking was nie manuskripgebonde nie en sy kleredrag ook gemaklik – soms tot ergernis van sy ouer kollegas wat heeldag met baadjie en das geloop het.
- Te midde van die geweldige invloed wat die Tweede Wêreldoorlog (1939 – 1945) op die studentelewe gehad het, het Marais ervaar dat daar onder die studente verrassende deure vir die evangelie oopgegaan het.
- Persoonlike huisbesoek was vir Marais ononderhandelbaar. Hy het dit gesien as die bou van 'n persoonlike verhouding met die studente, wat onontbeerlik in die bediening is.
- Hy het die dinamiek van die kleingroepbespreking tot groot vrug gebruik deur 'n paar inleidende gedagtes te gee en dat die groepe dan op informele wyse daarvoor gesels.
- Marais het deurgaans daarna gestreef om die Christelike Studente vereniging in sy jeugbediening te betrek.

5.4 Sonoppers staan op vir Christelike en morele waardes

5.4.1 Beswaar teen Sonop se Joernaalvoorlesing van 1939

5.4.1.1 Beswaar deur huislede

Na die voorlees van die *Sonop Joernaal*¹⁰¹ 1939 het 'n vyftiental huislede skriftelik by die nuwe Huiskomitee vir 1940 beswaar aangeteken teen die inhoud van die voorgelese joernaal. 'n Paar van die bekendes wie se handtekeninge op die vergeelde dokument verskyn, is proff Jurie Geldenhuys (sien ook 13.4.4) en Porkie van Niekerk, Braam Raubenheimer, drs. Koos Roux en Howard Botha.

Alhoewel die *Joernaal* self nie in die Sonopargief te vind is nie, is daar geen twyfel dat die inhoud daarvan vir hierdie vyftien inwoners dwars in die krop gestee het nie.

Hulle begin hul beswaar deur te wys op die oomblik toe hulle hul "Sonoploopbaan" begin het en hulle in hul taal *die toekoms tegemoet gegaan het met die wete dat Sonop se beleid saamgevat kan word met die woorde Christelik Nasionaal*.

Die teleurstelling wat hulle ervaar het met die lees van die *Joernaal* was dat daar géén teken van Christelikheid was soos dié wat hulle aan moedersknie geleer het nie: *Die inhoud was gevul met holruggeryde, leegklinkende stokperdjiewoorde*.

Die nuwe Huiskomitee van 1940¹⁰² word deur die beswaardes versoek om voor 'n volle huisvergadering vroeg in 1940 te bevestig of hulle onder Christelik verstaan *die hoë morele beginsels van Jesus Christus soos reinheid en onbaatsugtigheid* al dan nie. Hul besware word afgesluit met die oproep: *Hier mag ons geen middeweg inslaan, hier mag geen kompromië wees nie! Gaan Sonop die broeikas wees van lamsakkery, van ellendige draadsittery? Of gaan ons ja ja en ons nee nee?*

5.4.1.2 Huiskomitee se antwoord daarop

Die HK het die beswaar in 'n goeie gees ontvang en onmiddellik reageer soos hulle versoek is. Inleidend in hul antwoord het hulle genoem dat die *Joernaal* onder leiding en toesig van hul voorgangers opgestel en aangebied is en hulle dus nie verantwoordelik gehou kan word vir die onaanvaarbare inhoudelike daarvan nie.

101 Sonop se Joernaalvoorlesing vind elke jaar teen September/Okttober plaas net voor die verkiesing van die volgende jaar se nuwe HK. Inhoudelik bevat dit hoofsaaklik komiese en spottende opmerkings van gebeure deur die jaar met bykans elke huislid in die koshuis (Sonop Joernaalvoorlesing, 1939).

102 Die HK-voorsitter vir 1940 was SW Pienaar (Sonop Argief).

Hulle was wel bereid om die volgende te verklaar:

- Die genoemde *Joernaal* was Sonop nie waardig wat betref die Christelike etos wat Sonop ten doel het om uit te lewe nie.
- Gedagtig aan die hoë morele beginsels van Christus self wat Sonoppers se lewe moet kenmerk, sal hulle as HK strewe *om Sonop teen enige gemeenheid en laagvloersheid te vrywaar*.

5.4.2 Beswaar teen Tuks se Joolblad 1956

Nog 'n geval waar Sonoppers sterk op die voorgrond getree het – hierdie keer veral rondom morele waardes en die goeie naam van die Universiteit – was met die 1956 *Joolblad*.

Ten spyte van die rektor, prof CH Rautenbach (self 'n oudSonopper!) se opmerking in die voorwoord: *Die publiek het nog altyd die studentegedoentes met Jool geduld en geniet. Ons koester die vertroue dat dit vanjaar in daardie opsig ook soos die ander jare sal wees* (*Joolblad*, 1956:7), het van die Sonoppers met baie van die inhoud van die *Joolblad* nie akkoord gegaan nie en by die Studenteraadsvoorsitter¹⁰³ beswaar gemaak.

Terwyl die moderne leser moontlik by die deurblaai en lees van dié *Joolblad* nie veel kritiek – indien enige – teen die inhoudelike sal hê nie, was baie van die aanvaarbare norme van vandag sestig jaar gelede taboe gewees en dus vir die beswaarde Sonoppers 'n steen des aanstoets. Twee voorbeelde van wat in die spesifieke *Joolblad* opgeneem was, en beslis sou bydra tot die ontsteltenis onder die Sonoppers, was die volgende:

- Sketse van Tawwe Tienie
Regdeur die *Joolblad* is daar 'n reeks sketse met besondere detail van 'n dame, ene Tawwe Tienie, in haar skouerlose baaikostuum en net-sykouse, sonder enige verdere bedekking wat in allerlei snaakse, maar soms twyfelagtige, situasies uitgebeeld word.

¹⁰³ Die Studenteraadsvoorsitter in 1956 was Tom Langley – later Volksraadslid van eers die NP en later die KP (https://af.wikipedia.org/wiki/Konserwatiewe_Party).

- Grappies

Soos alle Joolblaaië, wemel ook dié uitgawe van grappies. Sommiges is werklik komies, onskuldig en prikkel die lagspiere, terwyl ander weer onsmaklik, dubbelsinnig en onder die spreekwoordelike “belt” is en die wenkbroue laat lig.

Die uitgangspunt van dié mosie was deurgaans dat hierdie onaanvaarbare en platvloerse inhoud die naam van die Universiteit by die publiek skaad en daarom reggestel moes word. So ernstig was die Sonoppers oor die saak dat hulle die mosie afgesluit het met die dreigement dat sou die VSR nie die saak by die publiek in reine bring nie, hulle dit *man alleen deur die publieke pers sal doen!*

5.5 OudSonoppers se herinneringe

'n Paar oudSonoppers vir wie die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos tydens hul Sonopjare hul geestelike tuiste was, roep hul verbintenis met die Ooskerk soos volg in herinnering:

5.5.1 Prof Andrie du Toit (Sonop, 1949 – 1956)

Ons drie Studenteleraars, dr Ben Marais, dr Beyers Naude en ds Kobus Potgieter het oneindig baie vir ons op daardie ontvanklike tyd van ons lewe beteken – elkeen op sy eie unieke manier.

Hulle huisbesoek aan ons by die koshuis maar ook ons besoeke aan hulle by die pastorie was hartlik en vriendelik.

Die sendingwerk in die swart woongebiede en in hospitale onder die vaandel van Sendingkring was altyd blywende hoogtepunte.

Dit was wonderlik om as student aktief betrokke te kon wees by die gemeente as voorsitter van beide die CSV en Sendingkring.

5.5.2 Ds Fanie Joubert (1959 – 1965)

Die studenteleraars wat op my die grootste indruk gemaak het was di. Hoffie Louw en Kobus Potgieter.

In my eerstejaar (1959) was die groot ondersoek aan die gang van afstigting van Universiteitsoord of nie. Universiteitsoord is toe gestig en was ons van ons tweedejaar af daar lidmate.

Wat my altyd van Ooskerk sal bybly, is die groot getal jongmense wat sowel die studente as die Affie-seuns en Affie-meisies ingesluit het, die

hartlike sang en die voorreg om saam met ministers en selfs die destydse eerste minister dr Verwoerd¹⁰⁴ daar te kon aanbid.

5.5.3 Prof Hennie Pieterse (1955 – 1960)

'n Lewenslange vriendskapsband tussen my as student en ds Kobus Potgieter as predikant is in Ooskerk gesmee. Die huisbesoeke by ons in die koshuis het in daardie tyd 'n belangrike rol gespeel en grootliks bygedra tot die besondere verhouding tussen die leraars en die gemeentelede.

5.5.4 Dr Hennie Pretorius (1956 – 1962)

In my tyd was Ooskerk fluks aan die werk om Universiteitsoordgemeente 'n werklikheid te maak. Ons het dus 'n oorgangstydperk beleef waarin die CSV (in my geval) die oorheersende rol gespeel.

104 Drie van dr HF Verwoerd se seuns Chris, Daan en Wynand was ook as studente in Sonop; ook sy skoonseun prof Carel Boshoff, dié se 4 seuns en 'n derde geslag Carel Boshoff, seun van Wynand (Sonop Databasis).

HOOFSTUK 6

SONOP EN DIE NED.GEREF. KERK SE TEOLOGIESE FAKULTEIT

Die opleiding van Ned.Geref. Kerk-predikante in Suid-Afrika gaan sover terug as 1859 met die stigting van die Teologiese Kweekskool (Seminarium) in 1858 op Stellenbosch en wat in 1963 oorgegaan het na die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch. Opleiding van predikante spesifiek vir die Ned.Geref. Kerk in die noordelike deel van die land sou eers 79 jaar later – na 'n lang stryd en aanvanklik sterk teenkating – begin, met die stigting van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria.

By die opening van die Fakulteit op 16 Maart 1938 het die moderator van die Ned.Geref. Kerk Transvaal, dr William Nicol,¹⁰⁵ hierdie lang pad van stryd en voorbereiding soos volg verwoord: *Die Teologiese Fakulteit het lank geworstel in die skoot van die kerk voordat dit tot geboorte kon kom* (Human & Van der Merwe, 2013:5).

Prof Johan van die Merwe¹⁰⁶ sluit by Nicol aan as hy in die feesboek ter herdenking van die fakulteit se vyf-en-sewenstigste bestaansjaar skryf: *Die ontstaan van die Teologiese Fakulteit van die Ned. Geref. Kerk het nie oornag gebeur nie. Druppel vir druppel het die water uit die fontein voorgekom om oor tyd 'n stroom te vorm* (Human & Van der Merwe, 2013:5)!

Met die groen lig vanaf die Kerk se kant om die Teologiese Fakulteit te kan begin, was daar egter 'n ander struikelblok wat uit die weg geruim moes word. 'n Tweede teologiese fakulteit, naas die fakulteit van die Ned. Herv. Kerk, kon wetlik nie by dieselfde universiteit tot stand kom nie. Die enigste manier hoe daar by die wetlike belemmering verbygekom kon word, was om in dieselfde fakulteit twee afdelings in

¹⁰⁵ Dr Nicol was op daardie stadium die moderator van die NGK in Transvaal (Van der Watt, 1987:407).

¹⁰⁶ Prof van der Merwe is sedert 2008 verbonde aan die Teologiese Fakulteit as dosent in Kerkgeskiedenis en Kerkreg (Human & Van der Merwe, 2013:175).

te stel: Afdeling A vir die Ned.Herv. Kerk¹⁰⁷ en Afdeling B vir die Ned. Geref. Kerk. Hierdie twee afdelings sou vir 62 jaar apart funksioneer tot met samesmelting (Van der Watt, 1987:178).

Hierdie geskiedkundige samesmelting word deur die huidige dekaan, prof Johan Buitendag (Ned.Herv. Kerk), beskryf deur te wys op die genealogie van die nuwe fakulteit wat deur twee lyne geken word – dié van die Ned.Herv. Kerk en dié van die Ned.Geref. Kerk – maar op 1 Januarie 2000 gekonvergeer het tot die veelkerklike fakulteit¹⁰⁸ wat dit nou is (Human & Van der Merwe, 2013:1).

Een van die twee afgevaardigdes by die Elfde Sinode van die destydse *Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid Afrika* in Mei 1916 wat die saadjie vir 'n eie teologiese fakulteit aan die Transvaalse Universiteitskollege bepleit het, was die eerste huisvader van Sonop, prof WP de Villiers, 'n dosent in Duits. Die ander afgevaardigde was prof DF du Toit Malherbe.

Van die Sinode in 1916 sou dit nog 21 jaar neem voordat die Sinode op 14 April 1937 ingestem het tot 'n teologiese fakulteit in die Noorde, met 139 stemme daarvoor en 68 daarteen.

Toe die Teologiese Fakulteit sy deure amptelik op 16 Maart 1938 geopen het, was twee van die eerste ses studente wat daardie geskiedkundige dag beleef het, Sonoppers:

Ds JP (Grobbies) het in 1935 toe hy as eerstejaar Sonop toe gekom het 'n byna ongeëwenaarde Sonoptradisie begin deurdat al vier sy seuns en vier van sy kleinseuns almal Sonoppers geword het. Twee van sy seuns het verder ook wat hulle beroepskeuse betref in hul pa se voetspore gevolg – ds HS (Hennie) Grobler en ds PJ (Paul) Grobler, wat ook die eer gehad het om die eerste redakteur te word van die *Deo Gloria*-blad. In sy lang bedieningstydperk het hy die gemeentes Turffontein, Roodepoort, Dullstroom, Grootfontein, Malopo, Voorwaarts, Derdepoort en Bergtuin bedien. Al vier sy

107 Die Teologiese Fakulteit van die Ned.Herv. Kerk is reeds in 1917 gestig.

108 Hierdie veelkerklike fakulteit sluit buiten die NGK en NHKA ook die UPCSA en die URCSA in (Human & Van der Merwe, 2013:iii).

seuns was in Sonop: Hennie, Du Toit, Johan en Paul. Hiervan het die oudste en die jongste ook beide teologie studeer (Sonop Eeufees Gedenkboek:177)!

- Ds AA van Wyk beskryf sy ervaring soos volg: *Dit was in 1938 – die Voortrekker-eeufeesjaar – toe die Teologiese Fakulteit van ons kerk tot stand gekom het dat ons tesame met die nuwe professore ook ons nuwe taak begin het. Ons moes saam ons weg voel-voel soek. In geloof en met inspanning het hulle voorwaarts gegaan en ons het gevolg. Hulle diepe Godsbewustheid en ernstige toewyding het ons altyd laat rus in die versekering: Hulle is Godgegewe* (Human & Van der Merwe, 2013:7).

Periodieke versoeke sedert die laat 1920's vanaf die Universiteit van Pretoria dat die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos Sonop in geheel aan die Universiteit moet oordra, asook geluide vanaf kerkraadslede dat dit die beste opsie sou wees, het die Ned.Geref. Kerk Sinode voortydig tot die stryd laat toetree.

In 'n skrywe vanaf die skriba van die Sinode word die volgende versoek aan die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos gerig:

Die Sinodale Kommissie het in sy vergadering van 23/10/35 die volgende besluit geneem in sake die Christelike Tehuis "Sonop" – 'n skrywe te rig aan die Kerkraad van Pretoria-Oos hom versoekende om, met die oog op die belange van ons eventuele Teologiese fakulteit en van ons kerk op die Universiteit van Pretoria, die inrigting "Sonop" onder g'n omstandighede aan die universiteit se outoriteite te oorhandig nie. Indien die Kerkraad egter hom gedwonge voel anders te handel, word hy vriendelik versoek om die Sinode tydig daarvan in kennis te stel, sodat oorweeg kan word of die Sinode nie in die plek van die kerkraad wil tree nie. (Sinodale Kommissie, 04/11/1935)

Hierdie versoek het die gevolg gehad dat Sonop se bestuur in 1937 vanaf die Ned.Geref. Kerk Pretoria-Oos na die Sinode oorgedra is en ook later – in 1948 – die eiendom self.

Juis hierdie posisie, waar Sonop nou aan die Sinode van die Ned.Geref. Kerk behoort, het die tafel gedek vir 'n besondere band sedert 1938 tussen die twee inrigtings – skaars 'n kilometer van mekaar geleë.

6.1 Teologiese studente as inwoners van Sonop

Alhoewel die Sonopstatistiek soos hieronder uiteengesit, duidelik aantoon hoedat Ned.Geref. Kerk se teologiese studente/tokkelokke¹⁰⁹ na die oprigting van die Ned.Geref. Kerk se Teologiese Fakulteit in 1938 Sonop as studenteverblyf verkies het, soveel so dat Sonop vir baie jare bekend was as 'n Kerkkoshuis vir studente uit alle dissiplines, maar veral bekend as koshuis vir teologiese studente, het daar in die beginjare van Sonop – omdat die TUK op daardie stadium net oor 'n Teologiese Fakulteit van die Ned.Herv. Kerk in Afrika beskik het – heelwat teologiese studente van dié kerk ingewoon. In die Sonop 40 Gedenkblad skryf oudSonopper At Pelzer (Sonop, 1933 – 1936):


Onder die groot geeste wat Sonop in daardie jare opgelewer het moet die name van onder andere Andries Brandt, Casper van Staden, Jack le Roux, JC du Plessis, Gert Grobler, Fanie Viljoen, Piet en Attie Bierman – vandag almal predikante van die Hervormde Kerk – gereken word.

Van der Merwe se opmerking waarna hierbo verwys is, naamlik dat Sonop vir baie jare veral 'n koshuis vir teologiese studente was, word ondersteun deur twee oudHuisvoorsitters van Sonop, naamlik Willie Maree en Nick Bezuidenhout. In 'n gesamentlike artikel in die *Voorligter* van Junie 1978 skryf hulle: *As al die oudSonoppers onder predikante moet bymekaar gemaak word sal hulle 'n yslike sinode kan vorm!*

'n Opname in Desember 2016 van die Sonopdatabasis gee die getalle deur van die aantal eerstejaars per jaar wat vanaf 1938 tot 2016 aanvanklik vir die BA Admissie met die oog op BD en vanaf 1982 vir die geïntegreerde kursus¹¹⁰ ingeskryf het. Hierdie getalle word in Figuur 6.1 hieronder diagrammaties aangedui.

109 "Tokkelok" was vroeër die algemene verwysing na 'n student wat Teologie studeer het. Alhoewel dit nie etimologies bevestig is nie, was dit aanvanklik 'n skertsende verwysing na die Engelse woorde "talk a lot" (mondelingse mededeling).

110 Die geïntegreerde kursus in Teologie is in 1982 deur die Algemene Sinode van die NGK goedgekeur en in 1983 deur die UP Teologiese Fakulteit geïmplementeer. Die teologiese opleiding is hierdeur van 7 na 6 jaar verkort. Ook is dit die breinkind van oudSonopper AH van Zyl (Human & Van der Merwe, 2013:55).



Figuur 6.1: Sonop Christelike Tehuis: Teologiese studente toelating (1916 – 2016)

Die geweldige afname in teologiese studente vanaf die laaste dekade van die vorige eeu as inwoners van Sonop hou direk verband met die stelselmatige afname van teologiese studente aan die Fakulteit. Een van die redes hiervoor was die oorfloed afgestudeerde studente vir die klein aantal beskikbare poste. By die Teologiese Fakulteit het die jaarlikse getal gelegitimeerdes soos volg afgeneem: 1992 – 47, 1999 – 8, 2004 – 6, 2007 – 15, 2011 – 25 en 2012 – 23 (Human & Van der Merwe, 2013:54).

OudSonoppers vind dit baie vreemd as hulle hoor dat daar die laaste aantal jare baie min teologiese studente in Sonop is en in die eeufeesjaar 2016 slegs een (Sonop Databasis). Studierigtings wat, soos teologie in die verlede, nou sterk in die tehuis verteenwoordig word, is hoofsaaklik die verskillende rigtings van BSc Ingenieurswese en die verskillende BCom-rigtings – almal studierigtings met ’n duur van drie of vier jaar, teenoor Teologie wat vroeër sewe en tans ses jaar duur.

Dié tendens dra direk by tot ’n jongerwordende inwonerkorps, wat weer ’n jongerwordende Huiskomitee tot gevolg het. Dit is dan ook hierna wat die huidige

huisvader verwys as motivering vir die skep van die vierde huisvaderpos in 2010, 63 jaar nadat prof ID Bosman in 1947 oorlede is (Sonop Eeufees Gedenkboek:12).

Saam met die dalende getal teologiese studente in Sonop gaan ook die oplewing vanuit sekere charismatiese kerkgenootskappe wat die geestelike bediening van Sonop se inwoners betref. Hier is dit veral die Christian Revival Church (CRC) en Doxa Deo Hatfield wat vermeld moet word. Een van die huidige studenteleraars van die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord, dr Ronel Meylahn, som dit soos volg op: *Sonop is nie meer soos vroeër jare 'n NG Koshuis nie. CRC het veral 'n groot invloed op die inwoners van die koshuis* (Persoonlike vraelys, 2015). Hoe bogenoemde die Christelike karakter van Sonop oor die lang termyn gaan beïnvloed, word in die hoofstuk 15, *Sonop Quo Vadis?* volledig bespreek.

Alles dui daarop dat dr Flip du Toit¹¹¹ se etikettering van Sonop *veral bekend as 'n koshuis vir tokkelokke*, al meer en meer uit pas raak met die huidige opset (Human & Van der Merwe, 2013:33,34).

6.2 Stigting van die teologiese studentevereniging Deo Gloria in Sonop

Die ou Victoriaanse huis¹¹² van mnr Archie Struben, die vorige eienaar van die Sonopeiendom en wat in die beginjare van Sonop die hoofgebou was, is die geboorteplek van die teologiese studentevereniging, Deo Gloria.

Die twee rolspelers in die stigting van Deo Gloria was dr AB du Preez¹¹³ en teologiese student SJ Henrico,¹¹⁴ 'n inwoner van Sonop. Du Preez was op daardie stadium rondreisende sekretaris van die Christelike Studentevereniging (CSV) en het in April 1934 in hierdie hoedanigheid in Sonop tuisgegaan. In 'n gesprek met Henrico is die behoefte aan 'n teologiese studentevereniging geïdentifiseer. Bykans 'n jaar later, op 15 Maart 1935, is hierdie vereniging toe in die ontspanningsaal (deel

111 Dr Flip du Toit is in 2001 aangestel as Predikant vir Teologiese Opleiding: NGK (Human & Van der Merwe, 2013:58).

112 Hierdie pragtige Victoriaanse huis is in 1959 platgeslaan om voorsiening te maak vir die uitbreiding van die eetsaal en oprigting van 'n nuwe ontspanningsaal (Sonop Eeufees Gedenkblad:151).

113 Dr AB du Preez het pas van Nederland teruggekeer, waar hy gepromoveer het met sy proefskrif "Die dualistiese inspirasieleer – 'n dogmhistoriese ondersoek" (Human & Van der Merwe, 2013:97).

114 SJ Henrico het as NGK-lidmaat aan die Teologiese Fakulteit van die Ned.Herv. Kerk studeer en moes daarna ondersoek word ten opsigte van sy leer en dogma voordat hy in die NGK geëlitimeer kon word (Human & Van der Merwe, 2013:46).

van die Victoriaanse huis) gestig. Op voorstel van Du Preez is die naam “Deo Gloria” gekies (Sonop Eeufees Gedenkblad:151).

Verskeie Sonoppers het in die jare wat gevolg het ’n leidende rol in hierdie teologiese vereniging gespeel – beide as voorsitter van die vereniging of redakteur van die blad ook met die naam “Deo Gloria”.

So was oudSonopper JP (Grobbies) Grobler, een van die eerste vyf studente van die Ned.Geref. Kerk wat hul teologiese studies aan die Universiteit van Pretoria voltooi het, die eerste redakteur van die Deo Gloria-blad (Sonop Eeufees Gedenkblad:177).

’n Interessante wending vind in 1992 plaas toe die Deo Gloria-vereniging met die medewerking van die Verteenwoordigende Studenteraad die verandering ondergaan na Deo Gloria Huis. Volgens oudSonopper en voorsitter van die Deo Gloria Huis 1993/1994, prof Jan-Albert van den Berg van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van die Vrystaat, het die verandering van ’n vereniging na ’n “huis” heelwat voordele ingehou: groter inspraak in die algemene studentelewe en ruimer subsidie vanaf die Studenteraad om meer aktiwiteite moontlik te maak, met ’n gevolglike verhoogde sigbaarheid op die kampus (Deo Gloria, 1994:3).

Met die samesmelting van die multikerklike Teologiese Fakulteit op 1 Januarie 2000, het Huis Teologie volgens universiteitsregulasie tot stand gekom deurdat elke fakulteit ’n fakulteitshuis moet hê. Die visie van die nuutgestigte Huis Teologie is nie net om eenheid te bevorder tussen die drie kerklike vennote van die Teologiese Fakulteit, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Verenigde Presbiteriaanse Kerk nie, maar ook samewerking tussen alle studente van die Fakulteit Teologie (<http://www.up.ac.za/af/house-theology-student-info/article/255414/about-us>).

Belangrik is dat Deo Gloria Huis en die Van der Hoff Teologiese Vereniging van die Nederduits Hervormde Kerk nog steeds binne kerkverband funksioneer.

6.3 OudSonoppers as teologiese dosente

Een van die akkers waarop die Ned.Geref. Kerk met groot vrug gesaai het wat dosente betref, was ongetwyfeld die Sonop-akker. Daarvan getuig die groot aantal oudSonoppers wat na 'n paar jaar in die gemeentebediening hul bediening as dosente by die Teologiese Fakulteit kom voortsit het – 'n klipgooi van Sonop, hul alma mater.

In vyf van die ses departemente¹¹⁵ het oudSonoppers sedert stigting van die Fakulteit tot 2016 met groot onderskeiding hul plek as dosente volstaan:

- Ou Testament – proff AH van Zyl¹¹⁶ en WS Prinsloo
- Nuwe Testament – prof AB du Toit
- Kerkgeskiedenis – prof CFA Borchardt
- Godsdienst en Sendingwetenskap – proff CWH Boshoff, D Crafford, PGJ Meiring, CJP Niemandt en drs JJ Kritzinger en AS van Niekerk
- Praktiese Teologie – proff HJC Pieterse, A Smuts en dr HS Breytenbach

Vier van hierdie oudSonoppers het ook as dekaan opgetree: AH van Zyl (1974 – 1978), CWH Boshoff (1978 – 1981), AB du Toit (1984 – 1987) en WS Prinsloo (1989 – 1996).

Een departement wat uitgesonder kan word, is die Departement van Godsdienst en Sendingwetenskap, met wortels wat so ver teruggaan as 1966 toe prof CWH Boshoff die leerstoel in die plek van prof HAD du Toit ingeneem het, wat toe oorgeskuif het na die nuutgestigte Departement Praktiese Teologie.

Met die groei van studentegetalle is 'n bykomende dosent in 1976 beroep in die persoon van prof Dionne Crafford. Met prof Boshoff se emeritaat in 1988, sluit prof PGJ Meiring en later ook dr JJ (Dons) Kritzinger by prof Crafford aan. Toe prof Meiring in 1996 vir twee jaar deel van die Waarheid- en Versoeningskommissie geword het, het dr AS (Attie) van Niekerk hom by die departement aangesluit. In

115 Wat Dogmatiek, die sesde departement, betref, het oudSonopper prof Willie Jonker wel as dogmatikus op Stellenbosch in die Departement Dogmatiek klasgegee (Sonop Databasis).

116 Prof AH van Zyl was die eerste oudSonopper was as dosent in 1966 aangestel is (Human & Van der Merwe, 2013:182).

2007 aanvaar prof Meiring emeritaat en word prof CJP Niemandt in sy plek aangestel. Al bogenoemdes is Sonoppers.

Buiten dat die besonderse verhouding tussen Sonop en die Teologiese Fakulteit op bogenoemde drie vlakke gebou is, dien dit ook vermeld te word dat oudSonopper prof CH Rautenbach,¹¹⁷ 'n voormalige rektor van die Universiteit, vanaf 1947 op die komitee gedien het vir die daarstel van 'n nuwe Lettere-gebou, waarin beide Afdeling A en B van die Teologiese Fakulteit gehuisves kon word. Ook het die eer hom te beurt geval om as rektor op 17 Junie 1950 die hoeksteen te onthul, met die Latynse spreuk daarop: *Ars longa, vita brevis* (Vaardighede/kuns is lank, lewe is kort).

Die sterk band sedert 1938 tussen Sonop en die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria is die afgelope paar jaar reeds besig om al hoe meer af te neem – beide wat Sonoppers as teologiese studente en oudSonoppers as dosente betref.

Teen hierdie pas bestaan die moontlikheid dat die sterk band tussen hierdie twee instellings binne die volgende geslag slegs in geskiedenisboeke opgeteken sal wees...

117 Prof CH Rautenbach was van 1920 tot 1923 in Sonop en het teologie aan die destydse Teologiese Fakulteit van die Ned.Herv. Kerk studeer. Alhoewel hy hom as predikant bekwaam het, word hy in 1939 as hoogleraar in die Fakulteit Wysbegeerte aangestel en het die rektorsamp van 1948 tot 1970 met groot onderskeiding bekleed (Sonop Databasis).

HOOFSTUK 7

DIE NEDERDUISE GEREFORMEERDE UNIVERSITEITSOORD GEMEENTE WORD DIE DERDE GEESTELIKE TUISTE VAN SONOP

Nie net is die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord – van die drie studentegemeentes waarna in hierdie studie verwys word – die gemeente wat vir die langste tyd Sonoppers se geestelike tuiste was en nog is nie, maar ook die gemeente waar Sonoppers die meeste deel gehad het aan die volle spektrum van gemeenteweese.

Die rede hiervoor is ongetwyfeld die visie wat ds Kobus Potgieter (die eerste studenteleraar van die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord) in sy sesmaandelikse Studenteleraarsverslag (1 Januarie 1959 – 30 Junie 1959) gehad het toe hy na die nadele van aparte dienste vir studente van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos in die AE du Toit auditorium verwys het: *...dit (hou) tog die wesenlike gevaar in dat die studente op hierdie wyse van die gemeentelewe as sodanig “losgemaak” kan word en ’n groot beginsel prysgegee word.*

In ds Potgieter se Studenteverslag vir die tydperk Januarie 1961 tot Augustus 1961, sy eerste by Universiteitsoord, doen hy in erkentlikheid en dankbaarheid teenoor die Here soos volg verslag:

Ons het nou ’n stadium bereik waarin die studente voel dat hulle ook nou lidmate van hulle kerk en van hulle eie gemeente is. Hulle dien nou in die kerkraad of studentekerkraad, hulle lidmaatskapsertifikate word by die erediens in lang rye afgelees, hulle hulp en samewerking word gesoek en op verskeie maniere is hulle nou aktief en stel hulle lewend belang. Nie net ons gemeente nie, maar ons hele kerk sal by hierdie geloofsdaad – wat die afstigting eintlik was – baat.

7.1 Grondslagfase

Tien dae na gemeentestigting, op Maandag 8 Augustus 1960, vind die eerste kerkraadsvergadering van die nuutgestigte gemeente in kamer 12 van die nuwe Lettere Gebou van die Universiteit van Pretoria plaas, waar ’n hele aantal belangrike

sake bespreek word om die gemeente uit die wegspringblokke te kry (NGK Universiteitsoord, 08/08/1960).

7.1.1 Plek van aanbidding

Vir bykans sewe jaar – vanaf gemeentestigting tot die naweek van 17 en 18 Maart 1967 – moes lidmate van die gemeente die voorreg van 'n eie kerkgebou ontbeer en in lesingslokale die Here aanbid:

Eredienste is gehou in die AE du Toit Ouditorium en in die Roosaal.¹¹⁸ Studente van vandag sal kwalik kan glo dat daar in dié sale Nagmaal gehou, kinders gedoop, goeie preke gelewer en selfs paartjies in die eg verbind is. Daar was selfs 'n orrel gewees. (Cilliers, 2010:36)

7.1.2 Fokus op studentebediening

Om ds Kobus Potgieter se vrees dat studente van die gemeentelêwe as sodanig losgemaak kan word te besweer, word daar by hierdie eerste geskiedkundige Kerkraadsvergadering twee belangrike besluite geneem wat nie net die bediening van die studente in die algemeen op 'n vaste koers sou plaas nie, maar waarby 'n groot getal Sonopinwoners deur die jare betrokke sou wees – menigmaal as waardige voorlopers en leiers.

7.1.2.1 Studentebedieningskommissie

'n Studentebedieningskommissie wat hom spesifiek op die studente van die gemeente moes toespits en die grondslag moes lê vir hierdie belangrike deel van die gemeente- en Koninkrykswerk, word aangewys. Buiten vier kerkraadslede, word prof Ben Marais (voorheen studenteleraar by die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos) en ds Kobus Potgieter benoem. Daar kon voorwaar nie twee beter predikante vir hierdie baanbrekerswerk aangewys word as juis hierdie twee nie!

7.1.2.2 Junior Kerkraad – later genoem “Studentekerkraad”

'n Voorstel word ter tafel gelê dat 'n Junior Kerkraad, bestaande uit studente van verskillende koshuise, daargestel word.

¹¹⁸ Die Roosaal is vernoem na die eerste kanselier van die UP, regter TJ de V Roos (1879 – 1935) wat van 1930 tot 1932 dié posisie beklee het (Pelzer, 1960:76,77).

As basis vir die effektiewe studentebediening word die taak en doel van die Junior Kerkraad soos volg beskryf:

- Om kontak te probeer vind en opbou tussen die studente aan die een kant en die Kerk, Kerkraad en Studenteleraar aan die ander kant.
- Om samewerking te soek en te beoefen met die CSV in meer as een poging om die studente te bereik en geestelik te bearbei.
- Om studente wat nie in die CSV is nie, te bereik en voorsiening te maak in hulle geestelike behoeftes.
- Om planne te beraam om die studente te organiseer om meer in die gemeente se werksaamhede, en by name die kerkbou, belang te stel.
- Om in elke opsig op te tree as die hulparm van die Studenteleraar om hom by te staan met raad en daad waar behoeftes in watter opsig ook al hulle onder studente voordoen.

Die eerste voorsitter van die Junior Kerkraad was Daan van der Merwe, 'n inwoner van Sonop (NGK Universiteitsoord, 21/11/1960).

7.2 Kerkbou

Alhoewel die kerkbouprojek reeds in die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos sy ontstaan gehad het, het dit eers werklik momentum begin kry na die afstigting van die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord.

Sonder om enige ander persoon te na te kom, moet die naam van ds Kobus Potgieter hier vermeld word as die groot dryfveer van die projek. In 'n afskeidswoord aan ds Kobus Potgieter skryf sy medeleraar dr FE O'B Geldenhuys die volgende:

Ds Kobus se grootste enkele bydrae was egter sy besielende aandeel aan die voorbereiding, beplanning en fondsinsameling vir ons kerk. Deur die ouersbriewe, konserttoere en besoeke aan gemeentes het hy die harte oopgemaak sodat die fondse nog steeds instroom van ouers en vriende oor die land. Sy naam is tot so 'n mate met die kerk verbind dat op die platteland algemeen van "ds Kobus se kerk" gepraat word en die studente die kerk al klaar gedoop het as "St Kobus Katedraal". (Die Koord, 31/10/1967)

Die plig van fondsinsameling het egter nie net op die skouers van ds Kobus Potgieter en die Kerkraad gerus nie.

Die studente het heel gou besef dat die voorreg om aan 'n studentegemeente wat op so besondere wyse na jou geestelike welstand omsien te mag behoort, ook sekere verpligtinge meebring. Hiervan was die kerkbouprojek een. So moes die Junior Kerkraad hard werk om toe te sien dat die ideaal bereik word om ten minste 1 000 studentelidmate te vind wat bereid sou wees om R2.00 per jaar uit hul sakgeld te skenk vir die Kerkboufonds (Cilliers, 2010:7).

Buiten die R2.00 dankoffer per jaar, was die ander metode van woeker vir die Kerkboufonds die onvergeetlike konserttoere waarmee die land platgereis is om fondse te in. Die vader van die konserttoere was Stroebel Hofmeyr, 'n inwoner van Sonop, wat as die eerste voorsitter van die Konsertkomitee aangewys is en die eerste konserttoer gedurende die 1962 Aprilvakansie na die destydse Noord-Transvaal gereël het (*Die Koord*, Februarie 1962).

Deur die jare het vele Sonoppers in Stroebel Hofmeyr se voetspore gevolg en talle konserttoere met groot sukses (en wins) georganiseer. Twee van die oud-Studenteleraars beskryf die konserttoere van Sonoppers soos volg:

Ds Maans Steyn:

Sonop se inisiatief om bykomende pogings te loods om die kerkskuld te delg, lewer gereeld resultate. Verlede jaar (1975), byvoorbeeld, het 'n groepie Sonoppers op hulle eie 'n konserttoer na Rhodesië onderneem. Nadat alle koste afgetrek is, kon hulle R1 000.00 by die kerkkantoor inbetaal. (Sonop 60 Gedenkblad, 1976:16)

Dr Willem Nicol:

Dit het nou al tradisie geword dat Sonop jaarliks 'n konserttoer aanbied. Die doel is om fondse in te samel vir ons gemeente, Universiteitsoord. Die fondse gaan dus vir studente-bearbeiding, vir die vorming van die studerende jeug van ons kerk in wie se hande die toekoms gaan wees. Is daar 'n belangriker saak om fondse voor in te samel? Op die oomblik beplan ons gemeente byvoorbeeld om 'n studentesentrum te bou vir die geestelike bearbeiding van die studente. Die geld wat hiermee ingesamel word sal hopelik so 'n sentrum moontlik maak. Al wat ek eintlik hiermee wil sê: baie dankie dat u ons reeds finansieel ondersteun het en as u nog iets

wil gee, sal dit baie goed wees. (Program Sonop UP Studentekonsert, 23/03/1980)

Sonoppers se bydrae tot die Kerkboufonds was egter nie net tot konserttoere beperk nie. In *Die Koord* van Mei 1965 word erkenning gegee aan studentelidmate se inisiatief om fondse vir die kerkbouprojek te in soos, onder andere, koekverkopings, filmvertonings en selfs Sonop se baba-oppasklub. 'n Ongedateerde koerantberig in Sonop se Argief berig soos volg oor dié unieke fondsinsameling: *Toe die mansstudente van die Universiteit van Pretoria twee jaar gelede die klub gestig het met die doel om geld in te samel vir Universiteitsoord se Kerkboufonds, het hulle nooit verwag om soveel sukses daarmee te behaal nie.*

By die Kerkraadsvergadering van 16 Mei 1966 vertoon ds Kobus Potgieter 'n skildery geskenk ten bate van die Kerkboufonds deur Sonopper A van Heerden wat hyself geskilder het. Een van die kerkraadslede, Nic Grobler, koop toe daar en dan die skildery vir R50.00 en onderneem om dit solank te neem en indien 'n groter aanbod gemaak word, hy dit aan die ander koper sal afstaan (Kerkraadsnotule, 16 Mei 1966).

Hierdie fondsinsamelingspogings het Sonop gereeld die top koshuis gemaak wat bydraes tot die Kerkboufonds betref. In die verslag van studentebydraes vir die Kalenderjaar geëindig 31 Desember 1978 eindig Sonop byvoorbeeld in die eerste plek wat beide die totale bydrae tot die fonds, as bydrae per individu betref (Verslag Studentebydraes, 1978).

7.3 Studente-aksies

Getrou aan sy Bybelse roeping, het die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord van meet af aan voorsiening gemaak vir inskakeling op verskeie akkers van kerkwees, waar studente met hul eie Godgegewe genadegawes diensbaar kan wees. Hiervan getuig die talle aksies in die gemeente waarby duisende studente nou al vir baie jare inskakel en hul Koning dien.

Hierdie uitgebreide studente-aksies van Universiteitsoord pas volledig in die vier basiese benaderings vir jeugwerk waarna Nel in sy werk *Jeugbediening – 'n*

inklusiewe gemeentelike benadering verwys wanneer hy praat van die pedagogiese, Program-, Diens- en Beslissingsbenaderinge (Nel, 1998:153–158).

- Pedagogiese benadering: In hierdie benadering staan die Bybel en die kennis van die Bybel sentraal. So het die Christelike Jongliedevereniging, wat op 23 November 1874 in Stellenbosch gestig is, byvoorbeeld gegroei uit die Bybelklas van prof NJ Hofmeijr. In hierdie benadering staan Bybelstudiegroepe dan sentraal.
- Programbenadering: Malan neem hierdie benadering sover terug as die stigting van die Sondagskool in 1780 met die begeerte om vir verwaarloosde kinders Bybelklasse aan te bied. Baie van die kinders was minderbevoorreg, in misdaad betrokke en straatkinders. In hul poging om dié randkinders te help, is begin om 'n verskeidendheid programme aan te bied – Bybelstudies, bespreking van Christelike sake, etiese wêreldproblematiek, lesings oor aktuele sake, sosiale besoeke en ontspanningsaande.
- Diensbenadering: Hierdie diensbenadering sluit beide diens *aan* die jeug en diens *deur* die jeug in.
 - Een van die bekendste voorbeelde vir diens *aan* die jeug is dié van die Young Men's Christian Association (YMCA)¹¹⁹ en Young Women's Christian Association (YWCA),¹²⁰ waarvan die primêre ontstaan diensgerig was – die voorsiening van huisvesting en gesonde geestelike en fisieke ontspanning vir jongmense.
 - Alhoewel dit ietwat paradoksaal is, is diens *deur* die jeug volgens Malan 'n prominente begeerte by hulle, ten spyte van die feit dat hulle in 'n leeftyd fase is waar selfgerigtheid normaal is. Jongmense wat hulle eie identiteit in Christus gevind het en dit geniet, het 'n begeerte om te dien.
- Beslissingsbenadering: Vir elke mens is die lewe 'n ontvouende pad, 'n reis waar telkens 'n keuse gemaak moet word. Veral is dit belangrik dat kinders en jongmense se verhouding met Christus sentraal staan en dat hulle per

119 Die YMCA is in 1844 in Londen deur George Williams gestig met die doel om Christelike beginsels by jongmense te vestig met sy program *Developing of a healthy body, mind and spirit* (<https://en.m.wikipedia.org/wiki/YMCA>).

120 Die YWCA is in 1855 in Londen deur Mary Jane Kinnaird en Emma Robarts gestig met die doel om aan jong plattelandse meisies wat in die industriële fabriek in die stad kom werk het, huisvesting, opleiding en ondersteuning aan te bied "with a warm Christian atmosphere" (<https://en.m.wikipedia.org/wiki/YWCA>).

geleentheid 'n keuse moet maak. Malan lig egter die probleem uit van die geforseerde eenmalige beslissingsbenadering wat baiekeer gesien word. Hy waarsku teen die indruk wat hiermee geskep word dat 'n jongmens se lewenspad met hierdie één beslissing voltooi is en dat daar geen begrip en realiteit is vir die ontvouende pad vorentoe waar daar nog vele keuses wag nie.

Hoe Sonoppers deur die jare aktief by bogenoemde studente-aksies ingeskakel het, word deur oudSonopper Marius Nel sy artikel *Sonop in perspektief... Sonoppers se lewenstyl* vertel:

Die Christelike karakter van Sonop en die geloof van sy bewoners is deurgaans die eerste prioriteit en fondament. Daaroor sal niemand kibbel nie. Sonoppers deur die dekades het nog altyd 'n sterk bydrae gelewer tot die Kerk; as aktiewe, betrokke lidmate en as leiers. Daarom dan vind 'n mens altyd 'n Sonopper in leidende hoedanigheid iewers op die kerklike strukture van die Kerk. (Fasces Flentes Sonop 75 Feeskoerant:8)

Die oorkoepelende bestuur waaronder die verskillende aksies gefunksioneer het, het vanaf gemeentestigting kronologies deur drie verenigings geloop totdat die laaste ontbind is met die daarstel van die Wykskerkrade en Studentekerkraad.

7.3.1 Christelike Studentevereniging, Senior Kerkjeugvereniging en Universiteitsoord Kerkjeugvereniging

7.3.1.1 Christelike Studentevereniging (CSV)¹²¹

Met die stigting van die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord in 1960 was die landswye CSV die liggaam waaronder die gemeente se studente-aktiwiteite georganiseer was. Na die ontbinding van die CSV op 12 Januarie 1965 en die "herstigting" daarvan in vyf selfstandige verenigings, het dit die geleentheid by Universiteitsoord geskep om 'n eie kerklike Studentevereniging te stig.

7.3.1.2 Senior Kerkjeugvereniging (SKJV)

In die lig van bogenoemde het die studente op 23 Maart 1965 'n suiwer Kerklike Studentevereniging gestig. In die huishoudelike reëls is voorsiening gemaak dat alle

¹²¹ Die CSV is op 28 Julie 1896 deur prof NJ Hofmeyr, dr Andrew Murray en ds JH Neethling te Stellenbosch gestig. Die hoofdoel was die geestelike versorging van die studerende jeug. Wat die NGK betref, het die CSV vrye toegang tot sy doop- en belydende lidmate gehad en het onderwysowerhede toestemming gegee dat hulle in koshuise, skole, kolleges en universiteite kan werksaam wees (Van der Watt, 1987:271).

CSV aktiwiteite gekontinueer word. Selfs die ontbinde CSV se bestuur het net so die leisels van die nuutgestigte SKJV oorgeneem, met Sonopper Anton Pouw as voorsitter.¹²²

7.3.1.3 Universiteitsoord Kerkjeugaksie (UKJA)

Die naam Senior Kerkjeugvereniging (SKJV) is in 1975 verander na Universiteitsoord Kerkjeugaksie (UKJA) – 'n naam wat reg laat geskied aan die groot hoeveelheid aksies wat geloods is om die studente die geleentheid te bied om hul geloof in Christus prakties uit te leef.

7.3.1.4 Ontbinding van die UKJA

Bykans dertig jaar na die stigting van Universiteitsoord het, is daar in die middel 1980's 'n nuwe bestuurstelsel in die gemeente geïmplementeer. Elke studenteleraar se wyk het nou sy eie wykskerkraad en alle wykskerkrade vorm saam die Studentekerkraad. Hierdie Studentekerkraad vergader dan saam met die Sentrale Kerkraad, waar die residensiële deel van die gemeente se Kerkraad ook sittingsreg het. Sake wat by die Sentrale Kerkraad behandel word, is slegs sake wat nie by die Wykskerkrade of Studentekerkraad afgehandel kon word nie.

Met hierdie nuwe struktuur en die funksionering van die Wykskerkrade en Studentekerkraad was die rol van UKJA, wat verantwoordelik was vir al die werksaamhede op studentevlak, oorbodig en is dit ontbind.

7.3.2 Bybelstudies

Reeds van vroeg in die studentegemeente se bestaan het Bybelstudiekringe vir die studente 'n belangrike rol gespeel. In die verslag van die Studente Kerkjeugvereniging van 1967 word die belangrikheid en funksionering van Bybelstudiekringe beklemtoon:

- Bybelstudiekringe is die hart van die KJV se werksaamhede.
- Aan die begin van 1967 is sowat 1 500 studente in die verskillende koshuise in kringe van vier tot agt verdeel.

¹²² Anton Pauw was vir die tydperk 1961 tot 1967 'n inwoner van Sonop. Hy was aktief betrokke by die pasgestigte NGK Universiteitsoord, het vir 3 jaar op die HK gedien en was ook VSR-voorsitter (Sonop Argief).

- Daar word gekonfereer rondom die Woord van God terwyl die KJV se amptelike orgaan “Die Jeug” as handleiding gebruik word. Die geestelike diepte wat in hierdie binnekring behaal word, moet die maatstaf wees of die KJA sy doel dien.
- As oefenklas vir die leiers word daar weekliks Normaalklasse aangebied wat op Dinsdagaande gehou word.

7.3.3 Dienswerkkampe, konserte en fietstoere

Universiteitsoord staan bekend vir sy vakansieaktiwiteite, waartydens studente met hul avontuurlustigheid nie net van al hul oortollige energie ontslae raak nie, maar ook werklik hul Christelike geloof prakties uitleef en saam bou aan die Koninkryk van God op aarde.

’n Enkele blik op die Julievakansie van 1993 vertel die verhaal wat hom elke jaar vakansie na vakansie herhaal. In hierdie spesifieke vakansie was daar ongeveer 240 studente by verskillende aktiwiteite betrokke:

- 80 studente by Sendingwerkkampe te Baberton, Malelane, Piet Retief en Tshilidzni.
- 50 studente was deel van Dienswerkkampe by Badplaas en Swadini.
- 30 studente het deelgeneem aan ’n draftoer oor Ermelo, Volksrust, Newcastle tot by Richardsbaai.
- 40 studente het ’n fietstoer deur gedeeltes van die Vrystaat, die destydse Wes-Transvaal en Oos-Transvaal meegemaak.
- 40 studente het ’n konserttoer na die Bosveld onderneem.

Bogenoemde toere het die bedrag van R50 000 ten bate van Tshilidzni Sendingstasie en Universiteitsoord se eie studentebediening ingebring (*Die Koord*, Augustus 1993).

7.3.4 Sending

Die sendingroeping het uit die staanspoor ’n ereplek op Universiteitsoord en sy studentebediening gehad. Nie alleen was daar in die vroeër jare van die gemeente

se bestaan talle studente wat, as deel van Sendingkring, op Sondag in Mamelodi, Eersterus en selfs in Laudium gaan huisbesoek doen en Sondagskool gehou het nie, maar daar was ook die bekende jaarlikse Sendingweek op die UP-kampus, waar kundige sprekers oor sending kom praat het en waar sendinguitstallings in die Rautenbachsaal gehou is.

Twee oudSonoppers, wat nie net diep spore op die Sendingveld getrap het nie, maar wat ook Universiteitsoord by hul werksaamhede op sendingstasies betrokke gekry het, se name dien vermeld te word.

Die bekende Tshilidzini-sendingstasie¹²³ is deur oudSonopper prof Nico Smith in 1956 begin. Tientalle Universiteitsoordstudente het deur die jare tydens vakansietye hul sendinggroeping daar gaan uitleef deur op verskillende wyses met die werk aldaar betrokke te raak – van kerkbou tot die uitdra van die evangelie.

Nog 'n Sonopper, ds Willem Nel,¹²⁴ se hart het reeds as student warm vir sendingwerk geklop. As teologiese student het sy pad aanvanklik met die Baberton Bybelskool gekruis. Hier het hy saam met medestudente gehelp met die fisiese bouwerk, min wetende dat hy as afgestudeerde student met proponentstatus later daar as personeellid sou diens doen.

In 1997 begin hy, in samewerking met die Ned.Geref. Gemeente Wonderboom, 'n Bybelskool te Macia in Mosambiek. Reeds in dieselfde jaar het studente van Universiteitsoord hom gaan help met die bou van die Bybelskool.

7.3.5 Straatwerk

Tussen al die kampe, toere en uitreike was daar ook altyd die studentegelowiges met die passie om die boodskap van Christus se verlossing uit te dra. Ook in hierdie behoefte is daar lank deur Universiteitsoord voorsien met *Straatwerk* wat die kanaal geskep het vir hierdie studente met brandende harte vir die evangelie. Vrydag- en Saterdaggaande het hulle op georganiseerde basis hoofsaaklik die middestad en

¹²³ Tshilidzini beteken “plek van genade (<https://www.limpopomirror.co.za/articles>).

¹²⁴ Ds Willem Nel was tydens sy teologiese studies aan die UP vanaf 1987 tot 1992 in Sonop, het 2 jaar op die HK gedien en het in sy laaste jaar in die koshuis die gesogte *Garrietrofee* ontvang (Sonop Argief).

Sunnyside besoek. Nie net is traktaatjies uitgedeel nie, maar is daar gesprekke gevoer en selfs vriendskapsbande gebou. Hierdie groep het ook onderling projekte gereël om fondse te in vir hul onkoste (Die Koord, September 1981).

7.3.6 Eerstejaarskampe

Universiteitsoord se eerstejaarskampe gaan sover terug as 1974, toe twee van die destydse studenteleraars, di. Madder Steyn en Maans Steyn, die eerste volwaardige kamp te Badseloop buite Naboomspruit (Mookgopong) gehou het.

Vir een van die huidige studenteleraars, dr Ronel Meylahn, wat ook Sonop se wykspredikant is, is die eerstejaarskampe vir haar die ideale geleentheid in die bediening waar sy jaarliks 'n band met die nuwe eerstejaars smee, verhoudings bou en die werksaamhede van Universiteitsoord bekend stel (Persoonlike vraelys, 2015).

7.3.7 Hartkom

Die opdrag tot diens van barmhartigheid van die Here Jesus in Lukas 10:37 *Gaan maak jy ook so* (NAV) is nog altyd op 'n praktiese manier deur die studentelidmate van Universiteitsoord gedoen.

Vir lank was Hartkom die spil waarom hierdie bedieningsveld gedraai het. Ouetehuise, kindertehuise, asook skole soos die Skool vir Serebraalgestremdes, Transoranjeskool vir Dowes en Prinshofskool vir gesigsgestremdes is op gereelde basis, veral Sondagmiddae, deur studente van Universiteitsoord besoek om die roeping van hul Meester *Gaan maak jy ook so* uit te leef.

7.3.8 C-Kruis

C-Kruis het in 1994 onder 'n groep jong kunstenaars ontstaan wat hul talente vir 'n jaar aan Christus gewy het. Hulle strewe was om deur sang, drama en musiek die evangelie oor te dra. Alhoewel onder beheer van Universiteitsoord, was C-Kruis self verantwoordelik vir hul fondse en ook by die landswye Diensjaar vir Christus geaffilieer. Twee jaar later, in 1996, het die Ned.Geref. Gemeente Lynnwood die

bestuur oorgeneem en is die naam verander na 13th Floor (https://issuu.com/lynnwoodng/docs/afkondigings_16_oktober_2011).

7.3.9 Kaskar-kermis

Een van Universiteitsoord se grootste bronne van inkomste is die bekende Kaskar-kermis wat jaarliks gehou word. Buiten dat die gemeente hierdeur fondse in, bied dit jaarliks vir laerskool- en hoërskoolleerders, asook honderde studente, ongeag hul kerklike verbintenis, die geleentheid om in 'n feestelike stemming met kaskarre teen mekaar te kompeteer.

Sonop is op velerlei wyses hierby betrokke: dit het tradisie geword dat Sonop se eerstejaars voor elke byeenkoms help om die baan te bou, Sonopouers skenk gereeld vrugte in grootmaat vir die stalletjies se verkope en, buiten dat Sonop byna jaarliks die toekenning ontvang vir die koshuis wat die beste bywoning het, is hulle gereeld op die podium as weners van die wedren self.

7.4 Pastorale versorging

Nie net is die studentelidmate van die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord bevoorreg om, soos hierbo aangedui, op 'n verskeidenheid arbeidsvelde hulle Koning te dien nie, maar word daar vanaf gemeentestigting al vir 56 jaar groot erns gemaak met die pastorale versorging van die jongmense:

7.4.1 Studenteleraars en prediking

Net soos enige ander predikant in die Ned.Geref. Kerk tydens sy bevestiging in 'n gemeente na die Bevestigingsformulier luister en aanhoor dat die amp van die bedienaar van die Woord onder andere die verkondiging van die Woord en die diens van die gebede omvat, gebeur dit ook met die studenteleraar by bevestiging.

Cilliers noem in sy navorsingstudie oor Universiteitsoord se eerste vyftig jaar (1960 – 2010) dat een van die belangrikste take van studenteleraars juis die Woordverkondiging is en dat hulle talle opwindende geleenthede kry om die Woord te verkondig. Buiten die formele eredienste – hoofsaaklik die aanddienste – het elke

leraar ook ten minste ses wyksdienste. Daar is ook meer informele geleenthede vir Woordverkondiging, soos by wyksbyeenkomste, studentebidure, bloktydbidure, verskillende kampe, ensovoorts (Cilliers, 2019:46).

In hul Studentebedieningsverslag vir die tydperk 1 Januarie 1978 tot 31 Desember 1978 doen die span studenteleraars soos volg verslag oor die prediking deur hulle as studenteleraars:

Die geweldige verantwoordelikheid om die Woord van die Waarheid vir 'n studentemassa reg te sny, word terdeë besef. Ons is dankbaar om te kan meld dat 'n groot persentasie van die studente wat ons eredienste bywoon, dit op 'n intelligente en meelewende wyse doen. Daar ontstaan dikwels gesprekke, verdieping en lewensvernuwing na aanleiding van die prediking.

Dr Willem Nicol het na dertig jaar as studenteleraar by Universiteitsoord tydens sy afskeidsgeselligheid vir interessantheid genoem dat hy by nagenoeg 880 geleenthede die Woord van die Here verkondig het – eredienste, wykseredienste en kampe (Cilliers, 2010:76).

7.4.2 Deeltydse bearbeiding deur teologiese studente en teologiese dosente

Met die geweldige groei van studentegetalle aan die Universiteit en die toename van studentelidmate in die gemeente kon die studenteleraars nie hul pastorale werk onder die studente so intensief as wat hulle sou wou, doen nie.

Op die Kerkraadsvergadering van 21 April 1969 stel die twee studenteleraars, ds Madder Steyn en dr Andrie du Toit, die stelsel van deeltydse huisbesoekers voor, waarvoor teologiese studente gebruik sal word. Drie van die eerste ses aangestelde huisbesoekers was Sonoppers – Henri Cronjé, Nick Bezuidenhout en Riempies Prinsloo.

Twee jaar later word die deeltydse huisbesoekers verder uitgebrei deurdat teologiese dosente ook aangestel word. So word dr Andrie du Toit wat op 25 Oktober 1970 demissie ontvang het na sy benoeming as dosent in Nuwe Testament by die Ned.Geref. Kerk se Teologiese Fakulteit, as deeltydse huisbesoeker aangestel. Kort na hom volg ook proff S du Toit en CWH Boshoff, drs CI van

Heerden en C Borchardt. Boshoff en Borchardt was beide oudsonoppers (NGK Universiteitsoord, 18/01/1971).

7.4.3 Groep- en huisbesoeke

Die grondslag vir groep- en huisbesoeke is deur ds Kobus Potgieter, eerste studenteleraar van die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord, gelê. In sy Studenteleraarsverslag vir die tydperk Januarie 1963 – Augustus 1963 doen hy soos volg verslag:

Danksy die samewerking van die studentekerkraad en veral die werk van die skakelkommissies, kon ons vanjaar lidmate op 'n skaal en wyse besoek waarna ons nog altyd uitgesien het, maar nog nooit kon regkry nie. Saam met die betrokke ouderling in die meeste gevalle kon ons 'n volle week aan elke wyk afstaan en elke aand vanaf na ete tot selfs 11.00 nm of later ons lidmate in groepies van 10 – 12 elke halfuur ontmoet. Die gesprekke het suiwer oor kerklike, gemeentelike en geestelike sake gegaan en dan is die uitnodiging aan elkeen gerig om 'n afspraak te maak indien verlang word dat daar oor die een of ander vraag of persoonlik en intiem gesels moet word. Die reaksie was bemoedigend. (Studenteleraarsverslag, Januarie 1963 – Augustus 1963)

7.4.5 Persoonlike gesprekke

Tussen al die massabyeenkomste en groepbesoeke is daar altyd nog in Universiteitsoord tyd en plek vir persoonlike gesprekke tussen 'n studentelidmaat en 'n studentepredikant. In genoemde Studentebedieningsverslag van 31 Januarie 1978 tot 31 Desember 1978 word daar in die statistiekkolom vermeld dat daar in dié spesifieke jaar gesamentlik deur die studenteleraars 928 persoonlike gesprekke plaasgevind het. Alhoewel van die gesprekke tuis by van die pastorieë plaasgevind het, verkies die studente om van die Studenteleraarskantoor op die kampus gebruik te maak.

Dr Ronel Meylahn, een van die huidige studenteleraars, bevestig hierdie behoefte aan persoonlike gesprekke te midde van die massa as sy skryf: *Inwoners maak gereeld afsprake vir persoonlike gesprekke op die kampus, by die kerk of pastorie – hierdie vrymoedigheid van hulle kant is baie besonders en 'n toonbeeld dat Universiteitsoord vir hulle 'n veilige tuiste in die stad skep (Persoonlike vraelys, 2015).*

7.4.6 Pastoriebesoeke

Studenteleraars besef baie goed dat persoonlike kontak met studente sonder Pastoriebesoeke onmoontlik is. Twee leraars beskryf hulle ervaring van hierdie unieke aspek van studentebediening soos volg:

Ds Kobus Potgieter –

Dat ons vir soveel jare so nou met studente kon lewe en saamwerk, sal ons nooit vergeet nie. Ter wille van statistiek het ons een jaar getel: ongeveer 1 000 studente het Sondagaande na kerk ons huis besoek, ongeveer 1 000 studente was Woensdagaande in ons huis saam vir die week se biduur, en ongeveer 'n 1 000 het gedurende die jaar vir een of ander rede by ons huis in- en uitgestap – 'n totaal van 3 000 in een jaar. Hoe ryk en vol was ons lewe nie. (Die Koord, Oktober 1967)

Dr Ockie Raubenheimer –

Ons huis skuins oorkant Sonop op die hoek van Murray- en Haystrate was 'n kuierplek vir baie Sonoppers, veral omdat Annette altyd iets gehad het wat die nonnie se kos kon aanvul! (Persoonlike vraelys, 2015)

7.5 Universiteitsoord se nuwe bedieningsvisie

Universiteitsoord het van stigting af die geestelike bediening van sy studentelidmate hoog geag en daadwerklik gepoog om hulle in 'n veranderde en veranderende wêreld effektief te bedien, en so toe te rus dat waar hulle ook al na hul studentedae beland, hulle die gemeenskap en die kerk van Christus in sy Naam sal dien.

So het die gemeente in 2009 verklaar:

Die gemeente waaraan ons behoort is al sedert ons stigting in 1960 aan die beweeg op 'n geloofsreis waarop God ons lei. Min het ons besef hoe die omgewing rondom die kerkgebou en die omstandighede op die kampus en in die wêreld dramaties sou verander, veral in die afgelope jaar. (Die Koord, Julie 2009)

Hierdie geloofsreis is al reeds 'n jaar tevore, in 2008, die naam gegee van *Die Pelgrimstog*, met die idee dat daar langs hierdie pelgrimstog by verskillende geloofstasies besoek afgelê kan word.

So is die voorportaal van die Kerksaal ingerig as 'n *Studio* – die pelgrim se *brein*, vanwaar die spreekkamer en toerustingsprogramme bedryf word. Die ou moederskamer is in 'n *Kapel* verander – die pelgrim se *longe* waar die wêreldse uitgeasem en die Goddelike ingeasem kan word – 'n rustige en geborge plek van aanbidding en stilte wat fokus op spiritualiteitsontwikkeling. Die ou Kerksaal is die *Die Oord/Hub* – die *hart* van die pelgrim – 'n welkome uithangplek en kuieroord met voedselverskaffers, rekenaars, internet en musiek (Cilliers, 2010:73,74).

Met die nuwe bedieningsvisie is ook nuwe name aan die verskillende studentewyke gegee, name wat vir ouers en besoekers by Universiteitsoord vreemd op die oor val: Amicus, Tightly Bound, Luvit¹²⁵ en Adam's Family.

Universiteitsoord hou ook tred met die nuwe neiging na meer informele eredienste, veral wat die aanddiens betref. Met die instap by 'n aand-erediens verrai die studente se informele kleredrag reeds iets daarvan, maar word jy verder gou daarvan bewus tydens die voorsang waar die tradisionele orrel op die agtergrond geplaas word en die orkes met kitare, sleutelbord, dromme en trompet die begeleiding doen. Die nuwe neiging om hoofsaaklik Engelse aanbiddingsliedere voor en tydens die erediens te sing kom ook algemeen voor.

Alhoewel die Woordverkondiging gereeld aangevul word deur toepaslike beelde vanaf 'n dataprojektor, word dit diskreet gebruik en dien werklik tot aanvulling van die prediking wat, soos deur al die jare nog, suiwer en sterk Bybelsgefundeer is.

Alhoewel die getal Sonoppers wat aan die wye verskeidenheid aktiwiteite deelneem, sonder twyfel afgeneem het, ervaar diegene wat wel inskakel, hul geloofsreis positief en 'n groot hulp op hul pad na heiligmaking.

125 Sonop val saam met Klaradyn, Madelief, Mopanie, Liliium, Inca, Zinia en Kiaat in die Luvit-wyk, met dr Ronel Meylahn as studenteleraar (Cilliers, 2010:74).

7.6 Studenteleraars van die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord oor Sonoppers as lidmate

Sommige oud- en huidige studenteleraars beskryf hulle ervaring van Sonoppers as lidmate van die studentegemeente soos volg:

- **Ds Maans Steyn (7 Februarie 1971 – 25 Junie 1978)**

In sy bydrae *Saam met die Kerk* in die Sonop 60 Gedenkblad skryf hy:

In die gemeente waartoe Sonop behoort, dra die koshuis sy volle gewig. Leiers in die gemeente se kerkjeugaksie is, ten spyte van die oorweldigende getalle van ander koshuise, dikwels Sonoppers. In die diakenbank dra Sonoppers gereeld die wit das en wat hulle maandelikse bydraes betref, gebeur dit al vir die afgelope paar jare dat Sonop s'n die hoogste per lidmaat per jaar is. Sonop se inisiatief om bykomende pogings te loods om die kerkskuld te delg, lewer gereeld resultate.

Die Christelike stempel in Sonop druk inderdaad wyer af as wat dikwels oppervlakkig geoordeel word. Sonop en die Kerk se verhouding is meer verweef as wat baie mense dink – en dit omdat die deursnee Sonopper self “Kerk” is. (Sonop 60 Gedenkblad:16)

- **Prof Malan Nel (14 April 1975 – 17 April 1977)**

My verhouding met studenteleiers in Sonop sal my bybly. Nie alleen het hulle dikwels en “laaank” by die pastorie gekuier nie, maar het my ook vertrou en toegelaat om met hulle eerlik te wees oor hulle rol en bydrae tot die studentelewe.

Ek glo dat Sonop die naam “Sonop Christelike tehuis” waardig was, maar het soms gevoel (en dit ook eerlik kon deel) dat hulle (nog) meer kon doen om die radikale karakter van die navolging van Christus meer konsekwent uit te leef – veral op die rugbyveld. Maar hulle was mos ook net studente wat met die studente-insig tot hul beskikking jonk en Christen was. (Persoonlike vraelys, 2015)

- **Dr Willem Nicol (29 Januarie 1976 – 21 Mei 1980)**

Bybelstudiegroepe was vir my belangrik in die sin dat ek wou sorg dat hulle goed funksioneer. Ook persoonlike besoeke was belangrik – so ver moontlik by almal.

Ek kon voel hoe Universiteitsoord hulle help om van tienervroomheid te ontwikkel na 'n meer volwasse benadering tot die geloof en die lewe.

Een van die hoogtepunte was die kontak met inwoners wat Christelik-krities begin dink het oor ons samelewing en die gesprek daaroor. (Persoonlike vraelys, 2015)

- **Ds Gerhard Koen (6 November 1977 – 14 November 1982)**

Sonop se keuringsproses maak dat die room van die kerk se jongmense in Sonop verblyf vind. Daar slyp hulle ander, maar word ook self geslyp deur ander wat sterk leiers is. Ek dink hier aan mense soos Nelus Niemandt, André Bartlett, Kobus Sandenbergh en Corrie Potgieter. Omdat hulle kerklik betrokke is, groei hulle ook geestelik. Universiteitsoord het hulle verryk, maar hulle ook Universiteitsoord.

Ek sou my in daardie tyd kwalik Tukkie en Universiteitsoord kon voorstel sonder Sonop. Die gemeente en die universiteit sou veel armer gewees het. (Persoonlike vraelys, 2015)

- **Dr Ockie Raubenheimer (9 Mei 1982 – 29 Julie 1990)**

In my bediening staan VERHOUDINGS sentraal. Hierdie verhoudings het nie begin by persoonlike of groepsbesoeke nie. Die sosiale kontak met studente in die eetsaal, rondom die snoekertafel, langs die rugbyveld, by die Jool, saam op die konsert- en draftoere en op kampe het wonderlike ruimtes geskep vir verhoudingsbou en bediening. Dit het dan spontaan oorgegaan in persoonlike en groepsbesoeke.

Dit was my voorreg om 'n spesiale pad saam met Paul Grobler, latere studenteleraar by Universiteitsoord en ook gemeenteleraar te kon stap. Besonders was ook die planne wat ek saam met Louis Britzz en Jaco Roos gemaak het om saam met Chris Lamprecht vernuwing in die gemeente se musiekbediening te bring.

Daar was altyd Sonoppers, wat getrou aan hulle oortuiging, groot bydraes gemaak het as leiers op die Tukkiekampus en later in die samelewing. (Persoonlike vraelys, 2015)

- **Prof Piet Strauss (6 Februarie 1983 – 20 Maart 1988)**

My voorkeur bediening aan die Sonoppers was persoonlike kontak tydens huisbesoek en ander persoonlike afsprake waar daar nie rugby gepraat is nie, maar geloofsake. Na Dinsdagaande se huisbesoek is daar met 'n biduur afgesluit.

Natuurlik was Sonop nie die hemel nie, maar tog was daar 'n sterk. Christelike stem (Persoonlike vraelys, 2015)

- **Ds Barry van der Merwe (8 Mei 1988 – 12 November 1995)**

Twee van vandag se jonger geslag predikante naamlik Immanuel van Tonder en Zander van der Westhuizen was in my jare as studenteleraar in Sonop en het voortreflike leiding in Universiteitsoord se studente-aktiwiteite geneem.

Sonop het 'n goeie naam onder die studente gehad. (Persoonlike vraelys, 2015)

- **Ds Paul Grobler (4 November 1990 – 28 November 1999)**

Die waarde van die erediens – en veral aktuele prediking – in 'n studentegemeente is van kardinale belang. Die persoonlike kontak met studente wat ek as studentelidmaat in Sonop ervaar het, het op my afgevyrf en was deel van my bediening aldaar. (Persoonlike vraelys, November 2015)

- **Ds Tienie Bosman (11 Augustus 1996 – 1 Februarie 2004)**

Sonoppers was geweldig betrokke by die gemeente. Hulle deelname aan veral die Kaskar-kermis het altyd beïndruk, asook hulle dankofferbydrae wat per lidmaat die hoogste was.

Fouché de Wet, vandag self 'n predikant, het as Sonopper by verskeie projekte, soos Mangwene en die Willem Nel in Mosambiek, met onderskeiding die leiding geneem. (Persoonlike vraelys, 2015)

- **Ds Immanuel van Tonder (7 Mei 2000 – 26 Augustus 2007)**

My klem het gelê op gereelde teenwoordigheid by die koshuis, bywoon van kultuurgeleenthede, sport en kampe. Besonders was ook die Bybelstudiegroepe en wykservedienste op die Weste se grasperk.

Een van die inwoners, Barn Burgers, was baie betrokke en het 'n groot impak gehad in die gemeente en latere lewe. (Persoonlike vraelys, 2015)

- **Dr Ronel Meyhlan (6 Augustus 2006 –)**

Met die wykstelsel is daar jaarliks Sonoppers op die wykskomitee wat sorg dat al die gemeente se aktiwiteite gekommunikeer word en dien as skakel tussen my en die koshuis. Hulle, saam met die HK-lid vir Geestelik, kommunikeer aan my wanneer iemand byvoorbeeld swaarkry, 'n erge liefdesteleurstelling beleef of huislike probleme ervaar.

Veral die eerstejaarskamp skep geleentheid om die grootste deel van die Sonop eerstejaarsgroep te leer ken, verhoudings te bou, vertroue te skep en die gemeente bekend te stel. Deur die jaar word kontak gehou met die eerstejaars.

Inwoners maak gereeld afsprake vir persoonlike gesprekke op die kampus of by die kerk – hierdie vrymoedigheid van hulle kant is baie besonders en 'n toonbeeld dat Universiteitsoord vir hulle 'n veilige tuiste in die stad skep. (Persoonlike vraelys, 2015)

- **Ds Fritz Snyman (18 Oktober 2009 –)**

As studentepredikant nie spesifiek verantwoordelik vir Sonop nie, leer ek die Sonoppers op 'n ander vlak ken as my kollegas spesifiek verantwoordelik vir Sonop.

By Universiteitsoord se jaarlikse Kaskar-kermis (Universiteitsoord se grootste jaarlikse fondsinsameling) het dit tradisie geword dat Sonop se eerstejaars die baan met groot toewyding bou. Ook is Sonop op 'n gereelde basis op die podium wanneer die wenners van die kaskarkompetisie aangewys word.

Sonoppers speel ook by Universiteitsoord se jaarlikse eerstejaarskampe 'n belangrike rol. So het ek die voorreg gehad om met Dawie Marx en Louis Venter saam te werk – Dawie onderskeidelik as voorsitter van Universiteitsoord se eerstejaarskampe en Louis as kampleier van “Luvit” (een van die leraarswyke) se eerstejaarskamp. Beide het hulle uitmuntend van hulle taak gekwyf. (Persoonlike vraelys, 2015)

7.7 Herinneringe van oudSonoppers

'n Paar oudSonoppers vir wie die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord tydens hulle Sonopjare hul geestelike tuiste was, roep hul verbintenis met Universiteitsoord in herinnering.

7.7.1 Teologiese studente

Op die vraag in watter mate die bediening van Universiteitsoord 'n invloed op hul latere bediening gehad het, het enkeles soos volg daarop reageer:

- Nick Bezuidenhout was in Sonop vanaf 1964 tot 1970. Hy het aktief by die Bybelstudiekringe ingeskakel en was betrokke by dienswerkkampe en konserttoere.

Ja, beslis. Veral die goeie preke in 'n ontvanklike stadium van my lewe, asook die opbou deur betrokkenheid by die aktiwiteite soos Bybelstudiegroepe, dienswerkkampe, konserttoere, ensovoorts.

- Attie van Niekerk was in Sonop vanaf 1969 tot 1973. Hy het as diaken gedien en aktief aan Sendingkring se aktiwiteite deelgeneem.

Universiteitsoord het my gehelp om my geloof as 'n saak van vreugde te ervaar.

- Jannie van Eeden was in Sonop vanaf 1972 tot 1978. Hy het die Jeug-tot-Jeugaksie-kursusse bygewoon en was betrokke by sendinguitreike, dienswerkkampe en konserttoere.

Ja, beslis. Die Evangelieverkondiging het my geestelik verdiep en tot geestelike volwassenheid gelei en die praktiese aktiwiteite soos persoonlike werk en sendinguitreike vrymoedigheid gegee om diensbaar te wees.

- Kobus Sandenbergh was in Sonop vanaf 1973 tot 1979. Hy het as diaken gedien en was aktief betrokke die destydse UKJA-byeenkomste en -aktiwiteite.

Die persoonlike verhouding en vriendskap met die leraars en die deelwees van 'n dinamiese gemeente en uitstekende prediking het my uitgedaag om te groei. Dit was juis die koppeling tussen die teologie wat jy leer wat op die praktyk van die gemeente en lewe gestalte moet kry.

- Terence Cook was in Sonop vanaf 1974 tot 1980. Hy was aktief betrokke by die destydse UKJA-byeenkomste en -aktiwiteite.

Die persoonlike verhouding met die studenteleraars, meer as die NG Kerk as institusie, was die grootste invloed op my lewe en bediening.

- Paul Grobler was in Sonop vanaf 1977 tot 1983. Hy was baie aktief by Universiteitsoord se werksaamhede, veral eerstejaarskampe.

Die persoonlike huisbesoeke in ons kamers het my laat besef hoe belangrik persoonlike kontak met jou lidmate is. Dit is tot vandag vir my 'n hoë prioriteit.

Die ruimte wat aan ons as studente gegee is om verantwoordelikheid te neem het my nie net goeie ervaring laat opdoen nie, maar ook tot die besef gebring hoeveel waarde aktiewe lidmate tot 'n gemeente kan toevoeg.

Die waarde van goed voorbereide eredienste – veral die prediking en die liturgie – het in my vasgesteek en inspireer my tot vandag toe in my voorbereiding. (Persoonlike vraelys, 2015)

7.7.2 Nie-teologiese studente

Op die vraag of die geestelike bediening van Universiteitsoord op een of ander wyse bygedra het tot hul eie geestelike groei en voorbereiding vir die latere lewe, het onderstaande oudSonoppers soos volg geantwoord:

- Jan Breytenbach was in Sonop vanaf 1967 tot 1972. Hy was betrokke by Sendingkring en ook voorsanger by Woensdagaande se bidure.

Ja. Die invloed van die studenteleraars en die gemeenskap met ander gelowiges – veral dié wat aktief hulle Christenskap uitgeleef het – was 'n intense onderskraging vir my.

- Hannes de Villiers was in Sonop vanaf 1972 tot 1975. Hy was betrokke by Sendingkring, Sendingwerkerskampe en straatwerk.

Verseker. Na my universiteitsloopbaan en inskakeling by Universiteitsoord het ek dieper betrokke geraak by my gemeente se Evangeliebediening, jeuggroepe, diakens en ouderlinge.

- Gerard de Villiers was in Sonop vanaf 1975 tot 1977. Hy was betrokke by Sendingkring, straatwerk, konserttoere. Ook het hy vir drie jaar die sangleiding na die aanderedienste op die Ouerplein¹²⁶ begelei.

Verseker. Die studenteleraars het baie moeite met hulle bediening gedoen en saam met ons die geloofspad gestap.

- Riaan Jacobs was in Sonop vanaf 1975 tot 1980. Hy het aktief deelgeneem aan dienswerkkampe, Hartkom, konserttoere, eerstejaarskampe en ook op die UKJA-bestuur gedien.

Absoluut. My basis van geestelike groei was gebou tydens studentedae terwyl ek die organisatoriese vaardighede wat ek aangeleer het, toegepas het by elke gemeente waar ek was. Was ook betrokke by kampe in gemeentes, by jeugbediening, kerkrade, kategeese en selgroepe.

- Laurie Olivier was in Sonop vanaf 1977 tot 1980. Hy was veral betrokke by konserttoere en dienswerkkampe.

Absoluut. Dit het my geestelike fondasie gesementeer wat die springbord was tot my geestelike leierskap na universiteit. Ek het heelwat kerkjeugaksies hierna gelei, asook evangelisasie- en dienswerkkampe waar honderde mense hulle harte vir die Here gegee het.

- Carel Kriek was in Sonop vanaf 1983 tot 1987. Hy was betrokke by eerstejaarskampe en UKJA se Sondagaandbyeenkomste.

¹²⁶ Die Ouerplein is die groot geplaveide area voor die ingang van die houtdeure aan die Oostelike kant van die kerkgebou. Die doel is om die ouers van studente wat deur die jare saamgebied en saamgewerk het in ere en in gedagtenis te hou. Die koperplaat in die middel dra dan ook sodanige inskripsie (Cilliers, 2013:15).

Ja, beslis – studenteleraars was goeie rolmodelle en in voeling met ons studente.

Terugskouend lei dit geen twyfel nie dat die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord, in die woorde van dr Ronel Meylahn tydens Sonop se Eeufeesvieringe, die voorreg om die afgelope 56 jaar by Sonoppers se geestelike versorging betrokke te kon wees, ten volle benut het. Nie net was die prediking Skriftuurlik en prakties op die studentegemeenskap gerig nie, maar het studenteleraars met liefde en begrip uitgereik en die studente op hulle geloofspad begelei. Verder het die gemeente legio geleenthede aan die studente gebied om hulle geloof prakties uit te leef – die ideale leerskool vir hulle meeleving in die latere gemeentes waar hulle diensbaar kon wees en nog steeds is.

Die realiteit is egter dat die groot getal groeiende studentelidmate wat in die laat 1950's die afstigting van die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos genoodsaak het, drasties aan die afneem is. Die rede hiervoor is hoofsaaklik toe te skryf aan:

- die onomkeerbare en snelle verandering van die demografiese samestelling van die studente van die Universiteit van Pretoria met die gepaardgaande Engelse taalbeleid; en
- die oplewing van die charismatiese beweging waarby talle studente, wat tuis nog in hulle plaaslike Nederduits Gereformeerde gemeentes belydenis van geloof afgelê het, inskakel.

Hierdie harde werklikheid beteken egter nié die einde van die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord se ses-en-vyftigjarige bestaan nie. Met die drie huidige toegewyde studenteleraars in dr Ronel Meylahn, ds Fritz Snyman en ds Jana de Lange, asook die gemeenteleraar, dr Arno Meiring, is die gemeente 'n aktiewe geloofsgemeenskap wat sy leuse *Behoort en Beweeg*¹²⁷ elke dag in verskeie gestaltes uitleef.

¹²⁷ *Behoort en Beweeg* – hierdie leuse pryk op al Universiteitsoord se dokumente, asook op die hoek van Duxburyweg en Heroldstraat (Kerkalmanak 2017 en naambord buite).

HOOFSTUK 8

UITBREIDING EN BEHOUD VAN SONOP TE MIDDE VAN MOEILIKE FINANSIËLE OMSTANDIGHEDE

8.1 Uitbreiding van fasiliteite en woonkwartiere

Die Ned.Geref. Kerk se betrokkenheid by Sonop het wyer gestrek as net die geestelike versorging van sy inwoners, soos in die vorige hoofstukke beskryf – aanvanklik deur die Ned.Geref. Gemeente Pretoria, toe deur die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos en vanaf 1960 deur die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord.

'n Mens staan verstom as jy sien hoe Sonop onder die bestuur van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos, wat fasiliteite betref, uitgebrei het. In sy bydrae *Die geskiedenis van Sonop se geboue* vertel oudSonopraad- en Restourasiekomitee-voorsitter van die 2013 – 2016 restourasieprojek, Danie Slabbert, die geskiedenis van die uitbreiding van Sonop se fasiliteite kronologies (Sonop Eeufees Gedenkboek:149–155):

- 1921 Kombuis, eetsaal en ses mansjoene
- 1922 Aankoop van Goedhalshuis as anneks en aangrensende erwe
- 1937 – 1939 Nuwe mansjoene (vierkantige huisies), badkamers
- 1941 Pastorie word gebou as huisvaderwoning
- 1942 'n Swembad en twee tennisbane word gebou
- 1943 – 1944 Die ou enkelvlak-Stalle word gesloop en die nuwe dubbelverdieping-Stalle word gebou

Na die oordrag van Sonop aan die Sinode in 1948 gaan die kerk voort om in hierdie besondere belegging van hom te belê deur verdere fondse aan te wend om die fasiliteite te verbeter. Dit is nou egter nie meer die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos nie, maar die Sinode:

- 1949 'n Fietsloods en motorhuise word gebou

- 1951 Die Ooste/Weste-badkamerblok word gebou¹²⁸
- 1953 – 1956 Elektriese warmwaterstelsels word geïnstalleer en die kombuis word gemoderniseer
- 1955 – 1956 Die Noordebakamers word gebou – hoofsaaklik ter wille van oorbesetting en verdere aanbou van kamers wat sou volg

Vanaf die laat 1950's en met Sonop nou die eiendom van die kerk, het daar verdere ingrypende uitbreidings in Sonop gekom wat betref bykomende woonruimtes vir studente. Tot op daardie stadium kon Sonop 104 studente huisves, waarvan tien in die ou Victoriaanse huis¹²⁹ van die oorspronklike eienaar, meneer Archie Struben, gewoon het.

Die eerste geluide van hiërdie bykomende woonruimtes was op die Sonopraadsvergadering, gehou op 16 Oktober 1958, toe daar besluit is om 'n subkomitee aan te stel met ds Kobus Potgieter as sameroeper. Hierdie komitee sou twee moontlikhede ondersoek en by die volgende vergadering terugvoer gee:

- Die aankoop van 'n addisionele gebou op die hoek van William- en Mackenziestrate.
- Die oprigting van 'n nuwe gebou.

Die subkomitee se verslag het op die volgende Sonopraadsvergadering van 17 November 1958 gedien. Die voorstel op die tafel was om nie die beskikbare eiendom aan te koop nie, maar dringend aandag te skenk aan die oprigting van addisionele gebou vir huisvesting.

Hierdie voorstel is soos volg gemotiveer:

- Dit is wetenskaplik bepaal dat 150 die mees ekonomiese eenheid vir 'n manskoshuis aan die Universiteit van Pretoria is en 150 nie so groot is dat die eiesoortige karakter van Sonop in die gedrag sal kom nie.
- Die studentegetalle aan die Universiteit van Pretoria toon elke jaar 'n groot toename. Die Universiteit kan nie daarin slaag om genoegsame huisvesting te

128 Hierdie Ooste/Weste-badkamerblok is die enigste gebou wat met die tweede restourasieprojek van 2013 – 2016 a.g.v. sy swak konstruksie tot op die fundamente afgebreek en oorgebou is (Sonop Eeufees Gedenkblad:155).

129 Daar is in die algemene omgangstaal in Sonop na hierdie ou statige woning verwys as die "Hoofgebou" (Verslag voor Sonopraadsvergadering, 17/11/1958:1).

bied nie. Al meer studente sal van ongewenste en ontoereikende huisvesting gebruik moet maak, veral indien daar nie hulp van elders kom nie.

- 'n Opname onder studente het getoon dat 66.6% van alle Tukkiestudente lidmate van die Ned.Geref. Kerk is, terwyl hierdie kerk se koshuis (Sonop) op een na die kleinste van al die Universiteit se koshuise is.
- Die Stadsraad van Pretoria het onlangs geweier om 'n sekere perseel vir die oprigting van 'n studentesentrum aan die Kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos te skenk, op grond van die feit dat die perseel van Sonop onderbou en gevolglik onderbewoon is.
- 'n Susterskerk het reeds die losiesprobleme ingesien en oorgegaan om sy bestaande koshuis uit te brei sodat dit in die toekoms ongeveer 170 studente sal kan huisves. Die grootste deel van hierdie studente is lidmate van die Ned.Geref. Kerk.
- Sonop neem reeds en moet vorentoe 'n al groter rol onder die studente van die Universiteit speel en daarom is dit gebiedend noodsaaklik dat die koshuis ten minste in verhouding met die ander koshuise gebring moet word.

Die aanvanklike planne was 'n drieverdiepinggebou met 74 kamers, badkamergeriewe, 'n sitkamer, linnekamer en pakkamer. Hierdie nuwe fasiliteit sou behels dat die ou hoofgebou gesloop moes word en die inwonertal tot 178 sou styg.

Op 12 Februarie 1959 onderteken sewe oudHuisvoorsitters 'n skrywe waarin hulle beswaar maak teen bogenoemde uitbreiding: WJG Lubbe – Sameroeper (1947), TP Smith (1948), WL Maree (1949), AH van Zyl (1950), DR de Villiers (1951/2), JA Lombard (1954) en GE Rautenbach (1957).

Die ondertekenaars het enkele “vereistes” in hulle skrywe gestel:

- Die inwonertal van Sonop moet nooit hoër as 150 wees nie.
- Die hoofkarakter van die bestaande geboue moet behou word, met ander woorde die vierkantige huisies tussen die grasperklonge.
- Die nuwe kamers moet onder geen omstandighede iets anders wees as enkelkamers nie.

Hul motivering vir die aanteken van beswaar en die stel van enkele “vereistes” is soos volg verwoord:

Die massiwiteit van die voorgestelde gebou skend die milieu van eenvoud; sy hoogte verdwerg die karakteristieke mansjoene; die massa-inwoning oorheers die intiem-huislike van die verspreide vierkamer-huisies; sy moderniteit versteur die geliefde en tradisieryke ouderwetse van die tehuis en dit val argitektonies en esteties totaal buite die toon van die hele huis.

Die versoek van hierdie “beswaarde” oudHuisvoorsitters het nie op dowe ore geval nie. Op die Sonopraadsvergadering van 22 Junie 1959 word ’n nuwe plan van die argiteksfirma Meiring & Naudé voorgelê, wat baie van die versoeke hierbo genoem, in oënskou geneem het. Volgens die kosteberekening deur die firma Borckenhagen & Louw het dit verder geblyk dat daar weinig verskil in koste sou wees.

Stadig maar seker het dinge in plek gekom vir die bouery. Nadat twaalf tenders vir die bouwerk ontvang is, word die tender van ene J Huisman vir £26 755 aanvaar (Sonopraad, 06/10/1959). Enkele dae daarna, op 15/10/1959 is die nuus ontvang dat die Noordelike Sinode via die Kerkkantoor-kommissie ’n lening van £25 000 teen 6% rente oor 25 jaar toestaan vir die bouery. Die inwydingsgeselligheid van hierdie nuwe fasiliteite het op 22 Junie 1960 plaasgevind. Vir die bestryding van die geselligheid se kostes is £20 goedgekeur (Sonopraad, 16/06/1960).

Alhoewel daar later verdere pogings was om Sonop se beskikbare behuising nóg uit te brei, het nie een daarvan tot aan die einde van Sonop se eerste eeu en daarna tot in 2016 gerealiseer nie.

In min of meer dieselfde tyd as Universiteitsoord se kerkbouprogram, het die Kerk enkele kilometers wes in die voorstad Sunnyside ook sy hand na studente van die Onderwyskollege van Pretoria uitgereik met die bou van die Ned.Geref. Kerk Harmonie¹³⁰ se kerkgebou en Jeugtuiste. Hierdie kompleks is op 4 en 5 Augustus 1962 in gebruik geneem. Van die nagenoeg 2 300 onderwysstudente op daardie stadium, was bykans 1 600 lidmate van die Ned.Geref. Kerk. Opvallend dat die

130 Daar is vroeër na die NGK Harmonie verwys as ’n “dubbele-gemeente” vanweë sy 2 groot kontrasterende groepe lidmate, nl. die jeug en die bejaardes (NGK N.Tvl., 17/04/1963:215).

studenteleraar wat daar die leiding geneem het ook 'n oudSonopper was, naamlik ds Dirk Viljoen.¹³¹

Tydens die Derde Sinode van die Ned.Geref. Kerk Noord-Transvaal in April 1963 spreek Viljoen sy dank teenoor die Sinode uit vir die finansiële ondersteuning om hierdie besondere doelwit te kon bereik. Ook wys hy die vergadering op die belangrikheid van die Ned.Geref. Gemeente Harmonie se strategiese belangrikheid van studentebediening onder die onderwysstudente wat later met die dooplidmate van die kerk gaan werk. Dit word al meer erken dat die onderwyser 'n belangrike faktor in Christelike opvoeding is en dat hierdie geestelike arbeid onder die onderwysstudente nie onderskat moet word nie. Daarom is die bediening van dié gemeente nie maar net die taak van een gemeente nie, maar die hele Kerk moet dit vir die gemeente moontlik maak om die werk op 'n doeltreffende wyse te doen (NGK N.Tvl., 07/04/1963:216).

8.2 Sonop in finansiële nood

Ten spyte van die vergrote koshuis, was daar deurlopend groot bekommernis oor die tehuis se finansies en, daarmee saam, Sonop se voortbestaan.

Op 'n Sonopraadsvergadering gehou op 27 September 1968 stel prof Jurie Geldenhuys – waarnemende voorsitter by die vergadering in die plek van die voorsitter prof Ben Marais wat afwesig was – die vraag *Sonop Quo Vadis?* Hy was van mening dat die Sonopraad, in die lig van sy al swakker wordende finansiële posisie, dringend oor die toekoms van Sonop moes besin. Na 'n kort bespreking versoek hy die vergadering dat dié vraag op die sakelys moet bly totdat Marais terug is as voorsitter .

Met die finansiële druk wat jaar na jaar net al swaarder word en ook met die oog op verslag aan die Sinodesitting in 1972, rig die Sonopraad op 29 Junie 1971 'n omvattende skrywe aan die rektor¹³² van die Universiteit van Pretoria. Sekerlik 'n

131 Ds Dirk Viljoen vertel in sy outobiografie *Truspieël* volledig oor sy studente- en Sonopdae, asook sy breër kerklike betrokkenheid (*Truspieël*, ongedateerd:32–50).

132 Prof EM Hamman was vanaf 1970 tot 1981 rektor en het dus die rektorsamp beklee ten tye van die skrywe. Sy voorganger, prof CH Rautenbach (oudSonopper), se ampstermyn het gestrek van 1948 tot 1970 (UP Argief). Die vraag

skrywe wat niemand op 26 Augustus 1948 – toe Sonop weer amptelik in die hande van die kerk gekom het – ooit sou kon droom geskryf sou moes word nie.

Nadat die rektor op die redes vir Sonop se finansiële krisis gewys is – die voortdurende reparasies, die terugtrek van die vrystelling van eiendomsbelasting deur die Stadsraad van Pretoria – word drie versoeke aan die Universiteit van Pretoria gerig:

- Indien die Sonopraad genoodsaak sou word om Sonop te verkoop, sou die Universiteit enigsins in so transaksie belangstel en indien wel, in watter opsig en in watter mate?
- Indien die kerk, teen sy begeerte, genoodsaak word om Sonop te verkoop, en die Universiteit sou belangstel in die transaksie sonder die moontlikheid om te koop, op watter manier kan die Universiteit finansiëel die Sonopraad tegemoet kom om Sonop vir sowel die kerk as die Universiteit te behou?
- Indien die Universiteit nie finansiële hulp kan oorweeg nie, watter ander vorms van hulp kan deur die Universiteit aangebied word ten einde die Sonopraad in sy probleem by te staan?

Die antwoord deur die rektor op hierdie skrywe word op die Sonopraadsvergadering van 24 September 1971 bespreek. Die inhoud van Hamman het kortliks op die volgende neergekom:

- Die kerk word versoek om Sonop te behou.
- Die Universiteit sal behulpsaam wees met die finansiële bestuur van Sonop.
- Die versoek om finansiële hulp moet eerder aan kerklike instellings voorgelê word.

Met 'n duidelike néé van die Universiteit van Pretoria se kant vir finansiële ondersteuning, deel die Sonopraad op die Sinodesitting van die Ned.Geref. Kerk Noord-Transvaal op 24 Mei 1972 en volgende dae in sy verslag die finansiële kommer waarmee hulle worstel.

Drie redes is vir die swak finansiële posisie aangevoer:

sou gevra kon word of die antwoord nie meer positief ten opsigte van Sonop sou wees indien die skrywe in prof Rautenbach se ampstermyn geskryf sou wees nie.

- Die terugtrek van die vergunning deur die Stadsraad van Pretoria dat Sonop kwytgeskeld word van die munisipale belasting, het 'n ekstra uitgawe van bykans R200.00 per maand teweeggebring, wat nie vroeër in Sonop se langtermyn- finansiële beplanning ingereken is nie. Selfs 'n gesamentlike poging deur die Sinodale Kerkkantoorkommissie en die Sonopraad om die kwytskelding geswaai te kry, het geen vrugte afgewerp nie.
- Sonop se losiesgelde kan weens die feit dat bykans die helfte van sy geboue oud en bouvallig is, nie met dieselfde persentasie verhoog word as in die geval van die uiters moderne universiteitskoshuise nie.
- Daar word nog aan die lening van R50 000, wat in 1960 deur die Sinode toegestaan is vir die vergroting van Sonop, terugbetaal. Bykans R40 000 is nog uitstaande, met R986.00 per jaar kapitaaldelging en rente van sowat R3 400.00.

Met bogenoemde donker finansiële prentjie deel die Sonopraad die gedagte met die Sinode om moontlik die oudste gebou op die perseel, die Stalle met 29 kamers, te sloop. In die plek daarvan kan daar dan 'n nuwe dubbelverdiepinggebou met slaapplek vir 100 studente opgerig word, wat die koshuis se totale inwonertal tot 200 kan opstoot. 'n Beraamde koste vir hierdie projek is R160 000.00, plus nog R40 000.00 reparasiekoste vir van die ander geboue.

As gevolg van die dringendheid van die saak, versoek die Sonopraad die Sinode om die Sinodale Kommissie te magtig om enige verhoër van hulle ten beste af te handel (NGK N.Tvl., Mei 1972:489,490).

Saam met die goedkeuring van bogenoemde versoek word daar ook 'n voorstel deur ds GJ Snyman en prof BJ Marais goedgekeur wat bepaal dat die Sonopraad en Kerkkantoorkommissie ondersoek moet instel na die vergroting en/of heropbouing van Sonop. Sou die Sinodale Kommissie 'n spesifieke voorstel goedkeur, kan daar met die plan voortgegaan word met voorbehoud dit geen addisionele koste vir die Sinode moet meebring nie en dat die Sonopraad betaalbaarheid van die projek moet lewer (Acta van die Sesde Sinode van die NG Kerk N.Tvl., Mei 1972:1271).

'n Ongedateerde dokument wat blyk ook 'n voorstel te gewees het tydens die Sinodale gesprek oor Sonop, en onderteken deur G Snyman (Sonop, 1941;1942) en JP Claasen, beeld enersyds die ware Sonopgees onder oudSonoppers uit, maar andersyds ook die belangrikheid van die Kerk se voortgaande betrokkenheid by Sonop.

Ten einde die *geliefde Sonoptehuis* te behou, stel hulle die volgende voor:

- Die daarstel van 'n konsortium van oudSonoppers wat deur middel van die *poelmethode* hulle idees, planne en moontlikhede vir die behoud van Sonop kan deurstuur.
- OudSonoppers kan *kostelose bydraes* gee deur middel van deskundige advies en dienslewering ter bewaring van Sonop, maar ook finansieël deur ten volle of net gedeeltelik in te staan vir die opknop van 'n *studente-kwartiertjie* of selfs net die rentebetaling van die spesifieke gebou.
- Sou die konsortium die Kerkkantoor, die Sonopraad en die Sinodale Kommissie kan oortuig van 'n praktiese en uitvoerbare plan wat nie vir die Kerk 'n risiko meebring nie, daar onverwyld voortgegaan word met die projek.
- Die moontlikheid sou selfs oorweeg kan word om dan die *Sonop-steenklipmansjoene* winsgewend oor te dra aan die Universiteit van Pretoria, met die uitdruklike voorwaarde dat die Kerk die interne beheer en toesig moet behou om sodoende te sorg dat die *pragtige Sonopgees* behou word vir die lede en vir die nageslag.

Dat hierdie voorstel diep uit Sonopharte kom en edel en opreg was, lei geen twyfel nie. Hulle motiveer die voorstel in die volgende woorde – verbatim aangehaal:

Om sodoende:

- *Vir die Eeue wat D.V. kom die maksimum aantal studente die geleentheid te bied om die "gees" van ware-studente-te-wees wat in Sonop bestaan te ondergaan.*
- *Die geleentheid te bied aan alle oudSonoppers om ook hier tot diens te wees in die Christelike-nasionale "Sonop" tradisie.*

Na die Sinode het verdere nadenke oor die toekoms van Sonop deurlopend plaasgevind. Einde 1973 word daar twee gedagtes geopper – beide sou die sloop van die bestaande koshuis impliseer:

- Bou 'n groter en meer doeltreffende koshuis op 'n gedeelte van die terrein en wend die res van die terrein aan om 'n Sinodesaal¹³³ en kantore vir kerklike amptenare te bou. Die motivering hiervoor was dat die Sinodesaal waarskynlik vrystelling van eiendomsbelasting sou kry en dan sou die koshuis op die kleiner gedeelte se eiendomsbelasting aansienlik minder wees as die huidige, wat die rede vir die finansiële krisis was.
- Gebruik die hele terrein slegs vir kerklike doeleindes, naamlik 'n Sinodesaal en kantore vir kerklike amptenare.

Watter een van bogenoemde twee opsies gekies word, indien enige, sou egter alleen uitgeoefen kon word nadat daar eers met die Universiteit van Pretoria onderhandel is oor die serwituut wat vanaf die koopkontrak van 14 Maart 1921 nog altyd nagekom is, maar ook afdwingbaar is deur die Universiteit van Pretoria, naamlik dat die Sonopeiendom uitsluitlik gebruik sal word as 'n koshuis vir studente van die Universiteit van Pretoria.

Op 10 Januarie 1974 rig die Saakgelastigde 'n skrywe aan die Universiteit van Pretoria met die versoek om bogenoemde serwituut op te hef ten einde die Kerk daartoe in staat te stel om een van genoemde opsies tot uitvoer te bring, sou daar op een besluit word. Die Universiteitsraad het dit op sy vergadering van 22 April 1974 bespreek en aan die versoek voldoen om die serwituut op te hef.

Van die moontlikheid om die Sonopeiendom gedeeltelik vir 'n koshuis en gedeeltelik vir sinodale doeleindes te gebruik of selfs die hele eiendom nét vir sinodale doeleindes, het niks gekom nie.

Die jarelange gesprekvoering op Sinodevlak en met die Universiteit van Pretoria het, intendeel, uiteindelik daartoe gelei dat die Sonopraad net méér vasberade geword het om Sonop as koshuis te behou.

Die voorsitter van die Sonopraad, prof Ben Marais, het hierdie vasberadenheid soos volg in sy verslag aan die Sinode van Noord-Transvaal in 1976 beskryf:

¹³³ Daar was reeds van die Kerk se kant 'n begin gemaak vir die moontlike oprigting van 'n Sinodesaal in Visagiestraat, Pretoria (Saakgelastigde Sonopraad, 10/01/1974:3).

Vanweë sy samesprekings met die Rektor van die Universiteit van Pretoria en verdere aandag wat die Sonopraad opnuut aan die hele aangeleentheid gegee het, is die Raad in nog 'n groter mate oortuig dat Sonop moet bly voortbestaan om nog verder sy heilsame invloed tot voordeel van die Kerk en gemeenskap uit te oefen. Daar is derhalwe voortgegaan met herstelwerk aan die geboue en die administrasie van die inrigting op 'n Christelike grondslag. (NGK N.Tvl., 1976:Verslag Sonopraad)

Met die Sonopraad se vasberadenheid om Sonop te midde van moeilike finansiële omstandighede te behou en van die Sonopverhaal 'n sukses te maak, is die tafel gedek vir die eerste groot restourasieprojek, onder die bekwame leiding van ds Kobus Potgieter, vanaf 1976 tot 1986.

HOOFSTUK 9

SONOP SE EERSTE RESTOURASIEPROJEK 1976 – 1986

Met Sonop steeds die eiendom van die Ned.Geref. Kerk kon dit nie anders as dat die kerk 'n besondere rol in die eerste groot restourasieprojek van 1976 – 1986 gespeel het nie.

In 'n artikel *Oud-inwoners herbou kerklike tehuis* deur twee oudHuisvoorsitters Nick Bezuidenhout en Willie Marais, skryf hulle die volgende:

As daar 62 jaar gelede vir die kerk rede was om in die middel van die Eerste Wêreldoorlog 'n tehuis soos Sonop op te rig, is daar vandag nog net soveel of meer rede om die tehuis in stand te hou. 'n Mens wonder of die kerk aldag besef watter geweldige bate hy in Sonop het. Dit gaan nie maar net om die verskaffing van losies aan 'n groep studente nie, maar eerstens om die vormende waarde van dié kerklike inrigting weens die atmosfeer wat daar heers, en tweedens om die invloed wat vandaar na die breë studentemassa deurwerk. (Voorligter, Junie 1978)

Die behoefte vir restourasie het egter nie net van die oudSonoppers en die Kerk gekom nie. Reeds in die vroeë sewentigs het die inwonende studente al in 'n skrywe gedateer 18 Junie 1970 – gemeng met ernstige versoeke en komiese vertellings – 'n noodkreet tot hulp aan die oudSonoppers gestuur (McInnes, 2003:12,13). Op ernstige trant beskryf hulle die behoefte aan restourasie soos volg:

Die huidige inwoners het besluit om, met behulp van die oudSonoppers, 'n tasbare bydrae te lewer tot die fisiese welsyn van die tehuis. Dit hang saam met die feit dat die tehuis 'n stadium bereik het waar grondige reparasiewerk en verbeterings 'n noodsaaklikheid geword het.

Op ligter noot word die behoefte aan restourasie met die volgende vertelling geïllustreer:

Een van die huidige inwoners van die tehuis het onlangs opgemerk dat die muur tussen sy kamer en dié van sy buurman al baie wankelmoedig geword het en voorts gesê: “Ek verwag om nog een oggend in 'n dubbelkamer wakker te word!”

Tydens die Sonop 60 Fees is daar finaal besluit om die restourasieprojek te loods en is 'n restourasiekomitee onder leiding van die bekwame voorsitterskap van ds Kobus

Potgieter aangewys. Lede van die komitee was, onder andere, Riempies Prinsloo, Maans Steyn, Hannes de Beer, Nick Bezuidenhout, Lenie van Zyl (sekretaresse), Willie Maree, Johan du Pisanie, Albert van der Merwe, Johan de Wet en Jan Erasmus. Dawn Potgieter, eggenote van oudSonopper ST Potgieter het Lenie van Zyl later opgevolg as sekretaresse. Met 'n nuusbrieff, *Ons gaan SONOP behou*,¹³⁴ het die restourasiekomitee oudSonoppers op gereelde basis ingelig gehou van hul werksaamhede (McInnes, 2003:19).

Die werksaamhede om die hele koshuis te restoureer het vroeg in 1977 begin en in September daardie jaar is die "proefmansjoen" (kamers 1 – 4) afgegee. Hierdie projek sou 'n volle dekade duur. Op 13 September 1986, tydens die Sonop 70 Fees, het ds Kobus Potgieter 'n *Restourasie Oorkonde* aan ds Henno Cronje¹³⁵ oorhandig en só die pragtig gerestoureerde koshuis "nuut" aan die Kerk teruggegee (Sonop 70 Feesnuusbrieff, 3).

Met geen subsidie van óf die Staat óf die Universiteit van Pretoria nie, moes alle fondse vir die restourasieprojek self gegenereer word. Die Universiteit van Pretoria het weliswaar in 1982 'n bedrag van R50 000 tot die restourasiefonds bygedra. Van Sonop se kant het bydraes uit verskillende bronne gekom:

- Konserttoere deur Sonoppers
- Aftrekorders
- Eenmalige skenkings
- Enkele groot donateurs uit oudSonoppersgeledere
- Veiling van waardevolle artikels met 'n Sonopgeskiedenis
- Konsertuitvoering deur oudSonopper Rudi Neitz en die Sonop-konsertgroep
- Konsertuitvoering deur oudSonoppers

As eiendom van die Ned.Geref. Kerk het die restourasieprojek egter ook die volle steun van die kerk geniet (Bezuidenhout & Maree, Junie 1978:10).

134 Die naam van die nuusbrieff, *Ons gaan SONOP behou*, dui op die erns en toewyding waarmee die restourasiekomitee hulle taak bejeën het (McInnes, 2003:19).

135 Ds Henno Cronje het die oorkonde namens die Sinode van N.Tvl. ontvang. Hy is self 'n oudSonopper met 2 van sy kleinseuns, Henno Cronje en Louis Holtzhausen, wat in Sonop was en 'n derde kleinseun Cronjé Holtzhausen tans nog in Sonop (Sonop Databasis).

Hierdie steun is by die Sinode van 1979 deur middel van 'n sinodebesluit onderneem. Nadat ds Kobus Potgieter, voorsitter van die Restourasiekomitee, die Sinode kortliks ingelig het oor die besondere verhouding tussen die kerk en Sonop en dat die oudSonoppers besluit het om Sonop self te restoureer, is:

- daar met dank kennis geneem van die unieke poging van die oudSonoppers om die hand in eie sak te steek ten einde Sonop te restoureer en só vir die kerk te behou met die oog op verdere diens aan die kerk se jongmanne in die toekoms; en
- die rentevrye lening van die Sinodale Kerkkantoor goedgekeur.

By dieselfde Sinode het die Sonopraad, onder voorsitterskap van prof Ben Marais, ook 'n verslag aan die Sinode voorgehou. In hierdie verslag verwys hy na die restourasiewerk wat reeds gedoen is en sê hy dan:

Waar die tehuis op die punt gestaan het om tot niet te gaan en vir die kerk verlore te wees, sien dit tans heeltemal anders daaruit, vertoon dit weer netjies en is soveel verbeteringe aangebring dat die inwoners weer trots op hulle koshuis is. Dit is 'n tehuis wat vir ons kerk tot eer strek en vir die volgende sestig jaar of langer steeds 'n diens aan jongmanne kan lewer (NGK N.Tvl., 1979, Verslag Sonopraad:6).

Die leningsbedrag van die kerk se kant vir hierdie tienjaarlange restourasieprojek (1976 – 1986) het uiteindelik R120 000 beloop, terwyl die totale bedrag vir die projek R300 000 was (McInnes, 2003:28).

Die geloofsdaad van die Kerk om ruim by te dra tot Sonop se eerste groot restourasieprojek, eerder as om met Sonop weg te doen deur dit aan die Universiteit van Pretoria te verkoop, het nie net honderde oudSonoppers se harte verbly nie, maar ook bygedra dat nog honderde jongmanne ná hulle dieselfde ervaring sal hê om as Tukkiestudent daar te bly.

Na voltooiing van die eerste restourasieprojek in 1986 sou dit na 27 jaar weer nodig geword het om die koshuis te restoureer. Die tweede¹³⁶ restourasieprojek het saamgeval met die voorbereiding van die Eeufees in 2016 en daar is reeds in 2013 met die werk begin.

¹³⁶ Waar die koste verbonde aan die eerste restourasieprojek tussen 1976 en 1986 R300 000 beloop het, was die koste vir die tweede restourasieprojek (2013 – 2016) R12.5 miljoen (Sonop Eeufees Gedenkboek:154).

HOOFSTUK 10

DIE BOND VAN OUDSONOPPERS

10.1 Stigting van die Bond van OudSonoppers

Alhoewel een van die eerste Sonopinwoners van 1917, LJJ Henning, wat van 1917 tot 1921 in Sonop was, reeds in 1946 die besondere band van oudSonoppers onder mekaar soos volg beskryf het – *Ek woon nie vêr van Sonop af nie (Koningin Wilhelmina 673, Waterkloof. Sonoppers is altyd welkom daar. Kom gerus! Ek dink ook die tyd het aangebreek dat ons 'n oud-Sonopperklub stig (Sonop 40 Feesblad, 13) – was die amptelike¹³⁷ stigting van die Bond van OudSonoppers (BOS) eers veertig jaar later 'n direkte uitvloeisel van die groot restourasieprojek (1976 – 1986).*

In die *Sonop 70 Feesnuusbrief* van November 1986 word die oomblik van die historiese stigting op 13 September 1986 verbatim beskryf in 'n uittreksel uit die notule van die tradisionele fees-huisvergadering deur die sekretaris ST Potgieter:

Ds Kobus het aan die woord gekom, 'n kort opsomming gegee van die 10 jaar se restourasie en onder andere gemeld dat meer as 1 000 oudSonoppers se gegewens op rekenaar is, dat sowat R300 000 gespandeer is waarvan ongeveer R200 000 uit die sakke van oudSonoppers gekom het en dat mooi ondersteuning ook van die Kerk, Universiteit en die Sonopraad ontvang is.

Hierna oorhandig hy die restourasie-oorkonde aan ds Henno Cronje (namens die Sinode van Noord-Transvaal). Dit sal in die Kerkkantoor in die Sinodesentrum gaan pryk. Sonop word “nuut” aan die Kerk teruggegee.

Die vergadering besluit eenparig dat die Sonoprestourasiekomitee net so voortgaan as die nuwe vereniging se bestuurslede.

Na hierdie amptelike stigting van die Bond van OudSonoppers het die vergadering die aangewese bestuur volmag gegee om die voorgestelde konstitusie goed te herkou, waarna dit na die oudSonoppers gestuur moet word vir oorweging, verdere

¹³⁷ Die amptelike stigting van die BOS op 13/09/1986 is voorafgegaan deur 'n voorlopige goedkeuring vir die stigting op 30/11/1976 en 'n meer amptelike besluit op 16/03/1979 (McInnes, 2003:19,21).

wysiging of goedkeuring. Ook moet die bestuur oor 'n geskikte naam besluit en dit ook aan die lede bekendmaak.

Die eerste voorsitter van die Bond van OudSonoppers, ds Kobus Potgieter, skryf in terugskouing op die stigting van die Bond van oudSonoppers dat oudSonoppers nou, na die stigting van die Bond, aan die begin staan van 'n mooi, avontuurlike en opwindende tydperk in die geskiedenis van Sonop (Sonop 70 Feesblad, November 1986:1).

Die besondere band tussen oudSonoppers wat uitgeloop het op die stigting van die Bond van OudSonoppers het buitestaanders verstom. Prof Piet Oosthuizen (viserektor van die UP) skryf: *Daar is 'n onsigbare band tussen die OudSonoppers wat moeilik verklaar kan word* (Sonop 70 Feesnuusbrieff:1).

McInnes sê: *Die verskynsel waar soveel oud-studente by die Tehuis behoue gebly het kom nie eens in die oudste tehuse te Cambridge of Oxford voor nie* (McInnes, 2003:iii). Hy gee in sy studie oor die Bond van OudSonoppers verskeie redes vir hierdie onderlinge band tussen oudSonoppers:

- Sosiologies – behoefte aan deel wees van 'n groep
- Sielkundig – geborge in 'n gevoel van verbintenis
- Paternalisties-altruïsties – strewe na dominansie en uitoefen van beheer
- Histories – voortsetting van kultuur, tradisies en erfenis
- Kontinuiteit – begeerte dat eie nageslag ook Sonoppers word

In gesprek met oudSonoppers oor hul lojaliteit teenoor Sonop en hegte band met ander oudSonoppers duik een of selfs meer van bogenoemde redes telkens op.

Twee oudHuisvoorsitters, na wie reeds voorheen verwys is, naamlik Nick Bezuidenhout en Wille Maree, maak ook van hierdie besondere Sonopband melding in hul artikel *Oud-inwoners herbou kerklike tehuis* :

Die “Sonop-gees” het deur die jare heen die inwoners en oud-inwoners van die tehuis besiel. Dit is treffend hoe lojaal oudSonoppers is. By die twee groot feesbyeenkomste in 1966 en 1976 het hulle in hulle honderdtalle uit verskillende dele van die land gekom om weer 'n slag

Sonop-koffie te drink, oor die “ou-dae” te gesels en te kyk of die “gees” nog dieselfde is. (Voorligter, Junie 1978:8,9)

10.2 Doelwitte van die Bond van OudSonoppers

Volgens die Reglement van die Bond van OudSonoppers is daar drie ononderhandelbare doelwitte:

- Doelwit 1: Om ’n noue band tussen oudSonoppers en huidige Sonoppers te lê, te handhaaf en te bevorder. Dit word gedoen deur (a) die versameling en publisering van personalia van oudSonoppers, (b) deur die daarstelling van fasiliteite vir saamtrek- en ontspanningsdoeleindes en (c) ander stappe te doen wat wenslik en nodig mag blyk om die beoogde band so omvattend en heg moontlik te maak.
- Doelwit 2: Om fondse op te bou en te beheer vir die doeleindes van die Bond van oudSonoppers asook vir Sonop en sy belange.
- Doelwit 3: Om ondersteuning aan die Sonopmaatskappy te bied en lede vir die Sonopmaatskappy aan te wys soos deur die statutêre dokumente bepaal.

Die mees onlangse voorbeelde van hoe die Bond van oudSonoppers deur sy aktiwiteite bogenoemde drie doelwitte bereik het, is die volgende:

- Doelwit 1
Daar vind sedert 1986 elke vyf jaar ’n Sonopfees plaas. Groot naweekfeeste van Vrydagaand tot Sondagoggend, wat ’n feesdinee en Sondagerediens insluit, het elke tien jaar op die reëlmaat van die ses in die jaartal plaasgevind – 1986, 1996, 2006 en 2016¹³⁸ – terwyl mini-feeste elke vyf jaar tussenin van Vrydagaand tot Saterdagoggend gehou is, s nder ’n feesdinee en Sondagerediens – 2001 en 2011. By beide die groot naweekfeeste  n die mini-feeste was die bywoning telkens verstommend.
- Doelwit 2
Met die aanvang van die jongste restourasieprojek het die bestuur van die Bond van oudSonoppers ’n bedrag van R300 000 tot die fonds bygedra. Selfs na voltooiing van die eerste restourasieprojek in 1986 was en is dit nog

138 Die bywoning van die Sonop Eeufeesdinee op 24/09/2016 het alle verwagtinge oortref – 1 050 gaste was teenwoordig (Sonopraad, 22/11/2016).

steeds die geval dat talle oudSonoppers in hul persoonlike hoedanigheid 'n oop hand het om hul alma mater vir die nageslag te bewaar. Daarvan was die bydraes vir die mees onlangse restourasieprojek (2013 – 2016) 'n bewys.

- Doelwit 3

Bepaling 10.2 van die *Memorandum of Incorporation of Sonop Christelike Tehuis NPC* word deurgaans eerbiedig:

The management committee of the Union of Old Sonoppers shall from time to time nominate persons, who shall be eligible to apply to be Members of the Company in the manner prescribed by the Board from time to time, and which members the Board shall admit as members of the Company in accordance with the provisions of this Memorandum.
(Memorandum of Incorporation, 3 Augustus 2015:16)

Hierdie lede word elke vyf jaar by die Sonopfeeste, soos in doelwit I beskryf, aangewys.

10.3 Behoud van Christelike karakter

Veral belangrik vir hierdie studie is die afsluitingswoorde van die reglement: *In dankbare erkenning teenoor die Allerhoogste wat ons as Sonoppers deur die jare byeengebring het, stel BOS hom ten doel om voort te bou op die Christelike tradisie wat eie aan Sonop is.*

Alhoewel daar by die Ned.Geref. Kerk van Noord-Transvaal met die stigting van die Bond van OudSonoppers op 13 September 1986 nog geensins 'n gedagte was om Sonop van die hand te sit nie, het die kerklike toneel in die vroeë 1990's begin verander en het stemme begin opgaan om Sonop te verkoop.

Toe die Sonopeiendom op 11 Januarie 1999 in die naam van die Sonop Christelike Tehuis Maatskappy se naam getransporteer is, het almal besef dat die totstandkoming van die Bond van OudSonoppers en die gestigte Sonop Christelike Tehuis Maatskappy 'n voortydige voorsiening van die Here dertien jaar gelede was dat Sonop nie in vreemde hande sou beland nie.

Waar die Ned.Geref. Kerk vanaf 1916 tot 1999 Sonop as 'n kosbare kleinood beskou het, en selfs deur moeilike finansiële omstandighede getrou na die terrein, die geboue en die inwoners omgesien het, doen die Bond van oudSonoppers dit ook reeds die afgelope sewentien jaar met groot welslae. Die opmerking *generally residence alumni have little involvement in the residences*, soos gemaak in die verslag *Transformation at Public Universities in South Africa* van die SAHRC, is sonder twyfel nie op die Bond van oudSonoppers en sy ongeveer 1 400 lede van toepassing nie (SAHRC Report, 09/12/2016:46).

Soos altyd en op al die terreine van Sonop se bestaan, het die Here ook wat die voorsitters van die Bond van oudSonoppers betref, wonderbaarlik voorsien. Al die voorsitters tot op hede was en is uiters bekwaam en was, opvallend genoeg, ook in hul studentejare HK-voorsitters: ds Kobus Potgieter (1945), prof Riempies Prinsloo (1969), prof Hannes de Beer (1971) en huidig prof Willem Boshoff (1981).

Sonop is sonder twyfel in die hande van sy nuwe eienaar, die Bond van oudSonoppers, net so veilig en versorg soos al die vorige 83 jare wat dit in die hande van die Kerk was.

Daarvoor het die Here gesorg!

HOOFSTUK 11

SONOP WORD DIE EIENDOM VAN DIE BOND VAN OUDSONOPPERS

Die oordrag van Sonop vanaf die Ned.Geref. Kerk Sinode van Noord-Transvaal na die Bond van OudSonoppers op 17 Februarie 1999 het nie sommer oornag gebeur nie.

11.1 Stigting van Sonop Christelike Tehuis Maatskappy op 4 Oktober 1994

Die wortels van hierdie stap gaan so vêr terug as 'n verslag van die destydse Saakgelastigde van die Ned.Geref. Kerk van Transvaal, mnr GJJ du Toit, gedateer 9 Augustus 1985, met die opskrif *Memorandum in sake status van die Sonopraad*. Hierdie verslag was die uitvloeisel van 'n Sonopraadsbesluit wat op 23 Mei 1985 op voorstel van prof Riempies Prinsloo geneem is, wat aanbeveel het dat die Saakgelastigde, wat lid van die Sonopraad was, 'n inligtingstuk moes opstel wat die hele kwessie rondom die status, funksie en verpligting van die Sonopraad moes uitspel.

Die rede vir Prinsloo se versoek was dat Sonop, as eiendom van die Sinode van Noord-Transvaal, volgens bepaling 83.3 van die Kerkorde deur 'n kommissie deur die Sinode benoem, geadministreer word. Volgens bepaling 85.3 van die Kerkorde was dit dan in Sonop se geval die Sinodale Kommissie.

In praktyk het dit op daardie stadium egter nie so gewerk nie. Die Sonopraad het volle toesig oor die bedryf van die koshuis gehou deur personeellede aan te stel wat opdragte onder toesig van die Sonopraad uitgevoer het, instandhoudingswerk te doen en aanbouings ter uitbreiding te hanteer. Die dilemma was dat die Sonopraad nie oor regsbevoegdheid beskik het nie en dus nie as eiser of verweerder kon optree nie. Sodanige verpligtinge het nog steeds by die Sinodale Kommissie berus. In praktyk kom dit dus daarop neer dat die Kerk Sonop nie kerkordelik volgens se eie Kerkorde bedryf nie.

Ten einde voorgaande probleem op te los, stel Du Toit in sy genoemde verslag voor dat die stigting van 'n Nutsmaatskappy¹³⁹ die oplossing sal bied.

Hy lig die voordele van so 'n te stigte Nutsmaatskappy soos volg uit:

- Die Sonopraad, wat dan as Direksie van die Nutsmaatskappy dien, behou nog steeds sy status, funksie en verpligtinge, met die verskil dat die Nutsmaatskappy, as regspersoon, nou as eiser en verweerder kan optree.
- Die Kerk, sowel as die Universiteit van Pretoria behou ook nog hulle verteenwoordiging by wyse van die benoeming van die lede vir die Nutsmaatskappy.
- Die Direksie van die Nutsmaatskappy word deur die ledevergadering uit hulle geledere aangewys.

Vir die volgende agt jaar is daar wyd en indringend oor hierdie saak gekonsulteer en gedebatteer totdat die Sinode van Noord-Transvaal in 1993 besluit het dat 'n Artikel 21-maatskappy sonder winsbejag met geen aandelekapitaal gestig word om die bedryf van Sonop Christelike Tehuis te behartig. Die maatskappy sal bekend staan as "Die Sonop Christelike Tehuis Maatskappy".

Belangrik is dat beide die Kerk en die Universiteit van Pretoria verteenwoordiging op die te stigte maatskappy sou hê deurdat die samestelling van die maatskappylede soos volg bepaal is:

- Sinode van Noord-Transvaal – agt lede
- Rektoraat van die UP – een lid
- Universiteitsraad van die UP – een lid
- Bond van OudSonoppers – tien lede
- Inwoners – twee lede

Op 4 Oktober 1994 word Die Sonop Christelike Tehuis Maatskappy gestig met registrasienommer 94/03951/08.

¹³⁹ 'n Nutsmaatskappy is 'n maatskappy wat teen billike tariewe noodsaaklike openbare dienste lewer, soos die voorsiening van krag, water, behuising, ensovoorts (HAT, 2005:765).

Bogenoemde samestelling is op 'n spesiale vergadering van Sonop Christelike Tehuis Maatskappy, gehou op 12 Augustus 1998, soos volg gewysig:

- Ned.Geref. Kerk van Transvaal verteenwoordig deur dienende studenteleraar – een lid
- Universiteitsraad van die UP – een lid
- Rektooraat van die UP – een lid
- Voorsitter en ondervoorsitter van Sonop Huiskomitee – twee lede
- Bond van OudSonoppers – sewentien lede

Hierdie wysiging vind plaas enkele maande voordat die Bond van OudSonoppers die nuwe eienaar van die Sonopeiendom in die plek van die Ned.Geref. Kerk geword het.

Belangrik is dit om te let op die motivering vir hierdie wysiging, soos aan die vergadering voorgehou, naamlik dat die effek van die wysiging bloot is dat daar mindere verteenwoordiging van die Ned.Geref. Kerk (vorige eienaar) sal wees en meerdere verteenwoordiging van die Bond van OudSonoppers (nuwe eienaars), terwyl die bande met die Kerk en die Universiteit stééds gehandhaaf sal word.

Twee belangrike artikels in die Akte van Oprigting van dié nuutgestigte maatskappy dra steeds die gees en gesindheid van die oorspronklike stigters in 1916:

- Artikel 2:

Die hoofbesigheid wat die Maatskappy geregtig sal wees om te bedryf is die ontwikkeling, instandhouding en bedryf van Sonop Christelike Tehuis sonder winsbejag in die belang van die huidige en oud-inwoners van die tehuis, asook in die belang van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Noord-Transvaal, die Universiteit van Pretoria en ten behoeve van die gemeenskap.

- Artikel 6:

Die inkomste en eiendom van die Maatskappy, uit welke bron ook al verkry, word uitsluitlik aangewend vir die bevordering van sy hoofdoelstelling en geen gedeelte daarvan mag regstreeks of onregstreeks, by wyse van dividend, bonus of andersins, aan die lede van die Maatskappy betaal of oorgemaak word nie: met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging aan 'n beampte of diensnemer van die maatskappy of aan 'n lid daarvan vir dienste werklik aan die maatskappy gelewer nie.

11.2 Verkoop van die Sonopeiendom aan die Bond van OudSonoppers

'n Verdere vêrreikende verwickeling in Sonop se geskiedenis, naas die stigting van die Sonop Christelike Tehuis Maatskappy, is die verkoop van die Sonopeiendom.

In die verslag van die moderamen wat op die Veertiende Sinode van Noord-Transvaal in sitting vanaf 15 tot 18 September 1997 gedien het, word die volgende by 4.6.3 aan die vergadering deurgegee:

- Die verkoop van Sonop word in beginsel goedgekeur.
- Twee opsies word aanbeveel:
 - Sonop word teen 'n nominale bedrag aan die Bond van OudSonoppers of die Sonopraad of 'n ander te stigte liggaam met dieselfde doelstellings as die Bond van OudSonoppers en die Sonopraad verhuur, en terselfdertyd word 'n opsie aan die Bond van OudSonoppers of die Sonopraad gegee om voor die verstryking van 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum van huurooreenkoms Sonop te koop teen 'n markverwante prys.
 - Indien die Bond van OudSonoppers nie die koop-opsie na drie jaar uitoefen nie, word Sonop op die ope mark teen 'n markverwante prys verkoop.

Na bogenoemde Sinode was dit algemene kennis dat Sonop in die mark is. Gou was dit duidelik dat daar twee moontlike kopers was: Die Bond van OudSonoppers asook die Universiteit van Pretoria. By die Sonopraad en die Bond van OudSonoppers was daar geen twyfel dat Sonop ten alle koste behou moes word en nie in die hande van die Universiteit moes val nie.

In die lig hiervan vind daar op 23 Januarie 1998, onder leiding van oudSonopper Callie Roos,¹⁴⁰ 'n bespreking tussen die Sonopraad en lede van die Bond van OudSonoppers plaas. Die uitkoms van die gesprek was, soos te verwagte, dat die oudSonoppers die tehuis moet koop.

140 Callie Roos was vanaf 1977 tot 1982 in Sonop. Na voltooiing van sy teologiese studies was hy lank as kapelaan in die diens van die Spesiale Magte van die SAW/SANDF. Hy is die afgelope 10 jaar een van die mees suksesvolle motiveringsprekers in die land en 'n bewese spesialis met spanbousessies en die fasiliteer van strategiese leierskap en transformasieprosesse (BOS Databasis). Buiten sy betrokkenheid by bogenoemde proses was hy ook betrokke by Sonop se Bloukrokodilprojek (sien 15.4 paragraaf 7) en is hy ook betrokke by Sonop se CTR-komitee van 2017 (sien 15.4 paragraaf 11).

Op die Sonopraadsvergadering van 28 Mei 1998 word daar met vreugde genotuleer dat die Sinode die aanbod van R1 miljoen aanvaar het en op die Sonopraadsvergadering van 19 November 1988 dat die Koopkontrak nege dae tevore, op 10 November 1998, onderteken is. Oordrag van die Sonopeiendom het op 17 Februarie 1999 in die Aktekantoor plaasgevind en so 'n nuwe era in die geskiedenis van Sonop ingelui.

11.3 Bond van OudSonoppers bewys hom as waardige nuwe eienaar van Sonop

Die groot vraag was of die oudSonoppers die mas sou opkom om die tehuis, waarna die Ned.Geref. Kerk vir 83 jaar met groot sorg en liefde omgesien het, suksesvol te bestuur ten einde sy statuur en aansien op die UP-kampus en die publiek te behou.

Twee aksies in die onlangse verlede deur die Sonopraad as verteenwoordigers van die nuwe eienaars van Sonop, naamlik die Bond van OudSonoppers, het hierdie vraag positief beantwoord:

11.3.1 Kommissie van Onderzoek (2010)

'n Kommissie van Onderzoek (KVO) is gedurende Februarie 2010 deur die Sonopraad aangestel om bewerings wat in die pers gemaak is oor drankmisbruik, onbetaamlike seksuele gedrag en skadelike praktyke rondom eerstejaars in Sonop, te ondersoek (KVO, 2010:4). Die kommissielede was oudSonoppers Daan Mills (senior advokaat, oud-UP-Studenteraadsvoorsitter en Sonop HK-lid), oudSonopper Danie Slabbert (bedryfsingenieur, sakeman en oud-UP-Studenteraadslid) en mnr CP Fourie¹⁴¹ (op daardie stadium president van die Prokureursorde van die Noordelike Provinsie).

Die benadering was om so wyd as moontlik te konsulteer met die breë gemeenskap waarin Sonop funksioneer. So is daar e-posse uitgestuur aan alle oud-HK-voorsitters

141 Mnr CP Fourie was nie self as student in Sonop nie, maar sy seun was wel enkele jare voor die KVO se ondersoek (Sonop Databasis).

en is belanghebbendes deur middel van 'n persverklaring en briewe genooi om skriftelike of mondelinge voorleggings te maak.

Gesprekke is gevoer met lede van die Huiskomitee, individuele huislede, Sonopraadslede, die bedryfsbestuurder, Klubhuisbestuurslede, verskeie ouers van huidige en vorige inwoners, die viserektor van die Universiteit van Pretoria, sekere UP-koshuishoofde en lede van die Bond van OudSonoppers.

Van belang vir hierdie studie is dat lede van die Ned.Geref. Kerk se moderatuur met wie gesels is, twee sake sterk beklemtoon het:

- Vir die Kerk, wat die koshuis tien jaar tevore aan die Bond van OudSonoppers verkoop het, was die wanoptrede van Sonoppers met die gevolglike negatiewe beeld na buite van Sonop 'n verleentheid, veral gesien in die lig daarvan dat daar nog by baie mense die persepsie bestaan dat Sonop aan die Kerk behoort (KVO-verslag, 5.13.1:31).
- Die Kerk wil graag drastiese veranderinge sien, en indien nie, sal die Kerk selfs bereid wees om saam te werk om Sonop, soos dit op daardie stadium was, te sluit en net vir teologiese studente beskikbaar te stel (KVO-verslag, 5.13.2:32).

Die gevolgtrekking van die KVO was dat die suksesvolle omdraai van Sonop in die benarde situasie waarin hy was, primêr gesetel is in die te aangestelde koshuishoof/koshuisvader.¹⁴² Hierdie ongewone besluit wat teruggryp na die bestuurstelsel van 1916 tot 1947 moet *vreesloos afgedwing word* (KVO-verslag, 5.6.9:25). Twee spesifieke vereistes vir die bekleding van die nuwe pos is sterk uitgelig: sterk leierseienskappe en bestuursvaardighede.

Die huidige bedryfsbestuurder, ds Tonie Viljoen, is vir die res van 2010 as waarnemende koshuishoof aangestel en vanaf 1 Januarie 2011 as uitvoerende koshuishoof.

142 Die posbenamings "koshuishoof/koshuisvader" word afwisselend gebruik – "koshuishoof" hoofsaaklik as na die bestuur van die koshuis verwys word en "koshuisvader" hoofsaaklik vir studentesake (Sonop Eeufees Gedenkboek:12).

Met die voltydse koshuishoof wat die Sonopraad op die koshuisperseel verteenwoordig en namens die Sonopraad volle verantwoordelikheid vir die bestuur van die koshuis aanvaar en nou óók oorhoofs verantwoordelik is vir die Sonopinwoners se studenteaktiwiteite, asook die sterk leiding van oudSonopper Danie Slabbert, met 'n bewese rekord van bestuursvaardighede in die voorsitterstoel, het die suksesvolle omdraai van Sonop begin.

11.3.2 Tweede restourasieprojek

'n Verdere bewys dat huidige oudSonoppers se harte met net soveel deernis en liefde vir Sonop klop as die stigters van Sonop in 1916 en al die Kerkrade, Kerkraadskommissies, Sinodes en Sinodale Kommissies daarna, is ongetwyfeld die tweede restourasieprojek, wat in aanloop tot die Eeufees in September 2016, vanaf 2013 tot 2016, plaasgevind het.

Kenmerkend van die warm hartklop vir die restourasieprojek was die volgende:

- Die besielende en weldeurdagte wyse waarop oudSonopper Danie Slabbert as voorsitter die vergaderings gelei het, die kenmerkende wyse waarop oudSonopper Thys Nesor as kundige in die bou-omgewing raad gegee het, asook die presiesheid en waaksame oog waarmee oudSonopper Dewald Theron die finansies bestuur het, het die argitek Jaco Minnaar¹⁴³ telkens laat opmerk dat dit net *amazing* is dat oudSonoppers, soos genoemde drie, kosteloos soveel tyd en energie vir hul alma mater het.
- Talle oudSonoppers het ook – te midde van die moeilike ekonomiese klimaat – finansieël tot die projek bygedra. Bydraes het gewissel van soveel as R200 000.00 uit 'n boedel tot 'n maandelikse debietorder van R50.00. Bydraes word steeds tot die Restourasiefonds gemaak, hetsy kontantbydraes of debietorders wat selfs na afhandeling van die projek nog aktief is.

¹⁴³ Jaco Minnaar is nie 'n oudSonopper nie. As Tukkiestudent in die sestigerjare was hy in Boekenhout. As argitek met 'n liefde vir die bewaring van ou geboue, maar ook die vermoë om skeppend en nuut te dink, was sy bydrae tot hierdie restourasieprojek waardevol (Sonop Eeufees Gedenkblad:154).

OudSonoppers wat tot die Restourasiefonds bygedra het, steeds bydra of in die toekoms gaan bydra se name word uit erkentlikheid op die symure van die Kloktoring¹⁴⁴ op die terrein aangebring.

- Tydens en na die Sonop Eeufees in September 2016 het oudSonoppers met dankbare harte hul waardering vir die restourasieprojek uitgespreek:

Terug hier in die rustigheid van die Suid-Kaap, is dit my behoefte om julle hartlik te bedank vir die sukses van die Sonop Eeufees. Dit was 'n fees om die Tehuis pragtig gerestoureer te sien. Dit is met gevoelens van dankbaarheid en trots dat ek Sondagoggend na die Eeufeesdiens afskeid geneem het. (Sep Serfontein, Sonop 1960 – 1963)

Ek wil net graag namens die 1969 lenks wat die Sonop Eeufees bygewoon het, julle hartlik bedank vir die puik reëlings en aangename naweek wat ons by Sonop kon meemaak. Baie geluk met die pragtige restourasiewerk wat die afgelope paar jaar gedoen is en wat betyds vir die Eeufees voltooi is. Die koshuis lyk pragtig! (Arrie Schriek, Sonop 1969 – 1972)

Daar bestaan geen twyfel nie dat Sonop as eiendom van die Bond van OudSonoppers in net sulke goeie hande is as al die jare van 1916 tot 1999 toe dit aan die Ned.Geref. Kerk behoort het!

144 Die Kloktoring is 'n basteenkonstruksie op die terrein waaraan die etensklok hang wat voor etenstye gelui word. Die 2 gedenkplate wat tydens die Sonop Eeufees onderskeidelik deur Danie Slabbert (voorsitter van die Restourasiekomitee) en Gerrie Doyer (prediker by die Sonop Eeufees-erediens) onthul is, is ook daarop aangebring (Sonop Eeufeesprogram, 2016).

HOOFSTUK 12

SONOP VIER SY EEUFEEES

Soos reg aan die begin van hierdie studie genoem, is daar bittermin koshuise van opvoedkundige instellings in ons land, veral in die noordelike gebied van Suid-Afrika, wat al die mylpaal van sy honderdste bestaansjaar kon herdenk. In die lig hiervan was 2016 vir oudSonoppers en huidige Sonoppers 'n besondere jaar toe Sonop as manskoshuis vir Tukkiestudente sy eeufees gevier het.

Met heimwee is daar teruggedink na die kerkraadsvergadering van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria op 2 September 1916 toe daar besluit is om 'n *Christelik Afrikaans Tehuis voor Studenten van het Transvaal University College* op te rig (NG Gemeente Pretoria, 02/09/1916).

Met hierdie mylpaal het Sonop sy naam gevoeg by 'n klein groepering opvoedkundige instellings in sy nabye omgewing wat reeds die honderdjaarkerf verbygesteek het: Pretoria Boys' High (1901 – 2001), Pretoria Girls' High (1902 – 2002) en die Universiteit van Pretoria (1908 – 2008) (Engelbrecht, 1955:225,227).

Alhoewel die hele 2016 bekendgestaan het as Sonop Eeufeesjaar, was dit veral in Septembermaand wat die vreugdevure hoog gebrand het.

Soos by enige herdenking van hierdie aard was daar memorabilia om van te kies en te keur, oorgenoeg kuiergeleenthede om die vriendskapsbande van weleer te versterk, 'n tradisionele huisvergadering met sy gebruikelike erns én kwinkslae en 'n spogdinee waar oudSonoppers en hul gades, asook huidige Sonoppers (selfs eerstejaars) en hul metgeselle hierdie besondere mylpaal in glans en swier kon herdenk.

Blaai 'n mens deur die Eeufeesprogram, is dit opvallend dat, buiten al genoemde feesvieringe, daar 'n geestelike lyn loop waar dank en eer aan die Koning van die

Kerk gebring is. Dit kan ook nie anders nie, want van dag een af is Sonop bekend as 'n manskoshuis met 'n Christelike fondament en etos.

12.1 Herdenkingstog

Die eerste skote van die September 2016 Eeufeesmaand het op Vrydag 2 September 2016 geklap toe bykans vyftig inwoners om 5:00 by die Ned.Geref. Gemeente Pretoria vir die vroegoggend Herinneringstog van agt kilometer aangetree het.

Die doel van die Herinneringstog was om die inwoners bewus te maak van die betrokkenheid van die Ned.Geref. Kerk met die stigting en bestuur van Sonop, asook die geestelike versorging van die inwoners die afgelope eeu.

Om dié doel te bereik is die Herinneringstog spesifiek by die Ned.Geref. Gemeente Pretoria begin waar Sonop dag en datum honderd jaar gelede begin is. Vandaar is die Sonopdrawwers na die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos en het toe koers gekry na die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord.

By elk van die drie gemeentes wat in die afgelope honderd jaar vir 'n tyd lank 'n besondere rol in Sonop se geskiedenis vervul het, het die koshuishoof kortliks die band tussen die betrokke gemeente en Sonop vir die drawwers geskets, waarna een van die predikante aan die groep 'n Eeufeesboodskap oorhandig het.

12.1.1 Ned.Geref. Gemeente Pretoria (1916 – 1920)¹⁴⁵

Ds Francois Smith het namens die gemeente die Sonopdrawwers ontmoet. Op treffende wyse het hy die Sonopmanne, wat op dié spesifieke oggend op honderd jaar van Sonop se bestaan teruggekyk het, ook op 'n kort reis deur hul gemeente se afgelope honderd jaar geneem en ingelig oor die radikale herdefiniëring van hul roeping in die middestadskonteks.

¹⁴⁵ Die eens aktiewe en groot middestadsgemeente het in 2002 met PEN (Pretoria Evangelisasie en Nasorg) en die VG Kerk Melodi ya Tshwane tot die Inner City Faith Community Partnership saamgesmelt a.g.v. die hoogs heterogene samelewing in die middestad (Smit, 2004:2).

Met dieselfde ywer en oorgawe waarmee die gemeente honderd jaar gelede gevul was vir die uitdaging om 'n koshuis vir TUC studente op te rig, is hulle nou, honderd jaar later, weer met ywer en oorgawe gevul – die keer om hulle kerkwees in die middestad só te verstaan en só in te rig dat mense van verskillende agtergronde in 'n nuwe eenheid onder die gemeente se dak tuiskom.

Hy het afgesluit met die woorde:

Sonop baie geluk – mag almal wat onder julle dak 'n tuiste vind, die nabyheid van die lewende God ervaar en 'n kwaliteit menswees uitleef, sodat mense van verskillende gemeenskappe leer om vir mekaar medemens te wees en so die wil van God bevestig. (Eeufesboodskap, 2 September 2016)

12.1.2 Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos (1920 – 1960)

As een van jou woonkwartiere die naam PASTORIE¹⁴⁶ dra, dan verstaan 'n mens hoe sterk die band tussen Sonop en die Ned.Geref. Kerk deur die dekades was.

Met hierdie woorde het dr Niekie Lamprecht die besondere band tussen Sonop en die Kerk bevestig – 'n band van veertig jaar tussen Sonop en die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos.

Hy het ook enkele grepe uit die veertig jaar wat dié gemeente die inwoners geestelik bedien het, uitgelig: Sonoppers wat op Sondagaande met fietse en per voet kerk toe kom en die Ooskerk vol gesit het, menige Sonop-finalejaartokkelokke wat hul proefpreke daar gehou het en getuienisse van hoeveel die Sonop-Ooskerk-band vir van die inwoners beteken het.

Sonoppers is daarna met die bede gegroet: *Mag julle inderdaad altyd LIG in ons land verteenwoordig – 'n lig wat God se lewe en nuwe moontlikhede sigbaar maak* (Eeufesboodskap, 2 September 2016).

¹⁴⁶ Oorlewering beweer dat die naam "Pastorie" vir die eens statige huisvaderswoning (gebou 1941) op die noordoostelike hoek van die Sonopterrein, afkomstig is van die benaming deur studente omdat daar na prof Bosman se afsterwe in 1949 heelwat teologiese studente gewoon het. Vandag word dit vir eerstejaarsbehuising gebruik. Die eerste teologiese student wat in die Pastorie ingetrek het, was dr Gert Swart wat van 1944 tot 1949 in Sonop was (Sonop Databasis).

12.1.3 Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord (1960 –)

Wanneer dr Ronél Meylahn¹⁴⁷ namens die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord die Sonoppers gelukwens met hul eeufeesvieringe, praat sy namens al haar voorgangers en huidige kollegas as sy sê: *Dit was die afgelope 56 jaar vir Universiteitsoord 'n geweldige voorreg om by hierdie besondere huis, met sy unieke karakter, betrokke te kon wees.*

Ook raak sy die Christelike karakter van Sonop aan as sy praat van die aanmoediging in Sonop wat haar telkens opval waar Sonoppers mekaar aanmoedig om voluit en met oorgawe te leef, met God as die Een op Wie hulle lewens bou en saam met Wie hulle op pad is.

Net soos die leraars by die vorige twee gemeentes, stuur ook sy namens Universiteitsoord die Sonoppers met 'n seënbede daar weg: *Mag julle steeds in die toekoms julle karakter as Christelike tehuis behou en uitleef. Al verander baie dinge om julle en in julle huis, mag dít julle primêre identiteit bly* (Sonop Eeufeesboodskap, 02/09/2016).

Inwoners het na die Herinneringstog spontaan vertel dat hulle nooit geweet het dat dít die kerklike pad is wat Sonop sedert 1916 geloop het nie; hulle het ook hulde gebring aan die gemeentes vir hul belangstelling in en geestelike versorging van Sonop se inwoners

12.2 Besoek van geestelike leiers (vroeër en huidig) aan Sonop

Die week wat die Sonop Eeufeesvieringe van die naweek van 23 – 25 September 2016 voorafgegaan het, is verskillende belangegroepe genooi om op verskillende dae middagete by die koshuis te geniet. Op hierdie wyse kon die genooies, wat op een of ander wyse 'n band met Sonop het, ook in die Eeufeesvieringe deel. Van die belangegroepe was afstammeling van die eerste drie huisvaders, De Villiers, Vlok

¹⁴⁷ Dr Ronel Meylahn is die eerste vrouepredikant wat as studenteleraar van die NGK Universiteitsoord Pretoria bedien het (Cilliers, 2010:76).

en Bosman, vorige en huidige Sonopraadsvoorsitters, vorige nonnies,¹⁴⁸ huisouers van die UP-koshuise, asook Tuks Alumni 60 plus-lede.

Hierdie voorafweek sou egter onvolledig gewees het as die betrokke geestelike leiers by Sonop nie ook genooi is nie. Daarom was een middagete spesiaal gereserveer vir vroeëre en huidige predikante van die drie Ned.Geref. Gemeentes, asook predikante en pastore van ander kerklike denominasies wat Sonopinwoners geestelike versorg: die Ned.Herv. Kerk, die Geref. Kerk, die Lutherse Kerk, Doxa Deo, Teach Every Nation (TEN) en die Christiaan Revival Church (CRC).

Die doel van hierdie spesiale byeenkoms was tweërlei van aard: nie net dat die geestelike leiers saam met hul Sonoplidmate in die koshuis se eeufeesvieringe kon deel nie, maar ook om van Sonop se kant dank en waardering aan die geestelike leiers oor te dra vir hul besorgdheid oor die Sonoppers se geestelike welstand.

Hierdie geleentheid was niks anders nie as 'n interkerklike-koinonia in die klein!

12.3 Opening by Eeufeesdinee

Alhoewel dit nie algemeen gebruik is dat 'n koshuisdinee met Skriflesing en gebed geopen word nie – die meeste wat moontlik soms nog gebeur, is die doen van 'n tafelgebed – was daar by die Eeufeeskomitee, onder die leiding van oudSonopper ds Fanie Steyn,¹⁴⁹ géén twyfel dat hierdie Eeufeesdinee (Saterdagand 24 September 2016) op 'n waardige wyse geopen moes word nie.

Uit die honderde predikante wat Sonop deur die jare opgelewer het, het die eer oudSonopper prof Andrie du Toit¹⁵⁰ te beurt geval. Toe hy met die aanvang van die dinee by die kateder stelling inneem, die Bybel oopmaak by Psalm 16 en verse 5 en 6 lees, het die bykans 1 050 gaste stil geraak om hierdie besondere Eeufeesfeesmaalgeleentheid te begin in die Naam van Hom, die Koning van die Kerk, wat honderd jaar gelede die fondament was waarop Sonop gebou is.

148 "Nonnie" is die aanspreekvorm vir die matrone in die kombuis en al vir jare 'n instelling in Sonop (Sonop Eeufeesboek, 2016:171).

149 Ds Fanie Steyn was vanaf 1964 tot 1971 in Sonop. Hy was die amptelike fotograaf van die Sonop 50 Gedenkblad en voorsitter van die Reëlingskomitee van beide die 2011 Sonop Mini-fees en die Sonop Eeufees in 2016 (Sonop Argief).

150 Prof Andrie du Toit was vanaf 1949 tot 1955 in Sonop. In 1955 was hy Huisvoorsitter en vanaf 1968 tot 1970 studenteleraar by die NGK Universiteitsoord (Sonop Argief).

Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang kom alles van U af. 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir mooi (NAV). Met die lees van hierdie twee verse het Du Toit die koshuis – wat honderd jaar gelede deur die genade van die Here tot stand gekom het – vergelyk met die pragtige deel waaroor die Psalmdigter nie anders kan as om uit te roep is vir my mooi nie. Op hierdie kort opmerking het die gebed gevolg.

Gebed:¹⁵¹

Ons Vader in die hemele, ons aanbid U vanaand as die ewige, getroue Heer wat vir ons 'n toevlug was en is van geslag tot geslag – teenoor U die ewig onveranderlike is ons maar net oomblikskinders, kinders van die wind, grasspriet wat elke oomblik kan verwelk. En tog, Here, is elkeen van ons vir U oneindig belangrik, gee U vir ons om en het U in hierdie eeu wat verby is vir Sonop en vir al sy inwoners gesorg soos 'n vader vir sy kinders.

Ons wil U vanaand aanbid en dankie sê vir die voorreg wat ons as trotse en tog nederige Sonoppers gehad het om in hierdie plek te kon woon, vir alles wat ons hier kon ontvang en beleef.

Ons dank U vir diegene in wie se harte U dit "n eeu gelede gelê het om 'n plek soos Sonop te begin; vir die Sonopraad, huiskomitees, studenteleiers, naby-vriende van Sonop en soveel ander wat die Sonopbootjie, meermale deur storms heen, begelei het; vir lewensvreugde en lewensvorming vandat ons as onseker en verwonderde eerstejaars hier aangekom het totdat ons as volgroeides – of so het ons ten minste gedink – vir oulaas ons mansjoen se deur togetrek het om die harde, werklike lewe te betree; vir dierbare vriende se kameraderie; vriende wat ons help skaaf en slyp en vorm en omvorm het; vriende waarvan soveel vandag nie meer met ons is nie; ons eer hulle nagedagtenis.

Ons dank U vir lewenswaardes wat ons hier ons eie kon maak; vir geestelike groei en diepgang; dat soveel van ons tydens ons Sonopverblyf ons lewensmaats kon vind; vir al die prestasies van Sonoppers en oudSonoppers deur die jare en deur die genade, nie net op kampus en in ons land nie, maar selfs in Afrika en in die buiteland. U was vir ons oneindig goed; ons erfenis is vir ons wonderlik.

Ons wil U kom dank vir al die nonnies wat Sonop deur die jare 'n ware tuiste weg van huis gemaak het; vir soveel troue bediendes wat in Sonopdiens oud geword het.

151 Hierdie gebed is verbatim deur prof Andrie du Toit uitgetik en net so as gebed by die opening gebed (Persoonlike kopie, 24/09/2016).

Ons wil U spesiaal ook kom dank vir almal wat reeds vir jare hierdie pragtige eeufees voorberei het – die koshuishoof, die reëlingskomitee, die restourasiekomitee, ja te veel instansies en persone om elkeen hier by die naam op te noem.

*Ons bid U nou, seën Sonop in die jare wat kom; maak ons in hierdie land positiewe bouers, ook onder moeilike omstandighede, en nie negatiewe brekers nie. Seën ons asseblief ook nou by hierdie feesmaaltyd. Aan U al die eer.
Amen.*

12.4 Eeufeesdankdiens

Die geestelike lyn deur Sonop se 2016 Eeufeesprogram, waarna vroeër verwys is, het sy hoogtepunt én eindpunt op Sondag 25 September 2016 bereik toe oudSonopper ds Gerrie Doyer¹⁵² die Eeufees-Dankdiens – wat ook die bediening van die heilige Nagmaal ingesluit het – gelei het.

Met as teksgedeelte 1 Samuel 7:2-12, met spesifieke klem op die woorde *Eben-Haeser* – tot nou toe het die Here ons gehelp, het hy kortliks 'n terugblik gegee hoedat sy voorsaat Wilhelmus Doyer (onderwyser) in 1856 in Suid-Afrika aangekom het na 'n gevaarlike seereis vanaf Nederland in 'n kleinerige skip. Vandaar het hy deur die woeste Afrika – in vergelyking met die beskaafde Nederland – gereis en hom op Morgenzon in die hedendaagse Mpumalanga gevestig. Tussen die skoolhou deur koop Wilhelmus vir hom 'n plaas en noem dit *Eben-Haeser*, met die belydenis dat vandat hy Nederland verlaat het tot hier op Morgenzon, dit die Here was wat hom gehelp het.

Na analogie van hierdie terugblik en in die lig van 1 Samuel 7:12 vra Doyer dan 'n paar retoriese vrae: *Waar was die Here in die prentjie van Sonop se verlede? Hoe gaan Sonop die toekoms tegemoet? Watter plek neem Hy in Sonop in? Hoe gaan die kerk en geloof en Sonop in die toekoms lyk?*

Hy antwoord dan dat as Sonop by hierdie Eeufees terugkyk, die honderd jaar se geskiedenis oor en oor bewys dat die seënende hand van die Here deurentyd op

¹⁵² Ds Gerrie Doyer was vanaf 1968 tot 1973 in Sonop en in 1973 Huisvoorsitter. Hy en sy seun Ockie het die eerste pa-seun-kombinasie van slegs 2 in Sonop se geskiedenis geword wat beide Huisvoorsitter was toe Ockie in 2001 tot Huisvoorsitter verkies is. Die ander pa-seun-kombinasie is Riaan Jacobs in 1980 en sy seun Pierre in 2017 (Sonop Argief).

Sonop gerus het. Maar as Sonop by hierdie Eeufees vorentoe kyk, dan kan niemand die toekoms voorspel nie en lyk die toekoms, veral in die lig van al die gebeure in die land en op die kampusse, maar duister. In die lig hiervan verwys hy na Alvin Toffler¹⁵³ se *Future Shock*, wat in elke mens die vrees vir die snel veranderde lewe bring. Hierdie vrees word, volgens Toffler, opgewek as gevolg van te veel veranderinge in 'n te kort tyd terwyl daar 'n al groter verlies is aan ou gevestigde ankers, soos godsdiens, familiebande, nasionale identiteit en 'n vaste professie.

Daarom dan Doyer se slotwoorde: *Kom ons verbind ons opnuut aan Hom – Rig julle harte op die Here en dien Hom alleen* (1 Samuel 7:3).

Hierdie oproep tot 'n nuwe Sonopverbintenis aan die Here is na die erediens opgevolg met die onthulling van 'n Gedenkplaat op die terrein met die woorde:

EBEN – HAESER
TOT NOU TOE HET DIE HERE ONS GEHELP
(1 SAMUEL 7:12)

DIT IS DIE BELYDENIS VAN OUD- EN HUIDIGE SONOPPERS.
ONS VERKLAAR OOK ONS TOTALE AFHANKLIKHEID
VAN HOM VIR DIE TOEKOMS.

DIE PLAAT IS OP 25 SEPTEMBER 2016,
TYDENS DIE EEUFEESESVIERINGE, ONTHUL.

153 Alvin Toffler (04/10/1928 – 27/06/2016) was 'n Amerikaanse skrywer en toekomskundige, en outeur van *Future Shock* (<http://theguardian.com> 29/06/2016).

AFDELING B: PERSONE VEREWIG IN DIE SONOP-ANNALE

HOOFSTUK 13

ROLSPELERS IN DIE TOTSTANDKOMING, BESTUUR EN OPBOU VAN SONOP

Tot hiertoe is die rol van die Ned.Geref. Kerk in die totstandkoming van Sonop in 1916 en die bestuur daarvan tot 2016 belig vanuit (a) die geldelike bydraes wat bepaalde gemeentes en sinodes gemaak het vir die oprig en instandhouding van Sonop en (b) die daarstel van bepaalde bestuurstrukture vir die funksionele bestuur van die tehuis, terwyl die name van belangrike rolspelers in hierdie tydperk van 100 jaar na rechte maar net in die verbygaan genoem is.

Om reg te laat geskied aan hierdie belangrike rolspelers van die eerste eeu word daar vervolgens met 'n kort biografiese beskrywing op die voorganger by die stigting van die tehuis, die naamgewer, die huisvaders en Sonopraadsvoorsitters gefokus. Ook word die predikante betrokke in die twee gemeentes wat verantwoordelik was vir die geestelike versorging van Sonoppers, asook Universiteitsoord wat nog steeds verantwoordelik is, en die voorsitters van die Huiskomitees wie se name op die voorsitterserol in die Sonop-eetsaal pryk, ook genoem.

13.1 Voorganger by die Stigtingsvergadering: HS Bosman

Hermanus Stephanus Bosman is op 23 Junie 1848 in die Victoria-Wesdistrik gebore as die seun van Abraham Francois Bosman en Anna Debora Bosman. Op vierjarige ouderdom verhuis sy ouers na Potchefstroom, waar sy lewe ingrypend verander het.

Terwyl hy as klerk in 'n winkel aldaar gewerk het, het sy pad met dié van dr Andrew Murray, wat daar op besoek was, gekruis. Na hulle kennismaking ontvang hy die uitnodiging van Murray om saam met hom terug te keer na Worcester om hom as predikant te bekwaam. Treffend was Murray se preek in die huis van Bosman se ouers voor hul vertrek, toe hy die teksvers (Genesis 22:2) gebruik het van Abraham wat Isak geoffer het. Min het Bosman se pa – ook Abraham – geweet watter seën

daar vir die koninkryk van God sou voortspruit deur sy veertienjarige seun “te offer” deur hom saam met Murray te stuur vir opleiding as predikant!

Onder Murray se leiding begin Bosman die leer van geleerdheid reg van onder klim en voltooi in 1873 sy teologiese studies aan die destydse Victoria College – vandag die Universiteit van Stellenbosch. Na twee jaar in die buiteland, onder andere in Skotland, Nederland en Duitsland, keer hy terug na Suid-Afrika en word op 11 November 1875 tot die bediening toegelaat. Kort na sy toelating ontvang hy ’n beroep na die Nederduitsch Hervormde Kerk¹⁵⁴ Pretoria, min wetende dat dit sy éérste en éinigste gemeente gaan wees waar hy en sy eggenote, Aletta Hendrina Faure, vir vyftig jaar in diens van hul Meester gaan staan.

Sy jarelange diens in Pretoria (21/06/1876 – 19/07/1926) beide in die kerk en die gemeenskap word deur FGM du Toit soos volg saamgevat: *For more than half a century he was at the heart of the struggle in the Transvaal for what he regarded as just and Christian* (De Kock, 1968:105).

Enkele voorbeelde verklaar Du Toit se opmerking – “*he was at the heart of the struggle*”:

13.1.1 Betrokke by die Kerkvereniging (1885 – 1892)

Bosman het reeds by die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsche Hervormde Kerk van Afrika in 1879 ’n beskrywingspunt ingedien dat die moontlikheid van kerkvereniging ondersoek moet word (Van der Watt, 1980:84).

Alhoewel kerkvereniging op 7 Desember 1885 gerealiseer het, was dit egter van kortstondige aard en het dit net tot 1892 geduur. Vooroordeel, misverstand, gebrek aan verdraagsaamheid en te veel stryd was bydraende faktore. *So gesien was kerkvereniging (1885 – 1892) beslis geen sukses nie* (Van der Watt, 1980:181).

In sy boek *Een terugblik op Kerklijke en Godsdienstige toestanden in de Transvaal* spreek Bosman in 1923 sy diepe teleurstelling oor sy volksgenote uit as hy hulle aan

154 Sien Van der Watt (1980:178–182) vir ’n volledige beskrywing van die amptelike naam van die kerk.

twee geleenthede (een kerklik en een polities) herinner waar hulle die geleentheid om die leuse *Endracht maakt macht* waar te maak, deur hul vingers laat glip het: *Eerst by de vasstelling van den naam der Verenigde Kerk in 1889, en tweede bij het Hereenigings Kongres te Bloemfontein,*¹⁵⁵ *3 jaar geleden* (Bosman, 1923:34).

Na die kortstondige tot niet gaan van die kerkvereniging het 'n hele aantal prominente figure – Bosman ingeslote – by die Ned.Herv. of Geref. Kerk gebly. Ander was oudpresident MW Pretorius, kommandant-generaal Piet Joubert, ds NJ van Warmelo en FGH Wolmarans en die burgemeester van Pretoria, PJ Potgieter (Van der Watt, 1980:181).

13.1.2 Uitbrei van die Ned.Geref. Gemeentes in Pretoria

Met Bosman se toewyding aan sy roeping as predikant en die uitbreiding van die groter Pretoriagebied het daar na die Anglo-Boereoorlog (1899 – 1902) tot en met sy aftrede in 1926 agt gemeentes van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria afgestig: Bronkhorstspruit – vroeër Erasmus (1905), Elofssdal (1908), Magaliesberg (1910), Krokodilrivier (1914), Premiermyn (1920), Pretoria-Oos (1920), Daspoort (1922), Pretoria-Wes (1925) (De Kock, 1968:104).

13.1.3 Bedieningstatistiek

Volgens statistiek het Bosman gedurende sy vyftig jaar in die Ned.Geref. Gemeente Pretoria bykans 15 000 gedoop, 6 800 belydenis van geloof laat aflê en 3 000 paartjies getrou (De Kock, 1968:104).

13.1.4 Sinodale diens

Bosman het vanaf 1892 tot 1912 op die moderatuur van die Transvaalse Sinode gedien – drie termyne (1892 – 1903) as skriba en drie termyne (1903 – 1912) as voorsitter (Van der Watt, 1987:406).

¹⁵⁵ Hierdie Afrikaner-herenigingskongres in Bloemfontein op 23/09/1919 het ten doel gehad om die Afrikaners in die NP en die Afrikaners in die SAP weer polities bymekaar te bring. Die latere Goewerneur-Generaal van SA, EG Jansen (1951 – 1959) was 1 van die 5 NP-afgevaardigdes wat saam met 5 lede van die SAP as Versoeningskommissie onderhandel het (<https://af.Wikipedia.org/wiki/E.G.Jansen>).

13.1.5 Stigting van Eendracht Laerskool

Bosman se sterk hartklop vir Christelike Nasionale Onderwys het hom en sy eggenote na die Anglo Boereoorlog hul pastorie laat verlaat om elders te gaan woon om die Eendracht Laerskool in Bosmanstaat op 4 Februarie 1904 te open (De Kock, 1968:105).

13.1.6 Onderhandelinge vir Jopie Fourie

Voor Jopie Fourie se fusillering op 20 Desember 1914 was Bosman een van drie predikante wat tevergeefs probeer het om met die Minister van Verdediging, generaal Jan Smuts, 'n afspraak te kry om vir begenadiging van Fourie te pleit. Die ander twee was dr DF Malan en ds CA Neethling (Grobler, 2007:144).

13.1.7 Lid van Laurence Kommissie

Bosman se belangstelling in en toewyding aan die onderwys het nie net gelê in die daarstel van skole met 'n Christelike Nasionale Opvoedingsbeleid nie, maar ook in die opleiding van die naskoolse jeug. So word hy in 1913 aangewys as 'n lid van die Laurence Kommissie wat die Unie-regering van advies moes bedien insake naskoolse opleiding (Niven, 1971:36).

Tussen al bogenoemde gemeentelike, sinodale en gemeenskapsverpligtinge kom die stigting en vestiging van Sonop ook nog op sy pad: *He also helped his consistory to found the Sonop residence for ndy et the Transvaal University College (now UP) and was the first chairman of is committee from 1916 – 1920* (De Kock, 1968:105).

Sy naam is voorwaar onuitwisbaar in die geskiedenis van Sonop ingegraveer!

13.2 Naamgewer – DE van Velden

Dirk Eliza van Velden is op 22 September 1869 in Pietermaritzburg gebore as die seun van Ds Abraham van Velden en sy vrou Anna Joubert. Hy voltooi sy hoërskoolloopbaan aan die Stellenbosch Gymnasium en studeer aan die destydse Victoria College – vandag die Universiteit van Stellenbosch.

Na voltooiing van sy studies vestig hy hom in die Transvaalse Republiek waar hy aktief betrokke raak in politieke en landsake. So was hy was betrokke in die Jameson inval (29/12/1895 – 02/01/1896) en word in 1896 assistent-sekretaris van die Tweede Volksraad, waarna hy in 1899 die sekretaris word. Ook speel hy, as sekretaris van die Uitvoerende Raad van die Transvaalse Republiek, 'n belangrike rol in die Vredesverdrag van Vereeniging in 1902.¹⁵⁶

Hy tree op 14 Desember 1899 in die huwelik met Aletta Hendrina Johanna Marais, 'n dogter van JS Marais wat dertig jaar lank lid van die Transvaalse Volksraad was. Een van die egpaar se drie dogters, Magdalena Johanna, is getroud met dr William Nicol, 'n voormalige predikant van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos, moderator van die Transvaalse Sinode, administrateur van Transvaal en ook voorsitter van die Sonopraad.

Tussen al Van Velden se betrokkenheid by landsake het hy ook tyd vir sy medemens en kerk gemaak: *Van Velden was a staunch member of his church and a faithful supporter of Louis Botha Home*¹⁵⁷ (Dictionary of South African Biography, Vol IV:717).

So was hy, as kerkraadslid by die Ned.Geref. Gemeente Pretoria, betrokke by die stigting van Sonop op 2 September 1916, en het ook 'n paar jaar later betrokke geraak by die afstigtingsproses van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos, wat op 20 April 1920 'n werklikheid geword het.

As lid van die eerste kerkraad van die nuutgestigte gemeente was Van Velden vir die volle duur van agt jaar op die boukommissie van die gemeente. Hy was veral betrokke by die uitsoek en aankoop van 'n geskikte terrein en het ook die voorreg gehad om voor die finale goedkeuring van die kerkgebou se planne, saam met die

156 Een van Van Velden se grootste nalatenskappe was juis die dokument wat hy in samewerking met dr JD Kestell uitgegee het oor die vredesonderhandelinge, getiteld *De Vredesonderhandelinge tusschen de regeringen der twee Zuid-Afrikaansche republieken en de verteenwoordigers de Britsche regeering, welke uitliepen op den vrede op 31 Mei 1902 te Vereeniging gesloten* (Grobler, 2007:200).

157 Die Louis Botha Kinderhuis het in 1918 tot stand gekom. Sonop het in die 1994/1995 HK-termyn as Joolprojek 'n Selfhelpskema daar begin (Sonop Selfhelpskema, 1994/1995 brosjure).

leraar, dr Keet, laaste veranderinge aan te bring (NGK Pretoria-Oos 50 Gedenkblad:16).

Wat Sonop¹⁵⁸ betref, het hy nie net die nou reeds bekende naam aan die koshuis gegee nie, maar ook met vêrsiendheid op 26 April 1922 tydens 'n kerkraadsvergadering aanbeveel dat vier aangrensende erwe langs Sonop aangekoop word vir 'n tennisbaan en ontspanningsfasiliteite. Sonder twyfel het sy jarelange betrokkenheid op die Kerkraad se Sonopkommissie meegewerk aan die daarstel van 'n manskoshuis vir jong Tukkiestudente in die belangrike vormingsjare van hulle lewe, 'n manskoshuis waaroor die son van God se genade nou reeds vir 100 jaar skyn.

Sou Van Velden dalk hierdie beeldspraak in gedagte gehad het met Sonop se naamgewing?

13.3 Huisvaders

13.3.1 Prof WP de Villiers

Wilfried Pierre de Villiers is op 22 Junie 1885 as die sewende van tien kinders van ds Willem Petrus de Villiers en Maria Petronella van Reenen gebore.

Nadat krygswet in 1900 tydens die Anglo-Boereoorlog afgekondig is, is ds De Villiers en sy vrou deur die Engelse magte van patriotisme teenoor die boere beskuldig en as *undesirable* na Beaufort-Wes gestuur. Tydens die aanhouding daar het De Villiers, toe vyftien jaar oud, gevlug en is gevange geneem. Hy is later deur die bekende digter AG Visser¹⁵⁹ bevry.

Hierdie patriotisme van sy ouers, saam met die vaste geloofsfundament van sy ouerhuis, sou beide in sy latere lewe 'n belangrike rol speel wat sy huisvaderskap van Sonop betref.

158 Daar is geen verband tussen Sonop Christelike Tehuis en die Sonop Dameskoshuis aan die US nie. Laasgenoemde is in 1938 gestig en was aanvanklik Huis van Niekerk, vernoem na 'n weldoener. Die naam "Sonop" is later deur die bekende manskoshuis Dagbreek aan hulle gegee, met die motivering dat daar na dagbreek ook 'n sonsopkoms moet wees (Sonop Dameskoshuis, Voorportaalpaneel).

159 AG Visser was vanaf 1896 tot 1901 onderwyser op Carnavon, terwyl De Villiers se pa, ds WP de Villiers vanaf 1875 tot 1905 predikant daar was (De Kock, 1968:849).

Nadat De Villiers die grade BA en MA aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het, het hy sy universiteitstudies aan die Universiteit van Gent in België gaan voortsit, waar hy in 1910 gepromoveer het met 'n proefskrif oor die Duitse letterkunde.

Dit was dan ook in dié tyd dat hy in 1908 sy Walliese eggenote, Ethelwyn Robberts,¹⁶⁰ tydens 'n Studentekonferensie in Liverpool, waar dr William Nicol ook teenwoordig was, ontmoet het. Sy was, in De Villiers se eie woorde, 'n *Walliese nasionalis* (Sonop 40 Gedenkblad:24).

Die pasgetroude De Villiers het hom in Pretoria kom vestig, waar hy in 1910 as dosent in Duits en Frans aan die Transvaalse Universiteitskollege aangestel is. Die De Villiers-egpaar het by die Ned.Geref. Gemeente Pretoria ingeskakel, waar De Villiers as kerkraadslid vir etlike jare sou dien.

Met sy sterk Christelike geloof as predikantskind, sy patriotisme vir die Afrikanervolk waaraan hy behoort het en sy kontak met jong studente, juis in 'n tyd toe die Afrikanervolk verarm en verskeurd was, het De Villiers 'nterk as 'n kampvegter vir dit wat vir hom kosbaar was, na vore getree.

Daar word in die algemeen net na De Villiers verwys as Sonop se eerste huisvader, terwyl sy betrokkenheid by die stigting van Sonop én die Universiteit van Pretoria se Teologiese Fakulteit, asook die Afrikaanswording van die Universiteit agterweë gelaat word.

Alhoewel twee ouderlinge, PJ Pienaar (Lydenburg) en BH Swart (Zoutpansberg) die voorstel op die Sinode van 1916 gemaak het om 'n koshuis te stig, is die oorspronklike gedagte afkomstig van De Villiers (Sonop 40 Gedenkblad:6).

Wanneer daar oor die totstandkoming van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria verwys word, dan word De Villiers se naam saam met dié

¹⁶⁰ Ethelwyn Robberts was 'n onderwyser in Aberystwyth, Wallis en het 'n lewendige belangstelling in die Anglo-Boereoorlog gehad (Sonop Eeufees Gedenkblad:159).

van prof DF du Toit Malherbe genoem, wie se pleidooie reeds by die Sinode van 1916 opgegaan het vir 'n fakulteit in die noorde (Human & Van der Merwe, 2013:5).

Prof AE du Toit, die groot yweraar vir die Afrikaanswording van die Universiteit van Pretoria in 1932, het in Se Villiers 'n getroue en uitgesproke ondersteuner gehad.

Sonop kan met reg trots wees op Wilfried Pierre de Villiers, wat nie net die gedagte aan 'n koshuis vir jong Afrikaanssprekende Christen-mansstudente van die destydse Transvaal University College gelug het nie, maar dit ook tot uitvoer gebring het. Sy naam is onuitwisbaar verewig in die Sonopverhaal van die eerste eeu, maar ongetwyfeld ook vir die volgende eeue wat nog kom!

13.3.2 Mnr WH Hofmeyr

Alhoewel WH Hofmeyr se foto nooit in die “huisvadergalery”¹⁶¹ van Sonop se eetsaal sal hang nie, verdien hy tog om in hierdie studie erkenning te kry vir dit wat hy vir Sonop beteken het as lid van die Sonopkommissie van die Ned.Geref. Kerk én veral sy bereidwilligheid om, na groot onrus en verdeeldheid,¹⁶² in 1936 die pos van huisvader op te neem.¹⁶³

Willem Hendrik Hofmeyr is op 4 November 1874 op Somerset-Oos uit die huwelik van ds JH (Jan) en Isabella Hofmeyr gebore. Isabella is 'n suster van die welbekende dr Andrew Murray. Na sy skoolloopbaan het hy hom by die Gill College op Somerset-Oos, wat juis deur die ywer van sy vader tot stand gekom het, as onderwyser bekwaam deur 'n dubbele BA-graad te behaal – Literatuur en Filosofie (1894) en Natuurwetenskap (1896).

Hy begin sy onderwysloopbaan in 1896 op Steynsburg en bewys hom reeds daar as iemand vir wie die jeug baie naby aan die hart lê. In 1899 vertrek hy na Cambridge

161 Die Sonop Argief het 'n verlengstuk na die eetsaal waar die foto's van Sonop se 4 huisvaders sedert 1916 tot op hede en die voorsitters van die Sonopraad vanaf 1948 tot op hede uitgestal word. Afdrukke van Sonop se 10 Pierneefwerke hang ook daar (Sonop-eetsaal).

162 Die onrus en verdeeldheid word in besonderhede in 4.5.1 behandel.

163 Hofmeyr se bereidwilligheid en die misverstand wat hom die pos van huisvader gekos het, word in 4.5.2 beskryf.

en skryf by die Emmanuel College vir die *Natural Science Tripos*¹⁶⁴ in. Hy behaal in 1902 sy BA Honneursgraad.

Terug in Suid-Afrika beklee hy die hoofpos by die Boys' High School in Stellenbosch totdat hy enkele maande voor Suid-Afrika se Uniewording in 1910 deur die destydse Minister van Binnelandse Sake in Transvaal, JC Smuts, genader is om die samesmelting van die vroeëre Boys' High School en die Eendrachtskool (gestig deur dr HS Bosman) as Pretoria Boys' High School te hanteer. Volgens Smuts was Hofmeyr *die aangewese persoon om die gewenste toenadering te bewerkstellig en die Philadelphia-gees te handhaaf* (*The Pretorian*,¹⁶⁵ Desember 1934:6). Hierdie pos sou hy vir 24 jaar met groot sukses beklee tot hy einde 1934 op twee-en-sestigjarige ouderdom afgetree het.

In 'n huldeblyk aan hierdie merkwaardige man tydens sy afskeid is daar van hom gesê:

Twenty-four years is a young man's lifetime and it almost staggers the imagination to think of the number of boys who have passed through his hands. What a wealth of experience of the human race! How many incidents, trying both to the temper and the nerves, must have occurred during such a time. And yet we have always thought of him – calm, resourceful and unchanged. (The Pretorian, December 1934:1)

Dat Hofmeyr die pos van Sonop se huisvader met onderskeiding sou beklee, lei geen twyfel nie. Sy liefde en omgee vir die jeug wat hy reeds as jong skoolhoof te Steynsburg geopenbaar het en waarvan dié omgewing met groot waardering gepraat het, sy potensiaal, soos deur Smuts beskryf om die Philadelphia-gees te handhaaf tydens die samesmelting van Eendracht en Boys' High School, asook die positiewe getuienis tydens sy afskeid hierbo beskryf, sou hom sonder twyfel in dieselfde klas geplaas het as die latere prof Bosman.

13.3.3 Mnr AC Vlok

Arnoldus Christiaan Vlok is op 9 Augustus 1867 as een van 'n tweeling gebore en het 'n groot deel van sy kinderjare op Sutherland in die Noord-Kaap deurgebring. Hy

¹⁶⁴ Tripos is die finale honneurseksamen vir 'n B-graad by die Cambridge Universiteit. Die tripos (Latyn *tripus*) verwys na 'n spesifieke stoel waarop 'n aangewese student tydens die gradeplegtigheid sit en 'n satiriese toespraak moet lewer (<https://en.oxforddictionaries.com/definition/tripos>).

¹⁶⁵ *The Pretorian* was die destydse skoolblaadjie van Pretoria Boys' High School (*The Pretorian*, December 1934).

was bevoorreg om later sy skoolloopbaan aan die prestige South African College High School (SACS – gestig 1829) aan die voet van Tafelberg en Duiwelspiek voort te sit. Toe hy sestien jaar oud was, is sy vader oorlede. Hy moes toe skool verlaat om met die boerdery op Sutherland te gaan help. Vier jaar later is sy moeder ook oorlede en keer hy op twintigjarige ouderdom weer terug skool toe om sy matriek te behaal.

Hy kwalifiseer hom as landmeter en werk, onder andere, as *draughtsman* by die Landmeter-Generaal se kantoor in Pretoria en was later *Chief Computer to the Surveyor General*. Na sy aftrede open hy sy eie kantoor in die Greshamgebou in Andriesstraat (Pretoria), waar hy tot op die ouderdom van sewentig jaar private werk gedoen het.

Drie faktore wat bygedra het om Vlok te skool en te slyp om deel van Sonop se vroeëre jare se huisvadergalery te kon word, was sy skoolopleiding by die South African College High School in Kaapstad en sy huwelik, as wewenaar, met Maria Elizabeth Mostert op 1 Februarie 1899. Sy was 'n dogter van die eerste rektor van Grey College in Bloemfontein, mnr OC Mostert.

SACS se waardegedrewe benadering tot opvoeding en onderwys moes ongetwyfeld op Vlok afgeskuur het en hom 'n ideale kandidaat vir die pos van Sonophuisvader gemaak het:

The school prides itself on the balanced education it provides, the world class facilities on offer, the fact that SACS men strive for excellence in all spheres of school life and that it places a strong emphasis on high moral values. (Sonop Eeufees Gedenkblad:162)

Saam met die diepgewortelde waardes van SACS het hy in sy skoonvader, OC Mostert, die rektor van die bekende Greykollege in Bloemfontein, 'n uitnemende mentor gehad.

Buiten bogenoemde was hy, as meelewende lidmaat en kerkraadslid van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria, vir etlike jare reeds op die Kerkraad se Sonopkommissie en vir lank voorsitter – sonder twyfel iemand wat Sonop se binnekringe geken het en die ideale huisvader.

Ongelukkig is Vlok van die eerste drie huisvaders lank die vergete een. Baie min is in die Sonop Gedenkblad oor hom geskryf en tot en met Julie 2015 het daar nooit 'n foto van hom by die ander twee huisvaders in die eetsaal gehang nie.

Die Bond van OudSonoppers het egter toegesien dat Vlok sy regmatige plek in die Sonop Eeufees Gedenkboek gekry het, asook dat Eeufeesgangers hom vir die eerste keer tussen die ander huisvaders se portrette by die “huisvadergalery” kon sien, met 'n waterverfskets wat deur een van sy agterkleindogters beskikbaar gestel is.

13.3.4 Prof ID Bosman

Isak Daniel Bosman is op 2 Februarie 1897 in die Frankfortdistrik gebore. As gebore Vrystater ontvang hy sy skoolopleiding aan Grey Kollege in Bloemfontein en behaal daarna sy BA-graad aan die destydse Grey-Universiteite-Kollege (nou die Universiteit van die Vrystaat).

Terwyl hy vanaf 1919 tot 1928 op Reddersburg skoolhou, behaal hy sy MA-graad by Unisa en tree ook in die huwelik met Lettie Bosman. In 1929 vertrek hulle na Amsterdam, waar hy sy doktorsgraad in geskiedenis verwerf. Terug op eie bodem word hy in Julie 1932 aangestel as hoof van die hoërskool Bothaville – 'n pos wat hy vir slegs 'n kort rukkie sou beklee.

Aan die begin van 1935 begin sy twaalfjaarlange loopbaan by die Universiteit van Pretoria, waar hy nie net vinnig opgang in die akademiese wêreld maak nie, maar met sy innemende persoonlikheid en vriendelike geaardheid ook 'n gewilde kollega word. Vir nege van sy twaalf jaar by Tukkie's beklee hy dan ook die pos van huisvader by Sonop.

Behalwe sy lojaliteit teenoor en toewyding aan sy akademiese verantwoordelikhede en huisvaderverpligtinge, het Bosman ook sy gemeenskap met oorgawe gedien. So was hy lid van die SA Akademie, ondervoorsitter van die Krugergenootskap, lid van die Afrikaanse Hoërskool Seunskool se beheerliggaam en ook lid van die Argiefkommissie van die Ned.Geref. Kerk.

Die besondere wyse waarop Bosman en sy eggenote as huisouers Sonop en sy inwoners gedien het, is reeds in 4.5.3 beskryf. Ook getuig die spesiale uitgawe van *Die nuwe Perdeby* gedateer 21 April 1947,¹⁶⁶ wat in sy geheel aan Bosman hulde bring, van sy uitnemendheid op vele lewensterreine.

Onderstaande treffende grepe uit drie van die huldeblyke aan Bosman som sy betekenis en nalatenskap vir Sonop maar ook die breë studentegemeenskap so juis op:

- *“Nihil tetigit quod non ornavit” – hy het niks aangeraak wat hy nie versier het nie – WL Maree*
- *Die agt jaar wat hy as Sonop se huisvader gedien het, was die gelukkigste bedeling in die geskiedenis van die tehuis – dr Ben Marais.*
- *Hy was ons vriend – op die sportveld, by sy huis, in die vergaderings, in die lesingsaal – oral ons vriend omdat hy ons verstaan het wat jonk is – VSR-voorsitter.*

13.3.5 Ds AP Viljoen

Na 63 jaar van “huisvaderloos” wees, ag die Sonopraad dit gerade om in 2010 weer ’n huisvader aan te stel. Die keuse het op ds AP (Tonie) Viljoen geval, wat as tentmakerpredikant sedert 2006 op ’n deeltydse basis as bedryfsbestuurder by die koshuis betrokke was. Hy word dan ook die eerste oudSonopper in Sonop se geskiedenis wat as huisvader aangestel word.

As boorling van Naboomspruit (Mookgopong) het hy as graad 6 leerder die eerste keer met Sonop kennis gemaak toe die eerste Drommedaristoer¹⁶⁷ in 1966 op pad na die destydse Rhodesië (deesdae Zimbabwe) deur sy tuisdorp beweeg het. Dit was egter eers in sy matriekjaar, tydens ’n skoolverlaterskamp, wat oudSonopper Flip Nel, toe ’n senior tokkelok in die koshuis, hom oorreed het om Sonop sy studentetuiste te maak.

¹⁶⁶ Die 21 April 1947 se uitgawe van *Die nuwe Perdeby* was ’n huldigingsuitgawe van 14 bladsye aan prof Bosman. Die redakteur verwoord dit so: *Ons wens op hierdie beskeie manier hulde te bring aan ’n persoon wat by ons baie hoog aangeskrywe was (Die nuwe Perdeby, 21 April 1947:1).*

¹⁶⁷ Die doel van die Drommedaristoer van 1966 vanaf die Kerkplein in Pretoria na Beitbrug was tweeledig: Dit was deel van Sonop se vyftigste bestaansvieringe, maar ook ’n fondsinsameling om solidariteit te bewys vir die destydse Rhodesië met sy brandstofboikot. Die bedrag van R2 594.17 is ingesamel (Fasces Flentes, 17/06/1991:11).

Tydens sy Sonopverblyf vanaf 1973 tot 1979 het hy twee termyne op die Huiskomitee gedien en gereeld vir die eerste rugbyspan uitgedraf. Sy voorliefde vir jeugwerk het hy vakansies uitgeleef deur etlike skoolverlater- en skoolverwisselingskampe saam met die destydse Noord-Transvaal se Sinodale Jeugkantoor, onder mentorskap van di. Freek Swanepoel en Cassie Carstens, aan te bied. Ook was hy in sy studentejare betrokke by talle van die dienswerkkampe van die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord – veral dié by die Eiland en Margate.

Na sy teologiese opleiding, waartydens hy die grade BA Admissie en BD, asook die Nagraadse Diploma in Teologie behaal het, aanvaar hy tydens sy nasionale diensplig 'n beroep as staandemagkapelaan na die Ned.Geref. Gemeente Voortrekkerhoogte-Wes, waar hy vir vier jaar intens betrokke was by die bediening van nasionale dienspligtiges in die plaaslike weermageenhede in Voortrekkerhoogte (Thaba Tshhwane), asook op die grens en in Angola waar hulle diens gedoen het.

Na net meer as 25 jaar in die voltydse gemeentebediening in verskeie gemeentes, word hy in 2006 tentmakerleraar by die Ned.Geref. Gemeente Cachet (Germiston) en aangestel as deeltydse bedryfsbestuurder van Sonop – 'n administratiewe pos wat nodig geword het hoofsaaklik nadat die Universiteit sy hulp met die finansiële administrasie gestop het. Die selfregeringstelsel wat die studente betref is egter nog gehandhaaf. In hierdie tyd behaal hy ook sy MTh-graad in Bybelse Spiritualiteit aan die Universiteit van die Vrystaat.

Dit was eers einde 2010, toe die pos van huisvader, na die Kommissie van Onderzoek se verslag vroeg in 2010¹⁶⁸ heringestel is, dat hy as koshuisvader en koshuishoof¹⁶⁹ namens die Sonopraad inspraak in die bestuur van die studentelewe gekry het.

Die pos van koshuishoof en koshuisvader het vinnig gegroei tot 'n voltydse pos wat selfs die administratiewe verpligtinge van die Bond van OudSonoppers oorgeneem het.

168 Sien 11.3 (i) vir die aanleidende oorsake vir die daarstel van die Kommissie van Onderzoek.

169 In sy voorwoord van die Sonop Eeufees Gedenkblad verduidelik Viljoen hoe die 2 poste van koshuishoof en huisvader mekaar aanvul (Sonop Eeufees Gedenkboek:12)

Viljoen is dan ook die eerste Sonophuisvader wat self ook as student 'n Sonopper was – 'n nuwe “tradisie” wat begin is deurdat daar algemeen gesê word dat slegs oudSonoppers oorweeg sal word as toekomstige Sonophuisvaders.

Die groot dryfveer agter hierdie radikale besluit, wat 'n tradisie van 63 jaar tot niet gemaak het en aan die begin baie teenstand van die huidige inwoners van daardie jaar en jong oudSonoppers gekry het, was, soos Viljoen dit self stel, die gevolg van jongerwordende Huiskomitees en snel veranderende omstandighede, sowel in die breër samelewing as in die universiteitsomgewing (Sonop Eeufees Gedenkblad:12).

Ook was dit 'n tydige stap met die oog op die groot restourasieprojek (2011 – 2016) van R12.5 miljoen,¹⁷⁰ asook die Sonop Eeufees in 2016. Tesame met die alledaagse koshuisbestuur het hy as koshuishoof ook in beide gevalle 'n prominente rol gespeel.

13.4 Voorsitters van die Sonopraad

Vanaf 1916 tot en met die oorhandiging van die bestuur van Sonop aan die Transvaalse Sinode, en later die Noord-Transvaalse Sinode, is die bestuur van Sonop behartig deur 'n kerkraadskommissie, bekend as die “Sonopkommissie”, met sy eie voorsitter. Na die oorhandiging van die bestuur aan die Sinode het die Sonopraad tot stand gekom, wat bestaan uit afgevaardigdes (hoofsaaklik dominees) deur die Sinode aangewys, oudSonoppers, 'n verteenwoordiger van die Universiteit, 'n leraar van die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord en die dienende HK-voorsitter.

Vanaf 1937, toe die bestuur van Sonop vanaf die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos na die Sinode oorgedra is,¹⁷¹ het die bestuur van Sonop amptelik die naam van “Sonopraad” gekry, met sy eie voorsitter.

170 In teenstelling met die Sonop Restourasieprojek I (1976 – 1986) waartoe die NGK ruim bygedra het (sien hoofstuk 9) het die finansies vir die Sonop Restourasieprojek II (2013 – 2016) slegs uit Sonopfondse gekom.

171 Hierdie ingrypende gebeure wat die bestuur van Sonop betref, is reeds in 4.7.1 bespreek.

13.4.1 Dr Willem Nicol (1937 – 1948)

Die besondere eer, maar ook groot verantwoordelikheid om na 21 jaar waartydens Sonop deur twee plaaslike kerkrade (Ned.Geref. Gemeente Pretoria en Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos) bestuur is, oor te gaan na die bestuur vanuit die sinodale kantoor, kon nie op iemand meer bekwaam as juis dr William Nicol se skouers geval het nie. Daarom was dit ook van pas dat juis hý die gedenksteen van die “nuwe” Stalle¹⁷² op 29 April 1944 onthul het.

William Nicol is op 23 Maart 1887 op Robertson gebore as die seun van Matthew Nicol, ’n onderwyser uit Skotland, en Maria Elizabeth Klopper. Na sy skoolopleiding studeer hy aan die destydse Victoria College in Stellenbosch en ook die teologiese Seminarium aldaar, waar hy hom reeds bewys as ’n gebore leier deur op die studenteraad te dien. Hy kry ook internasionale blootstelling deur aan die Vrye Universiteit van Amsterdam en die Princeton Universiteit in die VSA te studeer.

Na sy terugkeer na Suid-Afrika begin hy sy bediening as reisende sekretaris van die Christelike Studentevereniging, waarna hy in 1913 die beroep na die Ned.Geref. Gemeente Johannesburg-Oos aanvaar.

Sommer vroeg in sy loopbaan het die kerk hierdie jong predikant se talente as leier, voorganger en besluitnemer raakgesien. In 1916, op nege-en-twintigjarige ouderdom word hy tot aktuaris van die Transvaalse Sinode verkies en dien vir die volgende 32 jaar ononderbroke op streek- en algemene Sinodes.

Nicol se liefde vir die onderwys, en spesifiek dan ook moedertaalonderwys, begin reeds in sy eerste gemeente in Johannesburg. Met sy aankoms was daar geen Afrikaanse Hoërskool in die Witwatersrand nie en het hy geen steen onaangeroer gelaat om die Hoërskool Helpmekaar in 1921 tot stand te bring nie.

Sy besondere ywer om die mylpaal te bereik deur Hoërskool Helpmekaar tot stand te bring, maak van hom die ideale kandidaat om in 1937 deur die Transvaalse

172 Aan die begin van 1943 is die Ou Stalle wat ’n enkelverdiepinggebou met slaapplek vir 13 studente was, gesloop en is die Nuwe Stalle – ’n dubbelverdiepinggebou – wat 29 studente huisves, gebou. Die gebou word “die Stalle” genoem omdat dit die oorspronklike perdestalle van die vorige eenaar was. Die Nuwe Stalle word beskou as die landmerk van Sonop (Sonop Eeufees Gedenkblad:150).

Provinsiale Raad aangewys te word as die voorsitter van 'n spesiale kommissie van ondersoek na onderwysomstandighede wat in hul verslag die noodsaaklikheid van moedertaalonderrig in skole beklemtoon. In 1938 word Nicol voorsitter van die Transvaalse Onderwysraad.

As predikant van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos vanaf 18 Junie 1938 en 'n klipgooi van die Universiteit van Pretoria, was dit ook nie lank voordat hy op die Universiteitsraad dien nie en selfs in 1947¹⁷³ in die wedloop was om as rektor aangestel te word nie.

Te midde van al bogenoemde betrokkenheid by onderwys kruis Nicol se pad ook met dié van Sonop – spesifiek tydens sy jare as predikant by die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos vanaf 18 Junie 1938 tot 24 Oktober 1948.

Dit was dan ook hier in dié gemeente wat Nicol die afsterwe van sy eerste vrou in 1939 beleef. Hy is later weer getroud, dié keer met Magdalena Johanna van Velden, die dogter van Dirk van Velden, die naamgewer van Sonop! Uit hierdie huwelik is twee seuns gebore, een van hulle dr Willem Nicol, jarelange studenteleraar by die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord, en wat ook vir 'n tyd lank verantwoordelik was vir die geestelike versorging van die Sonopinwoners.

Alhoewel nie spesifiek na die Ooskerk beroep as studenteleraar nie, het Nicol met sy hartklop vir die jeug en sy bekwaamheid vanaf 1937 tot 1948 as Sonopraadsvoorsitter na die belange van Sonop omgesien.

Toe hierdie begaafde predikant op Sondagaand 10 Oktober 1948 bekendgemaak het dat hy op 24 Oktober 1948 gaan emeriteer om die pos van administrateur van Transvaal op te neem, was dit deels 'n groot skok vir die kerk, maar andersins ook te verwagte. Net soos wat Nicol in die Kerk met sy gawes en talente gewoeker en gebou het, het hy dit ook buite die kerk met onderskeiding gedoen as die sewende administrateur van Transvaal vanaf 1948 tot 1958.

173 Dr Nicol is op 29/5/1947 tot rektor verkies. Ten spyte van al sy bekwaamhede, het die feit dat hy nie 'n akademikus is nie, asook besware van die Teologiese Fakulteit Afdeling A (NHKA), teen hom getel en is sy aanstelling nie deur die Minister van Onderwys goedgekeur nie. Prof CH Rautenbach, 'n oudSonopper is toe aangestel (UP Raadsnotules, 29/05/1947:23/03/1948).

Sy verhuising na die administrateurswoning Overvaal het egter nie die Nicol-gesin se band met die Ooskerk verbreek nie, aangesien hulle nog as lidmate van die gemeente aangebly het. Selfs na sy uitdienstreding as administrateur het hulle weer binne die gemeentegrense gaan woon tot en met sy afsterwe op 21 Junie 1967 (NGK Pretoria-Oos, 34,35).

Dat hierdie formidabele kerkman nog tussen sy besige program tyd kon afstaan om op die eerste amptelike Sonopraad as voorsitter te dien, stem Sonoppers tot groot dankbaarheid. Tereg het *Die Kerkbode* gedateer 3 November 1948 in sy huldigingsartikel berig: *Dit sal vir baie van ons 'n geheim bly hoe hy dit reggekry om by al sy gemeentelike pligte soveel aandag te wy aan werk van algemeen kerklike belang* waarby Sonop ook ingesluit word!

13.4.2 Mnr Sydney Martin (1948 – 1956)

Sydney Martin is op 23 April 1879 as seun van ds GA Martin van die Ned.Geref. Gemeente Aliwal-Noord gebore – een van vyftien kinders (agttien dogters en sewen seuns).

Nadat hy sy skoolopleiding op Cradock voltooi het, is hy Aberdeen toe, waar hy as staatsamptenaar begin werk het en later tot stadsklerk bevorder is.

In 1921, op twee-en-veertigjarige leeftyd, word hy as die sekretaris van die destydse Langlaagte Weeshuis in Johannesburg aangestel en verlaat hy die Oos-Kaap om sy lang beroepsloopbaan in diens van die kerk in Transvaal te begin.

Die behoefte aan 'n voltydse finansiële amptenaar (Saakgelastigde) is juis ook in hierdie tyd deur die Transvaalse Kerk geïdentifiseer. Tot op daardie stadium het die aktuaris van die Sinode ook as *quaestor*¹⁷⁴ opgetree.

Toe daar in 1924 deur die Sinodale Kommissie 'n voltydse pos vir 'n Saakgelastigde geskep is, is die pos twee keer vir dr William Nicol aangebied, maar het hy dit beide

174 *Quaestor* was in antieke Rome die amptenaar wat hoofsaaklik vir die finansiële administrasie verantwoordelik was (<https://www.merriam-webster.com/dictionary/quaestor>).

keer van die hand gewys. In 1926 het die keuse toe op Martin geval en het hy die eerste amptelike kantoor van die Saakgelastigde op die Kerkplein in Pretoria geopen – ironies genoeg bo-op 'n drankwinkel!

Martin het in die bykans dertig jaar as Saakgelastigde van die Transvaalse Sinode sy werk met presisie en toewyding verrig. WL Maree het dit in 'n persverklaring: *Die Kerk in Transvaal mag hom nie vergeet nie*, gedateer 1 Julie 1963, soos volg gestel:

Mnr Martin het 'n versigtige finansiële beleid gevolg en was daar nooit enige twyfel dat die Kerk se geld nie in veilige hande was nie. "Oom Sydney" soos hy allerweë bekend gestaan het, was 'n simpatieke mens wat sy sorgvuldige aandag aan elke versoek of probleem gegee het. Hy was 'n geliefde figuur wat 'n besondere plek in die harte van predikante en lidmate beklee het.

In sy boekie *Met toga en troffel* verwys Nicol na die goeie werk wat Martin as eerste Saakgelastigde gedoen het en skryf hy: *Ek is baie dankbaar dat ek my hande afgehou het van 'n taak wat 'n kundige veel beter verrig het* (Nicol, 1958:297).

Net soos met sy Sonopraadvoorsitter-voorganger, Nicol, staan 'n mens verstom oor waar Martin, saam met sy voltydse werk as Saakgelastigde van die Ned.Geref. Kerk van Transvaal, tyd gekry het om vanaf 1928 tot 1957 nog op die Sonopraad ook te dien, waarvan die laaste nege jaar as voorsitter. In 'n persberig in *Die Vaderland* gedateer 11 Mei 1955 word gemeld dat Martin in daardie tyd omtrent 52 verskillende kerkfondse bestuur het.

Martin se termyn as voorsitter van die Sonopraad was dan juis ook in die tyd na prof Bosman se afsterwe toe Sonop huisvaderloos geword het. Met sy besondere aanslag¹⁷⁵ tot die studente het hy soveel respek by die studente afgedwing dat die tydelike reëling van huisvaderloos 'n permanente bestuurstyl geword het.

Martin het na sy aftrede in 1963 saam met sy eggenote, 'n nooi Lombard van Sterkstream in die hartland van die Karoo, hulle in Rietondale, Pretoria, gevestig.

175 Martin se besondere aanslag tot die studente is pragtig deur oudHuisvoorsitter Willie Maree bewoord: *Julle weet dat ek nie met julle studente lol solank dit goedgaan in Sonop nie* (Maree, 1963:3).

13.4.3 Prof BJ (Ben) Marais (1957 – 1983)

Barend Jacobus Marais is op 26 April 1909 op die plaas Frisgewaad in die omgewing van Steynsburg gebore. Na sy eerste skooljare aan 'n plaasskooltjie, voltooi hy sy laerskooljare op Venterstad en sy hoërskoolloopbaan te Middelburg (KP).

As student aan die Universiteit van Stellenbosch bewys Marais hom baie gou nie net as uitstekende akademikus nie, maar ook as 'n gebore leier. Hy behaal die grade BA en MA met lof, was voorsitter van die Studenteraad, drie jaar primarius van Wilgenhof-koshuis, drie jaar voorsitter van die Afrikaanse Kultuurvereniging en twee jaar redakteur van die *Stellenbosch Student* (Sandenbergh, 1979:2).

Tussen al sy betrokkenheid by die studentelewe voltooi hy ook sy teologiese studies aan die Kweekskool van Stellenbosch.

In Junie 1935 begin die jong Marais se wye blootstelling aan akademiese instellings wêreldwyd,¹⁷⁶ as hy na die Princeton Theological Seminary in die VSA vertrek waar hy in 1936 sy ThM-graad met die hoogste lof slaag. Terug in Suid-Afrika word hy einde 1936 gelegitimeer en ontvang hy sy eerste beroep op 6 September 1937 as studenteleraar van Transvaal.

Tydens die Marais-egpaar¹⁷⁷ se studenteleraarsjare (1938 – 1948) het Marais verder studeer en behaal sy DPhil in 1946. Hierdie kwalifikasie, saam met sy wye internasionale blootstelling, was die paspoort tot sy tweede bedieningsveld, naamlik dié van dosent toe hy in 1953 as tweede professor in die Departement Kerkgeskiedenis na die Universiteit van Pretoria se Teologiese Fakulteit (Afdeling B – Ned.Geref. Kerk) beroep is – 'n pos wat hy tot in 1974 beklee het.

176 Marais was bevoorreg om wêreldwyd blootstelling aan akademiese instellings te kry en lande te besoek vir studielesingstoere. Enkele sodanige akademiese instellings is die Yale Universiteit, Universiteite in Rio en Sao Paulo, Universiteit van Kalifornië, Suidelike Kaliforniese Universiteit, George Washington Universiteit en lande soos Wes-Indië, Brasilië en Sentraal-, Wes- en Oos-Afrika (Sandenbergh 1979:4-6).

177 Marais was getroud met Sibs Botha, wat self baie betrokke in die gemeenskap was, o.a. by die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, die Vrouesendingbond en die Mamelodi Kraaminrigting. Uit die huwelik is een dogter, Augusta, gebore. Sy is getroud met Koos Marais. Hul seun is na oupa Ben vernoem en 'n professor by die Universiteit van Sydney in Australië se Instituut vir Aansteklike Siektes. Só leef prof Ben Marais (snr.) se titel, naam en van voort – wel nie in kerklike kringe nie, maar mediese kringe (Sandenbergh, 1979:3; Sonop Eeufees Gedenkblad:168).

Dieselfde toewyding wat Marais as studenteleraar openbaar het, was ook kenmerkend van hom as dosent: *Marais word in die Departement van Kerkgeskiedenis onthou as 'n toegewyde dosent. Sy nalatenskap strek egter veel wyer omdat hy deur die geskiedenis uitgewys is as een van die Ned. Geref. Kerk se profete teen apartheid* (Human & Van der Merwe, 2013:170).

Marais se profetiese stem, beginnende met sy eerste publikasie *Die Kleurkrisis in die Weste* (1952), het hom byna sy dosentepos gekos, maar 27 jaar later 'n eredoktorsgraad in Teologie laat besorg toe die Universiteit van Suid-Afrika dit aan hom toegeken het. Deel van die motivering vir dié groot eerbewys was dat hy as ekumeniese teoloog in Suid-Afrika geen gelyke het nie en *in sommige opsigte as roeper in die woestyn sy tyd vooruit (was), maar hy was dit uit oortuiging, en dit was hom beskore om die woestyn te sien blom* (Sandenbergh, 1979:7).

Hoedat Marais, met sy wye betrokkenheid op gemeente-, sinodale en universiteitsvlak, nog met soveel toewyding by Sonop as Sonopraadslid betrokke kon wees, laat 'n mens net verstom. Nadat hy in 1938 as studenteleraar gevra is om op die Sonopraad te dien, het hy vir 44 jaar ononderbroke op die raad gedien, waarvan die laaste 25 jaar as voorsitter was.

Nooit sou enige inwoner van Sonop oor die 44 jaar van sy betrokkenheid by Sonop, en vir wie oom Ben iewers op die Sonopterrein ontmoet het of by wie se kamer hy sommer net vinnig ingeloer en 'n geselsie aangeknoop het, kon besef watter formidabele rol hierdie man in die Ned.Geref. Kerk vervul het nie.

Prof Ben Marais – 'n “groot man” in die Kerk, maar ook 'n “groot man” in Sonop se geskiedenis, se leuse *Die studente moet self verantwoordelikheid neem* (Sonop Eeufees Gedenkblad:168) het, soos Hendrik Bosman dit stel, soos 'n goue draad deur sy lang verbintenis met Sonop geloop het.

13.4.4 Prof Jurie Geldenhuys (1983 – 1995)

Met die aanstel van prof Jurie Geldenhuys as voorsitter van die Sonopraad, lui hy as oudSonopinwoner 'n nuwe tydvak in wat betref Sonopraadvoorsitters deurdat hy die

eerste oudSonopinwoner was wat dié pos beklee het. Na hom het dit praktyk geword dat slegs oudSonoppers, ongeag hul beroep, tot voorsitter van die Sonopraad verkies word.

Jurie Johannes Geldenhuys is op 20 Desember 1920 in die Vrede-distrik in die Vrystaat as een van 'n identiese tweeling gebore. Hy groei op die plaas Kleinvlei op en deurloop sy volle skoolloopbaan op Vrede, waar hy in 1938 matrikuleer.

Ten spyte van die hartseer dat sy tweelingbroer in hul matriekjaar oorlede is, verlaat die jong Geldenhuys in 1939 sy tuisdorp, skryf by die Universiteit van Pretoria in vir 'n BSc-graad met Toegepaste Wiskunde, Fisika en Wiskunde as hoofvakke en neem sy intrek as 'n eerstejaar in Sonop, waar hy ook later as senior op die Huiskomitee gedien het. Uit die staanspoor was dit duidelik dat hy bestem is vir 'n loopbaan in die akademie. Hy slaag sy BSc-graad met lof, behaal sy HOD, twee MSc-grade (Toegepaste Wiskunde en Fisika) en 'n doktorsgraad in Toegepaste Wiskunde.

Buiten sy uitsonderlike akademiese vermoëns, was hy ook reeds as student in Sonop iemand wat met sy suiwer lewenswandel respek afgedwing het. In 'n getuigskrif gedateer 29 Junie 1944 skryf die destydse huisvader, prof ID Bosman, die volgende van die jong Geldenhuys:

Veel van die gesonde gees in hierdie tehuis is aan sy voorbeeldige handel en wandel te danke. Mnr Geldenhuys is een van die studente wat 'n mens ter wille van hulle goeie invloed langer aan 'n inrigting soos hierdie wil behou.

In die lig van hierdie pragtige getuigskrif is dit te verstane dat Geldenhuys dan in sy laaste jaar in Sonop in 1944, saam met manne met dieselfde statuur as hy, soos prof Attie (Porkie) van Niekerk¹⁷⁸ en ds Kobus Potgieter, op die Huiskomitee gedien het.

Hy is op 20 Desember 1945 met Drienie Krynauw getroud. Uit die huwelik is agt kinders gebore. As hoof van die huis het sy besondere verhouding met Here

178 Prof AS (Porkie) van Niekerk was tydens die Sonop Eeufees in 2016 op 98 die oudste lewende Sonopper teenwoordig. Sy naamgenote dr AS (Attie) van Niekerk (seun) en AS (Adriaan) van Niekerk (kleinseun) was ook in Sonop. Volgens hom sal sy agterkleinseun AS van Niekerk oor 'n paar jaar die vierde geslag AS van Niekerk in Sonop word. Prof Porkie se ander 2 seuns, Willem en Ockie, was ook in Sonop, asook Ockie se 2 seuns, Adru en David.

oorgevloei na die gesin – huisgodsdienst en gebed was deel van ons ouers en van die gesin se lewe.

Te midde van sy toewyding aan sy roeping as dosent, asook sy breër betrokkenheid op UP-besture en verenigings tot en met sy aftrede in 1985, het Geldenhuys 'n *spesiale hart vir die jeug gehad en om jongmense op geestelike vlak op te bou.*

Hierdie liefde vir die jeug was veral sigbaar in sy betrokkenheid by die destydse KJV en later KJA – van gemeentevlak, ringvlak tot op Sinodale vlak. Hy was die eerste niepredikant wat tot voorsitter van die Noord-Transvaalse Sinodale Jeugkommissie gekies is – iets waarvoor die Sinode destyds spesiaal toestemming moes gee! Ook het hy en sy eggenote die werksaamhede van die CSV ondersteun en gereeld as kampouers opgetree.

Te midde van al sy verpligtinge as gesinsman, dosent, UP-personeellid en kerkman, het Geldenhuys ook nog tyd gemaak vir Sonop. As lid van die Sonopraad het hy die voorreg gehad om saam met prof Ben Marais op die bestuur te dien, min wetende dat wanneer Marais in 1983 die tuig as Sonopraadvoorsitter sou neerlê, hy die een sou wees wat moes oorneem.

Toe Geldenhuys aan die einde van 1995 die spreekwoordelike aflosstokkie van die voorsitter van die Sonopraad aan sy opvolger, prof Riempies Prinsloo, oorgegee het, het hy dit met 'n geruste hart gedoen. Die rede? Nie alleen was Prinsloo uiters bekwaam om as Sonopraadvoorsitter te dien nie, maar was hy ook, soos Geldenhuys, 'n "Vredenet". Twee opeenvolgende Sonopraadvoorsitter uit een klein Vrystaatse dorpie – voorwaar uniek (Persoonlike vraelys, Januarie 2017 – voltooi deur dogter Esther Pringle).

13.4.5 Prof WS (Riempies) Prinsloo (1995 – 1998)

Willem Sterrenberg is op 19 Augustus 1944 op die Vrystaatse dorp Vrede gebore, waar hy beide sy laerskool- en hoërskoolloopbaan voltooi het en einde 1961 aan die Hoërskool Vrede gematrikuleer het.

Op aanbeveling van vriende het hierdie skrandere leerling uit die platteland Sonop as sy Tukkietuiste gekies terwyl hy hom as predikant bekwaam het in gehoorsaamheid aan die roepstem van die Here. Sy medeSonopinwoners het gou daarvan bewus geword dat Riempies¹⁷⁹ 'n uiters begaafde student is, wat sowel akademie én leierskap betref.

Hy behaal die graad BA Admissie¹⁸⁰ in 1964 en in 1969 die graad BD. Sy doktorsgraad volg sewe jaar later in 1976. Tussen die akademie deur dien hy twee jaar op die Sonop Huiskomitee, waarvan sy laaste jaar (1969) as Huisvoorsitter. Ook dien hy op die Verteenwoordigende Studenteraad en tree as voorsitter van die Christelike Studentevereniging en Sendingkring op.

Prinsloo is met Avrille de Klerk getroud. Uit die huwelik is drie kinders – een seun en twee dogters – gebore. Die een dogter, Marita, is met oudSonopper Cobus van Zyl getroud, wie se twee broers, Sakkie en Stefan, asook hulle pa, Fanie, almal in Sonop was!

Met sy besondere akademiese vermoëns was Prinsloo se bediening as gemeentepredikant van korte duur. Nadat hy vanaf 1971 tot 1974 in Standerton predikant was, word hy in 1975 lektor in Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria se Departement Bybelkunde. Dit was die begin van 'n baie suksesvolle en geseënde akademiese loopbaan. In 1976 sluit hy by die Teologiese Fakulteit (Afdeling B) aan en word hy lektor in Ou Testament; in 1977 word hy bevorder tot senior lektor in Ou Testament; in 1980 word hy medeprofessor in Ou Testament; en in 1985 word hy professor en Departementshoof van Ou Testament. Hy beklee ook die dekaanspos van die Teologiese Fakulteit Afdeling B vanaf 1986 tot 1997 (Persoonlike vraelys, Januarie 2017 – voltooi deur skoonseun Cobus van Zyl).

Prinsloo word allerweë beskou as een van die beste Ou Testamentici wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Tydens sy bykans 21 jaar by die Teologiese Fakulteit aan

179 Die bynaam "Riempies" het hy geërf van sy vader, wie se bynaam ook "Riempies" was a.g.v. sy skraal liggaamsbou (Persoonlike vraelys, Januarie 2017 – voltooi deur skoonseun Cobus van Zyl).

180 BA Admissie teologiese studente het tot en met 1982 totaal los van die Teologiese Fakulteit ingeskryf vir 'n driejaar-BA Admissie-graad met Grieks en Hebreeus tot op tweedejaarsvlak. Daarna is die studente na die Teologiese Fakulteit vir 'n driejaar-BD-graad en eenjaar- Nagraadse Diploma in Teologie. Danksy prof AH van Zyl se ywer is daar in 1983 begin met 'n nuwe geïntegreerde teologiese kursus wat 6 jaar duur – BTh (4 jaar) en MDiv (2 jaar) (Human & Van der Merwe, 2013:54,55).

die Universiteit van Pretoria het hy as Ou Testamentikus in die Psalms gespesialiseer en was die eerste persoon in Suid-Afrika wat die Psalms indringend aan die hand van die struktuuranalise¹⁸¹ ondersoek het. Vir hom was die struktuuranalise die eerste en belangrikste “invalspoort” van ’n Psalm en nie die histories-kritiese metode waarop sy kollega en mede-oudSonopper prof AH van Zyl sterk klem gelê het nie.

Net soos in die teologie, het Riempius Prinsloo ook in Sonop ruim en selfloos met sy talente gewoeker. Na die uitrede van ds Kobus Potgieter as voorsitter van die Bond van OudSonoppers, het Prinsloo die leiding aldaar oorgeneem.

Met die afsterwe van prof Jurie Geldenhuys as dienende Sonopraadvoorsitter het die spreekwoordelike mantel ook op Prinsloo se skouer geval. Dit was dan juis ook in sy ampstermyn dat onderhandelinge met die Sinode van Noord-Transvaal begin het vir die koop van Sonop deur die oudSonoppers.

Hannes de Beer, Prinsloo se opvolger as Sonopraadvoorsitter, verwys dikwels na Prinsloo se anomalie wat Sonoppers se onvoorwaardelike kameraadskap en lojaliteit betref – hetsy van die Sonopraadslede, HK-lede, personeel en inwoners: *Hoe meer jy probeer verstaan hoe Sonop werk, hoe minder slaag jy daarin* (Persoonlike vraelys, Januarie 2017:2).

Hierdie onvoorwaardelike kameraadskap en lojaliteit was sonder enige twyfel deel van Prinsloo se Sonopmondering!

13.4.6 Prof JH (Hannes) de Beer (1998 – 2007)

Hannes de Beer is op 20 November 1945 op ’n Switserse Sendingstasie Elim in die destydse Noord-Transvaal gebore. Hy het sy laerskoolloopbaan by ’n plaasskooltjie, Grootspelonken, naby Soekmekaar deurloop – dieselfde laerskool waar die bekende Eloff-broers Japie, Fritz, Hannes en Manie¹⁸² skoolgegaan het. Sy hoërskoolloopbaan voltooi hy aan die Hoërskool Louis Trichardt waar hy van

181 Struktuuranalise as eksegetiese metode lê die teks soos wat dit nou is voor die eksegeet, terwyl, volgens Prinsloo, die histories-kritiese metode só op die wording van die teks fokus dat die teks sigself verwaarloos word. Die metode is in teenstelling met sy kollega, prof AH van Zyl, se histories-kritiese metode (Human & Van der Merwe, 2013:208,209).

182 Twee van die Eloffbroers was ook in Sonop: Fritz 1937 – 1939 en Manie 1945 – 1949 (Sonop Argief).

standerd 6 tot matriek (graad 8 – 12) ook in die koshuis ingewoon het. In Hannes se eie woorde was hierdie vyf jaar as koshuisinwoner op Louis Trichardt die *ideale voorbereiding vir sy latere inwoning in Sonop wat reeds in daardie tyd bekend was vir sy kernwaardes, streng huisreëls, hoë prioritisering van senioriteit en humaniteit* (Persoonlike vraelys, Januarie 2017).

As eerstejaar aan die Universiteit van Pretoria loseer Hannes aanvanklik op advies van vriende privaat, met die motivering dat hy as dagstudent meer tyd vir sy studies sou kry as 'n koshuisinwoner. Nadat hy egter een dag by 'n ou skoolvriend wat in Sonop was, gaan kuier het en saam met die huislede geëet het, was daar geen keer aan hierdie skrandere jongman om Sonop sy tuiste te maak nie. Hannes het dus nie soos die meeste oudSonoppers en huidige Sonoppers as eerstejaar in Sonop gekom nie, maar wel as 'n “nuweling”.¹⁸³

Hannes se gestremdheid as gevolg van polio in sy kinderjare, wat hom belemmer het om aktief aan sport- of kultuuraktiwiteite deel te neem, het nooit sy geesdrif as Sonopinwoner en Tukkiestudent gedemp nie. Hy het homself bewys as 'n uitmuntende organiseerder en leier. Reeds in sy eerste jaar as nuweling in Sonop word hy met sy belangstelling in en wye kennis van rugby, ten spyte van sy gestremdheid, tot die rugbykomitee van Sonop verkies; 'n paar jaar later word hy tot die Huiskomitee verkies, waarop hy drie termyne dien – die laaste termyn (1970) as voorsitter van die Huiskomitee.

Ook in die breër studentegemeenskap het Hannes sy stempel as leier afgedruk deur twee termyne op die VSR te dien. Die eerste termyn as voorsitter van die UP-sportkomitee en die tweede termyn as voorsitter van die komitee vir voorsitters.

Tussendeur al sy betrokkenheid, in beide die koshuis en die breër studentegemeenskap, het Hannes ook van sy studies 'n sukses gemaak. Met sy hoofstudierigting Bedryfsielkunde behaal hy die grade BA, BA Honneurs, MA en DPhil – die laaste twee met lof. Vir die volle duur van sy beroepsloopbaan is hy as dosent by die Universiteit van Pretoria betrokke.

183 Die term “nuweling” in Sonop dui op 'n Sonopinwoner wat nie 'n eerstejaar in Sonop was nie, maar later in sy universiteitslewe Sonop toe kom (Sonop Huisreëls, 2014:13 – punt 2.10).

Hannes is getroud met Annemarie Hoffman. Uit die huwelik is vier kinders gebore – een dogter en drie seuns.

As jong oudSonopper het Hannes baie gou ná sy studentedae in Sonop by die bestuur van Sonop betrokke geraak. So vroeg as 1976 dien hy al op die Restourasiekomitee, onder leiding van ds Kobus Potgieter. Later beklee hy ook die pos van voorsitter van die Sonopraad en ook voorsitter van die Bond van OudSonoppers.

Kyk Hannes spesifiek terug op sy termyn as Sonopraadvoorsitter vanaf 1998 tot 2007, dan is daar vier hoogtepunte wat uitstaan:

- Die aankoop van Sonop by die Kerk in 1998 en 1999
- Die implementering van transformasie in die vroeë 2000's
- Die aankoop van Abrina¹⁸⁴ in 2005
- Die aanstelling van 'n bedryfsbestuurder¹⁸⁵ in 2006

As gelowige glo Hannes dat Sonop in afhanklikheid van die Here die huidige uitdagings sal trotseer en oorkom om te kan voortbestaan. Hy sê tereg: *Elke uitdaging identifiseer sy eie bekwame individu of span om die uitdaging aan te durf.*

Hy stel sy volle vertrouwe in die huidige Sonopraad om (a) gehoorsaam aan God se Woord en (b) binne die raamwerk van die Grondwet van Suid-Afrika, Sonop met welslae sy tweede eeu van bestaan in te lei (Persoonlike vraelys, Januarie 2017).

13.4.7 Prof WS (Willem) Boshoff (2007 – 2010)

Willem Sterrenberg Boshoff is op 17 September 1958 op die destydse Nylstroom (Modimole), as een van prof Carel en Anna Boshoff se sewe kinders gebore. Hy groei op in die Laeveld waar sy pa destyds aan die sendingstasie Meetse A Bophelo

184 Abrina is die aangrensende eiendom aan die suidwestelike kant van Sonop en word as die koshuisvaderwoning gebruik. Die naam "Abrina" het geen ander betekenis as bloot dat dit die naam was van die generiese voorafgeregistreeerde maatskappy wat gebruik is om die aangrensende woning as vaste eiendom vir Sonop aan te koop nie (ABRINA 2573 (PTY) LTD 2005/041782/07).

185 Die pos van bedryfsbestuurder is in 2006 in die tydperk van Hannes de Beer se voorsitterskap deur die Sonopraad ingestel. Die verwagting was dat dié pos stelselmatig moes ontwikkel tot dié van koshuishoof/koshuisvader, wat wel in 2010 gebeur het (Persoonlike vraelys, Januarie 2017).

(Water van die Lewe) verbonde was. Met die aanvaarding van die pos as medeleraar by die Ned.Geref. Kerk Johannesburg-Wes, met opdrag sending in Soweto, verhuis die Boshoffgesin na Florida en gaan hy tot graad 2 skool aan Florida Afrikaans Medium.

Met sy vader se aanstelling as dosent in Sendingwetenskap by die Universiteit van Pretoria verhuis hulle Pretoria toe. Hy sit sy laerskoolloopbaan voort by Laerskool Meyerspark en matrikuleer in 1976 aan die Hoërskool Silverton.

Met sy roeping om hom in die teologie te bekwaam meld hy hom in 1977 as eerstejaar by die Universiteit van Pretoria aan en neem sy intrek in Sonop, waar beide sy pa en dié se broer, asook sy drie ooms aan moederskant as studente gewoon het.¹⁸⁶ Ten spyte van al sy Sonop-familievoorgangers, was sy eerste kennismaking met Sonop die dag toe hy as eerstejaar daar ingestap het.

Met sy sterk akademiese vermoëns en natuurlike leierskap het hierdie toekomstige Sonopraadsvoorsitter baie gou sy stempel afgedruk. Hy behaal die grade BA, BA Honneurs (Semitiese Tale) en BD, dien twee termyne op Sonop se Huiskomitee, waarvan die tweede jaar as HK-voorsitter en neem ook vir drie jaar die voorsitterstoel by Universiteitsoord se UKJA in. Na verdere studie behaal hy ook 'n Honneursgraad in Argeologie en in 1994 sy doktorsgraad in Teologie, met die titel van sy proefskrif *Die Jahwe-Baälstryd in die boek Hosea*.

Na sy militêre diensplig begin hy in 1987 by Unisa se destydse Departement Ou Testament as junior lektor en is hy vandag, bykans dertig jaar later, nog by Unisa by die nuutsaamgestelde Departement van Bybelse en Antieke Studies.

Willem se betrokkenheid as oudSonopper by die koshuis het begin kort nadat hy sy doktrale studie in 1994 voltooi het. Prof Riempies Prinsloo, sy kollega by die Universiteit van Pretoria in Ou Testament en naamgenoot,¹⁸⁷ asook voorsitter van die BOS-bestuur, het hom vinnig nadergetrek om by die Bond van OudSonoppers

186 Prof Carel Boshoff (1947 – 1952), ds Adam Boshoff (1954 – 1957), dr Daan Verwoerd (1956 – 1958), dr Chris Verwoerd (1961 – 1966) en prof Wynand Verwoerd (1966) (Sonop Argief).

187 Beide Prinsloo en Boshoff het die doopname van Willem Sterrenberg. Hulle is geen direkte familie nie, maar het albei die name via Pretorius-voorouers wat hulle deel (Persoonlike vraelys, Januarie 2017).

betrokke te raak. Min het die jong Boshoff geweet dat hy oor vyf jaar die leisels as voorsitter by Prinsloo sou oorneem.

Met die afsterwe van Prinsloo¹⁸⁸ einde 1998 het die mantel van Sonopraadsvoorsitter op die skouers van Hannes de Beer geval en dié van voorsitter van die Bond van OudSonoppers op die relatief jong Boshoff.

In die jaar 2007 het daar 'n interessante omruiling plaasgevind toe Hannes de Beer, met die oog op sy naderende aftrede by die Universiteit van Pretoria, ook die tuig as Sonopraadsvoorsitter neergelê het. Met die verkiesing van Hannes de Beer se opvolger, val die keuse toe eenparig op Willem Boshoff en moes daar toe 'n nuwe voorsitter vir die Bond van OudSonoppers aangewys word.

Ten spyte van De Beer se teenkanting word hy toe gekies as voorsitter van die Bond van OudSonoppers – 'n posisie met heelwat minder verpligtinge as dié van Sonopraadsvoorsitter.

Boshoff het die pos van Sonopraadsvoorsitter tot en met 2010 bekleed – 'n tydperk waarin hy tydens 'n valskermongeluk wonderbaarlik aan die dood ontkom het en 'n lang tyd buite aksie was.

Na afhandeling van die Kommissie van Onderzoek, waarna reeds in die studie verwys is, het daar 'n herstrukturering plaasgevind en is Danie Slabbert tot Sonopraadsvoorsitter verkies en was Willem Boshoff se hande los om kort na die 2011 Sonop Mini-fees die voorsitterskap van die Bond van OudSonoppers weer by Hannes de Beer oor te neem (KVO, 8/4/2010:26). Boshoff se terugkeer as voorsitter van die Bond van OudSonoppers was maar net weer 'n bewys hoe die Hoërhand telkens die regte persoon op die regte tyd in Sonop se geskiedenis voorsien het.

Dit was sy voorreg, maar ook groot verantwoordelikheid om pas na afloop van die Sonop 95 Mini-fees, in die taal van sy voorganger De Beer, *die aanvangskote van die Sonop-Eeufees te laat klap* (Sonop 95 Gedenkblad:4).

188 Prof Riepies Prinsloo was tot en met sy afsterwe voorsitter van beide die Sonopraad en die BOS-bestuur (*Bostelegraaf*, September 1999).

OudSonoppers wat die *Sonop Eeufees Gedenkblad* ter hand gehad het en die Eeufeesvieringe in September 2016 bygewoon het, kan van een ding getuig: Sonop Christelike Tehuis en sy eienaars, die Bond van OudSonoppers, is geseënd om iemand van Boshoff se statuur met die oorgang na die tweede eeu van bestaan in sy midde te hê. Mag hy sy 23 jaar van betrokke wees in Sonop se besture verdubbel en só die 44 jaar van prof Ben Marais se diensjare by Sonop verbysteek!

Volgens Boshoff hang die toekoms van Sonop ten nouste saam met dit wat met die Universiteit van Pretoria gaan gebeur. Op dié stadium blyk dit duidelik dat die Universiteit van Pretoria nog veel verder gaan verander. Sonop sal binne daardie verder vervreemde omgewing homself moet posisioneer sodat toekomstige Sonoppers, met die waardes eie aan Sonop, hulleself sal kan uitleef (Persoonlike vraelys, Januarie 2017).

13.4.8 Mnr D (Danie) Slabbert (2010 – 2016)

Danie Slabbert is op 1 Desember 1953 op Frankfort in die Vrystaat gebore. Hy ontvang sy skoolopleiding in Vereeniging en matrikuleer in 1971 aan die Hoërskool Drie Riviere.

Na sy weermagopleiding maak hy, op grond van vriende se aanbeveling, Sonop sy tuiste terwyl hy hom as bedryfsingenieur bekwaam. Hy behaal die grade BSc Ing (Bedryfs) aan die Universiteit van Pretoria en BCom Honneurs aan UNISA.

Danie is getroud met Janette Bezuidenhout en hulle het twee seuns – Danie en Deon. Deon het in sy pa se Sonopvoetspore gevolg en was vanaf 2008 tot 2010 ook in Sonop.

Reeds as student het Danie se natuurlike leierskaptalent, redeneringsvermoë en innoverende denke bygedra tot sy aktiewe rol in die Studentegemeenskap waar hy die volgende posisies beklee het:

- Joolorganiseerder in Sonop
- Voorsitter van die UP se Ingenieursvereniging (ISV)

- Nasionale President van die Suid-Afrikaanse Federasie van Universiteitsingenieurstudente (SAFUIS)
- Lid van die UP se Verteenwoordigende Studenteraad (VSR)

As geregistreerde professionele bedryfsingenieur het hy aanvanklik as konsultant gewerk en was daarna eienaar en uitvoerende beampte van maatskappye in die ingenieurswese en vervaardiging.

Sy aktiewe betrokkenheid by Sonop het in 2010 begin toe die Sonopraad 'n Kommissie van Ondersoek (KVO) aangestel het om oudSonoppers se erge bekommernis oor die onaanvaarbare kultuur en leefwyse wat in Sonop posgevat het, te ondersoek; hy was lid van dié KVO. Na afhandeling van die KVO se werksaamhede is hy toe as voorsitter van die Sonopraad verkies.

Danie se voorsitterstermyn van ses jaar is gekenmerk deur heropbouing en restourasie – eerstens, die heropbou van die kultuur, gebruike en lewenswyse van die tehuis en, tweedens, ook die uitgebreide restourasie van die geboue en fasiliteite van Sonop. Dit was alles moontlik nadat, onder sy bekwame leiding, 'n sterk en effektiewe bestuur en bestuurstelsels in plek gesit is en die koshuis op 'n gesonde besigheidsgrondslag beheer en bestuur is (Sonop Eeufees Gedenkblad:9).

As voorsitter van die Sonopraad in die opboujare na Sonop se eeufees in 2016, gee Danie in 'n persoonlike skrywe erkenning aan die HK- en Sonopraadslede, oud- en huidige Sonopinwoners:

Die een aspek wat my deurentyd opgeval het en wat ek altyd sal onthou is die kwaliteit en karakter van die leierskorps. Jaar na jaar is ons telkemale verras met die uitstekende leiers wat demokraties tot die HK verkies is deur die huislede.

Dit was alleen met die ondersteuning en samewerking van die Sonopraadslede en Koshuishoof dat die doelwitte vir 2010 – 2016 bereik kon word en daar tevrede en dankbaar teruggekyk kan word op 'n suksesvolle termyn.

Met die kwaliteit van jongmanne wat in Sonop inwoon en die bereidwilligheid van oudSonoppers om betrokke te raak by die beheer en bestuur van Sonop kan ek net positief en opgewonde wees oor die

toekoms van Sonop – ongeag die snelveranderde universiteitsomgewing rondom ons. (Bostelegraaf, Desember 2016:1,2)

Daar sal altyd met dankbaarheid en waardering teruggekyk word na Danie Slabbert se voorsitterstermyn – 'n termyn waarin Sonop spreekwoordelik terug op die spoor geplaas is én sy vere begin regskeud het vir sy eeufees, maar óók 'n termyn waarin die Eeufees gevier is!

13.4.9 Mnr JA (Kobie) Botha (2016 –)

Danie Slabbert het reeds vroeg in 2016 te kenne gegee dat hy na afloop van die Eeufeesvieringe in September 2016 die tuig as Sonopraadsvoorsitter gaan neerlê. Hierdie besluit het die weg berei vir die verkiesing van 'n nuwe Sonopraadsvoorsitter om Sonop sy tweede eeu van bestaan in te lei.

Soos elke keer nog in die honderd jaar van Sonop se bestaan het die Here ook hier die regte persoon voorsien toe Kobie Botha in November 2016 tot Sonop se eerste Sonopraadsvoorsitter vir die tweede eeu van die koshuis se bestaan verkies word.

Kobie Botha is op 7 Junie 1952 in Pretoria gebore. Nog in sy voorskoolse dae verhuis hulle Bethal toe waar hy sy volle skoolloopbaan deurbring en in 1970 aan die Hoërskool Bethal matrikuleer. Soos menige jongmanne in daardie jare, meld hy na matriek vir sy nasionale diensplig aan en wel by die Artillerie Skool in Potchefstroom, waar hy vir die offisiërskursus kwalifiseer en dit met welslae slaag.

In 1972 neem Kobie, op aanbeveling van Hannes de Beer, sy plek as eerstejaar in Sonop in, terwyl hy hom as siviele ingenieur bekwaam. Reeds in sy tweede jaar bewys hy homself as 'n toekomstige HK-lid toe hy in beheer van Sonop se Joolvlotbouery was. Daarna dien hy vir twee termyne op die Huiskomitee en beklee in hierdie tydperk die portefeuljies sosiaal, werf en penningmeester.

Kobie is getroud met Elsabé Fourie en hulle het twee dogters. Sy hartewens is dat een van die kleinseuns moontlik eendag in sy Sonopvoetspore sal kom volg.

Sy beroepslewe as geregistreerde professionele siviele ingenieur het in 1976 begin en hy tree na 38 jaar in 2014 af as groep- besturende direkteur van WBHO Construction (Persoonlike vraelys, Januarie 2017). Na sy aftrede stig hy sy eie konstruksie-konsultantemaatskappy en doseer ook deelyds by die Universiteit van Pretoria se Departement van Siviele Ingenieurswese.

Alhoewel Kobie dit nooit in gedagte gehad het nie, het hy einde 2016 nóg 'n verpligting by bogenoemde twee aftreeverpligtinge gekry – naamlik dié van Sonopraadsvoorsitter. Soos reeds vroeër genoem, is Sonop vanaf einde 2016 in intense en sensitiewe gesprekke gewikkel met die Universiteit van Pretoria rakende die voortbestaan van die verhouding tussen hierdie twee partye en Sonop se gevolglike deelname al dan nie aan die UP-studente-aktiwiteite.

OudSonoppers en huidige Sonoppers is dankbaar dat juis Kobie Botha op hiérdie stadium die voorsitterstoel inneem by die Sonopraad en met sy onkreukbare lojaliteit teenoor Sonop, sy vaste Christelike geloof en sy bewese ervaring in onderhandelinge op hoogste vlak in die sakewêreld, die leiding neem.

13.5 Studente- en gemeenteleraars

Alhoewel daar vanaf 1938, met die aanstel van dr Ben Marais as sinodale studenteleraar wat binne die grense van die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos gewoon het, die praktyk van studenteleraars is, was daar al die jare ook die gewone gemeenteleraars wat nie spesifiek by studentebediening betrokke was nie, maar onder wie se prediking en gemeentelike bediening die studente ook geestelik verryk is. Hierdie leraars se name word in die lys onder weergegee.

13.5.1 Ned.Geref. Gemeente Pretoria

Dr HS Bosman

13.5.2 Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos

Dr DJ Keet

Dr WM Nicol

Dr PFD Weiss
Dr WM Nicol
Dr BJ Marais
Dr HDA du Toit
Ds JF du Toit
Ds JR Luckhoff
Dr CFB Naudé
Dr FE O'B Geldenhuys
Ds JE Potgieter

13.5.3 Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord¹⁸⁹

Ds JE Potgieter¹⁹⁰
Dr FE O'B Geldenhuys
Ds GM Steyn
Prof AB du Toit
Ds H Steyn
Ds DJJ Oosthuizen
Ds JA Venter
Prof M Nel
Dr WM Nicol
Ds GJ Koen
Prof JC Muller
Dr MC Botha
Dr OSH Raubenheimer
Prof PJ Strauss
Ds AB vd Merwe
Dr MG Swanepoel
Ds PJ Grobler
Ds MJ Swanepoel
Ds L Venter

189 Met die stigting van die NGK Universiteitsoord op 29 Julie 1960 is beide dr FE O'B (Frans) Geldenhuys en ds JE (Kobus) Potgieter, as dienende leraars van die NGK Pretoria-Oos, na die nuwe gemeente beroep (NGK Pretoria Oos 50 Gedenkblad:43).

190 Die volgende studenteleraars van Universiteitsoord was self as studente Sonoppers: Kobus Potgieter, Andrie du Toit, Maans Steyn, Dirk Oosthuizen, Michiel Botha, Piet Strauss, Paul Grobler en Immanuel van Tonder (Sonop Argief).

Ds IA van Tonder
Dr ER Smith
Dr EP Meyhlan
Ds JJ Steyn
Ds AT Childs
Prof J Kok
Ds FJ Snyman
Ds J (Jana) de Lange
Dr AM Meiring

13.6 Huisvoorsitters

In die lig van Sonop se besondere bestuurstyl, waar HK-lede en veral Huisvoorsitters 'n baie groter rol in die bestuur van die koshuis speel as by ander universiteitsbeheerde koshuise, word die eerste honderd Sonophuisvoorsitters ook hier vermeld.

Hierdie besondere bestuurstyl is hoofsaaklik die nalatenskap van prof Ben Marais, wat as Huisvoorsitter van Wilgenhof Manskoshuis by Stellenbosch die koshuis vir drie jaar sonder 'n huisvader bestuur het en toe, na die skielike afsterwe van prof ID Bosman, dieselfde bestuurstyl in Sonop tot stand gebring het (Sonop 70 Gedenkblad:58).

Hierin het mnr Sydney Martin – die eerste Sonopraadsvoorsitter wat die tehuis sonder 'n huisvader bestuur het – Marais heelhartig ondersteun en was dit juis hy wat namens die Sonopraad dié besondere bestuurstyl aan die inwoners gekommunikeer het. Op die huisvergadering van 22 September 1947 word Sonop se “huisvaderloosheid” van 63 jaar soos volg deur Martin aangekondig:

Die bestuur het besluit om nie 'n huisvader aan te stel nie. Die bestuur stel volle vertroue in die huidige HK en die nuwe HK wat verkies gaan word – verantwoordelikheid gaan egter hiermee gepaard. As sake nie vlot verloop nie, sal daar weer 'n huisvader aangestel word¹⁹¹ – maar die Raad het egter volle vertroue in Sonop. Ook die kerk gaan hiermee akkoord.

191 Die rede vir die heraanstel van 'n koshuisvader is reeds volledig bespreek – sien 11.3 (i).

Die HK-voorsitter van 1949, Willie Maree, beskryf in sy artikel gedateer 31 Julie 1963 *Die Kerk in Transvaal mag hom (Martin) nooit vergeet nie*, Martin se vertrouwe in die studente om sonder 'n huisvader klaar te kom soos volg: *Hoe dikwels het ons hom nie hoor sê: Julle weet dat ek nie met julle studente lol so lank as wat dit goed gaan in Sonop nie.*

Selfs na die herinstelling van die pos van 'n koshuisvader vir Sonop word die beleid van Marais dat studente self verantwoordelikheid moet neem, nog in 'n baie groot mate toegepas (Sonop Eeufees Gedenkboek:168). Hierin speel die HK-voorsitters 'n baie belangrike rol:

1917	JHL Scheepers	1967	JJ (Koos) Koos Louw
1918	JHL Scheepers	1968	JJ (Dons) Kritzinger
1919	NJ Grobbelaar	1969	WS (Riempies) Prinsloo
1920	NJ Grobbelaar	1970	NMS (Nick) Bezuidenhout
1921	NH Theunissen	1971	(JJ) Hannes de Beer
1922	NH Theunissen	1972	JG (Johan) Wasserman
1923	AJG Oosthuizen	1973	GJS (Gerrie) Doyer
1924	DJ Prinsloo	1974	PWA (Piet) van der Merwe
1925	W Visser	1975	HL (Hendrik) Bosman
1926	MDC de Wet Nel	1976	HF (Hendrik) Kotze
1927	G van Veijeren	1977	JLN (Jan) van Zyl
1928	CH Brink / De la H d Villiers	1978	JS (Kobus) Sandenberg
1929	MJ Oosthuizen	1979	WM (Maurice) Leonard
1930	A Brandt	1980	MA (Riaan) Jacobs
1931	A Brandt	1981	WS (Willem) Boshoff
1932	DJ van Staden	1982	C (Corrie) Potgieter
1933	A Brandt	1983	DW (Deon) Conradie
1934	JC du Plessis	1984	SJ (Samuel) Louw
1935	M Heyns	1985	WS (Willem) Boshoff
1936	H Muller	1986	G (Greyling) Viljoen
1937	AW Lategan	1987	CP (Chris) Els
1938	FA van Heerden	1988	MJF (Tienie) Swanepoel
1939	LN Fick	1989	JL (Louis) Uys

1940	SW (Schalk) Pienaar	1990	J (Johan) Olivier
1941	JC Combrink	1991	CF (Chris) Wiid
1942	GJ (Joubert) Rossouw	1992	JF (Johann) Kotzé
1943	GJ (Joubert) Rossouw	1993	JH (Jean) Jordaan
1944	BB (Ben) Coetzee	1994	WD (Willie) Spies
1945	JE (Kobus) Potgieter	1995	O (Otto) Diedericks
1946	FP (Ferdie) Boshoff	1996	JAR (Riaan) Scheepers
1947	WJG (Willie) Lubbe	1997	MC (Martin) Lewis
1948	TP (TP) Smith	1998	F (Fouche) de Wet
1949	WL (Willie) Maree	1999	MF (Michael) Prinsloo
1950	AH (Bertus) van Zyl	2000	JH (Jean) Cooper
1951	PJ Burger / DR de Villiers	2001	OT (Ockie) Doyer
1952	DR (Dion) de Villiers	2002	JT (Theo) Ferreira
1953	A (André) van der Spuy	2003	W (Wilhelm) Prozesky
1954	JA (Johan) Lombaard	2004	AJ (Jaco) Jacobs
1955	AB (Andrie) du Toit	2005	GJ (Gerrie) Brink
1956	SP (Fanie) Senekal	2006	C (Conrad) Boshoff
1956	GE (George) Rutenbach	2007	KJ (Konstant) Petzer
1958	JM Hofmeyr/MJ Pieterse	2008	W (Willie) van der Schyf
1959	IA (Izan) Meyer	2009	C (Corniel) van Niekerk
1960	JH (Hannes) Borman	2010	J (Jacques) Fourie
1961	JS (Kobus) Oosthuizen	2011	J (Josua) Loots
1962	WP (Willem) van Niekerk	2012	JJ (Jac) de Wet
1963	H (Maans) Steyn	2013	N (Neil) van Heerden
1964	HJB (Bernard) Combrinck	2014	GAC (Clark) Fourie
1965	Louis Swart/HJ Dreyer	2015	JP (Jan-Paul) Botha
1966	E (Ernie) Rex	2016	CD (Dewet) van Schoor

HOOFSTUK 14

ROLSPELERS IN DIE NED.GEREF. KERK AS VRUG OP DIE ARBEID VAN DIE SONOP- AKKER

In hierdie hoofstuk word gefokus op die vrug van die Kerk op sy arbeid aan en in Sonop. Die Ned.Geref. Kerk se onvermoeide betrokkenheid by Sonop, hetsy met geldelike bydraes, die daarstel van bestuurstrukture, asook bepaalde rolspelers se onvermoeide arbeid het egter nie net vir honderde studente 'n unieke blyplek tydens hulle studentejare gebied nie; daar was en is nog steeds vrug op die arbeid deurdat talle oudSonoppers op die breë kerklike terrein in die verlede iets terugploeg het, en in die hede nog steeds iets terugploeg, met 'n dankbare hart vir dit wat dié Tehuis vir hulle beteken het in hul vormingsjare.

Buiten al die oudSonoppers wat as gemeenteleraars en sendelinge landswyd en selfs in die buiteland in die bediening staan, word die name van die volgende rolspelers in die Ned.Geref. Kerk, as verdere vrug op die arbeid van die Sonop-akker, hieronder genoem.

14.1 Moderators van die Ned.Geref. Kerk Algemene Sinode

Ds JE (Kobus) Potgieter

Prof PJ (Piet) Strauss

Prof CJP (Nelus) Niemandt

14.2 Moderators van die Ned.Geref. Kerk se Streeksinodes

Dr PJSG (Paul) du Plessis – Sinode Hoëveld

Ds GJ (Gert) Erasmus – Sinode Hoëveld

Dr FM (Frits) Gaum – Sinode van Wes- en Suid-Kaapland

Dr JHG (Henk) Gous – Sinode van Wes-Transvaal

Ds HS (Hennie) Grobler – Sinode van Wes-Transvaal

Prof PGJ (Piet) Meiring – Oostelike Sinode

Dr J du P (Jannie) Malan – Sinode Hoëveld
Prof CJP (Nelus) Niemandt – Sinode Hoëveld
Ds SW (Schalk) Pienaar – Sinode van Namibië
Ds JE (Kobus) Potgieter – Noordelike Sinode
Dr M (Mike) Smuts – Noordelike Sinode

14.3 Redakteurs van die *Kerkbode*

Dr FM (Frits) Gaum
Prof WJG (Willie) Lubbe
Ds AM (Anton) Pienaar

14.4 Redakteurs van die *Voorligter*

Mnr WL (Willie) Maree

14.5 Redaksielede van Bybelvertalingkommissies

Prof HJB (Bernard) Combrink	Voorsitter – derde Afrikaanse Bybelvertalingskommissie
Prof AH (Albertus) van Zyl	Sekretaris – tweede Afrikaanse Bybelvertalingskommissie

14.6 Dosente

14.6.1 Randse Afrikaanse Universiteit

Prof EL (Tod) de Kock
Prof DA (Anton) Pauw
Prof JH (Johnny) Roberts

14.6.2 Universiteit van die Noorde

Dr HM (Murray) Hofmeyr
Prof AS (Porkie) van Niekerk
Prof H (Hennie) van der Merwe

Prof DR (Dion) de Villiers

Dr AS (Attie) van Niekerk

14.6.3 Universiteit van Pretoria

Dr AL (André) Bartlett – Excelsus Kerkeie Opleiding

Prof CFA (Carel) Borchardt – Kerkgeskiedenis

Prof CWH (Carel) Boshoff – Sendingwetenskap

Prof HS (Herman) Breytenbach – Praktiese Teologie

Prof D (Dionne) Crafford – Sendingwetenskap

Prof HJB (Bernard) Combrink – Nuwe Testament

Prof AB (Andrie) du Toit – Nuwe Testament

Prof JJ (Dons) Kritzinger – Sendingwetenskap en ISWEN

Prof WJG (Willie) Lubbe – Grieks

Prof PGJ (Piet) Meiring – Sendingwetenskap

Prof CJP (Nelus) Niemandt – Sendingwetenskap

Prof HJC (Hennie) Pieterse – Praktiese Teologie

Prof WS (Riempies) Prinsloo – Ou Testament

Prof AJ (Albertus) Smuts – Praktiese Teologie

Prof HF (Hennie) Stander – Grieks

Dr AS (Attie) van Niekerk – Sendingwetenskap / ISWEN / NOVA

Prof AH (Albertus) van Zyl – Ou Testament

14.6.4 Universiteit van Suid-Afrika

Prof DJ (David) Bosch – Sendingwetenskap

Prof WS (Willem) Boshoff – Ou Testament

Prof HL (Hendrik) Bosman – Ou Testament

Prof JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie

Prof IGP (Ig) Gous – Ou Testament

Prof WJM (Murray) Janson – Praktiese Teologie

Prof HJC (Hennie) Pieterse – Praktiese Teologie

Prof JH (Johnny) Roberts – Nuwe Testament

Prof CL van W (Coenie) Scheepers – Ou Testament

Prof GJ (Gerrie) Strydom – Ou Testament
Prof SW (Willie) van Heerden – Ou Testament
Dr JPH (Jaap) Wessels – Ou Testament

14.6.5 Universiteit van die Vrystaat

Prof PJ (Piet) Strauss – Ekklesiologie
Prof JA (Jan-Albert) van den Berg – Praktiese Teologie
Prof P (Pieter) Verster – Sendingwetenskap

14.6.6 Universiteit van Stellenbosch

Prof HL (Hendrik) Bosman – Ou Testament
Prof HJB (Bernard) Combrink – Nuwe Testament
Prof WD (Willie) Jonker – Dogmatiek
Prof NJ (Nico) Smit – Sendingwetenskap

14.6.7 Teologiese Skool Stofberg

Prof DJ (David) Bosch – Decoliny
Dr H (Hennie) Pretorius – Decoliny
Ds HM (Harry) Hofmeyr – Viljoensdrif en Turfloop
Dr AM Hofmeyr – Witsieshoek
Prof AS (Porkie) van Niekerk – Viljoensdrif en Turfloop
Dr AS (Attie) van Niekerk – Viljoensdrif en Turfloop

14.6.8 Nehemia Bybelskool

Dr H (Hennie) Pretorius

14.7 Kapelaangeneraals

Ds PP (Pierre) Jordaan
Ds CP (Chris) Naudé

14.8 Algemene Sinodale poste

Dr WJ (Willie) Botha	1979 – 1995	AS – Leer en Aktuele Sake
	1995 – 2004	AS – Ekumeniese Sake en Inligting
Prof PGJ (Piet) Meiring	1992 – 2006	AS – Ekumeniese Sake en Inligting
Dr M (Mike) Smuts (Jnr.)	1983 – 1990	AKAE – Sekretaris
Dr DJ (Dirk) Viljoen	1985 – 1991	AS – Dooplidmate
Dr AM Hofmeyr	1980 – 1995	Algemene Sekretaris – Sending

14.9 Predikante in die buiteland (Europa) in diens van die SAW

Ds H (Henno) Cronje	1987 – 1991
Ds DJJ (Dirk) Oosthuizen	1990 – 1995
Ds H (Maans) Steyn	1978 – 1981
Ds WP (Willem) v Niekerk	1981 – 1984

14.10 Studenteleraars

Dr MC (Mechiel) Botha	1978 – 1982	NG Universiteitsoord
Ds H (Henno) Cronjé	1962 – 1966	NG Heidelberg (Tvl.)
Prof AB (Andrie) du Toit	1968 – 1970	NG Universiteitsoord
Dr JHG (Henk) Gous	1985 – 1995	NG PUK Kandelaar
Ds PJ (Paul) Grobler	1990 – 1999	NG Universiteitsoord
Ds H (Hennie) Horn	1975 – 1987	NG Harmonie
	1987 – 1998	NG Pretoria-Kollegerand
Dr J du P (Jannie) Malan	1955 – 1968	NG Riviera
Ds DJJ (Dirk) Oosthuizen	1972 – 1975	NG Universiteitsoord
Ds JE (Kobus) Potgieter ¹⁹²	1955 – 1960	NG Pretoria-Oos
	1960 – 1967	NG Universiteitsoord
Ds H (Maans) Steyn	1971 – 1978	NG Universiteitsoord
Prof PJ (Piet) Strauss	1983 – 1988	NG Universiteitsoord

¹⁹² Ds Kobus Potgieter was die eerste studenteleraar wat as teologiese student in Sonop was (Sonop Databasis).

Ds I (Manuel) van Tonder	2000 – 2007	NG Universiteitsoord
Dr M (Mike) van Tonder	1981 – 2001	NG PUK Kandelaar
Dr DJ (Dirk) Viljoen	1955 – 1957	NG Bronberg
	1957 – 1964	NG Harmonie

14.11 Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Ds HJ (Rikus) Geysler	1987 – 2011
Ds JJ (Kobie) Krige	1992 – 2004

14.12 Leidende figure op die pad na vernuwing in die Ned.Geref. Kerk

Die Ned.Geref. Kerk, waaraan Sonop Christelike Tehuis sy ontstaan in 1916 te danke het, het die afgelope paar dekades 'n totale omwenteling beleef, spesifiek wat sy rassebeleid betref. Op hierdie pad na vernuwing het die Koning van die Kerk 'n hele aantal kerkleiers vanuit die Sonopfamilie geroep en bekwaam gemaak om die Kerk deur hierdie stormwaters na vernuwing te lei.

Die pad na vernuwing word kortliks kronologies beskryf met spesifieke verwysings na die rol van juis die oudSonoppers hierin.

14.12.1 Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif – 1970/1974

Die tragiese gebeure op 21 Maart 1960 by Sharpeville, die daaropvolgende Cottesloeberaad vanaf 7 tot 14 Desember 1965 in Johannesburg, asóók die Ned.Geref. Kerk se Kaapse Sinode van 1965 se reaksie op die Cottesloeberaad se verslag, was direkte redes waarom die Algemene Sinode van die Ned.Geref. Kerk tydens sy sinodesitting in 1970 opdrag aan 'n kommissie gegee het om 'n volledige studie oor die Ned.Geref. Kerk se siening oor rasseverhouding te doen en 'n dokument voor te berei vir die sinodesitting van 1974 sodat die Kerk sy standpunt duidelik kan formuleer.

Saam met gesoute kerkleiers, drs JD Vorster, FE O'Brein Geldenhuys, prof PA Verhoef en di. PES Smith, DS Snyman, DMP Beukes, JS Gericke en WA Landman,

het prof AB du Toit – pas aangestelde professor in Nuwe Testament aan die Universiteit van Pretoria – ook sy plek ingeneem.

Die uiteindelige verslag wat deur vier subkommissies voorberei is, het vier afdelings bevat:

- Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif
- Die kerk, koninkryk en die ekumene
- Die kerk en maatskaplike geregtigheid
- Die kerk en sending

Die debat oor dié verslag by die Sinode het bykans twee dae geduur en die goedgekeurde verslag is in 1975 gepubliseer met die titel *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*, wat in die algemene omgangstaal bekend sou staan as *Ras, volk en nasie* (Du Toit e.a., 2002:63).

14.12.2 Hervormingsdaggetuienis – 1980

Die Ned.Geref. Kerk se standpunt soos by die 1974 se Algemene Sinode geneem, gepubliseer as *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*, is met gemengde gevoelens ontvang.

Op Hervormingsondag 31 Oktober 1980 is die Hervormingsdaggetuienis van agt vooraanstaande teoloë bekendgemaak. Dit het gedien as reaksie op die Ned.Geref. Kerk se standpunt oor rasseverhoudinge. Vier van die agt teoloë het uit Sonopgeledere gekom: proff CFA (Carel) Borchardt, HJB (Bernard) Combrink, WD (Willie) Jonker en AB (Andrie) du Toit. Die ander vier was proff JA Heyns, WP Esterhuyse, BA Müller en HW Rossouw.

Die doel van hierdie *Getuienis* was tweërlei van aard:

- om te dien as 'n liefdevolle en hoorbare verwoording van bewoënheid oor die rol van die Ned.Geref. Kerk te midde van die spanning en polarisasie wat in die land geheers het; en

- met die verwagting dat 'n biddende besinning sal realiseer oor die gaping wat bestaan tussen Sinodebesluite en die uitwerking daarvan deur Kerkrade en lidmate.

Dr Pierre Rossouw, destydse hoof- uitvoerende beampte van die Ned.Geref. Kerk, het die positiewe en negatiewe kommentaar wat op die *Getuienis* gelewer is, soos volg saamgevat:

Die kerk moet sy vermoë sigbaar en hoorbaar geloofwaardig maak ... Selfs al sou 'n mens enersyds met die prosedure van die Getuienis en andersyds met die enigsins vae bewoording van die Getuienis fout kan vind, sal jy tog geredelik moet toegee dat dit 'n oproep was wat gehoor moes word. Ook in daardie opsig het die Getuienis sy doel gedien. (Du Toit e.a., 2002:72)

Prof Johan van der Merwe beoordeel die verskyning van hierdie brief in 'n postiewe lig deurdat dit gesprek gestimuleer het en die kritiek teen *Ras, volk en nasie en volkereverhouding in die lig van die Skrif* op die agenda van die Kerk gehou het (NGTT, 2011:566).

Ook prof Andrie du Toit het positief op die *Getuienis* reageer toe hy in *Die Kerkbode* van 25 Februarie 1981 geskryf het dat die *Getuienis* uit 'n diepe oortuiging kom dat die eise van die Woord van God en die benouende tydsgewrig waarin geleef word, alle gelowiges in hierdie land – en daarom ook alle kerke – voor 'n groot en dringende verantwoordelikheid plaas (*Die Kerkbode*, 25 Februarie 1981:25).

14.12.3 Stormkompas – 1981

'n Jaar later (1981) verskyn *Stormkompas* – 'n bundel waartoe verskeie skrywers 'n bydrae gelewer het. Drie van die skrywers was Sonoppers: proff NJ (Nico) Smit, DJ (David) en PGJ (Piet) Meiring. Ander skrywers was prof JA (Johan) Heyns en dr FE O'Brien (Frans) Geldenhuys.

Dr DH Botes beskryf die doel van die verskyning van *Stormkompas* in sy proefskrif *Die NG Kerk as profeet teenoor die Suid-Afrikaanse regering (1962 – 2002): 'n Kerk-historiese perspektief*. Hy verwys na die tagtigerjare wat gekenmerk is deur talle stemme wat al meer en meer opgegaan het vir verandering in die Kerk.

Stormkompas wou juis in hierdie tyd rigting gee vir 'n kerk wat meer en meer geïsoleer geraak het.

As uitvloeisel van hierdie bundel word daar vanaf 18 tot 21 Januarie 1981 'n teologiese kongres by die Universiteit van Pretoria gehou. Die tema *Die kerk in die tagtigerjare* is deur dr Pierre Rossouw en prof HJC (Hennie) Pieterse ingelei.

Pieterse het onbeskroomd die Ned. Geref. Kerk van kerkburokrasie beskuldig en in dieselfde asem ook die Kerk verantwoordelik gehou dat die verhoudinge in die land so lyk. Sy medespreker, Rossouw, het die kongres daarvan beskuldig dat dit 'n aanval op die Ned.Geref. Kerk is (Botes, 2012:245).

Dit was dan juis hiérdie kongres wat aanleiding gegee het tot *Die ope brief*, wat later verskyn het (Du Toit e.a., 2002:72,73).

14.12.4 Die ope brief – 1982

In die *Kerkbode* van 9 Junie 1982 verskyn daar 'n ope brief gerig aan die Ned.Geref. Kerk se leiers. Die hoofdoel van *Die ope brief* word soos volg uitgespel: *'n Oproep aan die kerk, in die Naam van die Koning van die Kerk om, op bepaalde punte, die kloof tussen die teologiese en sosiologiese gestaltes van die kerk te verklein* (Du Toit e.a., 2002:76).

Inhoudelik het die brief uit drie afdelings bestaan:

- Versoening en die eenheid van die kerk
- Profetiese roeping van die kerk
- Solidariteit – diepe skuld word voor God bely omdat skrywers self nie die eenheid van die kerk uitgeleef het nie en dus mede-aandadig was aan die maatskaplike wantoestande

Dié skrywe is reeds in Maart 1982 aan die Breë Moderatuur gestuur vir voorlegging as 'n buitengewone stuk by die Sinode in Oktober dieselfde jaar. Die Breë Moderatuur het egter besluit dat dit op 'n tegniese punt nie deurgestuurd kan word nie.

'n Hele aantal oudSonoppers het, met hul handtekening, hulle met die inhoud van dié skrywe vereenselwig. Van hulle is onder andere: DJ Bosch, HL Bosman, AW Doyer, JHG Gous, WJM Janson, JJ Kritzinger, AF Louw, LK Louw en PGJ Meiring (Du Toit e.a., 2002:75).

In *Die Kerkbode* van 23 Junie 1982 beskryf prof Johan Heyns dié brief as 'n noodkreet tot 'n gespreksgeleentheid en stemme wat hy hoor wat om duidelikheid roep te midde van groot onsekerheid en verwarring (*Die Kerkbode*, 23 Junie 1982:5).

14.12.5 Kerk en Samelewing – 1987 (Hersieningskommissie)

Tydens die Algemene Sinode van die Ned.Geref. Kerk in sitting 12 tot 22 Oktober 1982 word daar besluit om die beleidstuk *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* te hersien vir voorlegging aan die volgende Algemene Sinode in 1986. Hierdie besluit was 'n duidelike bewys dat die kritiek en kommentaar op die 1974-weergawe van die beleidstuk wel gehoor is.

Vir hierdie omvangryke taak word die dagbestuur en nog tien kommissielede aangewys: di. JE Potgieter, GSJ Möller, DJ Viljoen, DS Snyman, proff JA Heyns, DA du Toit, CWH Boshoff, AB du Toit, PA Verhoef, PB van der Watt, P Smit en drs P Rossouw en MM Nieuwoudt. Vier van die lede was oudSonoppers: di. JE (Kobus) Potgieter en DJ (Dirk) Viljoen, proff CWH (Carel) Boshoff en AB (Andrie) du Toit.

Dit was gou duidelik dat daar twee groepe in die hersieningskommissie was – die Heynsgroep (meer verlig) en die Potgietergroep (meer konserwatief). Die gevolg was dat daar in die verslag enkele minderheidstandpunte voorgekom het.

Tydens die Algemene Sinode in Oktober 1986 onder moderatorskap van prof Heyns is die verslag, nog steeds genoem *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in lig van die Skrif* voorgehou. Die saak is later na 'n tydelike kommissie verwys wat 353 amendemente ontvang het!

Met die goedkeuring van paragraaf 282 in die konsepverslag, wat punt 270 in die finale verslag word, naamlik *Die lidmaatskap van die NG Kerk is oop*, is 'n besluit geneem wat in die volgende jaar tot kerkskeuring sou lei.

Die goedgekeurde verslag is “herdoop” na *Kerk en Samelewing* wat in 1987 verskyn het (Du Toit e.a., 2002:92-95).

In sy artikel *Kerk en Samelewing 25 jaar later: Was die kool die sous werd?* bevestig prof Johan van der Merwe die belangrikheid van hierdie kerklike publikasie as hy sê:

Die storms wat daardeur (KS) ontketen is, moes verduur word omdat dit verskeie deure vir die Ned.Geref. Kerk oopgemaak het sodat die kerk in die negentigerjare weer sy regmatige plek tussen die kerke, nie net in Suid-Afrika nie, maar in die wêreld kon inneem. Die wins wat saam met Kerk en Samelewing gekom het, is meer as die verlies. (NGTT, 2011:574)

14.12.6 Stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk – 1987

Te midde van die vernuwing in die Ned.Geref. Kerk en vordering op die pad van vernuwing waarby tientalle oudSonopper leraars betrokke was, was daar ook enkele oudSonopper-leraars wat nie op hierdie pad wou saamgaan nie.

Reeds op 28 November 1986 is daar 'n vergadering gehou in die Skilpadsaal by die Pretoria-skougronde, waar ongeveer 2 500 beswaardes, onder leiding van oudSonophuisvoorsitter, prof Willie Lubbe, vergader het. Landswyd is protesvergaderings gehou, 'n publikasie *Geloof en Protes* het die lig gesien en 'n versoek vir 'n dringende gesprek tydens 'n buitengewone Algemene Sinode is versoek.

Die stigting van 'n nuwe kerk was onstuitbaar en die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) is op 27 Junie 1987 gestig. Vier oudSonoppers se name is verewig in die ontstaansgeskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Kerk: prof WJG (Willie) Lubbe en di. MC (Michiel) Adendorff, A (Adam) Boshoff en AS (Bertus) van Jaarsveld.

Prof Johan Heyns het hierdie kerkskeuring soos volg betreur:

Wie die Hoof van die Kerk liefhet, wie in die kerk gebore is en groot geword het, wie die kerk as geestelike moeder aanvaar en vir jare deur

haar getrou en toegewys met Woord en sakramente gevoed is, kan nie anders as om te ween by die aanskoue van wat nou gebeur. (Die Kerkbode 22 Julie 1987:6)

14.12.7 Die Nederduitse Gereformeerde Bond – 1987

Reeds by die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk het 'n groep ontevrede lidmate van die Ned.Geref. Kerk hulle gedistansieer van dié wegbreekaksie en besluit om binne die Ned.Geref. Kerk voort te stry oor die inhoud van *Kerk en Samelewing*. Só het die Nederduitse Gereformeerde Bond tot stand gekom, met prof SA Strauss van Bloemfontein as voorsitter en oudsonopper prof Carel Boshoff as ondervoorsitter.

Nadat die Dagbestuur van die Nederduitse Gereformeerde Bond (NGB) op 31 Augustus 1987 met die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die Ned.Geref. Kerk samesprekings gevoer het, is die Nederduitse Gereformeerde Bond ná die tyd met 'n persverklaring gewaarsku om nie polariserende groeppvorming binne die Ned.Geref. Kerk te veroorsaak nie. Hierna het die Nederduitse Gereformeerde Bond sy naam verander na die Afrikaanse Gereformeerde Bond (AGB) om sodoende ook lidmate van ander Afrikaanse kerke met dieselfde standpunt in te sluit (Du Toit e.a., 2002:100).

14.12.8 Vereenigingberaad – 1989

Na die wegbreek van die beswaardes en die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk op 27 Junie 1987, kon die saak van eenheid binne die Ned.Geref. Kerkfamilie weer aandag geniet.

Tydens die vergadering van die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER), wat in Harare, Zimbabwe gehou is, is daar besluit om in die lig van die positiewe ontwikkelinge in Suid-Afrika 'n beraad van die lidkerke van die Ned.Geref. Kerk te hou. As motivering vir dié byeenkoms word die spanning genoem wat daar nog tussen die lidkerke bestaan.

Die beraad is deur die Dagbestuur van die GER gereël en verteenwoordigers van die Ned.Geref. Kerk, die Ned.Geref. Sendingkerk, die Ned.Geref. Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa het in Maart 1989 by die Riviera-hotel in Vereeniging, onder voorsitterskap van eerwaarde Clarence Boomsma van die Reformed Church in America, byeengekom. Ook enkele buitelandse lidkerke was teenwoordig: die Reform Church in Zambië, Reformed Church in Zimbabwe en die Evangeliese Kerk in Afrika.

Die Ned.Geref. Kerk is verteenwoordig deur proff JA (Johan) Heyns, PC (Pieter) Potgieter, drs P (Pierre) Rossouw, DJ (Dirk) Hatting en DJ (Dirk) Viljoen.

Alhoewel die Ned.Geref. Kerk se afgevaardigdes hulle grootliks met die inhoud en besluite van die beraad kon vereenselwig, het hulle hul gedistansieer wat betref die besluit van die beraad om hom te verbind tot die totstandkoming van een, verenigde, nierassige, gereformeerde kerk in Suidelike en Sentraal-Afrika.

Spanning het daarna tydens die terugvoersessie tussen die ASK en die Ned.Geref. Kerk se afgevaardigdes geheers toe die afgevaardigdes in die lig van paragrawe 38, 306 en 307 nadere inligting moes gee oor die hantering van apartheid in hulle verklaring.

'n Verdere gevolg was die brief wat deur 139 lidmate, wat hulle met die amptelike standpunt van die beraad vereenselwig het, onderteken is met die dringende versoek dat die kerkleiers moet toesien dat die Ned.Geref. Kerk op die basis van die beraad se besluit moet meewerk om apartheid te beëindig en die daarstel van een, verenigde, nierassige, gereformeerde kerk in Suidelike en Sentraal-Afrika (Du Toit e.a., 2002:162,163).

14.12.9 Rustenburgberaad – 1990

Die bekende Rustenburgberaad, ook genoem *Die beraad van Skuldbelydenis*, het sy ontstaan te danke aan 'n oproep van die voormalige staatspresident, mnr FW De Klerk, wat op 'n wenk van prof JA (Johan) Heyns in sy Kersboodskap van 1989 'n beroep op kerke gedoen het om 'n klimaat te skep vir versoening in die land. Nadat

kerke versoek het dat De Klerk terug moet staan voordat hulle aan so 'n beraad sal deelneem, het De Klerk gehoor gegee en is daar op 15 Junie 1990 'n vergadering in Johannesburg gehou om verskillende moontlikhede te ondersoek vir die skep van 'n versoeningsklimaat.

Daar is besluit op 'n kerkkonferensie in November 1990 te Rustenburg en 'n komitee van Christenleiers is saamgestel onder leiding van dr Louw Alberts, voorsitter van die WNNR en eerwaarde Frank Chikane, hoofsekretaris van die Afrikaanse Raad van Kerke.

Die Ned.Geref. Kerk se afgevaardigdes was prof PC (Pieter) Potgieter, drs (P) Pierre Rossouw, DJ (Dirk) Hatting en F (Frits) Gaum. Verder het proff JA (Johan) Heyns en WD (Willie) Jonker as sprekers opgetree.

Die gebeure van dié beraad, wat die voorblaaie van die koerante gehaal het, was die belydenis van prof Willie Jonker waar hy namens homself, maar ook ongevraagd namens die Ned.Geref. Kerk, skuldbelydenis gedoen het: *I confess before you and before the Lord my own sin and guilt ... but vicariously I dare also to do that in the name of the DRC of which I am a member* (NGTT, 2011:572).

Tydens 'n buitengewone vergadering van die ASK ná die Rustenburgberaad, is beide Jonker en die Ned.Geref. Kerk se amptelike afvaardiging oor die kole gehaal omdat hulle nie die volle verband van die Sinodebesluit aangehaal het nie.

Dr Frits Gaum, een van die amptelike afgevaardigdes, het egter gemeen dat die belydenis van Jonker nié die Ned.Geref. Kerk geskaad het nie, intendeel, dat dit die Kerk tot diens was:

Vir die Ned.Geref. Kerk is die skuldbelydenis van die Algemene Sinode van 1990 en die oordra daarvan aan die Rustenburgse Kerkeberaad 'n oomblik van bevryding. Nou weet almal wat moet weet: Die amptelike Ned.Geref. Kerk erken dat apartheid sonde is en bely sy aandeel in die toepassing en handhawing daarvan as verkeerd. (Du Toit e.a., 2002:109)

Ook prof PC (Pieter) Potgieter het hom daarmee vereenselwig: *The delegates of the DRC want to state unambiguously that we fully identify ourselves with the statements made by prof Jonker on the position of the church* (Jonker, 1998:207).

14.12.10 Die Ned.Geref. Kerk se Sinode van Versoening

Die lang en moeisame pad na versoening wat die Ned.Geref. Kerk geloop het, het uitgeloop op die Sinode van Versoening in 1994.

Met die volgende besluit – as't ware (weer) 'n skuldbelydenis – is die hand van versoening na pres Mandela wat teenwoordig was, uitgesteek:

In die lig van die klag van politieke dienstigheid deur die Ned. Geref. Kerk wys die Algemene Sinode lidmate daarop dat daar deur die jare heen steeds lidmate, ampsdraers en selfs kerklike vergaderinge was wat 'n duidelike profetiese stem laat hoor het. Die Algemene Sinode erken met spyt dat daar in die verlede dikwels van kerklike kant op 'n onbarmhartige en onsmaklike wyse teenoor persone gehandel is. (NGK Handeling, 1994:501)

Alhoewel hulle nie oudSonoppers was nie, is die hand van versoening na twee kerkleiers van die Ned.Geref. Kerk gereik wat in lewe noue bande met Sonop gehad het; hulle was prof Ben Marais en dr Beyers Naudé – Marais eers as studenteleraar en later as voorsitter van die Sonopraad en Naudé as studenteleraar.

In Sonopkringe het wyle prof Ben Marais geen bekendstelling nodig nie.

Wat Naudé betref, is die band tussen hom en Sonop nie so bekend soos dié van prof Ben Marais nie, maar verdien dit vermeld te word. Prof Hendrik (Bossie) Bosman skryf dat Naudé onder die Sonoppers geliefd was as studentepredikant (Persoonlike vraelys, Januarie 2017).

14.12.11 Waarheid- en Versoeningskommissie

Deel van die helingsproses in die nuwe demokratiese Suid-Afrika was die aanstel van 'n Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK). Die WVK moes verseker dat die nuwe regering erkenning en menswaardigheid verleen aan die slagoffers van

menslike vergrype én dat mense hul storie kan vertel en sodoende heling, herstel en versoening bewerk.

Nadat die ASK 'n aantal kommissarisse vir die WVK benoem het, moes hulle hoor dat nie een van hul genomineerdes toegelaat en aanvaar is nie. Hierdie negatiewe antwoord het die mate van agterdog by die Kerk ten opsigte van die WVK verder versterk. Die ASK het hierop 'n verklaring uitgereik waarin hulle hul teleurstelling uitspreek het, maar óók die WVK van sy voorbidding verseker het. Ten spyte van hierdie teleurstelling wat die genomineerde kommissarisse betref, het die Ned.Geref. Kerk wel verteenwoordiging op die WVK gekry deurdat prof PGJ (Piet) Meiring as komiteelid aangewys is.

Luister 'n mens na Emeritus Aartsbiskop Desmond Tutu as hy oor Meiring praat, dan was daar gewis geen beter keuse vanuit die Ned.Geref. Kerk se geledere om op die WVK te dien nie:

Somehow he managed to combine a Biblical concern for righteousness and compassion for the casualties of injustice and oppression with ability to fraternize with those who did support apartheid. It was an unusual talent. He had credibility for both these antithetical groups. He was the quintessential so called marginal person who sought to join two opposing groups. He was just the right person. (Verbum et Ecclesia, 2008:604)

Nóg Meiring se aanwysing as komiteelid, nóg 'n *Ope Brief* onder leiding van ds MH (Martin) Heyns en onderteken deur 46 predikante en professore, kon die ASK anders laat besluit as om voet by stuk te hou en nie voor die WVK te verskyn nie. Dat daar onder die ASK nie eenstemmigheid was oor dié besluit nie, blyk veral uit ds F (Freek) Swanepoel – voorsitter van die ASK – se toestaan tot reg van hersiening by die volgende vergadering. Ten spyte van druk van lidmate en kerkrade om wel deel te neem, het die ASK op sy vergadering van 29 tot 30 Oktober 1996 besluit om dit nie te doen nie. Dr Frits Gaum het hierdie besluit regverdig deur te verwys na die eensydige samestelling van die WVK.

Meiring het egter nie bes gegee nie en op sy vergadering van 28 tot 30 Oktober 1997 besluit die ASK dat Swanepoel as voorsitter by die getuienisgeleentheid teenwoordig moet wees. Hy sou egter nie formeel getuig en bieë nie, maar moes – indien die geleentheid hom voordoen – noem dat die Kerk erns maak met sy

versoeningstaak. Hy moes self sy voorlegging opstel en is nie deur die ASK amptelik goedgekeur nie.

Swanepoel het, te midde van baie teenstand en kritiek uit eie geledere, as nederige en opregte dienskneg van die Here¹⁹³ hom knap van sy taak gekwyt:

Met die getuienis van ds Freek Swanepoel voor die WVK kon die Ned. Geref. Kerk weer sy regmatige plek in die galery van kerke in Suid-Afrika inneem. Teoloë en kerklui het ds Swanepoel se voorlegging as 'n waterskeiding in die Ned. Geref. Kerk en die versoeningsproses tussen verskillende kerke in Suid-Afrika bestempel. (Du Toit e.a., 2002:126)

14.12.12 Die verhaal van die Ned.Geref. Kerk se reis met apartheid (1960 – 1994) – 'n getuienis en 'n belydenis (algemeen bekend as *Reis met Apartheid*)

Die rede vir die verskyning van hierdie belangrike boek in Augustus 1997 lê daarin dat die ASK op 22 Mei 1997 dit weer herbevestig het dat hy nie 'n voorlegging aan die WVK gaan doen nie, maar eerder die verhaal van die Ned.Geref. Kerk met betrekking tot volkere- en rasseverhoudinge in Suid-Afrika vanaf 1962¹⁹⁴ in boekvorm gaan vertel.

Dat die keuse op dr Frits Gaum as outeur van hierdie boek geval het, is te verstane. Nie net het hy as oudredakteur van *Die Kerkbode*, voormalige skriba van die Algemene Sinode, asook moderator van die Sinode van Wes-Kaapland hom in die verlede al as bekwame skrywer bewys nie, maar het hy baie nou saam met die Kerk se topbestuur die pad van versoening geloop. Hy het dus oor die nodige skryfvaardighede, asook eerstehandse kennis beskik.

Inhoudelik het die boek die amptelike besluite en optredes van die Kerk beoordeel en is klem gelê op die positiewe en negatiewe aspekte van dit wat die Kerk gedoen het. Botes noem in dié verband, onder andere, dat die Kerk oor die onreg en sy aandeel daaraan diep en opreg jammer is, dat die Kerk se protesstem soms te sag

193 Dit was my voorreg as student en jong predikant om saam met Swanepoel as destydse predikant Sinodale Diens Opdrag: Jong Belydende Lidmate talle skoolverlaterskampe aan te bied – 'n Israeliet sonder bedrog (Johannes 1:47) (persoonlike ervaring).

194 Die rede vir die keuse om die verhaal by 1962 te begin, is dat dit die jaar was waarin die organisatoriese sinodale verband tussen die NG Kerke herstel is (Van der Watt, 1987:15).

was en dat hy nou eerder die dienskneggestalte wil aanneem, as die vroeëre groot en magtige gestalte (Botes, 2012:332).

14.12.13 Versoening, armoede en morele herstel – 1998

Met die pad van versoening wat nou reeds vêr gevoder het, het die Algemene Sinode van die Ned.Geref. Kerk in 1998 besluit om 'n ad hoc-kommissie daar te stel. Die doel van die kommissie was spesifiek om aan die Kerk leiding te gee rakende wat gedoen kan word om die stukkende samelewing waaraan die Kerk en sy lidmate deel het, te herstel.

Die kommissielede was dr CW (Coenie) Burger as sameroeper, proff DE (Deon) de Villiers, PGJ (Piet) Meiring en PJ (Piet) Naudé, asook drs AS (Attie) van Niekerk, RC (Nelis) Lindeque en LC (Louis) Dressel.

Die vrug van die kommissie was dat 2001 uitgeroep is as 'n *Jaar van Hoop* waartydens drie belangrike lewensareas in die stukkende Suid-Afrika aangespreek moes word:

- Die ineenstorting van morele waardes
- Die geweldige armoede met sy vêrreikende gevolge
- Die ononderhandelbare noodsaaklikheid van versoening in ons land en die prosesse wat gevolg kan word om ons verwonde en verdeelde land te genees

Hierdie drie lewensareas is oor die vier kwartale van 2001 landswyd tematies in die Ned.Geref. Kerk aangespreek:

- Kwartaal een – Lidmate versoek om aan te meld vir diens
- Kwartaal twee – Projekte geloods om ou waardes terug te bring in die gesinslewe, skole en op universiteite
- Kwartaal drie – Gefokusde aandag op armoede
- Kwartaal vier – Riglyne vir bediening van versoening

Die *Jaar van Hoop* het begin met 'n voordrag deur Meiring by die Predikantdag tydens die opening van die Teologiese Fakulteit op 29 Januarie 2001 – *Die hoop*

beskaam nie: Die NG Kerk se rol ten opsigte versoening, armoede en morele herstel.

In sy openingsrede het Meiring na prof David Bosch¹⁹⁵ verwys wat reeds in 1979 geskryf het:

Die Kerk is aan die wêreld hoop verskuldig. Hoop vir hierdie wêreld en hoop vir die uiteindelijke, nuwe wêreld. Omdat sy (Kerk) leef vanuit die “Kyk, Ek maak alles nuut” (Openbaring 21:5) kan sy (Kerk) nou reeds met die nuwe ‘n begin maak. (Bosch, 1979:246)

Met sy afsluitingsrede het Meiring gesê:

Mag dit van ons kerk gesê word in die twaalf maande wat voorlê, dat terwyl ons beslis nie alles weet nie en ook nie alles regkry nie ... ons nogtans in die rigting van die Son aan die die stap is, dat sy strale op ons gesigte weerkaats. As dít gebeur gaan ons nie net ‘n Jaar van Hoop hê nie, maar ‘n Seisoen van Hoop! (Verbum et Ecclesia, Jrg 22(1):114)

Dr Attie van Niekerk se betrokkenheid by die belangrike saak van armoedeverligting strek sover terug as 1994 toe hy ‘n stigterslid was van die Nova¹⁹⁶ Instituut. Hierdie redelik onbekende instituut, met navorsers uit ‘n diverse agtergrond, se hoofdoel is om arm gemeenskappe tot hulp te wees met die daarstel van projekte¹⁹⁷ wat sal bydra tot bekostigbare produkte vir die laerinkomstegroep.

14.13 Leidende figure oor die besluit van selfdegeslagverhoudings

Drie prominente figure van die Ned.Geref. Kerk figureer sterk in die jarelange gay-debat en tree as kampvegters op vir die goedkeuring van selfdegeslaghuwelike:

14.13.1 Dr AL (André) Bartlett

In die volledige verklaring van sy skokbedanking uit die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) in *Die Kerkbode van 23 September 2016*, spreek hy hom sterk uit teenoor die optrede van die ASM as hy sê: *Ek sien egter nie langer my weg oop om met integriteit in die ASM te dien, terwyl die 2015 besluite van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudings deur die kerkleiding verontagsaam word nie.*

195 Prof DJ (David) Bosch sterf voortydig in 1992 op 62-jarige ouderdom in ‘n motorongeluk. Op Vryheidsdag 27/04/2013 ontvang hy postuum die Orde van Baobab vir sy bydrae tot die stryd van versoening (Sonop Databasis).

196 Meer inligting oor die Nova Instituut is verkrygbaar by <http://www.nova.org.za/about-nova/team.php>.

197 Prof Hendrik Bosman beskryf van Niekerk as ‘n profeet wie se daadgetuïenis nog glad nie na waarde geskat word nie (Persoonlike vraelys, Januarie 2017).

Hy noem verder ook dat hy nie gemaklik is met die feit dat die belange van weerbare en kwesbare lidmate van die kerk ondergeskik gestel word aan die druk van beswaarde lidmate wat nie kans sien om hul medegelowiges as volwaardige lidmate te aanvaar nie.

Vir hierdie onverskrokke standpunt van hom is hy onlangs by die eerste byeenkoms van die eeufeesvieringe van die Universiteit van Pretoria se Teologiese Fakulteit saam met, onder andere, proff Johan Heyns, Ben Marais, Barend Gemser en Adrianus van Selms as een van die eeu se verskilmakers aangewys (*Die Kerkbode*, 14 Maart 2017).

14.13.2 Dr FM (Frits) Gaum

Die naam van dr Frits Gaum het byna sinoniem geword met die kerk se debatte oor die gay-kwessie en die gevolglike selfdegeslaghuwelike. In sy artikel in *Rapport* van 28 Junie 2015 met die opskrif *Die NG Kerk en gays: Tyd vir herbesin*, stel Gaum dit onomwonde dat die sleutelwoord vir hierdie kwessie die woord *verdraagsaamheid* is.

Hy baseer sy oproep tot verdraagsaamheid op Handeling 15:1–11 (NAV) waar daar by die “eerste sinode” in Jerusalem ’n verskil van mening ontstaan het oor die besnydenis al dan nie van gelowiges van nieJoodse afkoms. Uiteindelik het die “sinode” ’n verdraagsame benadering gekies wat bepaal het dat diesulkes nie besny hoof te word nie. Gaum pleit dan dat die herbesinning van gays deur die Kerk ook moet lei tot verdraagsaamheid teenoor en aanvaarding van hulle.

14.13.3 Prof CJP (Nelus) Niemandt

Net soos Bartlett en Gaum, is prof Nelus Niemandt ook ’n voorstander vir die onvoorwaardelike aanvaarding van gay mense in die Kerk. Niemandt haal op 1 Julie 2015 die voorblad van *Beeld* met die opskrif *Gooi NG Kerk óóp vir gays*. In geen onduidelike taal nie pleit hy dat gay predikante van die Ned.Geref. Kerk nie meer gedwing moet word om selibaat te wees nie, en dat gay paartjies se huwelik met die volle seën van die Kerk voltrek moet word.

14.14 Voltydse Koninkryksdiens in breër verband

14.14.1 Ds JH (Jan) Hofmeyr – Studietrust

Studietrust is in 1973 deur ds Jan Hofmeyr begin as 'n organisasie wat hom spesifiek daarop toespits om binne 'n Christelike raamwerk hoofsaaklik aan behoeftige studente uit voorheen benadeelde samelewings finansiële hulp te verleen vir hul studies. Die wyse waarop Hofmeyr hierdie roeping van hom aangepak en uitgevoer het, het nie ongesiens verbygegaan nie. Met die toekenning van die FW de Klerk *Goodwill Award* op 16 Desember 2013, het voormalige president FW de Klerk gesê: *The work that Studietrust is doing, is a wonderful example of what can be achieved when South Africans from different communities work together in a spirit of goodwill* (FW de Klerk-stigting, 16 Desember 2013)

Hofmeyr se neef, dr HM (Murray) Hofmeyr, wat vroeër by die Universiteit van die Noorde doseer het, het in 2008 by hom oorgeneem. Ook hy is 'n oudSonopper.

14.14.2 L (Louis) Brittz – Musiekbediening

Alhoewel die bekende oudSonopper Louis Brittz hom as student vir die regsberoep voorberei het, was die Here se roepstem om voltyds in diens van sy Koning te staan só duidelik dat hy nie anders kon as om 'n voltydse musiekbediening te volg nie. Die dryfveer agter hierdie bediening is sy vaste geloof dat ons as gelowiges vandag 'n sleutelrol te speel het in die vestiging van God se Koninkryk op aarde:

[W]e are to take up our mantle as wounded healers who take the message and the love of Christ to a world that has heard so much, but has seen so little of the Christ who lives in His body of believers today.

Buiten hierdie evangeliehart het Louis ook 'n besondere voorliefde vir die Psalms, waarvan hy al etlikes getoonset het. Sy hartewens met hierdie berymde Psalms is dat God se Woord nuut sal word vir elkeen wat daarna luister en/of saamsing (<https://www.worshipconnection.co.za/index.php/products/psalms.html>).

14.14.3 Dr PJC (Flip) Loots – RSG godsdienstige radioprogramme

Vir enige luister van die radiostasie RSG, is die naam “Flip Loots” bekend – veral as dit kom by godsdienstige programme. Die liefde vir die uitsaaiwese het Loots reeds op skool beetgepak toe hy en ’n skoolvriend met ’n ou bandopnemer programme gemaak het en by die destydse KJV voorgespeel het.

Buiten sy teologiese opleiding aan die UP Teologiese Fakulteit, waar hy ook sy doktorsgraad¹⁹⁸ verwerf het, was hy verder bevoorreg om ook in die buiteland aan Cambridge in Engeland en by Evangelische Omroep in Nederland radio-opleiding te ondergaan.

Waar baie doemprofete die verdwyning van die radio met die koms van televisie en die vinnige groei van sosiale media aangekondig het, ervaar Flip dit geensins so nie. Inteendeel, sê hy, *dit lyk eerder of die teenoorgestelde gebeur en dat die radiostasie steeds vir baie mense die een vriend is wat hulle nie kan of wil prysgee nie* (Die Kerkbode, 22 Januarie 2016).

Loots is tans die hoof van Tripple M Produksies en vervaardig vir RSG, onder andere, die vroegoggend- en aandgedagtes, die eredienste wat landswyd opgeneem word, asook die ateljeedienste. Verder leef hy sy passie vir die verspreiding van die evangelie deur middel van die radio ook uit in die vervaardiging van godsdienstige hoorbeelde, godsdienstige dokumentêre programme, godsdienstige onderhoudsprogramme, asook die jaarlikse Kersdag- en Paasfeesdramas wat oor RSG uitgesaai word.

14.15 Regsgeleerdes betrokke by spanning rakende suiwerheid van leer

Aan die begin van die nuwe millennium was daar ’n doelgerigte aanslag van verdagmakery teen sommige van die teologiese dosente verbonde aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria (Human & Van der Merwe, 2013:65-74). By sowel die verhoor van die betrokke student voor ’n kommissie van die

198 Loots het in 1982 sy doktorsgraad by die UP behaal met die tema van sy proefskrif *Die radio as kommunikasie medium in diens van die prediking*. Hy is tans besig met ’n tweede doktorsgraad by die Universiteit Nijmegen in Nederland met as tema van die proefskrif *Jesus se gelykenisse as narratiewe model vir radioprediking* (Die Kerkbode 22 Januarie 2016).

Kuratorium, as by die verhoor deur die Universiteit van Pretoria was dit telkens 'n oudSonopper wat as regskenner by die tugondersoek betrek is as regsverteenvoerder vir die Kerk.

Na die Algemene Sinodesitting van 2004 het mnr Ferdie Mulder, 'n teologiese student aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria sy besware gelug oor die Sinode se besluit oor homoseksualiteit. Tydens 'n radio-uitsending van *Oop Gesprek* op 5 Junie 2005 beweer Mulder dat liberale strominge¹⁹⁹ al hoe meer dominant in die teologiese opleiding na vore kom. By die landswye algemene predikantebyeenkoms vanaf 21 tot 23 Junie 2005 in Bloemfontein versprei hy 'n dokument *Status Confessionis*²⁰⁰ aangaande Jesus se opstanding.

Alhoewel die Dagbestuur van die Kuratorium hulleself nie as bevooroordeelde beskou het nie, het hulle ter wille van beweerde persepsies van Mulder se kant onttrek van die ondersoek teen hom en die Kuratorium versoek om 'n kommissie namens die Kuratorium saam te stel. As regsgeleerde op dié kommissie het oudSonopper Hans Oosthuizen,²⁰¹ wat vanaf 1978 tot 1983 in Sonop was, gedien.

Mulder is op verskeie klagtes van oneerlikheid skuldig bevind en sy toelating tot die Evangeliebediening is opgeskort totdat die Kuratorium en die Ned.Geref. Kerk van Transvaal oortuig is van sy berou oor die oneerlikheid. Hy het egter intussen as lidmaat van die Ned.Geref. Kerk bedank.

Die Universiteit van Pretoria het sy eie tugondersoek teen Mulder se optrede gedoen. Die Universiteit was van mening dat die Universiteit se naam en die integriteit van die dosente aangetas is. Hierdie ondersoek is gelei deur oudregter Buddy Swart, ook 'n oudSonopper wat vanaf 1953 tot 1956 in Sonop was. Ook die Universiteit van Pretoria het Mulder skuldig bevind aan valslike beweringe en oneerlikheid en hy is verbied om vir enige verdere graad in Teologie aan die Universiteit van Pretoria te studeer.

199 Die liberale strominge waarna hier verwys word, is spesifiek die maagdelike geboorte en liggaamlike opstanding van Christus (Human & Van der Nerwe, 2013:66).

200 Die vorige geleentheid waar 'n *Status Confessionis* teen die NGK ter sprake was, was by die vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke in 1982 in Ottawa (Du Toit e.a., 2002:79).

201 Hans Oosthuizen, sy oorlede pa Dirk (1947 – 1954) en sy seun Stefan (2011 – 2013) is een van bykans 20 ander drie-geslagte oudSonoppers in Sonop se bestaan (Sonop Argief).

Ten spyte van die tientalle uitstaande teoloë wat Sonop opgelewer het, is daar ook onder ons land se regslui oudSonopmanne met hoë aansien wat bereid is om hul regs-kennis aan te wend tot reg en geregtigheid op die kerklike front. Hiervan is Oosthuizen en Swart gewis deel!

14.16 Samevatting

Hoe wonderlik is dit nie dat die Koning van die Kerk die Ned.Geref. Kerk die afgelope dekades op die moeisame pad van vernuwing gelei het nie! Sonop kan met reg trots wees op die begaafde teoloë uit sy geledere wat in hierdie proses bruikbare werktuie was. Ook is ons dankbaar vir hulle uit Sonop wat met toewyding en Skrifgefundeerde lering by sovele universiteite en opleidinginrigtings geroepenes voorberei om vanaf die kansel te kan verkondig: *Só sê die Here*.

Wat 'n voorreg om ook van tyd tot tyd van oudSonoppers te hoor wat iewers as predikant op 'n kommissie, komitee of watter terrein ook al sy talente tot eer van die Here aanwend! Máár nooit mag ons vergeet van die groot groep predikante wat op voetsoolvlak as herders en leraars in gemeentes – van makrogemeentes tot die kleinste plattelandse gemeentes – in diens van die Koninkryk staan nie.

Daar is inderdaad tientalle rolspelers in die Ned.Geref. Kerk as vrug op die arbeid in Sonop Christelike Tehuis.

HOOFSTUK 15

SONOP QUO VADIS?

Hierdie studie met die titel *Die rol van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Sonop 1916 – 2016* kan beskou word as 'n dankbare terugblik op honderd geseënde jare waarin die Ned.Geref. Kerk (lidmate, predikante, gemeentes en sinodes) sonder voorbehoud, nie net Sonop as 'n manskoshuis aan die Universiteit van Pretoria tot stand gebring het nie, maar deur die loop van jare met opregte belangstelling en 'n besorgde gemoed ook help voortbestaan het om hierdie besondere mylpaal te bereik.

Maar alléén 'n terugblik op Sonop se honderd jaar van bestaan is egter nie genoeg nie.

Wie hierdie unieke manskoshuis, as huidige Sonopper, oudSonopper, of bloot as Sonopvriend, se belange met opregtheid op die hart dra, moet in hierdie snel veranderende tye ook vra: *Sonop Quo Vadis?*

Belangrik is dat hierdie vraag *Sonop Quo Vadis?* teen die agtergrond van die oorspronklike doel van die oprigting van Sonop gevra moet word, naamlik: *De oprigting van 'n Christelik Afrikaanse Tehuis voor studenten van het Transvaalse Universiteits Kollege* (NGK Pretoria, 02/09/1916).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar van dag een af drie ononderhandelbare vereistes vir hierdie te stigte tehuis was: (1) Christelike etos, (2) Afrikaans as spreektaal en (3) slegs studente van die destydse TUC/TUK, nou die Universiteit van Pretoria wat as inwoners toegelaat word.

In hierdie hoofstuk word daar nog 'n vierde vereiste bygevoeg, naamlik die bepaling dat *alleen Europese studente* in Sonop gehuisves mag word 'n bepaling wat, ironies genoeg, nie deur die Kerkraadsbesluit van 2 September 1916 tydens stigting

bepaal is nie, maar wel met die verkoop van Sonop aan die destydse TUC.²⁰² Dit raak dus die kwessie van transformasie.

Buiten dat 2016 vir Sonop 'n besondere jaar van Eeufeesvieringe was, was dit egter ook 'n jaar waarin daar, ná 'n lang verhouding van honderd jaar, tussen die Universiteit van Pretoria en Sonop groot spanning gekom het wat betref die Universiteit se transformasiedoelstellings – demografies, maar ook wat ander aspekte van die koshuislewe betref, soos taal, godsdiens en tradisies – en Sonop se stadige tempo in dié verband.

Buiten die demografiese samestelling van sy inwoners, wat volgens die Universiteit nie verteenwoordigend genoeg is van die land se bevolkingsamestelling nie, het ook die taalbeleid en Christelike grondslag waarop Sonop gebou is, onder die loep gekom.

In watter mate die Universiteit van Pretoria binne die Grondwet van Suid-Afrika Sonop as private instelling kan dwing om van bogenoemde afstand te doen ten einde sy geakkrediteerde status by die Universiteit te behou, is tans een van die hoofbesprekingspunte in die debat tussen die Universiteit van Pretoria en Sonop.

15.1 Christelik

Met Sonop sedert 1999 nie meer die eiendom van die Ned.Geref. Kerk nie en ook nie meer onder die direkte beheer van 'n Sonopraad wat deur die Noordelike Sinode van die Ned.Geref. Kerk aangewys word nie, ontstaan die vrees of dit nie die eerste tree was na 'n Sonop sonder sy jarelange Christelike karakter nie.

Só 'n vraag sou in die lig van die moderne gesekulariseerde wêreld en die Universiteit van Pretoria se standpunt, *Opening of meetings in prayer and Biblical reading infringes on the rights of others* (Michaels, 2016:3), ongetwyfeld geregverdig wees en vra dus na 'n duidelike antwoord aan die einde van hierdie studie.

202 Die rede vir die verkoop van die Sonopeiendom op 14 Maart 1921 word volledig in 4.2 bespreek. Dit was bloot 'n "tydelike" reëling om fondse van die Onderwysdepartement te bekom vir uitbreiding. Die kontrak het spesifiek bepaal "... in welk tehuis opgenomen en onderhouden zullen worden alleen Europese studenten van het TUC" (Koopkontrak 14/03/1921).

Van beide die Huiskomitee se kant, asook die Sonopraad is Sonop se Christelike karakter ononderhandelbaar. Die Christelike karakter van Sonop is stewig ingebed in die inleidende paragraaf van die Huisreëls:

Die Sonopraad as die verteenwoordigers van die regspersoon van Sonop is verantwoordelik vir die effektiewe bestuur van Sonop en bepaal die visie, missie en beleid waarvolgens Sonop bestuur moet word. Hierdie visie, missie en beleid is om die beste manskoshuis in Suid-Afrika te wees, en om bekostigbare en nie-diskriminerende verblyf aan manlike studente van verskillende bevolkingsgroepe te verskaf, binne 'n kultuur van Christelike waardes, akademiese uitnemendheid en deelnemende lewensoriëntasie. (Sonop Huis- en Ordereëls, April 2014:4)

Michaels beskryf die Huiskomitee se standpunt ten opsigte van Sonop se Christelike karakter soos volg: *An uncompromising stance of the House Committee is that Sonop maintains its Christian heritage* (Michaels, 2016:3).

Buiten dat beide die Sonopraad- en HK-lede almal uitgesproke is oor hulle persoonlike Christelike geloof, alle vergaderings met gebed geopen word, voor en na alle amptelike aansitetes²⁰³ gebid word én die feit dat daar ruim geleentheid gebied word vir plaaslike gemeentes van watter kerklike denominasie ook al om eredienste of groepsbyeenkomste op die terrein te hou, is die Sonopraad ook adamant dat die Christelike karakter in die statutêre dokumente sy regmatige plek kry:

15.1 Amptelike geregistreerde naam

Alhoewel daar meestal in die omgangstaal net van Sonop of Sonop Manskoshuis gepraat word, is die amptelike geregistreerde naam “Sonop Christelike Tehuis”. Bykans eenhonderd jaar na dié naam in gebruik geneem is, op 16 Mei 2013, is die naam vir die eerste keer amptelik en regtens volgens die Handelsmerkwet, 1993, geregistreer (Sonop Argief).

²⁰³ Aansitetes is 'n huishoudelike term onder die inwoners van Sonop wat daarop dui dat al die huislede soos 'n groot gesin almal gelyktydig in die eetsaal aansit – gewoonlik vir middag- en aandetes (Sonop Huisreëls, April 2014:2.2.2 & 2.2.6).

15.2 Memorandum van Ooreenkoms (MVO/MOU)

Pas nadat Sonop in 1999 aan die Bond van OudSonoppers verkoop is, is daar op 12 November 2001 'n Memorandum van Ooreenkoms²⁰⁴ (MVO) tussen die Universiteit van Pretoria en die Sonop Christelike Tehuis onderteken.

Die besondere verhouding tussen die Universiteit van Pretoria en Sonop as 'n Christelike instelling word baie duidelik in die dokument uitgespel: *Sonop Christelike Tehuis is 'n instelling wat 'n baie lang verbintenis met die Universiteit van Pretoria het, 'n verbintenis wat vir beide partye belangrik is en wat die partye graag wil uitbou en bevorder* (MVO, 12/11/2001:2)

15.3 Memorandum van Inkorporasie (MVI/MOI)

Die nuwe Maatskappywet (Nr 71, 2008)²⁰⁵ bepaal dat maatskappye se aanvanklike Akte van Oprigting en Statute voor 30 April 2013 vervang moes word met 'n enkele Memorandum van Inkorporasie en by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom, beter bekend as die Companies and Intellectual Property Commission (CIPC), geregistreer word.

Vir die Sonopraad was dit ononderhandelbaar dat die oorspronklike naam – Sonop Christelike Tehuis – waarin die Christelike etos vanaf dag een ingebed is, net so behou moet word.

15.4 Sonop-akkreditasie by die Universiteit van Pretoria

Die Universiteit van Pretoria het, wat studentebehuising betref, drie kategorieë: UP-beheerde koshuise, UP-geakkrediteerde koshuise en UP-geakkrediteerde privaat losies.

204 Hierdie MVO se doel word spesifiek beskryf: ten aansien van die inwoning van studente van die UP in Sonop Christelike Tehuis (MVO 12/11/2001:1)

205 Daar is uitstel verleen op die keurdatum van 30/04/2013 vir die registrasie van die MOI en Sonop se MOI is op 03/08/2015 geregistreer (<http://asblog.asl.co.za/2012/10/15/u-maatskappy-en-sy-akte-van-inlywing-soos-vereis-deur-die-maatskappywet-nr-71-2008/>).

Met die ondertekening van die akkreditasiedokument op 24 April 2013 is daar, net soos by al die ander ooreenkomste, duidelik uitgespel dat die koshuis Sonop Christelike Tehuis is.

15.5 Sonopvlag

Waar die woorde van Sonop se huislied *Zoem Garribaldi*²⁰⁶ hoofsaaklik op die unieke studentelewe en tradisies van Sonop fokus, vertoon Sonop se vlag²⁰⁷ as't ware die kentekens van sy geloof in God deur die uitbeelding van die neerdalende duif – een van die Christelike Kerk se bekende simbole met sy oorsprong tydens Jesus se doop, soos beskryf in Matteus 3:16.

15.6 Huisreëls

Die huisreëls spel ook die Christelike karakter van Sonop uit as dit praat van 'n *kultuur van Christelike waardes* (Sonop Huisreëls, April 2014:4).

Met bogenoemde gesê, beteken dit nie dat die Christelike karakter van Sonop sonder meer as 'n gegewe aanvaar kan word nie – veral nie in die tyd waarin ons leef, waar geestelike afvalligheid en kerkloosheid aan die toeneem is nie.

Tereg het prof Ben Marais aan die einde van sy studentebediening gesê:

Die wesenlike probleme van die studente van toe en nou is natuurlik maar dieselfde. Probleme kom in ander vorme en gedaantes na vore, die wêreld verander, maar in sy diepste bly die mens en sy behoeftes dieselfde. Die student van vandag staan nog voor Jesus soos die student van 1938. Sy oplossing lê nog alleen in Hom. Uiterlik het baie dinge verander, sonder het nuwe klere aangetrek, maar is nie minder verwoestend nie. In baie opsigte het probleme en versoekings gegroei. (Sandenbergh, 1979:25)

Die Kerk, nié meer as eienaar van Sonop nie, maar slegs as geestelike versorger van sy inwoners, moet nog steeds in die jongmanne se lewens aanvullend die rol van beide die gelowige ouerhuise en die plaaslike gemeentes vervul.

206 Die huislied *Zoem Garribaldi* is in 1976 deur oudSonopper Koos Seegers (toe 'n inwoner) geskryf; die melodie is dié van 'n ou Turkse volksliedjie (Sonop Argief).

207 Alhoewel Sonop se vlag reeds vanaf die middel 1970's in gebruik is, is dit op 23/08/2013 amptelik by die Buro vir Herhalidiek geregistreer (Sonop Argief).

In sy resensie van *Jongmense skokkend positief oor die kerk* in *Kruisgewys* van 19 Oktober 2015, beklemtoon Chris van Wyk die feit dat, ten spyte van die onverwagse positiwiteit by jongmense oor die kerk wat uit die navorsing blyk, dit nie beteken dat die kerk nou rustig agteroor kan sit nie. Nee, die kerk het sonder twyfel 'n rol binne die publieke domein te speel, wat ook die onderwys insluit. In die lig hiervan is dit vir die studentegemeentes wie se lidmate by hoëronderrysinstellings studeer, nie net 'n geweldige geleentheid nie, maar ook 'n geweldige uitdaging.

Hoe belangrik is dit nie om soos Marais destyds die veld van studentebediening te sien en te benader nie – *My strewe was nie om net die “makkes” op te bou nie, maar ook om die onverskilliges te wen* (Sandenbergh, 1979:10). Tot vandag toe is daar hierdie twee teikengroepe wat studentebediening betref.

Jaar na jaar daag daar op die UP-kampus en in Sonop eerstejaars op vir wie dit prioriteit is om so gou moontlik by die kerk in te skakel – die “makkes”, in Marais se woorde.

Hoewel in die minderheid, daag daar ook diegene op wat die gees van afvalligheid openbaar met swak of geen gemeentelike betrokkenheid, permissiwiteit en opstandigheid teenoor gesag – die “onverskilliges”, in Marais se taal.

Wat egter in dié tydgleuf van vandag veral vir Sonop belangrik is, is dat die kerk wat die geestelike versorging van sy inwoners moet behartig, baie wyer is as die Kerk van vroeër, naamlik die Ned.Geref. Gemeentes Pretoria, Pretoria-Oos en Universiteitsoord.

Soos die tendens landswyd, waar al hoe meer lidmate van die Ned.Geref. Kerk by charismatiese kerke aansluit, beleef die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord presies dieselfde. Auke Compaan²⁰⁸ praat in sy artikel selfs van 'n ervaring van hulpeloosheid, uitputting en verlamdheid onder kerke met 'n reformatoriese agtergrond teenoor die groeiende charismatiese kerke wêreldwyd.

208 Auke Compaan, in sy artikel *Onskuldige kuiertjie of verspeelde geleentheid? 'n Terugblik op die NG Kerk se Predikantekonferensie* (2005) (<http://blik.co.za>).

Dit sou dus vir die Bond van OudSonoppers en hul uitvoerende komitee, die Sonopraad, dwaas wees om vir die geestelike versorging van sy inwoners – hetsy “makkes” of “onverskilliges” in die taal van Marais, met die spreekwoordelike oogklappe aan, net op die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord te steun. Kerke soos Doxa Deo en die Christian Revival Church spits hulle toe op intensiewe studentebediening en doen waardevolle werk onder die studente.

Al kom die woord “Christelike” in die amptelike koshuisnaam voor, al word dit simbolies op die vlag uitgebeeld en al pryk dit op elke statutêre dokument, kan Sonop alleen sy Christelikheid behou as sy inwoners toegewyd hul Christenskap uitlewe.

Hier toe het die kerk in die breë ’n groot verantwoordelikheid!

15.2 Afrikaans

Sonder enige twyfel sal Sonop, wat in 2001 ’n *Memorandum van Ooreenkoms* met die Universiteit van Pretoria gesluit het en sedert 24 Maart 2013 as ’n geakrediteerde privaat koshuis erken is, die taalstryd wat tans landswyd op tersiêre vlak aan die orde van die dag is, nie vryspring nie.

Die huidige taalbeleid van Sonop is soos volg:

Afrikaans is die amptelike voertaal tydens afkondigings by etes en huisvergaderings. Soos nodig en deur die HK gereël kan dit met Engels afgewissel word. Kennisgewings wat in die tehuis opgesit word, bemarkingsmateriaal en die Huis- en Ordereëls moet in beide tale beskikbaar wees. (Sonop Huis- en Ordereëls, 1 April 2014:2.12.14)

Oor die handhawing van Afrikaans, asook die wyse waarop dit moet geskied, sal die Sonopraad eerder vroeër as later ernstig moet besin – veral gesien in die lig van die taalstryd op die kampus van die Universiteit van Pretoria, asook die toename, stadig maar seker, van Engelse inwoners in die tehuis.

Oud-UP-rektor, prof Flip Smit,²⁰⁹ verwys in sy artikel *Is dit einde van die taal?* na 2016 as *die jaar toe die grootste aanslag nog gemaak is op Afrikaans as onderrigtaal aan die historiese Afrikaanse universiteite*, met die volgende resultaat: *met die aanvang van die akademiese jaar in 2017 verdwyn Afrikaans as onderrigtaal aan die Universiteit van Pretoria, Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit van Suid-Afrika* (Rapport Weekliks, 15 Januarie 2017:4).

Smit se donker prentjie van Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria word in *Die Burger* van 28 Februarie 2017 verder geskilder as die voormalige rektor van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus, dr Theuns Eloff, vergelykende syfers gee van die aantal jare wat Afrikaans nog by verskillende Suid-Afrikaanse kampusse oor het. Hiervolgens sal Afrikaans binne die volgende twee jaar by die Universiteit van Pretoria uiffaseer.

Sonop was, en sal in die toekoms ook nie ongeneë wees om Engelssprekende studente in te neem nie. Sou Sonop daarby die advies van dr Japie Gouws²¹⁰ in *Rapport* van 12 Maart 2017 volg, sal Afrikaans nog lank op die Sonopterrein gehoor word: *By die ATKV veg ons nie vir Afrikaans nie, ons bemark Afrikaans. Dit is belangrik dat die hele land 'n positiewe persepsie van Afrikaans het. Dit is al hoe ons Afrikaans kan behou.*

Deur die loop van Sonop se eerste honderd jaar (1916 – 2016) was daar van tyd tot tyd Engelssprekende inwoners. Nooit was daar egter enige druk van die klein minderheidsgroep om weg te doen met Afrikaans as medium nie.

Twee Engelssprekende oudSonoppers het hulle jare in Sonop soos volg beskryf:

Sam Olsen was vanaf 1970 tot 1975 in Sonop. Alhoewel sy Afrikaanse onderwyser aan die Evelyn Baring High School in Swaziland, mnr Barish,²¹¹ hom aanbeveel het om Sonop toe te gaan, sê Olsen dat sy behoefte aan 'n Christelike milieu vir hom die grootste behoefte was: *Sonop suited this wish for a good Christian based*

209 Prof Flip Smit was rektor van die UP vanaf 1992 tot 1996. Hy is tans 'n vryskut navorser oor demografie en hoër onderwys (Rapport Weekliks, 15 Januarie 2016:4).

210 Dr Japie Gouws het op 31 Mei 2017 die tuig na 8 jaar as die Besturende Direkteur van die ATKV neergelê (Rapport 12/03/2017:11).

211 H Barish was self 'n oudSonopper in die 1950's (BOS Databasis).

environment (Persoonlike vraelys, Januarie 2017). Oor die wyse waarop die Sonoppers hom reeds in daardie tyd as 'n student met 'n hoofsaaklik Engelse agtergrond aanvaar het, is hy baie positief: *I felt accepted and respected right from the start by virtually all the students* (Persoonlike vraelys, Januarie 2017).

Craig Bornheim was meer onlangs in Sonop – vanaf 2013 tot 2016. Die rede waarom hy Sonop sy tuiste gemaak het, was omdat hy dit as 'n groeiproses gesien het: *I believe that diversifying and understanding different cultures would help me to grow as person* (Persoonlike vraelys, Januarie 2017). Ook hy het, net soos Olsen, die Afrikaanssprekendes akkommoderend teenoor hom ervaar en kon hy met vrymoedigheid vra, sou hy iets nie verstaan nie. Verder het hy dit ook as 'n geleentheid gesien vir die Afrikaanssprekendes om hul Engels te verbeter: *They actually mainly spoke to me in English as much as they could to improve their use of the universal language and I believed I helped in this regard* (Persoonlike vraelys, Januarie 2017).

Uit bogenoemde vraelyste is daar twee belangrike aspekte wat vir die toekomstige taalbeleid belangrik is:

- Die akkommoderende gesindheid van die hoofsaaklik Afrikaanssprekende inwoners teenoor die minderheid Engelssprekende inwoners is baie positief.
- Die leerskoolgedagte van Bornheim is verblydend. Nie alleen het hy Sonop gesien as 'n leerskool vir hom waar hy, as gevolg van diversiteit ten opsigte van kultuurgroepe, as individu kon groei nie, maar ook kon hy die Afrikaanssprekendes tot hulp wees om hul Engels te verbeter.

Die groei in Engelstalige inwoners is hoofsaaklik toe te skryf aan die transformasieproses wat die koshuis se demografiese samestelling betref. Tot so onlangs as 2015 was die bemerking van studente uit die voorheen benadeelde gemeenskappe, waar sodanige transformasie-leerders uit eie keuse reeds in hul skooldae daaglik blootstelling aan Afrikaans kry. Skrywes is aan tientalle Afrikaanse hoërskole gestuur met die volgende pleidooi:

Alhoewel ons opgewonde en dankbaar is vir elke aansoek, het ons jaarliks as deel van ons transformasieproses ook 'n besondere behoefte aan eerstejaar mansstudente uit voorheen benadeelde gemeenskappe. Daar

is so baie van hulle wat oor wonderlike talente en uitstekende vermoëns beskik, maar nooit geleentheid kry om dit te ontwikkel nie. (Skrywe Koshuishoof, 20/03/2012)

Hierdie mark is egter te klein en Sonop is genoodsaak om wyer as net die tradisionele enkelmedium Afrikaanse skole te bemark. Hierdie wyer bemerking lewer goeie kandidate op wat aan Sonop se streng keuringskriteria voldoen, maar wie se moedertaal en voorkeurtaal Engels is.

Besware teen die oorwegende gebruik van Afrikaans in Sonop het reeds onder skerp kritiek deurgeloopt:

In haar verslag, *University of Pretoria Residence Affairs and Accommodation Sonop*, gedateer 15 November 2016, spreek Wynoma Michaels haar op twee terreine binne Sonop sterk uit: eerstens noem sy dat al Sonop se tradisies Afrikaanse name dra en, tweedens, dat die taal wat in die gemeenskaplike ruimtes en amptelike aktiwiteite gebruik word, met die oog op transformasie moet verengels (Michaels, 2016:4).

'n Engelstalige student wat vanaf 2012 tot 2016 in Sonop was en selfs twee termynne op die Huiskomitee gedien het, Kemsley Rajoo, het aan die einde van sy koshuisloopbaan met 'n skerpbeoorde verslag die gebruik van Afrikaans in Sonop as amptelike taal gekritiseer. Die eerste van sy ses aanbevelings aan die einde van die verslag is dan ook dat Sonop, met onmiddellike effek, sy taalbeleid verander en dat Engels op alle vlakke die medium van kommunikasie moet wees (Rajoo, 2016:7,8).

Flip Buys van Solidariteit het op 22 Januarie 2015 'n lesing gelewer met die tema *Een-en-twintig taalwetmatighede en die toekoms van Afrikaans*, waarin hy enkele gesaghebbendes op die gebied van taalverskuiwing aanhaal (<http://www.standpunte.co.za/een-en-twintig-taalwetmatighede-en-die-toekoms-van-afrikaans/>). Dit sal waardevol wees om in hierdie tyd van onsekerheid en beplanning vorentoe, wat Sonop se taalbeleid betref, na van hierdie taalmatighede te kyk. Die volgende vier toepaslike taalmatighede waarop spesifiek gelet sal moet word, word uitgelig:

15.2.1 Tweetalig word eentalig

Die Franssprekende politieke wetenskaplike Jean Laponce,²¹² waarsku dat 'n tweetalige universiteit of skool bloot die skyn van tweetaligheid skep. Tweetaligheid in 'n opvoedkundige instelling is in praktyk 'n oorgangsproses na taalinlywing en uiteindelik na eentaligheid in die wêreldtaal.

15.2.2 Taalverskuiwing na 'n wêreldtaal bedreig kleiner tale

Buyts verwys verder na die bekende antropoloog, prof Jared Diamond²¹³ van Amerika, wat waarsku dat taalverskuiwing binne twee geslagte kan plaasvind. Diamond beskryf die verskuiwingsproses van 'n taal dat die minderheid jongmense bewustelik poog om tweetalig te word en die taal van die meerderheid aan te leer. Hierdie tweetalige jongmense se kinders het dan die geneigdheid om eentalig te word en wel in die taal van die meerderheid.

15.2.3 Groepsregte is 'n voorwaarde vir taaloorlewing

Buyts wys daarop dat, alhoewel die beskerming van groepsregte in Suid-Afrika omstrede mag wees, dit internasionaal wyd gesien word as 'n voorwaarde vir die gelyke genieting van die individuele regte van 'n kleiner taalgemeenskap. 'n Taal het vir sy oorlewing die volledige spektrum van regte van taalgroepe nodig.

15.2.4 Taalwil en taalhandhawing is toekomsbepalend

Die belangrikste voorwaarde vir taalhandhawing is die wil van 'n taal se sprekers om die taal te handhaaf. Bewusmaking van taalbedreiging en bereidheid om hul taal in die vorm van taalgetrouheid en doelbewuste toewyding aan taalbevordering te handhaaf, is dus van groot belang.

Uit bogenoemde taalmatigheede is dit baie duidelik dat Afrikaans in 'n oorlewingstryd gewikkel is. Nasionaal in ons land, maar ook op mikrogebied in Sonop wie se

212 Jean Laponce (1925 – 2016) was o.a. president van die Internasionale Politieke Wetenskap Alliansie en het wyd navorsing gedoen op die gebied van *Politiek en Taal* (<https://www.ipsa.org/news/news/jean-laponce-memorial-1925-2016>).

213 Jared Diamond is 'n dosent by die Universiteit van Kalifornië in Geografie nadat hy aanvanklik in Psigologie gekwalifiseer het (https://www.ted.com/talks/jared_diamond_on_why_societies_collapse)

inwoners aan 'n voortaan Engelse universiteit gaan studeer en self ook meer en meer Engelstaliges gaan huisves. Juis daarom is taalgroepregte so belangrik, tesame met die wil van die Afrikaanssprekende inwoners om hul taal te handhaaf.

15.3 Slegs studente van die Universiteit van Pretoria

Net soos die Christelike karakter in Sonop se statutêre dokumente ingeskryf is, so is dit ook met die vereiste van dag een af dat slegs studente van die Universiteit van Pretoria by Sonop mag inwoon.

15.3.1 Stigtingsvergadering en Koopooorekoms 1921

Nie net is daar met die stigting van Sonop op 2 September 1916 uitdruklik bepaal dat Sonop 'n *Tehuis voor studenten van het Transvaalse Universiteits Kollege* sal wees nie (NGK Pretoria, 2 September 1916), maar dit is ook in die kooptransaksies op 14 Maart 1921, toe die tehuis aan die Transvaal University College verkoop is, as een van die drie ononderhandelbare vereistes neergelê:

Het eigendom hierby verkocht zal uitsluitelik gebruikt worden als een Kollege Tehuis, en voor doeleinden daarmee verbonden; in welk Tehuis opgenomen en onderhouden zullen worden alleen Europese studenten van het T.U.K zynde personen van goed gedrag alleen, afgezien van nationaliteit of geloof.

Nooit deur al die jare is daar afstand gedoen van hierdie vereiste nie en is dit in elke statutêre dokument van Sonop te vind:

15.3.2 Akte van Transport

Die oordrag van Sonop vanaf die Ned.Geref. Kerk van Transvaal aan die Sonop Christelike Tehuis Maatskappy in 1999 bepaal uitdruklik: *Die eiendom hiermee getransporteer met die geboue daarop sal uitsluitlik gebruik word vir studente van die Universiteit van Pretoria, welke voorwaarde ten gunste is van en afdwingbaar sal wees deur die Universiteit van Pretoria* (Akte van Transport, 17/02/1999).

15.3.3 Memorandum van Ooreenkoms (MVO/MOI)

Die Memorandum van Ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en die Sonop Christelike Tehuis lui duidelik: *Ten aansien van die inwoning van studente van die Universiteit van Pretoria in Sonop Christelike Tehuis* (MVO, 12/11/2001).

15.3.4 Memorandum van Inkorporasie

Die MOI, wat die vroeëre Akte van Oprigting vervang, bepaal eweneens die uitsluitlike inwoning van UP-studente:

The object of the Company is to own assests, which are made available for the exclusive use by Sonop Christelike Tehuis in operating its primary business of providing board and lodging to students of the University of Pretoria, an institute of higher education established and constituted in terms of the Higher Education Act and a Public Benefit Organisaation. (MVI, 03/08/2015)

15.3.5 Sonop-akkreditasie by die Universiteit van Pretoria

The University currently cannot offer all the applicants University accommodation due to over demand for accommodation. To assist students who are admitted to / registered at the University, it has been decided to accredit qualifying private accommodation to create increase accommodation possibilities. (Agreement for Accreditation, 2013)

15.4 Transformasie – spesifieke verwysing oor kultuurgrense heen

Alhoewel die Ned.Geref. Kerk reeds in 1986, tydens die Algemene Sinode in Pretoria onder moderatorskap van wyle prof Johan Heyns, die verslag oor *Kerk en Samelewing* aanvaar het en daarmee ondubbelsinnig afskeid van apartheid geneem het, sou dit bykans vyftien jaar neem voordat die *fris wind*,²¹⁴ waarna Meiring verwys, deur Sonop sou waai.

Vanaf die middel negentigerjare was daar pogings om die stadige transformasieproses in Sonop 'n hupstoot te gee. In 'n uitgebreide verslag van agt bladsye – *Verslag rakende die kwessie van inneming en inwoning van ander kultuurgroepe in Sonop* (1995) – spel die Sonopkommissie sy begeerte uit om

²¹⁴ Prof PGJ Meiring verwys na die 1986 Algemene Sinode met die afskeid van apartheid as 'n fris wind wat deur die Kerk gewaai het (*Skriflig en Kerk*, Jrg 15(1) 1994:180).

hiermee suksesvol te wees: *Sonop moet nie gesien word as 'n separatistiese of onverdraagsame koshuis nie. Dit moet ook nie gesien word as 'n instelling wat weerstand wil bied teen verandering nie. Sonop moet eerder gesien word as ten gunste van verandering.* Dié transformasieproses het egter nie soos beplan van die grond af gekom nie.

Tydens die Sonopraadsvergadering van 19 Februarie 1998 deel die UP-vertegenwoordiger op die Sonopraad, dr WR Hoods, die vergadering mee dat daar by die Universiteit die persepsie bestaan dat daar by Sonop nie vinnig genoeg beweeg word met die vestiging van studente uit ander kultuurgroepe nie.

In September 1999 kom Sonop weer onder die loep toe die SAHRC 'n spesiale verslag oor transformasie by die Universiteit van Pretoria uitbring (SAHRC Report, September 1999). In die afdeling *Racial conflict at the residences* word daar spesifiek op Sonop gefokus en word Sonop beskryf as *a residence privately run by the Dutch Reformed Church*. Sonop word dan ook met die aanvegbare stelling uitgesonder as *the place where racial incidents associated with inisiation and racism generally were rife*.

Die Bond van OudSonoppers, wat pas die eienaars van Sonop geword het, kon hierdie aanvegbare stelling nie daarlaat nie. In 'n sterk bewoorde skrywe teken die voorsitter, prof Willem Boshoff, namens die Bond van OudSonoppers ten sterkste beswaar aan teen die wanvoorstelling van Sonop in die verslag en wys die kommissie daarop dat Sonop die teiken en slagoffer is van verkeerde inligting en kwaadwillige verklarings en afleidings. Verder verseker hy die kommissie van die Bond van OudSonoppers se afwysende gesindheid jeens rassisme: *The Bond of OudSonoppers (a body organized to represent former residents who wish to keep contact with Sonop) wish to distance themselves from any racism and racist activities at any level in society* (McInnes, 2003:49).

Die Bond van OudSonoppers en die Sonopraad het besef dat daar meer erns met die transformasie binne Sonop gedoen moet word en die druk van die Universiteit het ook al groter geword. OudSonopraadsvoorsitter Hannes de Beer noem dat van

hulle beswaar teen Sonop sy oorwegend Afrikaanse en Ned. Geref. Kerk kultuur is (Persoonlike vraelys, Januarie 2017).

Die uitvloeisel hiervan was die projek *Blou-Krokodil in die vroeë 2000's* – 'n transformasieprojek gelei deur drie oudSonoppers, naamlik Drikus Kriek, Callie Roos en Johan Kritzinger. Die projek het vir twee of drie jaar vrugte afgewerp, maar ongelukkig weens 'n gebrek aan kontinuïteit sy effek verloor.

Verskeie Sonoprade en Huiskomitees het daarna deur die jare met gemengde sukses daadwerklik gepoog om Sonop se missie van *bekostigbare en nie-diskriminerende verblyf aan manlike studente binne 'n kultuur van Christelike waardes*, soos reeds hierbo genoem, tot uitvoer te bring. Met die verpolitisering van die Verteenwoordigende Studenterrade op die kampusse, plus die landswyse betrokkenheid van politieke partye by interne studentesake, het die druk vir versnelde en vergrote transformasie al groter geword en, wat Sonop betref, in sy Eeufeesjaar tot skorsing uit sekere studente-aktiwiteite gelei.

Michaels is in haar genoemde verslag baie negatief oor Sonop se transformasie: *Although Sonop understands the need to diversity and therefore recruits students that are diverse, they are adamant that these students need to fit the "Sonop mould"* (Michaels, 2016:5).

Dié hernieude druk op Sonop wat sy Christelike karakter, sy Afrikaanse taal en sy gebrekkig demografiese transformasie betref, het egter die tafel gedek vir intense gesprekke en onderhandelinge in 2017.

Vir hierdie onderhandelinge het die Sonopraad 'n Kommissie vir Transformasie en Reformasie²¹⁵ benoem, wat op hoogste vlak met die Universiteit van Pretoria skakel. OudSonopper Otto Diedericks, voormalige HK-voorsitter (1995) en huidig ondervoorsitter van die Sonopraad, tree as voorsitter op en oudSonopper Callie Roos as fasiliteerder.

215 A.g.v. die UP se taalbeleid dat Engels die amptelike voertaal is, en die kommissie hoofsaaklik met die UP skakel, staan hierdie kommissie bekend as die Commission for Transformation and Reformation (CTR) (Sonopraadsnotule, 28/02/2017).

Van bogenoemde vier aspekte – (i) die Christelike karakter van Sonop, (ii) Afrikaans as hoofstroomtaal, (iii) slegs UP-studente as inwoners en (iv) die persentasie demografiese transformasie – is die inwoning van alleenlik UP-studente in Sonop die enigste aspek waaroor daar tans eenstemmigheid tussen Sonop en die Universiteit van Pretoria is. Die ander drie sal om die onderhandelingsstafel beding moet word, waaronder die Christelike karakter ononderhandelbaar is.

Met die afhandeling van hierdie studie is die onderhandelinge nog aan die gang. Die uitkoms teen einde 2017 sal dan die toekoms van Sonop bepaal – óf nog deel van die Universiteit van Pretoria se georganiseerde studentelewe, óf na honderd jaar nie meer nie.

SLOT

Die antwoord op die vraag *Sonop Quo Vadis?* is aan die begin van Sonop se tweede eeu van bestaan nog nie finaal geformuleer nie. Voor dit kan gebeur, lê daar nog 'n aantal gesprekke om die UP-Sonop-onderhandelingstafel voor.

Gerusstellend is die feit dat dieselfde liefde, ywer en entoesiasme vir Sonop in die harte van sy 2017-verteenwoordigers om die onderhandelingstafel klop, as by hulle wat op 2 September 1916 hul ja-stem gegee het vir die oprig van die tehuis. Daarby is hierdie manne gelowiges wat ernstig die wil van die Here ook in hierdie saak soek.

Daarby word die verteenwoordigers gerugsteun deur die *Grondwet van Suid-Afrika*²¹⁶ se Artikel 31, wat bepaal:

1. Persone wat aan 'n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, mag nie die reg ontsê word om, saam met ander lede van daardie gemeenskap –
 - a. hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hulle taal te gebruik nie; en
 - b. kultuur-, godsdiens- en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit nie.
2. Die regte in subartikel (1) mag nie uitgeoefen word op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.

Met die Sonopverteenwoordigers se liefde, ywer, entoesiasme en ernstige soeke na die wil van die Here om die onderhandelingstafel, asóók hulle erkenning van die Grondwet van Suid-Afrika as lojale Suid-Afrikaners, sal die vraag *Sonop Quo Vadis?* in die afsienbare tyd beantwoord word.

Met hierdie studie – *Die rol van die NGK in Sonop van 1916 tot 2016* – is die hartewens van dr Beyers Naudé in die Sonop 40 Gedenkblad, naamlik dat die Kerk en Sonop se geskiedenis in sy volle omvang weergegee moet word, nou vervul,

216 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika is op 8 Maart 1996 aangeneem en op 11 Oktober 1996 gewysig deur die Grondwetlike Vergadering.

weliswaar nie tydens Sonop se vyftigste bestaansjaar, soos hy dit graag wou sien gebeur nie, maar pas na die Sonop Eeufees!

En al staan Sonop aan die begin van sy tweede eeu voor groot uitdagings, sal die inleidende woorde van Naudé se artikel in die Sonop 40 Gedenkblad altyd waar bly:

Die geskiedenis van Sonop is die geskiedenis van 'n geloofsmonument van die Ned.Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika. Dit is die enigste gevolgtrekking waartoe 'n onbevooroordeelde²¹⁷ waarnemer kan kom by die ondersoek van die ontstaan en groei van hierdie inrigting wat so 'n belangrike plek ingeneem het in die lewe en arbeid van die Universiteit van Pretoria. (Sonop 40 Gedenkblad:31)

Daarvoor sal die troue en voorsienige Verbondsgod sorg: *U trou is van geslag tot geslag* (Psalm 119:90).

AAN GOD AL DIE EER!

²¹⁷ Dr Beyers Naude het sy teologiese opleiding aan die Kweekskool op Stellenbosch ontvang en was nie self as student in Sonop nie. Sy liefde vir en lojaliteit teenoor Sonop het ontstaan toe hy vanaf 1949 tot 1954 studenteleraar van die Ned.Geref. Kerk Pretoria-Oos was (NGK Pretoria-Oos 50 Gedenkblad:41).

LITERATUURLYS

BOEKE, VERHANDELINGE EN ENSIKLOPIDIEË

- Beyers, CJ
1981. *Dictionary of South African Biography, Volume IV*, Durban: Interprint.
- Bosch, DJ
1979. *Heil vir die Wêreld*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Boshoff, CWH
2012. *Dis nou ek – 'n Outobiografie*. Pretoria: LAPA
- Bosman, HS
1923. *Een terugblik op kerklijke en godsdienstige toestanden in de Transvaal*. Kaapstad: Van de Sandt de Villiers Drukkers.
- Botes, DH
2012. *Die NG Kerk as profeet teenoor die Suid-Afrikaanse regering (1962 – 2002): 'n Kerk-historiese perspektief*. Bloemfontein: Ongepubliseerde DD-proefskrif.
- Cilliers, F
2010. *'n Historiese oorsig oor die studentebediening deur die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord van 1960 – 2010*. Pretoria: Ongepubliseerde MDiv-verhandeling.
- De Kock, WJ
1968. *Dictionary of South African Biography, Volume I*. Nasionale Boekhandel.
- De Kock, WJ & Kruger, DW
1972. *Dictionary of South African Biography, Volume II*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers
- Du Toit, PJ, Hofmeyr JW, Strauss, PJ & Van der Merwe, JM
2002. *Moeisame pad na versoening*. Bloemfontein: CLF-Drukkers.
- Engelbrecht, SP (Redakteur)
1955. *Pretoria (1855 – 1955)*. Pretoria: Wallachs' P. & P. Co. Ltd.
- Grobler, J
2007. *Uitdaging en Antwoord – 'n Vars perspektief op die evolusie van die Afrikaners*. Pretoria: Grourie.
- Human, DJ & Van der Merwe, JM
2013. *Die Ned.Geref. Kerk en Teologiese Opleiding aan UP: 1938-2013*.

Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Jonker, WD

1998. *Selfs die Kerk kan verander*. Kaapstad: Tafelberg.

McInnes, G

2003. *Die bydrae en betrokkenheid van die Bond van Oud-Sonoppers 1970 – 1999*. Pretoria. Ongepubliseerde BA Honneurs (Gesiedenis en Kultuurgeskiedenis)-skripsie.

Nel, M

1998. *Jeugbediening – 'n Inklusiewe gemeentelike benadering*. Pretoria: RGN.

Nicol, WM

1958. *Met toga en troffel – die lewe van 'n Stadspredikant*. Kaapstad: NG Kerkuitgewers.

Odendal, FF & Gouws, RH

2005. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Pearson Education South Africa.

Pelzer, ANP

Ad Destinatum – Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria 1910 – 1960. 1960. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Potgieter, DJ, Du Plessis, PC & Hiemstra, LW

1970. *Standard Encyclopedia of Southern Africa Volume 1*. Kaapstad: Nasou.

Safra, JE (Chairman) & Aguilar-Cauz, J (President)

2015. *The New Encyclopedia Britannica – 15 Edition. Vol 7*. Chicago. Encyclopedia Britannica, Inc.

Sandenbergh, JS

1979. *Barend Jacobus Marais – Student en Studenteleraar*. Ongepubliseerde BD-skripsie. Universiteit van Pretoria.

Smit, PF & Kritzinger, C

2002. *PEN-sketse – 'n Feesbundel oor PEN se betrokkenheid in die middestad van Pretoria*. Pretoria. ISWEN.

Smit, PF

2004. *Die viering van God se genade – Verhale van 'n kerk, 'n gebou en nuwe gemeenskappe*. Pretoria. ISWEN.

Spies, FJ du T & Heydenrych

1987. *Ad Destinatum 2, 1960 – 1982*

Spies, JJ & Du Plessis, PC

1973. *Standard Encyclopedia of Southern Africa Volume VIII*. Kaapstad: Nasou.

- Strydom, BL
2013. *Broad South Africanism and higher education: The Transvaal University College (1908 – 1919)*. Pretoria: Ongepubliseerde PhD-proefskrif.
- Strydom, BL
2014. *War, education and identity: Discord at the Transvaal University College (1914 – 1919)* Historia vol. 59 no.2 Durban Nov. 2014
- Swanepoel, A & Swanpoel, E
2009. *Dear Baby tear up when read (AC Vlok)*. Pretoria.
- Van der Watt, PB
1980. *Die Nederduitse Gereformeerde kerk 1824 – 1905*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Van der Watt, PB
1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Van der Watt, PB
2003. *Rectores Magnifici*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Viljoen, DJ
Ongedateer. *Truspieël – 'n Outobiografie*.
- Vosloo, R
2011. *The Dutch Reform Church and the poor white problem in the wake of the first Carnegie Report (1932): Some church-historical and theological observations*. Studia Historiae Ecclesiasticae, September 2011.
- Vosloo, R, Hansen, N & Coetzee, M
2013. *Vreesloos gehoorsaam – 'n Keur uit Beyers Naude se preke 1939 – 1997*. Stellenbosch: Sun Media.

NOTULES

NG Gemeente Pretoria

03/06/1916 Notule van Kerkraadsvergadering
02/09/1916 Notule van Kerkraadsvergadering
14/10/1916 Notule van Kerkraadsvergadering
04/11/1916 Notule van Kerkraadsvergadering
03/02/1917 Notule van Kerkraadsvergadering
10/05/1919 Notule van Kerkraadsvergadering
22/09/1919 Notule van Kerkraadsvergadering
13/10/1919 Notule van Kerkraadsvergadering
12/12/1919 Notule van Kerkraadsvergadering
03/09/1920 Notule van Kerkraadsvergadering

NG Gemeente Pretoria-Oos

28/04/1920 Notule van Stigtingsvergadering
10/05/1920 Notule van Kerkraadsvergadering
25/05/1920 Notule van Kerkraadsvergadering
14/09/1920 Notule van Kerkraadsvergadering
20/01/1921 Notule van Kerkraadsvergadering
17/02/1921 Notule van Kerkraadsvergadering
03/09/1921 Notule van Kerkraadsvergadering
07/04/1921 Notule van Kerkraadsvergadering
06/04/1922 Notule van Kerkraadsvergadering
22/09/1922 Notule Spesiale Kerkraadsvergadering
05/10/1922 Notule van Kerkraadsvergadering
03/07/1924 Notule van Kerkraadsvergadering
02/07/1925 Notule van Kerkraadsvergadering
05/08/1926 Notule van Kerkraadsvergadering
12/02/1929 Notule van Kerkraadsvergadering
09/01/1930 Notule van Kerkraadsvergadering
19/10/1933 Notule van Kerkraadsvergadering

13/08/1934 Notule van Kerkraadsvergadering
13/09/1934 Notule van Kerkraadsvergadering
16/03/1935 Notule van Kerkraadsvergadering
17/05/1935 Notule van Kerkraadsvergadering
15/06/1935 Notule van Kerkraadsvergadering
14/11/1935 Notule van Kerkraadsvergadering
11/12/1935 Notule van Kerkraadsvergadering
03/03/1936 Notule van Kerkraadsvergadering
19/11/1937 Notule van Kerkraadsvergadering
09/03/1939 Notule van Kerkraadsvergadering
16/05/1940 Notule van Kerkraadsvergadering
13/12/1948 Notule van Kerkraadsvergadering
09/02/1950 Notule van Kerkraadsvergadering
02/11/1959 Notule van Kerkraadsvergadering

NG Gemeente Universiteitsoord

29/07/1960 Notule van Stigtingsvergadering
08/08/1960 Notule van Kerkraadsvergadering
21/11/1960 Notule van Kerkraadsvergadering
16/05/1966 Notule van Kerkraadsvergadering
21/04/1969 Notule van Kerkraadsvergadering
18/01/1971 Notule van Kerkraadsvergadering

Sonop

02/06/1920 Notule van Sonop Huisvergadering
15/03/1921 Notule van Sonop Huiskomitee
19/10/1922 Notule van Sonop Huisvergadering
08/06/1937 Notule van Sonop Huisvergadering
15/03/1938 Notule van Sonop Huisvergadering
15/03/1939 Notule van Sonop Huisvergadering
22/09/1947 Notule van Sonop Huisvergadering (Voorsittersverslag)
06/09/1948 Notule van Sonopraadsvergadering (Voorsittersverslag)
15/09/1949 Notule van Sonopraadsvergadering (Voorsittersverslag)

Sonopraad en Bond van OudSonoppers

16/06/1960	Notule van Sonopraadsvergadering
27/09/1968	Notule van Sonopraadsvergadering
24/09/1971	Notule van Sonopraadsvergadering
23/01/1998	Notule – gesprek Sonopraad/BOS
19/02/1998	Notule van Sonopraadsvergadering
28/05/1998	Notule van Sonopraadsvergadering
19/11/1999	Notule van Sonopraadsvergadering

Universiteit

27/11/1934	Notule van Universiteitsraad
11/02/1936	Notule van Universiteitsraad
18/11/1937	Notule van Universiteitsraad
28/05/1946	Notule van Universiteitsraad
26/08/1948	Notule van Universiteitsraad
22/04/1974	Notule van Universiteitsraad

Sinodes

1916	NGK Transvaal – Handeling van Sinode
1919	NH of GK – Handeling van 12de Sinode
1937	NH of GK – Handeling van 18de Sinode
1940	NH of GK – Handeling van 19de Sinode
1944	NH of GK – Handeling van 20ste Sinode
1994	NGK – Handeling van die Algemene Sinode

NG Kerk Noord-Transvaal

1963	NGK N.Tvl. – Handeling van Sinode
1972	NGK N.Tvl. – Handeling van Sinode
1979	NGK N.Tvl. – Handeling van Sinode

SKRYWES

NG Gemeente Pretoria

05/07/1920 Skrywe aan NGK Pretoria-Oos

NG Gemeente Pretoria – Oos

28/05/1920 Skrywe van Kerkraad aan NGK Pretoria
02/04/1924 Skrywe van TUC aan Kerkraad
18/10/1928 Skrywe van De Villiers aan Kerkraad
24/09/1929 Skrywe van Kerkraad aan WP de Villiers
27/09/1929 Skrywe van WP de Villiers aan Kerkraad
09/10/1929 Skrywe van Rektor aan Kerkraad
23/10/1929 Skrywe van Kerkraad aan TUC
11/11/1929 Skrywe van Kerkraad
22/11/1929 Skrywe van Kerkraad aan WP de Villiers
04/12/1929 Skrywe van Kerkraad aan TUC
04/12/1929 Skrywe van TUC aan Kerkraad
06/12/1929 Skrywe van Kerkraad aan TUC
14/12/1929 Skrywe van TUC aan Kerkraad
27/01/1930 Skrywe van Kerkraad aan TUC
23/09/1933 Skrywe van Kerkraad aan Sonopbestuur
12/10/1933 Skrywe van Sonopbestuur aan Kerkraad
21/10/1933 Skrywe van Kerkraad aan Sonopbestuur
19/04/1934 Skrywe van Sinode aan Kerkraad
13/08/1934 Skrywe van Kerkraad aan Sonopbestuur
09/11/1934 Skrywe van Kerkraad aan Sonopbestuur
15/11/1934 Skrywe van Sonopbestuur aan Kerkraad
23/11/1934 Skrywe van Kerkraad aan Sonopbestuur
24/04/1935 Skrywe van UP aan Kerkraad
25/05/1935 Skrywe van UP aan Kerkraad
15/06/1935 Skrywe van Sonopbestuur aan Kerkraad
29/10/1935 Skrywe van UP aan die Kerkraad
01/11/1935 Skrywe van De Villiers aan Kerkraad

04/11/1935 Skrywe van Sinodale Kommissie aan Kerkraad
06/11/1935 Skrywe van UP aan Kerkraad
15/11/1935 Skrywe van Kerkraad aan De Villiers
12/12/1935 Skrywe van Kerkraad aan UP
13/12/1935 Skrywe van UP aan Kerkraad
14/12/1935 Skrywe van Kerkraad aan UP
27/01/1936 Skrywe van Kerkraad aan UP
30/01/1936 Skrywe van UP aan Kerkraad
12/02/1936 Skrywe van UP aan Kerkraad
21/03/1936 Skrywe van Hofmeyr aan Kerkraad
15/06/1936 Skrywe van Kerkraad aan UP

Sinode

19/04/1934 Skrywe van Ned.Geref. Kerk Sinodale Kommissie

Sonop

19/10/1933 Skrywe van Sonopbestuur
20/06/1934 Skrywe van Sonopbestuur
12/10/1934 Skrywe van studente aan Kerkraad van NGK Pretoria-Oos
15/11/1934 Skrywe van Sonopbestuur
25/03/1935 Skrywe van OudSonoppers Studenteliggaam
01/05/1939 Skrywe van Sonopbestuur aan Vlok
30/05/1947 Skrywe van WJG Lubbe aan Sonopbestuur
30/05/1947 Skrywe van AJ Smuts en JE Grobler aan Sonopbestuur
16/11/1951 Skrywe van HK aan mnr Sydney Martin
12/02/1959 Skrywe van oudHuisvoorsitters aan Sonopraad

Universiteit

02/04/1924 Skrywe van Senaat
09/10/1929 Skrywe van Rektor
04/12/1929 Skrywe van Kollegeraad
14/12/1929 Skrywe van Kollegeraad
27/11/1934 Skrywe van Universiteitsraad
29/10/1935 Skrywe van Universiteitsraad

25/03/1935 Skrywe van PS de Vos namens oudinwoners aan UP
22/06/1935 Skrywe van prokureurs aan UP
08/07/1935 Skrywe van Buitemuurse Studenteraad aan UP
11/09/1935 Skrywe van De Villiers aan UP
11/07/1935 Skrywe van UP aan Minister van Onderwys
27/07/1935 Skrywe van Minister aan UP
25/10/1935 Skrywe van Minister aan UP
27/11/1935 Skrywe van Minister aan UP
12/12/1935 Skrywe aan UP
26/05/1936 Skrywe van Sinodale Kommissie aan UP
23/05/1947 Skrywe van dr EM Hamman
10 /01/1974 Skrywe van Sonopraad aan UP

FEESBLAAIE

Sonop 40 Gedenkblad 1916 – 1956

Sonop 50 Gedenkblad 1916 – 1966

Sonop 60 Gedenkblad 1916 – 1976

Sonop 70 Gedenkblad 1916 – 1986

Sonop 80 Gedenkblad 1916 – 1996

Sonop 95 Gedenkblad 1916 – 2011

Sonop Eeufeesboek 1916 – 2016

NGK Pretoria-Oos Gedenkboek 1920 – 1970

DOKUMENTE

Agreement for accreditation of Sonop Residence (24 April 2013)
Akte van Transport: NG Kerk – Sonop Christelike Tehuis (17 Februarie 1999)
Beswaar teen Joolblad (1956)
Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (11 Oktober 1996)
Eeufesboodskap: NGK Pretoria (16 September 2016)
Eeufesboodskap: NGK Pretoria-Oos (16 September 2016)
Eeufesboodskap: NGK Universiteitsoord (16 September 2016)
Eeufesdankdiens: Preek (25 September 2016)
Eeufesdinee: Tafelgebed (24 September 2016)
Getuigskrif: ID Bosman vir JJ Geldenhuys (29 Junie 1944)
FW de Klerk-stigting: Goodwill Award to Studietrust (16 Desember 2013)
Historiese Perspektiewe – NHKA Teologiese Opleiding (1994)
Klagte teen Sonop Joernaalvoorlesing plus antwoord van Huiskomitee (1939)
Koopakte: NGK Pretoria-Oos en Transvaal University College (14 Maart 1921)
Memorandum of Incorporation – CIPC (3 Augustus 2015)
Memorandum van Ooreenkoms: Sonop – UP (12 November 2001)
Persverslag: Kerk mag hom (Sydney Martin) nie vergeet nie (31 Julie 1963)
Program: Sonop Studentekonsert (23 Maart 1980)
Rapport van Kommissie oor die “Sonop Kristelike Tehuis vir Studente (1928)
Rapport van Spesiale Kommissie (22/11/1928)
Reglement van die Bond van OudSonoppers (1 September 2012)
SAHRC Report: Transformation – Public Universities in SA (9 Desember 2016)
Sonop Huis- en Ordereëls, (11 April 2014)
Sonop Selfhelpskema by Louis Botha Kinderhuis (1994/1995)
Stamregister – Andrew Murray (2012)
The Last Relic of Apartheid (5 Desember 2016)
Transformation Report: UP – Sonop (15 November 2016)
UP Residence Affairs and Accommodation – Sonop (15 November 2016)
Verklaring: Kommissie van ondersoek insake Sonop Kristelike Tehuis – Brugman, AP (1928)
Verklaring: Sonoppers insake Joernaalvoorlesing (1939)

Verklaring: Sonop Huiskomitee 1940 insake Joernaalvoorlesing (1939)
Verklaring: Sonop insake Joolblad (1956)
Verslag: AP Brugman (17/09/1929)
Verslag: Inneming en inwoning van ander Kultuurgroepe (1995)
Verslag: Kommissie van Ondersoek – Sonop Christelike Tehuis (8 April 2010)
Verslag: Kommissie oor die “Sonop Kristelike Tehuis vir Studente” (1928)
Verslag: Kerkraadsvergadering (09/01/1930)
Verslag: Insake dissipline by UP-koshuise (23 /10/1935)
Verslag: Kerkraadsvergadering (16/04/1936)
Verslag: Huisvoorsitter (1939)
Verslag: Kerkraadsvergadering (24/11/1958)

KOERANTE

Beeld, 1 Junie 2015

Die Burger, 28 Februarie 2017

Die Nuwe Perdeby, 21 April 1947

Die Vaderland, 11 Mei 1955

Rapport, 28 Junie 2015

Rapport, 15 Januarie 2017

Rapport, 12 Maart 2017

TYDSKRIFTE EN NUUSBRIEWE

Bostelegraaf, Desember 2016
De Kerkbode, 26 April 1917
De Kerkbode, 10 Junie 1920
Deo Gloria 1994
Die Kerkbode, 25 Februarie 1981
Die Kerkbode, 23 Junie 1982
Die Kerkbode, 22 Julie 1987
Die Kerkbode, 22 Januarie 2016
Die Kerkbode, 23 September 2016
Die Kerkbode, 14 Maart 2017
Die Kerkbode, 3 November 1948
Die Koord, Februarie 1962
Die Koord, Mei 1965
Die Koord, Oktober 1967
Die Koord, September 1981
Die Koord, Augustus 1993
Die Koord, Julie 2009
Fasces Flentes, Sonop 75 Feeskoerant
Kruisgewys, 19 Oktober 2015
Kruisgewys, 25 April 2017
NGTT, Deel 52, Nommers 3 & 4, September & Desember 2011
Sonop 70 Nuusbrieff, November 1986
The Pretorian – Magazine of the Boys' High School Pretoria, Desember 1934
Tukkie, Somer 2016
Verbum et Ecclesia, Jrg 22(1), 2001
Verbum et Ecclesia, Jrg 29(3), 2008
Voorligter, Mei 1959
Voorligter, Junie 1976
Voorligter, Junie 1978

PERSOONLIKE VRAELYSTE

Bezuidenhout, Nick (ds)
Bornheim, Craig
Boshoff, Willem (prof)
Bosman, Hendrik (prof)
Bosman, Tienie (ds)
Botha, Kobie
Breytenbach, Jan
Cook, Terence (dr)
De Beer, Hannes (prof)
De Villiers, Hannes
De Villiers, Gerhard
Du Toit, Andrie (prof)
Gaum, Frits (dr)
Grobler, Paul (ds)
Hofmeyr, Jan (ds)
Jacobs, Riaan
Joubert, Fanie (ds)
Koen, Gerhard (ds)
Kriek, Karel (dr)
Loots, Flip (dr)
Meylahn, Ronel (dr)
Nel, Malan (prof)
Nicol, Willem (dr)
Niemandt, Nelus (prof)
Olivier, Lourie
Olsen, Sam (dr)
Pieterse, Hennie (prof)
Pretorius, Hennie (dr)
Pringle, Esther (dogter – namens wyle prof Jurie Geldenhuys)
Raubenheimer, Ockie (dr)
Sandenbergh, Kobus (ds)

Slabbert, Danie

Snyman, Frits (ds)

Steyn, Maans (ds)

Strauss, Piet (prof)

Van der Merwe, Barry (ds)

Van Eeden, Jannie (ds)

Van Niekerk, Attie (dr)

Van Tonder, Immanuel (ds)

Van Zyl, Cobus (skoonseun – namens wyle prof WS Prinsloo)

WEBTUISTES

<http://.asl.co.za/2012/10/15/u-maatskappy-en-sy-akte-van-inlywing-soos-vereis-deur-die-maatskappyewet-nr-71-2008/> (Datum besoek: 16/11/2016)

<http://www.nova.org.za/about-nova/team.php> (Datum besoek: 19/04/2017)

<http://www.standpunte.co.za/een-en-twintig-taalwetmatighede-en-die-toekoms-van-afrikaans/> (Datum besoek: 13/12/2016)

<http://www.up.ac.za/af/house-theology-student-info/article/255414/about-us> (Datum besoek: 13/02/2017)

<http://blik.co.za> (Datum besoek: 13/03/2017)

<http://theguardian.com> (Datum besoek: 29/06/2016)

<https://af.Wikipedia.org/wiki/E.G.Jansen> (Datum besoek: 08/05/2017)

https://af.wikipedia.org/wiki/Konserwatiewe_Party (Datum besoek: 26/05/2017)

<https://en.m.wikipedia.org/wiki/YMCA> (Datum besoek: 11/04/2017)

<https://en.m.wikipedia.org/wiki/YWCA> (Datum besoek: 11/04/2017)

<https://en.oxforddictionaries.com/definition/tripos> (Datum besoek: 18/04/2017)

<https://groups.yahoo.com/neo/groups/prraag/conversations/topics34701/26/05/2017>
(Datum besoek: 13/12/2016)

https://housing.unt.edu/housing_guide/history-university-housing (Datum besoek: 05/07/2016)

https://issuu.com/lynnwoodng/docs/afkondigings_16_oktober_2011 (Datum besoek: 19/04/2017)

<https://www.ipsa.org/news/news/jean-laponce-memorial-1925-2016> (Datum besoek: 16/11/2016)

https://www.ted.com/talks/jared_diamond_on_why_societies_collapse (Datum besoek: 16/11/2016)

<https://www.worshipconnection.co.za/index.php/products/psalms.html> (Datum besoek: 10/08/2016)

<https://www.limpopomirror.co.za/articles> (Datum besoek: 19/05/2017)

BYLAES

Bylae A

Tydlyn 1916 – 2016

Hierdie tydlyn gee die leser 'n kort voëlvlug oor Sonop se eerste 100 jaar deurdat enkele hoofmomente uitgelig word.

SONOP CHRISTELIKE TEHUIS: TYDLYN

Sleuteldatums soos in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se rol in Sonop 1916 tot 2016

1916	NGK Pretoria stig Sonop / Eerste huisvader aangestel
1917	Sonop amptelik geopen / Eerste inwoners
1920	NGK Pretoria-Oos gestig / Nuwe eienaar van Sonop
1921	NGK Pretoria-Oos "verkoop" Sonop aan TUC/UP
1928	NGK Pretoria-Oos kerkinwyding
1936	Tweede huisvader aangestel
1937	Sonopbestuur oorgedra na Sinode
1938	NG Kerk Teologiese Fakulteit open by UP
1939	Derde huisvader aangestel
1947	Derde huisvader sterf / Sonop word "huisvaderloos"
1948	NGK Sinode koop Sonopeiendom by UP
1959	Oorspronklike Strubenhuis gesloop vir uitbreiding
1960	NGK Universiteitsoord gestig
1966	Sonop vier halfeuees
1967	NGK Universiteitsoord kerkinwyding
1976	Sonop Restourasieprojek I begin
1986	Sonop Restourasieprojek I eindig / BOS amptelik gestig
1994	Sonop Christelike Tehuis Maatskappy NPC gestig
1999	BOS koop Sonopeiendom by NG Sinode Noord-Transvaal
2010	Kommissie van Ondersoek / Vierde huisvader aangestel
2013	Sonop Restourasieprojek II begin
2016	Sonop Restourasieprojek II eindig / Sonop Eeuefeesvieringe
2017	Sonop Quo Vadis

Bylae B

Akte van Transport 17 Februarie 1999

Op 17 Februarie 1999 word die Sonopeiendom vanaf die Ned.Geref. Kerk van Transvaal oorgedra na Sonop Christelike Tehuis (n vereniging ingelyf kragtens Artikel 21) en word só die eiendom van die Bond van OudSonoppers (sien 11.2).

'BF

OPGESTEL DEUR MY:

SEELREK STAMP DUTY	R165-00
FOCI FEES	

MAA
TRANSPORTBESORGER
SPIES W D

VERBIND MORTGAGED	
VIR FOR R 500 000 - 00	
B 8750 / 99	<i>[Signature]</i>
7-02/99	REGISTRATEUR

AKTE VAN TRANSPORT **T 17643 / 99**

HIERMEE WORD BEKEND GEMAAK -

D A T FREDERICK BERNARD VAN BILJON verskyn het voor my die REGISTRATEUR VAN AKTES, te PRETORIA, waartoe hy die genoemde Komparant behoorlik gemagtig is kragtens 'n Volmag geteken te PRETORIA op 11de dag van JANUARIE 1999 en aan hom verleen deur-

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL

CAVANAGH A
DATA OFFICE

FOR INFORMATION ONLY
SLEGS VIR INLIGTING

- 2 -

EN genoemde Komparant het verklaar dat sy gemelde Prinsipaal waarlik en wettiglik verkoop het op 10de dag van NOVEMBER 1998 en dat hy in sy voornoemde hoedanigheid hierby sedeer en transporteer aan en ten gunste van .

SONOP CHRISTELIKE TEHUIS
('n Vereniging ingelyf kragtens Artikel 21)
REGISTRASIENOMMER 94/03951/08

Diese Opvolgers in Titel of Regverkrygendes, in volkome en vrye eiendom

ERF 797 BROOKLYN DORPSGEBIED

REGISTRASIE AFDELING J.R., PROVINSIE GAUTENG

GROOT 1,5311 (EEN komma VYF DRIE EEN EEN; HEKTAAR

AANVANKLIK GEREGISTREER Kragtens SERTIFIKAAT VAN
VERENIGDE TITEL T.6944/1943 MET KAART DAARBY AANGEHEG
EN GEHOU Kragtens AKTE VAN TRANSPORT T.11848/1949

ONDERWORPE AAN DIE VOLGENDE VOORWAARDE:-

Die eiendom hiermee getransporteer met die geboue daarop uitsluitlik gebruik sal word as 'n koshuis vir studente van die Universiteit van Pretoria, welke voorwaarde ten gunste is van en afdwingbaar sal wees deur die Universiteit van Pretoria.

EN VERDER ONDERHEWIG aan sodanige voorwaardes as in gemelde aktes vermeld staan of na verwys word.

FOR INFORMATION ONLY
SLEGS VIR INLIGTING

- 3 -

WESHALWE die Komparant afstand doen van al die reg en titel wat sy gemelde P.insipaal voorheen op gemelde eiendom gehad het en gevolglik ook erken dat hy geheel en al uit die besit daarvan onthef is en nie meer daartoe geregtig is nie; en dat kragtens hierdie Akte, die gemelde -

SONOP CHRISTELIKE TEHUIS
(’n Vereniging ingelyf kragtens Artikel 21)
REGISTRASIENOMMER 94/03951/08

Diese Opvolgers in Titel of Regverkrygendes; tans en voortaan daartoe geregtig is coreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die Regte van Staat; en ten slotte erken hy dat die koopprijs die som van R1 000 000,00 (EENMILJOEN RAND) bedra.

TEN BEWYSE WAARVAN ek, die genoemde Registrateur van Aktes, tesame met die Komparant hierdie Akte onderteken en met die ampseël bekragtig het:


ALDUS GEDOEN EN GETEKEN op die Kantoor van die Registrateur van Aktes te PRETORIA, op

17 02/99

IN MY TEENWOORDIGHEID :-



q.q.


REGISTRATEUR VAN AKTES

FOR INFORMATION ONLY
SLEGS VIR INLIGTING



Bylae C

Eeufespreek en Eeufesgedenkplaat

Die Sonop Eeufes die naweek van 24 tot 26 September 2016 is die Sondag afgesluit met 'n erediens gelei deur ds Gerrie Doyer. Feesgangers het na die erediens gedeel in die onthulling van 'n gedenkplaat waarmee Sonop se diepe afhanklikheid van die Here erken word vir die verlede, die hede en die toekoms (sien 12.4).

SONOP EEUFEEES PREEK – SONDAG 25 SEPTEMBER 2016

Ds Gerrie Doyer (Eerstejaar 1968, Huisvoorsitter 1973)

Skriflesing: 1 Samuel 7:2-12

Tema: Vertrou die Here vir die toekoms – Hy is betroubaar

In die jaar 1856 kom daar 2 Doyer-broers uit Nederland na Suid-Afrika: Wilhelmus en Oswald Doyer. Die een is 22 en die ander een 24 jaar oud. Daar is waarskynlik verskillende redes hoekom hulle besluit het om dié verhuising aan te pak maar die vernaamste is omdat die Boererepublieke dringend onderwysers nodig gehad het en werwing in Nederland gaan doen het om die tekort aan te vul. Ewenwel, die een (Oswald) vestig homself op Babanango in Natal en die ander (Wilhelmus) op Morgenzon in die ooste van die destydse Zuid-Afrikaanse Republiek (Transvaal). Ek het my al baie keer probeer indink hoe die afskeid van die 2 seuns verloop het toe hulle Nederland verlaat het. Hulle ouers het aan hulle totsiens gesê onder die besef dat hulle hulle waarskynlik nie weer sou sien nie. Die vervoer en kommunikasie van daardie tyd het nie gemaklike beweging en vinnige kontak oor afstand moontlik gemaak nie. Ek het veral baie daaraan gedink toe my eie kinders daardie ouderdom bereik het. Dat jy eintlik “vaarwel” sê by die boot waarmee hulle sou vertrek.... As familie het ons nog ‘n gedig wat hulle pa (wat ook ‘n dominee was) aan hulle oorhandig het by die afskeid: “Ga dan mijn zoons, ga dan ter zee en neem uw’ vaders zegen mee.....” Soos gesê vestig Wilhelm hom by Morgenzon (waar hy natuurlik die naam “Meester” gekry het). Hy koop toe vir hom ‘n plaas in die distrik. Wat noem hy die plaas? Eben-Haeser: “Tot nou toe het die Here ons gehelp”. Ek raai maar dat hierdie naam vir hom toepaslik was ná die gevaarlike seereis in ‘n kleinerige skip, die reis deur die woeste Afrika (in vergelyking met Nederland), die vestiging in die nuwe omgewing en die aanpak van die nuwe taak as skoolmeester onder die vreemde mense wat lankal nie meer suiwer Hollanders was nie. Samuel leef in ‘n tyd waarin hy Israel se profeet, rigter én regter was. Alle politieke en geestelike mag was by hom. Genadiglik was hy ‘n ware man van God. Dit gaan nie goed met die Israëliete nie: hulle word erg geteister deur die Filistyne. Hulle voer strooptogte in Israel uit, buit hulle oeste wat hulle met groot moeite uit die aarde geswoeg het en ontvoer van hulle mense: erge politieke en ekonomiese druk. Ons lees in vers 2 dat “al die Israëliete by die Here gekla (het) oor hulle verdrukking”. Samuel versamel die volk by Mispa en doen dan vier dinge:

- Hy roep hulle terug na die Here toe. Hulle moet die afgode uit hulle midde uit verwyder en hulle aan die Here alleen wy. Hulle bely hulle skuld voor die Here en hy giet water voor die Here uit as simbool van die reiniging wat daar plaasvind.
- Hy onderrig hulle oor wat reg en verkeerd is.
- Hy bring 'n suiplam as offer aan die Here terwyl hy ernstig vir hulle bid, die Here smeek vir uitkoms.
- En dan (ná die bonatuurlike verlossing) rig hy 'n klip op tussen Mispa en Sen en noem hy die plek Eben-Haaser: tot nou toe het die Here ons gehelp.

Daarmee sê Samuel nie net iets oor die verlede nie, maar (veral) ook oor die toekoms. Sonop is vanjaar 100 jaar oud. Dit is tyd vir refleksie: Waar kom ons vandaan? Wat maak Sonop juis Sonop? Waarheen is ons op pad? Ons het baie spesiale, lekker, mooi dinge beleef hierdie naweek. Daar was soveel genot, sports, ou weersiens

Nou is dit my voorreg om te vra: "Waar was die Here in die prentjie van Sonop se verlede?" "Hoe gaan ons die toekoms tegemoet?" "Watter plek neem Hy in in die Tehuis?"

TOT NOU TOE....

Aan die eenkant kon Samuel heerlik getuig van die Here se hulp in die verlede:

- Hy kon vertel van 'n verlede waarin daar soveel flitse van die ingryping van die Here was, wonderwerke met die uittoeg uit Egipte, die woestynreis, die vestiging in die land.
- Mees onlangs: die wonderbaarlike terugkeer van die ark wat deur die Filistyne gebuit is.
- Die pas afgelope veldslag wat einlik deur gure weersomstandighede beslis is.

Aan die anderkant is dit vir hulle 'n dekselse moeilike tyd: hulle is 'n klein moondheid wat leierloos rondgeskop word soos 'n rugbybal deur groter, veel sterker, beter georganiseerde volke. Te midde hiervan maak Samuel die klip staan, noem hy dit Eben-Haaser en sê: "Tot nou toe het die Here ons gehelp." Kyk mooi! Wat sien julle as julle terugkyk? God se hand. Hy was altyd getrou en betroubaar. Honderd jaar gelede kom 'n klompie manne bymekaar en spreek die behoefte aan vir 'n manskoshuis aan die destydse TUC (Transvaal University College). Dit moet 'n kerkkoshuis wees: daar moet sterk geestelike waardes wees. Onthou, dit was (ook) nie in 'n Afrikaans-vriendelike omgewing gewees nie....

As ons vandag terugkyk sien ons 'n tehuis wat ongelooflik presteer het. Uit hierdie geleedere het geestelike leiers na vore gekom wat teologies en kerklik die gang van die kerk in Suid-Afrika wesentlik beïnvloed het: professore, moderators, dominees... Daar het sterk politieke en gemeenskapsleiers uit Sonop gekom, ekonomiese deskundiges wat die landseconomie geraak het. Dan was daar honderlike wonderlike "gewone" mense wat in die samelewing inbeweeg het en as onderwysers, prokureurs, ingenieurs, , dokters, argitekte en talle ander beroepe mooi bydraes gemaak het tot hierdie land en sy mense. Hulle het netwerke gevorm, besighede saam bedryf, vriende gebly en saam gaan jag en vakansie gaan hou. Ek wens dat ek een van daardie manne wat 100 jaar gelede die tehuis beplan en in bedryf gestel het, vandag hier kon hê. Ek wonder wat hy sou gesê het... Dalk: "Sjoel Die droom wat ons gehad het, het aansienlik groter resultate gelewer as wat ons gedink het! Daar het baie opvallende én baie "gewone" wonderwerke gebeur. Tot nou toe het die Here ons gehelp."

Ons vier dit vandag ! Ons herinner mekaar: Die Here is getrou; die Here is betroubaar!

EN VORENTOE?

Niemand hoef ons te herinner dat ons 'n uitdagende toekoms tegemoet gaan nie. Prof Nelus Niemandt se boekie oor die toekoms heet "Die perfekte Storm". Die sekularisering van die Westerse deel van ons bevolking loop al vinniger en sterker – God, sy Woord, Jesus, die betekenis van sy kruisdood en sy opstanding word almeer uitgeskuif. Trouens, dit word al meer van 'n verleentheid.

Die Afrikaanse taal (veral as wetenskaptaal) beleef enorme druk – hier en aan al die tradisionele universiteite in ons land.

Kerke (wat die spilpunte van veral die Afrikaanse mense se gemeenskapslewe was) versplinter, verarm en verouder. Wat sê ons as oud- en huidige geslag Sonoppers as ons hierdie toekoms in die oë kyk?

Ek wil vandag vra: Kom ons sê Eben-Haaser: tot nou toe het die Here ons gehelp.

Dieselfde God wat 100 jaar lank getrou en betroubaar was neem ons die toekoms in.

Hoe gaan die toekoms lyk? Ek weet nie. Ek weet nie of iemand die toekoms akkuraat kan voorspel nie. Ek weet net dat Alvin Toffler se Future Shock regtig 'n werklikheid is. Hoe gaan die kerk en geloof in die toekoms lyk? Hoe gaan Sonop lyk?

Ek weet nie. Ek weet net die Here bly dieselfde getroue en betroubare God.

Kom ons verbind ons opnuut aan Hom. Samuel sê: Rig julle harte op die Here en dien Hom alleen (vers 3).

Kom ons gee die toekoms in God se hande oor.

Kom ons getuig teenoor die opkomende geslagte: Vertrou die Here soos ons Hom vertrou het.

AMEN

Eeufesgedenkplate



EBEN-HAESER
TOT NOU TOE HET DIE HERE ONS GEHELP
(1 SAMUEL 7:12)

DIT IS DIE BELYDENIS VAN OUD- EN HUIDIGE SONOPPERS.
ONS VERKLAAR OOK ONS TOTALE AFHANKLIKHEID
VAN HOM VIR DIE TOEKOMS.

DIE PLAAT IS OP 25 SEPTEMBER 2016,
TYDENS DIE EEUFESVIERINGE, ONTHUL.

Bylae D

Herinneringstog en Eeufesgelukwensing

Op 2 September 2016 het Sonopinwoners 'n Herdenkingstog met 'n vaandel in die hand vanaf die Ned.Geref. Gemeente Pretoria, via die Ned.Geref. Gemeente Pretoria-Oos en die Ned.Geref. Gemeente Universiteitsoord tot by Sonop onderneem. By elk van die gemeentes is 'n Sonop Eeufesvieringboodskap aan Sonop oorhandig (sien 12.1).

Herinneringstog

SONOP CHRISTELIKE TEHUIS

Herdenkingstog: 2 September 2016

100
SONOP
1916 - 2016



NG Pretoria - Bosmanstraat

NG Pretoria - Oos

NG Universiteitsoord

“Laat die byle huil”

Eeufeesgelukwensing



NG Kerk Pretoria/
Pretoria Faith Community
Posbus 26102
Arcadia, 0007
012 344 1860
086 551 3526
info@pretoriachurch.org
www.pretoriachurch.org
ABSA Tjek: 610580122
Kantoor: Rellystraat 85
Sunnyside, PRETORIA

2 September 2016

Sonop 100 jaar oud

Sonop het 100 jaar gelede deur die bediening van N G Gemeente Pretoria tot stand gekom. Op 'n kerkradsvergadering van die Gemeente, gehou op 2 September 1916, is besluit om 'n koshuis vir universiteitstudiante op te rig. Voortspruitend hieruit word die woonhuis van ene mnr Archie Struben in Brooklyn, deur die NG Kerk Pretoria (Bosmanstraat) in dieselfde jaar aangekoop vir £3 000. In hierdie huis word 'n manskoshuis vir Tukkiestudente, genaamd Sonop Christelike Tehuis, gevestig met Prof WP de Villiers as die eerste huisvader.

Met hierdie besondere band in gedagte is dit vandag 100 jaar later 'n groot voorreg vir die NG Gemeente Pretoria om julle met julle Eeufees viering geluk te wens. Die Gemeente is natuurlik self ook nou 100 jaar ouer en kyk saam met julle terug oor 'n eeu waarin baie verander het. Veranderinge wat ons as Gemeente gebring het by radikale herdefiniëring van ons roeping in terme van 'n middestadskonteks. Hier wil ons kerk wees vir die mense wat hier woon. Die middestad weerspieël vandag die hoogs heterogene samelewing, eie aan Suid-Afrika. 'n Samelewing wat 'n groot uitdaging stel maar waarin ons ons kerkwees so verstaan dat mense van verskillende agtergronde in 'n nuwe eenheid onder ons dak tuiskom.

Soortgelyk is dit ons gebed vir Sonop, dat gegewe julle hegte verbintenis met die kerk, julle ook hierdie visie julle eie maak. Net soos die middestad is die Universiteit van Pretoria ook 'n hoogs heterogene konteks wat uiteenlopende belange verteenwoordig. So 'n konteks vra kwaliteit mense wat hulle menswees in afhanklikheid van God as medemenswees verstaan.

Sonop baie geluk- mag almal wat onder julle dak 'n tuiste vind die nabyheid van die lewende God ervaar en 'n kwaliteit menswees uitleef, sodat mense van verskillende gemeenskappe leer om vir mekaar medemens te wees en so die wil van God bevestig.


Ds Francois Smit
ns NG GEMEENTE PRETORIA

Eeufeesgelukwensing



Nederduitse Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos

02/09/2016

Geagte SONOP.

As een van jou woonkwartiere ("mansjoeene") die naam "PASTORIE" dra, dan verstaan 'n mens hoe sterk die band tussen SONOP en die NG Kerk deur die dekades was.

As gevolg van die uitbreiding na die oostelike deel van Pretoria, word die NG Gemeente Pretoria-Oos op 28 April 1920 gestig en word dr DJ Keet op 24 September 1920 as die eerste gemeenteleraar bevestig. Deel van die afstigingsooreenkoms is dat Sonop – volledig met kaart en transport – aan die nuutgestigte NG Kerk Pretoria-Oos – oorgedra sou word.

Vir die noodsaaklike en ononderhandelbare uitbreiding van die tehuis het die OOSKERK nie fondse gehad nie en moes fondse van elders bekom word. Aangesien die destydse Departement van Onderwys nie aan die kerk fondse vir uitbreiding beskikbaar kon stel nie, het die huisvader prof de Villiers voorgestel dat Sonop aan die TUC "verkoop" word sodat dié die nodige fondse kon bekom. Op 14 Maart 1921 is die koopkontrak onderteken en Sonop aan die TUC getranspoteer. Twee van die belangrikste klousules in die koopakte tussen die universiteit en die kerk is die volgende:

1. *Het bestuur, de kontrole en de adminsitrasie van het eigendom hierby verkocht berust uitsluitelik by de Kerk.*
2. *De Kerk behoudt mits deze het recht om het eigendom hierbij verkocht te enige tijd terug te nemen en transport ervan te ontvangen tegen betaling van het uitstaande kapitaal.*

Op dié wyse is daar toe £12 000 van die staat bekom en is heelwat uitbreidings gedoen – geboue is opgerig en selfs aangrensende erwe is aangekoop.

Vir dekades, 40 jaar vanaf 1920-1960, was die OOSKERK 'n geestelike tuiste vir die inwoners van die koshuis. Op hulle fietse en per voet het SONOPPERS Sondagaande die OOSKERK vol gesit. Menige tokkelokke het die voorreg gehad om in hulle sewende jaar, hulle proefpreek in die OOSKERK te lewer. Steeds vandag hoor ons met heimwee getuïenisse van hoeveel SONOP en die OOSKERK vir die inwoners beteken het.

Bekende studenteleraars in die tyd was prof. Ben Marais, dr. Beyers Naude en ds. Kobus Potgieter.

Baie geluk met die groot 100 jaar van bestaan. Mag julle inderdaad altyd LIG in ons land verteenwoordig – 'n lig wat God se lewe en nuwe moontlikhede sigbaar maak.

Baie geluk!

Dr. NE Lamprecht (Namens die Ooskerk.)

Eeufesgelukwensing

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK UNIVERSITEITSOORD

Posbus 11100 Hatfield 0028 Pretoria
Tel (012) 362 0663/4 Faks (012) 362 0664 E-pos kantoor@universiteitsoord.co.za www.universiteitsoord.co.za

Sonop Eeufesviering

Sonop was nog altyd `n huis om op trots te wees! Sonop is nie `n koshuis nie. Dis `n "huis", `n tuiste, soos hulle huissied ook sê, en waarvan die tuine voor die huissies, die gesteelde bordjies en die troeteldiere wat deur die hele huis versorg word, getuig. `n Tuiste waar lewenslange vriendskappe gevorm word, waar huislede mekaar motiveer en aanmoedig, en waar na elke individu omgesien word. Sonoppers pas mekaar op. In Sonop word die huislede aangemoedig om voluit en met oorgawe te leef, met God as die Een op Wie hulle hul lewens bou en saam met Wie hulle oppad is. Daarom is dit moontlik vir Sonoppers om op elke terrein uit te blink – hetsy studies, sport of kultuur. Deur die jare was Sonop studente bekend vir hulle toegewydheid en gebalanseerde leefstyl, wat aangemoedig word deur die huisvader en die huiskomitee.

Dit was die afgelope 56 jaar vir Universiteitsoord `n geweldige voorreg om by hierdie besondere huis, met sy unieke karakter, betrokke te kon wees.

Sonop, baie geluk met 100 jaar bestaan en 100 jaar van jongmense vorm en gereed maak om `n verskil in die wêreld te maak! Mag julle steeds in die toekoms julle karakter as Christelike huis behou en uitleef. Al verander baie dinge om julle en in julle huis, mag dit julle primêre identiteit bly.

Ons is trots op julle en dankbaar om saam met julle oppad te mag wees!

Ronél Meylahn, huidige studentepredikant, nms Universiteitsoord

Bylae E


Huisvaders (1916 – 1947 en 2010 – 2016)

In Sonop se eerste 100 jaar van bestaan was daar tot op hede slegs vier huisvaders: WP de Villiers, ID Bosman, AC Vlok en AP Viljoen (sien 13.3).

Huisvaders




Prof WP de Villiers
1916 - 1935



Mnr AC Vlok
1936 - 1939



Prof ID Bosman
1939 - 1947



Mnr AP Viljoen
2010 -

Bylae F

Kerkgeboue

Sonoppers die afgelope 100 jaar het die voorreg gehad om telkens in pragtige kerkgeboue die Here te aanbid: Ned.Geref. Kerk Pretoria, Ned.Geref. Kerk Pretoria-Oos en Ned.Geref. Kerk Universiteitsoord (sien 12.1).

Kerkgeboue

NG Kerk Pretoria



NG Kerk Pretoria Oos

NG Kerk Universiteitsoord



Bylae G

Koopakte 14 Maart 1921

Ten einde fondse te bekom vir die uitbreiding van Sonop, verkoop die Ned.Geref. Pretoria-Oos Sonop aan die destydse TUC/TUK met die voorwaarde dat sou die kerk op 'n stadium oor die fondse beskik, die koshuis weer teruggekoop kan word. Dit sou eers in 1948 gebeur (sien 4.3).

Koopakte

Kopie)

KOOPAKTE

Deze Overeenkomst, aangegaan door en met: De N.H. of Ger. Gemeente Pretoria Oost, hierin vertegenwoordigd door haar Kerkraad (hierinafter genoemd "de Kerk")- VERKOPER, en
Het Trans.Univ.Kollege, Pretoria, hierin vertegenwoordigd door de Raad van gemelde Kollege (hierinafter genoemd "het Kollege") Koper; GETUIGT:

1. De Kerk verkoopt mits deze aan het Kollege, dat van haar in koop aanneemt de volgende erven gelegen ten dorpe BROOKLYN, Pretoria met alle bestaande verbeteringen erop, waaronder het gebouw bekend als het Sonop THUIS, nsm. Erven 168, 169, 170, 171, 172 en 173.

2. De koopprys is de som van £5000 Sterling te worden betaald tegen levering van transport.

3. Het eiendom hierby verkocht zal uitsluitelik gebruik word as een Kollege Tehuis, en voor doeleinden daarmee verbonden; in welk Tehuis opgenomen en onderhouden zullen worden alleen Europese studenten van het T.U.K. zynde personen van goed gedrag alleen, afgezien van nasionaliteit of geloof.

4. Het Kollege onderneemt om in verband met deze koop een lening te sluiten met de Regering ten bedrage van £12,000 onder zodanige voorwaarden als door de betrokken wetten en regulasies voorgeskreven worden, namslik Wet No. 20/1917, onder Goev.Kennisgewing No. 1951 gedat. 13/8/1917 en zal zich teenover de Regering verbinden (door verbandakte op genoemde eiendom of anderszins al naar vereist mocht worden) om de voorwaarden en bepalingen van gemelde lening na te komen. De Kerk onderneemt dan weder om zich teenover het Kollege te verbinden om de gemelde voorwaarden voornoemd, na te komen op de wyse voorgeskreven door de wetten en regulasies voornoemd.

5. Het Bestuur, de kontrole en de administratie van het eiendom hierby verkocht berust uitsluitelik by de Kerk, die behoudens de bepalingen en Art. 4 hiervan, alle rechten heeft en verplichtingen draagt van eigsenaar ten opzichte v/h voormeld eiendom, mits dat wanneer tot een vervreemding van welke aard ook, v/h eiendom of e eniggedeelte ervan overgegaan wordt de toestemming v/h Kollege daar toe verkregen zal moeten. Enige Akten, stukken of daden benodigd door de Kerk in verband met hetgeen in dit Art. bepaald wordt, zullen door het Kollege getekend en uitgevoerd worden.

6. De koopprys voormeld zal worden betaald uit de lening van £12,000 en de balans van deze lening zal worden overgedragen telkens wanneer benodigd aan die Kerk in termyn aflossigen van tyd tot tyd wals door de wetten en regulasies voornoemd bepaald, en de Kerk zal desselwe moeten aanwenden uitsluitelik in termyn van Art.8 (1), van Wet 20 van 1917, op het eiendom hierby verkocht; en het Kollege neemt geen verdere verplichtingen op sich in verband met het Tehuis of de geldelike zaken daaraan verbonden, dan alleen haar verplichting wals soals in Art. 4 hiervan bepaald.

7. Het bestuur, de kontrole en de administratie van alle fondsen, bestaande uit de balans lening voormeld en enige gelden die ingevorderd worden in verband met het Tehuis voornoemd, berust by de Kerk, die jaarliks behoortlik gesauditeerde staten van rekening van zodanige fondsen aan het Kollege moet overhandigen. Apart v/h oorspronkelik kapitaal bedrag en de besteding ervan, zal rekening door de Kerk moeten houden worden van alle inkomsten en uitgaven aan het bestuur van het Tehuis verbonden. Enige jaarliks tekort daarin zal door de Kerk moeten gewaarborgd worden en mag overgebracht worden als een last teen de staat van inkomsten en uitgaven voor het daaropvolgende jaar, doch wanneer een batig saldo bestaat zal dat door de Kerk moeten worden aangewend tot dekking van fondsen benodigd voor.

1. uitbreiding van het Tehuis, of
2. voor beurzen aan studenten, of
3. voor enig ander opvoedkundig doel in verband met het Kollege, of
4. anders in het belang van het Tehuis.

8. De Kerk behoudt mits deze het recht om het eiendom hierby

(2)

(a) het kapitaal bedrag betaald en overgedragen door het kollege aan of ten behoeve v/d Kerk, onder deze overeenkomst, en

(b) het kapitaal bedrag terugbetaald door de Kerk onder deze overeenkomst.

Indien echter de kerk daarna te enige tyd een besluit mocht nemen om het eigendom hierby verkocht voor enig ander doel te gebruiken dan de doeleinden in Art. 3 hiervan omschreven, zal zy het kollege schriftelik daarvan in kennis stellen, waarin 'n redelik tydperk toegestaan wordt om het kollege in staat te stellen andere voldoende akkomodaties voor studenten te vinden.

9. De volgende verdere bepalingen zullen in acht genomen worden:-

(a) De bestaende regels van discipline enz. v/h Tehuis zullen gelden.

(b) Het Kollege zal gerechtig zyn twee leden v/h Komitee van Opzicht v/h Tehuis te benoemen.

(c) De benoeming door het Kerk van Huisvader zal onderhewig zyn aan de goedkeuring van het Kollege.

(d) Het Kollege zal het recht hebben te enige tyd het Tehuis te bezoeken en inspekteren, door middel van haar erkende vertegenwoordigers.

(e) Geen geloofsbelydenis of toets van welke aard ook zal toegepast worden op applikanten voor opname in het Tehuis.

10. Wanneer te enige tyd hierna de Kerk een formeel besluit mocht nemen om v/h beheer v/t Tehuis voornoemd af te stappen zal de Kerk aan het Kollege van zodanigbesluit schriftelik kennis geven. Drie maanden daarna zal het Kollege het beheer van het Tehuis overnemen, zal deze overeenkomst van geen verdere kracht zyn, en zal het Kollege als eigeenaar sonder voorwaarden in bezit blyven v/h eigendom onder dit kontrakt verkocht; en de Kerk zal alsdan vry syn van alle verplichtingen en zal aan het Kollege alle losse goederen in het Tehuis of in verband daarmee gebruikt, overhandigen en haar eigeenaarsrechten daarop overdragen aan het Kollege, tegen een onpartydige waardering. Het geld voor de meubels betaaldzal dan door de Kerk gebruikt worden alleen te behoeve van studenten in verband met het T.U.K.

11. Het wordt verder uitdruklik bepaald dat, niettegenstaande het gebruikelik is registratie van transport om voorwaarden zoals die in deze overeenkomst vervat, in de betrokken transportakte te melden, in dit geval de voorwaarden hierboven uiteengezet niet in de te worden geregistreeerde transportakte opgenomen zullen worden, daar de betrokken partyen zich voldoende gebonden achten door opname van meergemelde voorwaarden in deze koopakte alleen.

ALDUS GEDAAN en getekend te PRETORIA, de veertiende dag van Maart 1921.

Als Getuigen:

Namens "De Kerk"

1. (Get.) N.A. Marais
I.P. Marais Jr.

(Get.) D.J. Keet, Voorsitter
J.P. Marais, Skribe.

Aldus Gedaan en getekend te PRETORIA, op de dag van 1921.

Als Getuigen:

Namen "Het Kollege"

1. -----
2. -----

(Get.) H. Malherbe, Voorsitter
P.I. de Kock.

Bylae H

Notule van Stigtingsvergadering 2 September 1916

Sonop se amptelike begin dateer terug tot 2 September 1916 toe die Ned.Geref. Gemeente Pretoria tydens 'n kerkraadsvergadering besluit het om die koshuis te stig. 'n Afdruk van die oorspronklike notule word aangeheg (sien 3.2).

10 Rechtmaats Vering-

De Raad van Bestuur heeft de overname van de Albatros op 15 Oktober a.s. beslist de bezetting de gewone rechtmaats Vering van de toerde tot de eerste zontag in Oktober te verschuiven en bepaald verder de gecombineerde bezetting te houden op Vrijdag de 15e Oktober des avonds ten 7 uur.

I Alimentatie.

Best besloten de oude bezetting van de Albatros van 15 te tekenen.

De Raad van Bestuur heeft de volgende bezetting vastgesteld.

J. van Haie best

C. Passon

~~W. J. J. K. K.~~

P. J. C. C. C.

P. J. A. A. A.

J. P. P. P.

J. P. P. P.

P. J. J. J.

P. J. J. J.

J. J. J. J.

P. P. P. P.

M. M. M. M.

J. J. J. J.

C. C. C. C.

P. P. P. P.

J. J. J. J.

P. P. P. P.

J. J. J. J.

P. P. P. P.

J. J. J. J.

Bylae I

Persverklaring oor Sydney Martin

Tot dusver was daar in die geskiedskrywing van Sonop bittermin oor mnr Sydney Martin geskryf. Hierdie persverklaring verraai vir die eerste keer meer oor hierdie man wat so 'n belangrike rol in Sonop se geskiedenis gespeel het (sien 13.4.2).

Persverklaring : Sydney Martin

DIE KERK IN TRANSVAAL MAG HOM NIE VERGEET NIE.

Deur W.L. Maree (Inligtings-
beampte.)

Die man wat die grondslae van die Transvaalse kerkkantoor in Pretoria gelê het en die kerk byna dertig jaar as Saakgelastigde gedien het, is op 25 April in Pretoria oorlede, slegs twee dae na sy 84e verjaarsdag. Hy was mnr. Sidney Martin, wie se naam altyd in die herinnering geroep sal word wanneer oor die geldsake van die kerk gepraat word.

Hy is op 23 April 1879 gebore as seun van ds. G.A. Martin, wat na 'n kort bediening as predikant van Aliwal-Noord weens swak gesondheid die tuig moes neerlê. Sy grootvader het uit Duitsland gekom, maar was eintlik van Franse afkoms. Hy was een van vyftien kinders - agt dogters en sewe seuns. „Ons familie was te groot - daar was nie meer name vir al die kinders nie - toe het hulle my maar Sidney" genoem, het hy in later jare vertel.

Die jong Sidney Martin het sy skoolopleiding op Cradock geniet en was daarna staatsamptenaar en vervolgens stadsklerk op Aberdeen. In 1921 is hy as sekretaris van die Abraham Kriel-Kinderhuis (destyds nog die Langlaagte-Weeshuis) aangestel en daarmee het sy lang loopbaan in diens van die kerk begin.

Die Transvaalse Kerk het destyds geen kerkkantoor of voltydse finansiële amptenaar gehad nie. Van 1916 tot 1926 het dr. Wm. Nicol wat die actuarius van die sinode was, terselfdertyd as quaestor gedien. Hy vertel dat wyle ds. Paul Nel in 1916 'n paar boeke in 'n private woning in Johannesburg aan hom oorhandig het. Ds. Nel het 'n persoonlike tjek vir sowat £5,000 op naam van dr. Nicol uitgeskryf en aan die hand gedoen dat laasgenoemde self moet besluit hoe om die bankrekening te noem. In 1924 en 1925 het die Sinodale Kommissie tweekeer die pos as eerste voltydse Saakgelastigde aan dr. Nicol aangebied, maar hy het dit van die hand gewys.

In 1926 het die keuse toe op mnr. Martin geval en het hy sy kantoor geopen in 'n gebou langs Kerkplein, op die hoek waar die Barclays-bank vandag staan. Ironies genoeg was die Kerkkantoor bo-op 'n dānkwinkel gevestig! In die middel van 1928 het mnr. Martin 'n assistent gekry in die persoon van mnr. C.P. Raats wat

vandag, 35 jaar later, nog steeds in die Kerkkantoor werksaam is.

In 1927 het die inkomste wat deur die Kerkkantoor gehanteer is £30,945 beloop en die uitgawes £26,809. Geleidelik het die bedrae aangegroei tot die inkomste in 1953-54 (die jaar voor mnr. Martin se aftrede) £157,445 en die uitgawes £170,059 was. Die bates wat in die boeke van die Kerkkantoor aangeteken was, het in dieselfde tydperk aangegroei van £33,000 tot £560,000. Tans is al die bedrae natuurlik veel groter.

In die aanvangsjare het die Transvaalse Kerk geen eie pensioenfonds gehad nie; die pensioenfondse van Kaapland en Transvaal is eers in 1942 geskei, toe 'n bedrag van £76,000 aan die Transvaalse Kerk oorgedra is. Tot 1937 het elke ring sy eie Hulpbehoewende Jongelingsfonds gehad; eers in daardie jaar is al die fondse aan die Kerkkantoor oorgedra.

Die Voortrekkergedenksaal, waar die sinodes tans vergader en waar die Kerkkantoor baie jare gehuisves was, is in 1931 opgerig. Later het die Administrasiegebou in Johannesburg bygekom. Met al hierdie ondernemings was mnr. Martin ten nouste gemoeid. Gedurende sy dienstyd het die gemeentes van 88 tot 231 vermeerder.

Mnr. Martin het 'n versigtige finansiële beleid gevolg en daar was nooit enige twyfel dat die kerk se geld in veilige hande was nie. „Oom Sidney”, soos hy allerweë bekend gestaan het, was 'n simpatieke mens wat sy sorgvuldige aandag aan elke versoek of probleem gegee het. Hy was 'n geliefde figuur wat 'n besondere plek in die harte van predikante en lidmate bekleed het.

Soos ds. A.J.V. Burger dit stel; „Die sinode sowel as ringe en kerklike kommissies het altyd 'n oop oor vir mnr. Martin se advies en leiding gehad en elkeen wat hom geken het, het hom geëer en liefgehad”.

Selfs na hy die aftreeouderdom bereik het, is sy diensteryn nog van tyd tot tyd verleng, totdat hy in die helfte van 1955 op 76-jarige leeftyd die teuels aan sy opvolger, dr. J.J. de Beer, oorhandig het. Dr. De Beer het dit aanvanklik moeilik gevind om sy hand op alles in die kantoor te lê, want 'n man wat soveel jare persoonlik met alles gemoeid was soos mnr. Martin hoef nie 'n omvattende

leggerstelsel op te bou nie - hy weet eenvoudig alles van elke aangeleentheid in die kantoor sonder dat hy dit hoef na teslaan.

In 1954 het die sinode van mnr. en mev. Martin afskeid geneem en 'n som van £1,000 wat vrywillig deur die gemeentes ingesamel is, aan hulle oorhandig. 'n Paar maande later is 'n gesellige funksie vir hulle aangebied. „Mr. Martin het ons leraars regtig op ons plek gesit, maar ons het dit verdra”, het die voorsitter van die Kerkkantoor-kommissie, ds. J.F. du Toit, by daardie geleentheid geskerts. Die destydse moderator van die sinode, ds. C.B. Brink, het opgemerk dat mnr. Martin 'n hele klomp gegewens in sy kop rondgedra het wat verlore sou gaan as hy die dag nie meer daar is nie.

Baie van ons het Oom Sidney tydens ons studentejare leerken as voorsitter van die bestuur van Sonoptehuis, die kerk se studentekoshuis aan die Universiteit van Pretoria. Hy het in 1928 bestuurslid en in 1936 voorsitter geword. Hy het 21 jaar lank, tot 1957, voorsitter gebly en het daarna nog 'n rukkie as gewone bestuurslid bly dien.

Toe in 1947 besluit is om die tehuis sonder 'n huisvader te laat funksioneer, het dit groter verantwoordelikhede op sowel die studente-huiskomitee as die bestuur geplaas. Hoe dikwels het ons hom nie hoor sê nie: „Julle weet dat ek nie met julle studente lol so lank as wat dit goed gaan in Sonop nie”. Ons glo dat die studente Oom Sidney se vertrouwe nooit beskaam het nie. Dit is gepas dat sy naam verewig is op 'n hoeksteen by die tehuis waarin hy altyd so 'n lewendige persoonlike belangstelling getoon het.

Daarby het mnr. Martin in verskillende gemeentes as ouderling gedien en was hy lid van die Kerkboekhandelbestuur, die Voorligter-kommissie, die T.V.S.V.-hoofbestuur en die Mediese Koshuisbestuur.

Na mnr. Martin se aftrede het hy en sy eggenote - voorheen mej. F. Lombard van Sterkstroom - hulle in hulle huis in die Pretoriase voorstad Rietondale gevestig. Hulle het een dogter, wat as 'n patoloog in Pretoria praktiseer.

Die Noord-Transvaalse Sinode was in sitting toe mnr. Martin sy 84e verjaarsdag gevier het en het by die geleentheid 'n telegram van gelukwense aan hom gestuur. Drie dae later moes die sinode egter met leedwese van sy heengaan verneem.

-:4:-

Die vergadering het as blyk van hulde opgestaan en die moderator het 'n ernstige gebed gedoen. Ds. L.J. Heyns en dr. Wm. Nicol, wat die begrafnis sou waarneem, is spesiaal gevra om die sinode se meegevoel en waardering aan die ontslapense se weduwee en dogter oor te dra.

Die toegewyde dienste van oom Sidney ~~Ma~~rtin mag nooit deur die kerk in Transvaal vergeet word nie.


31.7.63.

Bylae J

Restourasieprojek I (1976 – 1986)

Die eerste amptelike restourasie van Sonop was 'n tienjaarlange projek vanaf 1976 tot 1986. In die Voorligter van Junie 1978 het twee oudHuisvoorsitter gesamentlik 'n artikel geskryf: *Oud-inwoners herbou kerklike tehuis*. Die volle artikel is waarlik 'n moet om te lees (sien 9).

Restourasieprojek 1



Die Sonop-restourasiekomitee vergader elke maand. Van links na regs staan prof. Riempius Prinsloo, ds. Maans Steyn, mnr. Hannes de Beer, ds. Nic Bezuidenhout, ds. Kobus Potgieter (voorsitter), mev. Lettie van Zyl (sekretaresse), mnr. Willie Marce, Johann du Pisanie en Albert van der Merwe. In die agtergrond is die dubbelverdiepinggebou wat as die "stalle" bekend staan. (Foto: P. R. Nel).



Nog twee staatmakeriede van die komitee, mnr. Johan de Wet en Jan Erasmus.

HIER is iets unieks in die geskiedenis van die kerk aan die gang. Het u al ooit tevore gehoor dat die oud-inwoners van 'n kerklike inrigting, of trouens enige inrigting, self uit hulle eie sakke daardie inrigting laat restoureer — en dit teen 'n koste van byna 'n kwartmiljoen rand?

Dit is die taak wat die oud-inwoners van Sonop, die studentekoshuis aan die Universiteit van Pretoria, aangepak het. Maar natuurlik, Sonop is in baie opsigte 'n unieke inrigting.

In die eerste plek is dit die enigste universiteitskoshuis in die land wat onder kerklike beheer staan. Sonop is in 1916, reeds meer as seszig jaar gelede, onder leiding van dr. H. S. Bosman, prof. W. P. de Villiers, prof. D. F. du T. Malherbe, mnr. D. E. van Velden en andere gestig. Aanvanklik was dit onder toesig van die gemeente Pretoria (Grootse Kerk), maar later het dit sinodale eiendom geword.

'n Tweede interessante kenmerk van die tehuis is sy boustyl. Dit bestaan nie uit groot geboue nie, maar hoofsaaklik uit 'n aantal huistes, elk met vier enkelkamers, wat as "mansjone" bekend staan. Daar is ook twee kleinerige dubbelverdiepinge (die "stalle" en die "pastorie") en twee rye dubbelverdieping-enkelkamers (die "blou trein"). Die

Sonop het trotse tradisie

oud-INWONERS HERBOU KERKLIKE TEHUIS

ou herehuis van die Siruben-familie, wat vroeër daar gewoon het, is 'n paar jaar gelede gesloop om vir nuwe ontspanningslokale plek te maak.

Wat Sonop in die derde plek uniek maak, is die feit dat daar geen inwonende huisvader is nie. Na die afsterwe van die laaste huisvader, die geniale prof. L. D. Bosman, meer as dertig jaar gelede is die behartiging van die studentesake aan die studente se eie hunkomitee toevertrou. Die inwoners is trots op hierdie vertroue wat in hulle gestel word en handhaaf 'n streng gedragskode. Daarom het dit nog al die jare baie goed daar gegaan en het die kerk nog nooit rede gehad om 'n verandering in die stelsel te oorweeg nie.

Vierdens is Sonop 'n plek met 'n trotse tradisie. Hy beskik nie oor dieselfde geriewe as die moderne koshuise wat diesdae deur die universiteit opgerig word nie, maar

nogtans is daar elke jaar 'n lang waglys van studente en voornemende studente wat gretig is om hulle intrek daar te neem. Om 'n Sonopper te wees, is vir elke inwoner omtrent net so belangrik as om 'n Tukkies te wees!

Sonop is heelwat kleiner as die ander mansjone, maar speel in die studentelewe 'n veel groter rol as wat na verhouding verwag kan word. Hulle het gereeld hulle verteenwoordigers in die studenteraad, dit is feitlik 'n tradisie dat die redakteurs van die studenteblaai uit Sonop kom, en op die sportveld stap die Sonoppers dikwels met die louere weg. Wat nog belangriker is, is dat hulle op akademiese gebied ook na verhouding beter presteer as die inwoners van ander koshuise.

INVLOED

Oral in die samelewing word Oud-Sonoppers in leidende posisies aangestel. Oud-ministers Hilgard Muller en M. D. C. de Wet Nel was byvoorbeeld albei in hulle studentejare voorsitter van die Sonop-huiskomitee. Onder die ander ministers en oud-ministers is mnr. P. K. Botha, oor wie se studentestrekke daar nogal baie staaltjies in omloop is, Braam Raubenheimer, W. A. Marce en M. C. Botha.

Ook die bekende nyweraar, dr. Anton Rupert, is 'n oud-voorsitter van Sonop. Dan is daar die vorige rektor van U. P., prof. C. H. Raubenbach, die huidige vise-rektor, prof. A. N. Pelzer, en so sal 'n mens kan voortgaan.

As al die oud-Sonoppers onder die predikante moet bymekaar maak word sal hulle 'n yslike sinode kan vorm. Minstens ses dosente van die Teologiese Fakulteit van U. P. en drie van die Kweekskool op Stellenbosch kom uit Sonop. Die koshuis het reeds twee skriba's van die Algemene Sinode gelever (dr. A. J. V. Burger en Kobus Potgieter), twee redakteurs van Die Voorligter en een van die Kerkbode — om maar net 'n paar voorbeelde te noem.

In die studentelewe van U. P. oefen Sonop steeds 'n geweldige invloed ten goede uit, wat gevoed word deur die atmosfeer wat in die

'n Paar van die "mansjone" tydens die herstelwerk. Daar is vier enkelkamers in elkeen van hierdie geboujies. Verskeie daaraan is reeds gerestoureer.



tehuis heers. Daar word gereeld saans huisgoddiens gehou, die KJA-kringe kom gereeld byeen en die studentedakens staan hulle plek vol.

As daar 62 jaar gelede vir die kerk rede was om in die middel van die Eerste Wêreldoorlog 'n tehuis soos Sonop op te rig, is daar vandag nog net soveel of meer rede om die tehuis in stand te hou. 'n Mens wonder of die kerk aldag besef watter geweldige bate hy in Sonop het. Dit gaan nie maar net om die verskaffing van losies aan 'n groep studente nie, maar eerstens om die vormende waarde van die kerklike inrigting weens die atmosfeer wat daar heers, en tweedens om die invloed wat vandaar na die breë studentemassa deurwerk.

RESTOURASIE

Die "Sonop-gees" het deur die jare heen die inwoners en oud-inwoners van die tehuis besiel. Dit is treffend hoe lojaal die oud-Sonoppers is. By die twee groot fees-beveenskomitee in 1966 en 1976 het hulle in hulle honderdtalle uit verskillende dele van die land gekom om weer 'n slag Sonop-koffie te drink, oor die "ou dae" te gesels en te kyk of die "gees" nog dieselfde is.

Maar nou is dit 'n tragiese feit dat Sonop se geboue met verloop van tyd agteruitgegaan het. Sommige daarvan is in moeilike tye so goedkoop as moontlik opgerig en was nie teen die tand van die tyd bestand nie. Die kerk het selde oor die fondse beskik om omvattende herbouingswerk te doen, hoewel die tehuis geleidelik uitgebrei is sodat dit vandag omtrent 160 studente huisves. Staatsteun is ook nie bekombaar nie, omdat 'n studentekoshuis nie as 'n welysinrigting beskou word nie. Die universiteit kry wel staatshulp vir koshuise, maar Sonop kan nie daarby baat nie omdat dit aan die kerk behoort. Daarom sê die inwoners al lankal dat Sonop net deur "tradisie en spinnerakke" aanmeekaargehou word.

Tydens die sestigjarige fees in 1966 het die oud-Sonoppers dus besluit om self iets aan die saak te doen. As blyk van dankbaarheid vir wat Sonop vir hulle beteken het, wou

hulle help om Sonop vir die toekoms te bewaar. Dit is dus 'n poging om aan toekomstige geslagte dieselfde voorregte te help gee as wat hulle self ontvang het.

Op 'n groot "huissvergadering" is toe 'n restourasie-komitee gekies onder voorsitterskap van ds. Kobus Potgieter, moderater van die Noord-Transvaalse Sinode en eweneens 'n oud-voorsitter van Sonop. Onder die komiteelede is argitek, rekenmeesters, sakemanne, reklamekundiges en ander professionele mense wat ure van hulle tyd kosteloos aan die groot taak wy. Dit is werlik 'n besondere ervaring om 'n vergadering van die komitee by te woon — hulle vergader gereeld elke maand — en te sien met watter ywer, bekwaamheid en opoffering hierdie manne hulle taak verrig.

Die eerste taak was om die adresse van soveel oud-Sonoppers as moontlik te bekom. Tot dusver is daar reeds meer as 900 opgespoor en die lys groei steeds aan. As hierdie artikel daik gelees word deur 'n oud-Sonopper wat nog nie ingeskakel is nie, moet hy asseblief dadelik sy naam en adres aan die komitee stuur (Postbus 11533, Brooklyn 0011). Die stigting van 'n permanente Bond van Oud-Sonoppers word ook beoog, maar tans word voorrang aan die restourasieprojek gegee.

BYDRAES

Dwarsdeur die land is die oud-Sonoppers in omtrent sestig groepe verdeel, elk met 'n sameroeper, en aan elke groep is 'n bepaalde bedrag as mikpunt gestel. Die meeste van die geld word by wyse van maandelike aftrekkers ingesamel, maar heelwat mense verkies om hulle hele bydrae in een of twee paaiemente te gee. Daar is ook 'n paar "sleutel-donateurs" wat onderneem om die koste van 'n hele "mansjoen (R5 000) te dra. Nuusbriewe word van tyd tot tyd uitgestuur om al die belangstellendes oor die vordering in te lig.

Dit was uit die staanspoor duidelik dat dit te duur sou wees om die huidige geboue te sloop en die hele



Hier is die kontrakteurs aan die werk. Die vermaaklike kennisgewings wat deur verskillende geslagte studente aangebring is, is 'n groot aardigheid vir besoekers.



Wyle mnr. Sidney Marin, die vorige Saakgelastigde van die kerk in Transeval, was baie jare voorsitter van die Sonop-beheerraad.



Prof. Ben Marais dien al byna veertig jaar in die beheerraad en het mnr. Marin as voorsitter opgevolg.

"Dit is bemoedigend om te verneem dat die mooi en grootse taak van ons koshuis met egte Sonop-daadkrag aangepak word", skryf oud-minister Daan de Wet Nel onlangs in 'n brief — vergesel van 'n groot tjek — aan die restourasiekomitee. "Sonop-koshuis is die suiwerste en vrugbaarste kragbron vir ons volksgroei in die noorde. Deur die restourasie sal Sonop sy onsterflike historiese boodskap van diens, gepaard met 'n besluite Christelik-nasionale inbors, op die harte van sy studente vasspeld en hierdie boodskap aan die geslagte wat kom oordra."

koshuis te herbou. Daarom is besluit op 'n volledige restourasie van die bestaande geboue. Uit die oopgang van die tradisie — veral nou dat mense so bewaringsbewus is — is dit in elk geval verkieslik Sonop sal dus sy ou voorkoms en karakter behou, maar die geboue word almal volledig herstel en verbeter. Daar word ook heelwat nuwe geriewe in die kamers aangebring.

Die projek staan onder beskerming van 'n groep vooraanstaande beskermhers. Onder hulle is die ministers en ou-ministers, die oud- rektor en die vise-rektor wie se name hierbo genoem is. Die onderneming word op 'n hoogs professionele wyse aangepak, met volledige doelwitbepalings, aksieplanne, kostebereamings, e.d.m. Die werk staan onder

toesig van 'n professionele span argitek, ingenieurs en boukeenaars wat almal hulle dienste gratis lewer.

Om al die oud-Sonoppers dwarsdeur die land te mobiliseer is natuurlik 'n geweldige taak, maar namate hierin geslag word, word die stroom bydraes ook al groter. In hierdie stadium word reeds heelwat meer as R1 000 per maand uit aftrekkers ontvang, en gemiddeld meer as R600 per maand aan ander bydraes. (Alle bydraes word aan die restourasiekomitee by Postbus 11533, Brooklyn 0011, gestuur. Ander lidmate wat graag iets tot die vorming van die jeug wil bydra, kan ook gerus aan hierdie fonds dink.)

(Vervolg op bl. 13)

Twee een van die vloere oppelig is, het die kontrakteurs op 'n afgekapte boomstam onder die vloer afgekomp. Die bouers het dit blykbaar nie nodig geag om die boom uit te haal nie!



VOORLICHTER ★ JUNIE 1978 9

Herbou tehuis

(Vervolg van bl. 9)

Die huidige inwoners van die tehuis dra self fluks by. So het hulle verlede jaar deur middel van konsertoere, skenkings ens., omtrent R1 600 byeengebring.

Aangesien Sonop 'n kerklike inrigting is, geniet die projek die volle steun van die kerk. Die Sinodale Kerkkantoorkommissie van Transvaal het reeds rentelose lenings ten bedrae van R40 000 tot beskikking van die komitee gestel, en daar is alle hoop dat veral die Noord-Transvaalse Sinode mettertyd verdere fondse sal bewillig.

Gerugsteun deur die groeiende stroom bydraes en die rentelose lenings, is die eerste fase van die restourasieprojek reeds aangepak en afgehandel. In die Julievakansie verlede jaar is die eerste "modelmansjoen" volledig gerestoureer om aan ondersteuners 'n idee te gee van wat beoog word. In die Desember-Januarie-vakansie is nog agt "mansjoene" gerestoureer. Daarna moes die werk 'n ruk gestaak word, sodat die studente gedurende die akademiese jaar ongestoord kan studeer. Die volgende fase sal dus miskien tot die einde van die jaar moet wag.

Waar die oud-Sonoppers nou self hulle ou tuiste herbou, behoort hulle seker in die toekoms 'n groter seggenskap in die beheer daarvan ook te kry. Vir hulle is dit egter nie 'n taak wat tot eie voordeel onderneem word nie, maar is dit suiwer 'n uiting van dankbaarheid. Daarvoor verdien hulle nie net die kerk se waardering nie, maar ook sy daadwerklike belangstelling en ondersteuning.

**N. BEZUIDENHOUT EN W. L.
MAREE.**

Bylae K

Restourasieprojek II Gedenkplaat

Die Sonop Restourasieprojek II het vanaf 2013 tot 2016 geduur. Tydens die Sonop Eeufeesvieringe die naweek van 24 tot 26 September 2016 is die nuut gerestoureerde koshuis deur die voorsitter van die Sonopraad en die Restourasiekomitee, Danie Slabbert, aan die voorsitter van die Bond van OudSonoppers, Willem Boshoff, oorhandig (sien 11.3.2)

Restourasieprojek II



Bylae L

Skrywe oudHuisvoorsitters insake beperking op uitbreiding van Tehuis

Die Sonopraad se visie van uitbreiding van fasiliteite in die laat 1950's was nie sonder kritiek en verskil van mening nie. Op 12 Februarie 1959 het 'n sewetal oudHuisvoorsitters, ondersteun deur die inwoners, die Sonopraad tot stilstand gedwing en laat herbesin oor hul aanvanklike visie (sien 8.1).

Huisvoorsitters : Brief teen uitbreiding

AFSKRIF.

P/4 Murraystraat 350,
Brooklyn,
PRETORIA.
12 Feb. 1959.

Die Voorsitter,
Bestuur van Sonop-Tehuis,
PRETORIA.

Seergeagte prof. Marais,

i/s Voorgenome Aantou aan Sonop-Tehuis.

Ondergetekende oud-primari van Sonop-Tehuis, wat rede het om te glo dat hulle die gevoelens van talle oud-Sonoppers vertolk in verband met die voorgenome bouplanne vir die tehuis, vra beleefd die aandag van u geëerde bestuur vir die volgende oorwegings:

Eerstens verneem ons met spyt dat by u geëerde bestuur dit skynbaar 'n uitgemaakte saak is dat die inwonertal van Sonop vermeerder moet word. Dit is naamlik ons mening dat die huidige inwonertal van die tehuis juis die maksimum behoort te wees vir 'n studentetehuis waar nie ekonomies nie, maar opvoeding voorop gestel word en waar op waardes soos individualiteit en huislikheid, persoonlike verantwoordelikeheidsgevoel en huislike trots, hoë prys gestel word. Ons sou dus verkies dat die stadsingenieur se bevinding van onderbevolking en onekonomiese benutting van bousterrein — soos gekwoteer deur die pers — ter syde gestel word ten gunste van die onvergelyklik groter saak van die opvoeding tot ewewigtige, verantwoordelike en selfbesturende jongmense. Ons verkies dus, kortom, 'n inwonertal vir Sonop wat op veilige afstand bly van kwantiteit met sy gevaarlike risiko's vir daardie geestelike waardes wat tot dusver Sonop se eer en trots was.

Maar sou u geëerde bestuur die uitbreiding van die tehuis 'n onvermydelike noodzaak vind, dan wil ons u verseker dat, wyl uitbreiding ons spyt, ons die situasie soos deur u beoordeel, graag wil probeer begryp. As u geëerde bestuur meen dat risiko's geneem móét of kán word met die behoudende en vormende moontlikhede van die instelling in sy huidige formaat, dan wil ons by u pleit om hierdie risiko's so gering moontlik te maak deur naamlik die karakter van die tehuis te probeer bewaar. Vir so 'n karakterbehoud, meen ons, is die volgende essensieel:

(a) Die hoogste inwonertal waaraan ooit vir Sonop gedink moet word, is 150; wil die kerk nog meer huisvesting verskaf — ons sal dit toejuig — wil ons voorstel dat 'n nuwe perseel aangekoop en daar 'n „Izak Bosman-tehuis“, op dieselfde patroon as Sonop, opgerig word.

(b) Die hoofkarakter van die huisvestingsgeriewe vir die tehuis moet bewaar word. Ons bedoel dat die nuwe aanbou vierkamer-huisies (mansjoene) moet wees, gekonsentreer rondom grasperklonge. Ons bewoning van die mansjoene vir etlike jare het ons die oortuiging besorg dat hierdie losse, klein woonkomplekse die ideale waarborge is vir privaatheid te midde van talrykheid en die gewenste kweekplekke vir individualiteit en selfberaad; tegelykertyd ook die sekerste waarborge teen massagees en kuddevorming met hulle skewe uitgroeiensels soos selfontvlugting, onverantwoordelikheid en onvolwassenheid.

(c) Die woonkamers moet onder geen omstandighede iets anders wees as enkelkamers nie, want in sulke gistingjare soos die student beleef, moet hy te alle tye daardie afsondering vir sy siel en daardie stilte vir sy studie hê wat hy vir homself begeer. In so 'n enkelkamer kan hy ook desgewens godsdienstig individueel bearbei en privaat opgesoek word, terwyl vir die kweking en voeding van sy gemeenskapsin, onmiddellik buite sy deur ruime geleentheid bestaan.

(d) Die grasperke as middelpunte van liggaamlike ontspanning en ontspanningsverkeer in die buitelug is onontbeerlik.

(e) 'n Sentrale en ruim eetsaal, 'n sentrale en ruim vergader- en ontspanningsaal, waarby 'n gerieflike leeskamer onontbeerlik is, voorts 'n nuwe stel sentrale badkamers, 'n verdubbeling van die beskibare garageruimte en 'n aansienlike uitbou van die eetsaal is verdere noodsaaklike aanvullinge tot so 'n vergrote tehuis wat sy rustige en gerieflike huislikheid nie wil verloor in sy groei-proses nie.

(f) Aanboukemas in Sonop-tehuis moet op 'n basis van geheelbeplanning en finale beplanning vir die toekoms geskied. 'n Deeglike opname wat oerweging skenk aan ekonomiese maar ook aan die doelmatige en estetiese waarde van elke gebou binne die groot kompleks van die terrein, is, na ons mening, 'n primêre vereiste alvorens van nuwe beplanning en nuwe aanbou sprake kan wees. Alleen langs dié weg kan verseker word dat die tehuis, nou en in die toekoms, sosiaal, ekonomies, argitektonies en esteties aan sy doel bly beantwoord.

(g) Die skema wat ons voorstaan en waarvan ons hierby 'n skets aanheg, sal nie duurder nie maar eerder goedkoper wees as die voorgestelde skema van die geëerde bestuur se subkomitee. Hieromtrent het ons gesaghebbende argiteksinformatie ingewin en 'n ruwe berekening van koste word ook hierby aangeheg. Ewewindien hou ons skema met sy mansjoenstelsel die voordeel in dat dit, na voorsiening van die sentrale en gemeenskaplike fasiliteite (ontspanningsaal, plus leeskamer, badkamers, garages, verruiming van eetsaal) trapsge-

'n paar mansjoene kan jaar vir jaar nog een of meer, soos die geld beskikbaar kom, aangebou word totdat die skema voltooi is.

(h) Die tennisbane moet, na ons mening, ten alle koste op die terrein behou word, veral waar die inwonertal groter word, die tehuis nog steeds sowat een myl van die naaste sportgeriewe verwyderd is en die ou „oop erf" met sy onskatbare waarde vir ontspanning en sportoefeninge, helaas ook nie meer bestaan nie.

Uit die voorafgaande blyk reeds by implikasie duidelik wat ons besware teen die voorgestelde gebou is. Ons wys hier net terloops daarop dat 'n gebou soos voorgestel —

(i) 'n Losse entiteit sal wees en nie geïntegreerd by die hele tradisionele kompleks van Sonop-Tehuis nie, juis omdat dit nie die produk is van 'n geheelbeplanning nie;

(ii) Dit maak onvoldoende voorsiening vir binneshuise ontspannings- en leesgeriewe en geen voorsiening vir buiteshuise ontspanningsterrein en garageruimte nie;

(iii) Sy dubbele en driepersoon-kamers is totaal onaanneemlik omdat hulle onversoenbaar is met die ideale vir opvoeding tot volwasse menslikheid, wat nog steeds die tehuis gedra het, onaanneemlik veral as in gedagte gehou word dat in so 'n gebou heelwat senior-studente sal moet inwoon (ons verwys hier maar net terloops en met hartseer na die betreurde dubbelkamer-kerkkoshuis by die hospitaal met sy gees en resultate);

(iv) Die massiwiteit van die voorgestelde gebou skend die milieu van eenvoud; sy hoogte verdwerg die karakteristieke mansjoene; sy massainwoning oorheers die intiem-huislike van die verspreide vierkamerhuissies; sy moderniteit versteur die geliefde en tradisionele ouerwese van die tehuis; dit val argitektonies en esteties totaal buite die toon van die hele tehuis.

Ten slotte wil ons u geëerde bestuur graag verseker, as dit nodig mag wees, dat ons en die honderde oud-Sonoppers wat dit met ons eens is, hoegenaamd geen eiebelang by hierdie saak het nie, dog uit dieplewende liefde en erkentlikheid teenoor die tehuis, uit geregverdigde trots op sy moeie, opvoedkundige en Christelike tradisie en uit diepe begaantheid oor sy toekoms, ons met hierdie saak inlaat. En ons is daarvan oortuig dat u geëerde bestuur wat jaarliks sulke sierlike vrugte op sy gewaardeerde toesig sien en wel in die hoë naam, Christelike atmosfeer en positiewe en kragdadige rol van die inrigting in die studentelewe van die Universiteit van Pretoria, ons hierdie vrymoedigheid sal vergun en hierdie gebaar van belangstelling sal gedoog.

-4-

Graag sou 'n afvaardiging uit ons geledere, met bystand van boukundige en bourekenkundige advies, u geëerde bestuur te woord staan as dit nodig of wenslik gesag mag word.

Met verskuldigde agting
teken ons beleefd
as gaarne die uwe,

DR. W.J.G. LURBE (Primarius 1947)
DS. T.P. SMITH (Primarius 1948)
W.L. MAREE (Primarius 1949)
DR. A.H. VAN ZYL (Primarius 1950)
DS. D.H. DE VILLIERS (Primarius 1951-52)
DS. J.A. LOMBARD (Primarius 1954)
DS. G.E. RAUTENBACH (Primarius 1957).

Bylae M

Studenteleraars (1916 – 2016)

Tussen die drie gemeentes (Ned.Geref. Gemeentes Pretoria, Pretoria-Oos en Universiteitsoord), wat sedert stigting tot op hede verantwoordelikheid aanvaar het vir die Sonopinwoners se geestelike versorging, was en is daar oor die eerste 100 jaar tesame 38 leraars – sommige as voltydse studenteleraars, ander net as gemeenteleraars (sien 13.5).

Leraars : 1916 - 1960

NG Kerk Pretoria



Ds. HS Bosman
1876 - 1926

NG Kerk Pretoria Oos



Dr DJ Keet
1920 - 1938



Ds. PFD Weiss
1935 - 1947



Ds. WM Nicol
1938 - 1948



Ds. HDA du Toit
1940 - 1942



Ds. B Marais
1938 - 1953



Ds JF du Toit
1943 - 1948



Ds JR Lückhoff
1948 - 1961



Ds. CFB Naudé
1949 - 1954



Dr. FE o'B Geldenhuys
1954 - 1960



Ds JE Potgieter
1949 - 1960



Ds JH Louw
1960 - 1968


NG Kerk Universiteitsoord : 1960 - 2016



FE O'B Geldenhuys
1960 - 1975




JE Potgieter
1960 - 1967



GM Steyn
1964 - 1972



AB du Toit
1968 - 1970



H Steyn
1971 - 1978



DJJ Oosthuizen
1972 - 1990




JA Venter
1974 - 1978



M Nel
1975 - 1977



W Nicol
1976 - 2006



GJ Koen
1977 - 1982




JC Müller
1978 - 1990



MC Botha
1978 - 2006



OSH Raubenheimer
1982 - 1990



PJ Strauss
1983 - 1988




AB vd Merwe
1988 - 1995



MG Swanepoel
1990 - 2006



PJ Grobler
1990 - 1999



GJ Koen
1991 - 1991



PR du Toit
1991 - 2003



MJ Bosman
1996 - 2004



L Venter
2000 - 2003



IA van Tonder
2000 - 2007



ER Smith
2004 - 2008



EP Meylahn
2006 -



L Venter
2007 -



PJ Grobler
2007 -



JJ Steyn
2007 - 2008



AT Childs
2008 -



J Kok
2009 -



FJ Snyman
2009 -

Bylae N

Tydlike huisvader – verborge korrespondensie

Na die afsterwe van die derde huisvader, prof ID Bosman, en voor die amptelike besluit deur die Sonopbestuur dat Sonop “huisvaderloos” sal funksioneer, was daar enkele korrespondensiestukke tussen dr Eddie Hamman, die Sonopbestuur en die Huisvoorsitter van 1947, Willie Lubbe, oor die moontlikheid van ’n tydelike huisvader. Hierdie korrespondensie is nog nooit voorheen in Sonop se geskiedskrywing openbaargemaak nie (sien 4.6).

Tydlike huisvader : Korrespondensie

DR. E. M. HAMMAN
UNIVERSITEIT

TELEFOON: 4-2311

Pretoria.

23 Mei

1949.

Die Voorsitter,
Sonopbestuur,
Voortrekkergedenksaal,
PRETORIA.

Gaagte Mr. Martyn,

1/s Interimreëlings Huisvader Sonop.

In aansluiting by die besluit op ons afgelope vergadering in verband met bostaande saak geneem en in verband met die aanbod deur die Bestuur aan my gemaak, waarop ek verwag word om vóór die einde van hierdie maand te antwoord, het ek Mr. Willie Lubbe, voorsitter van die Huiskomitee te Sonop, gevra om my vanoggend 'n besoek te bring. Uit wat ek aan hom gevra het en sy antwoorde daarop, het dit geblyk dat die studentehuiskomitee offisieel (andersins wel) niks weet van die voorgenome reëling nie en dat die Komitee ook nie sover die geleentheid gehad het om hulle mening oor die saak uit te spreek nie veral ook nie oor my naam wat in verband met die voorgenome reëlinge geneem is nie. Ek moet sê dat Mr. Lubbe beklemtoon het dat volgens hom die Komitee geen reg het om te eis dat die Komitee geraadpleeg word nie, wat blykbaar die geval is. Maar soos u wel weet, was daar in die verlede 'n baie mooi en gesonde samewerking tussen die studente en hulle huiskomitee aan die een kant en die owerhede aan die ander kant en dit is my oortuiging dat dit goed en ook 'n mooi gebaar teenoor hulle sou wees om die huiskomitee wel offisieel in hierdie aangeleentheid te raadpleeg. Wat die vorm van die interimreëlinge betref, skyn dit my soof daar geen beswaar daarteen sal kan wees nie veral waar dit ten doel het om Mev. Bosman te hulp te kom; teen die persoon wat moet waarnaem, kan daar miskien wel beware wees. Op ons gemelde laaste vergadering het ek, blykbaar ten onregte, die indruk gekry dat die studente offisieel deur hulle huiskomitee geraadpleeg was en dat genoeg geneem is met die voorstel dat ek daar sal waarnaem. Dit blyk egter nou dat die saak verkeerd verstaan was. In hierdie omstandighede moet ek u nou meedeel dat ek dit absoluut noodsaaklik beskou dat die hele aangeleentheid eers voor die Huiskomitee gelê word en dat ek alleen, wat dit betref, bereid sou wees om die pligte te aanvaar, indien aan my voorgelê kan word 'n geskrewe besluit van die komitee deur Mr. Lubbe onderteken of 'n besluit deur hom persoonlik aan my meegedeel, waaruit blyk dat die komitee genoegsaam met my as waarnemende huisvader. Om 'n sukses van die werk te maak is die medewerking van die studente onontbeerlik en bowendien is ek geensins bereid om na so 'n inrigting te gaan indien ek nie deur die studentekomitee gewens is nie.

Ek het aan Mr. Lubbe gesê dat ek met u in hierdie gees in verbanding sou tree. 'n Moeslikheid wat nou ontstaan het en wat deur Mr. Lubbe genoem is, indien die saak nou voor die komitee gelê word, is dat dit miskien op hierdie stadium moeilik vir die huiskomitee sal wees om die saak vry en objektief te bespreek omrede ek alreeds deur die Sonopbestuur en die Universiteit genader is. Hulle mag bevrees wees om aanstoot aan my te gee. Ek het hom egter gevra om, indien die saak aan hulle voorgelê word, die lede van die komitee te sê dat ek hulle absoluut vry laat en dat wat my betref hulle vryelik enige besluit kan neem.

HAMMAH MAS...
T... ..

Ek sou dit werklik baie jammer vind en dink dat dit beslis verkeerd sou wees indien die komitee, indien die saak voor hulle gelê word, om die genoemde rede weier of huiwerig voel om presies te besluit wat die lede daarvan van die saak dink. Ek weet nie in die minste wie die lede van die komitee is nie en is ook nie begerig om dit te weet nie. Ek vertrou dat hulle my versekering in hierdie verband ten volle sal aanneem.

Wat die hele aangeleentheid aangaan, sal ek die saak dus voorlopig hierby moet laat en ek sal wag op enige verdere medeling van u kant. 'n Kopie van hierdie skrywe stuur ek aan Mr. Lubbe.

Met die meeste hoogagting,

die uwe,

E. M. HAMMAH

Hurraystraat 84,
Brooklyn,
PRÉTORIA.
30 Mei 1947.

Die Voorsitter,
Die Senon-raad,
Podbus 433,
PRÉTORIA.

Geachte Mr. Martin,

i.e. Edeleike Hutsvader vir Senonteknis.

Ek erken met dank die ontvangs van u brief gedateer 27 Mei 11.

Die kopie van Prof. E. Herman, waarvan u melding maak, het my tot
op datum nog nie bereik nie maar 'n persoonlike onderhoud met hom het
my oor die saakteenheid ingelig. Hierby aangeheg vind u die bestede
mening van my Huis Komitee in hierdie verband; asook 'n besluit van die
teknis.

Vergun my om te sê dat op die punt van die noodsaadlikheid van 'n
hutsvader in Senonteknis by aanvang van die tweede semester, u my on-
gelukkig verkeerd verstaan het. By ons saamspreeking kort na die oorsyde
van Prof. Herman was dit u gestel oor die handhawing van orde in die
teknis tot die einde van Junie. Dit was nie my bedoeling om te komne
te gee dat die Huis Komitee, weens die kummertende kriesetrigheid van
studente in die tweede semester half vir die handhawing van orde nie op-
gevaas voel nie. Immers, op die tydstip van ons saamspreeking het so-
wel u as ek stellig as vanselfsprekend aangeneem dat die vakature teen
begin Augustus gevul sou wees.

Ek is jammaer oor die misverstand, veral as ek noontlik die saak
dié klaar gesê het teen my bedoeling in.

Ek vertrou dat u my begryp.

Met hoë agting,

W. J. Jacobs
.....(Voors.)

Hs. 'n Kopie van aldie hierdie stappe is ook aan Prof. Herman gestig.

R.D.L.

Met die oog op handhawing van die goeie orde en behartiging van die beste belange van Sionsteleule se hierdie tehuis van studente my hoelhartige steun toe aan die liggaam deur hom met goeie bediening, t.w. my huldskomitee, met my vermeerderde verantwoordelike by afwesigheid van 'n huldsvader in die tehuis.

Voorgestel: *A. Smuts*.....

Geaanvaard: *J. G. G. G.*.....

000000000

30/5/47.

DR. E. M. HAMMAN
UNIVERSITEIT

TELEFOON: 4-2311

Pretoria.

5 Junie 1941.

Die Voorsitter,
"Sonop"-huiskomitee,
Murraystraat 93,
Brooklyn,
PRETORIA.

Gearte Mnr. Lubbe,

Basie dankie vir u brief van 30 Mei j.l. met bylaes wat ek gister ontvang het. Dit spyt my dat die afskrif van my oorspronklike brief aan Mnr. Martin u nie bereik het nie; ek het dit op die 23ste Mei j.l. aan u ge-pos. Ek sluit in ieder geval vir u inligting nou aterna nog 'n kopie daarvan in.

Wat die aangeleentheid op sigself betref en die besluit wat u komitee in daardie verband geneem het, ek begryp die standpunt van u komitee ten volste. Dit skyn dat daar werklik 'n misverstand was en dat Mnr. Martin die saak miskien verkeerd ingesien het. Temeer is ek dus bly dat die saak eers na u komitee verwys is. Die Sonopbestuur het nog nie weer vergader nie; ek kan dus nie sê wat die bestuur van voorneme is om te doen nie. Ek weet egter nou wat die gemotiveerde standpunt van u komitee is en dit is wat ek graag van die begin af wou geweet het. Wat betref die deel van die besluit van u komitee wat oor myself gaan, wil ek graag my waardering daarvoor uitspreek.

Met die beste groete,

die uwe,

E. M. Hamman

I. a. Tydelike Huisvader vir Sonontehuis.

H. D. I.

Dit doen ons die ondergetekenes as Huiskomitee van die tshuis oor ons en langs hierdie weg ons mening oor die onderstaande saak uit te spreek.

In die vertroue dat ons standpunt begryp sal word in die goeie lid waarin ons dit bedoel is ons van gevoele dat die voorgenoemde reëling van die Sonop-raad n.b.t. 'n tydelike huisvader

1. Nie wenslik is nie, met die oog op die komplikasies daarvan vir die katedre t. a. v. huisvesting.

Woj. du feit sal volgens hierdie reëling gevra word om die afdeling waar sy gekom is, af te staan vir die betrokke persone. Hieroor ongerief voel sy nie gelukkig nie en andersds sou ons graag sien dat by wyse van erentlikheid vir haar veelalende en vrylike sorg, die ongerief haar gespaar bly.

2. Ons voel dat 'n tydelike huisvader vir alre die tweede semester 1947 nie nodig is nie met die oog op

(a) die gebaar van welwillendheid van die tshuis hierby aangesig.

(b) Ons as Huiskomitee in die ontstandighede heeltemal ongewaas voel vir ons taak.

(c) Ons ook bereid voel om gevolg te gee aan redelike opdragte van die Sonop-raad na die eis van die onmiddellike belange van die tshuis as geheel.

Mev. Roman.

Mev. Roman verwelkom ons van harte u toegeving aan haar gesaak en wil ons haar tydens haar hele verblyf hier graag welkom en tuis laat voel.

Wat Prof. H. Hansen aangami voel ons dat sou die Raad besluit om in elk geval met die voorgenoemde tydelike reëling voort te gaan, ons Prof. Hansen sonderling verkies.

Terwille van die beste belange van Sonontehuis neem ons ons graag: Danksaglik die uwe,

J. H. van der Merwe

J. H. van der Merwe

S. T. Louw

H. P. Hoff

W. H. van der Merwe

P. J. van der Merwe


J. P. van der Merwe

Bylae O

Voorsitters van die Sonopraad (1937 – 2016)

Vanaf 1916 tot 1937 het die bestuur van Sonop aanvanklik onder die gemeentes Ned.Geref. Gemeente Pretoria en Pretoria-Oos geval. Die bestuur was in dié 'n kommissie van die Kerkraad. Nadat die Sonopbestuur in 1937 aan die Kerk (Sinode) oorgedra is, het die Sonopraad tot stand gekom. Die getal Sonopraadsvoorsitters sedert 1937 tot op hede is nege (sien 13.4).

Sonopraadvoorsitters




WM Nicol
1937-1948



S Martin
1948-1956



BJ Marais
1956-1983



JJ Geldenhuys
1983-1995



WS Prinsloo
1995-1998



JH de Beer
1998-2007



WS Boshoff
2007-2010



D Slabbert
2010-2016



JP Botha
2016 -